

DIE GESKIEDENIS
VAN DIE
AFRIKAANSE BYBELVERTALING

en 'n Hoofstuk oor die vertaling van die Psalm- en
Gesangboek en die Formuliere

Deur

P. J. NIENABER, M.A.

Opedra aan die drie Hollandse Kerke van Suid-Afrika

NASIONALE PERS, BEPERK,
Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria

1934

INHOUDSOPGAWE

WOORD VOORAF	ii
VOORWOORD.....	iv
HOOFSTUK I. DIE STATEVERTALING.	1
HOOFSTUK II. DIE EERSTE PERIODE.....	15
§1. Die Afrikaanse Bybelvertaling gedurende die eerste Taalbeweging.....	15
§2. Werkmetode.....	37
§3. Die Vertalings Self.....	41
HOOFSTUK III. DIE TWEEDE PERIODE.....	44
§1. Afrikaans as Kerktaal.....	44
DIE VRYSTAATSE SINODE.....	45
DIE TRANSVAALSE SINODE.....	47
NATAL.....	49
DIE KAAPPROVINSIE.....	49
RAAD DER KERKEN.....	50
AFRIKAANS IN DIE GEREFORMEERDE KERK.....	55
§2. Die Eerste Besluite oor die Afrikaanse Bybelvertaling.	58
§3. Vinnige Vooruitgang.....	67
§4 Teenstand	70
§5. Die Breë Kommissie Tree in Werking.....	74
§6. Die Voorvertalers en Hul Werk.....	80
§7. Die Teks.....	93
§8. Die Reviseurs.....	99
§9. Proefuitgawe van die “Vier Evangelies en Psalme”. 101	
HOOFSTUK IV. DIE DERDE PERIODE.	108
§1. Die Eindvertalers.....	109
§2(a). Die Teks.....	119

§2.(b) Metode	120
§3. Groei van die Werk.	133
§4. Die Reviseurs.	146
§5. Taaladviseurs.....	152
§6. Vertaalmoeilikhede en Bybeltaal.	165
§7. Die vertalings in Historiese Gang.	170
(a) dr. KEET SE PROEF IN 1914.....	170
(b) EERSTE POGINGE IN 1916.	171
(c) PROEWE VAN JOHANNES, JONA EN HOSEA.	175
(d) DIE PROEFUITGAWE, 1923.....	176
(e) VOORVERTALERS EN HULLE POGINGE	178
(f) DIE VIER EVANGELIES EN DIE PSALMS, 1929, ...	180
(g) DIE GETIKTE MANUSKRIPTE:.....	184
(h) DIE AFRIKAANSE BYBEL.....	185
HOOFSTUK V. BESTUUR EN FONDSE.....	187
§1. Die Daaglikse Bestuur (D.B.)	187
§2. Die Bybelvertalingsfonds.....	188
HOOFSTUK VI.....	200
§1. Ontvangs van die Afrikaanse Bybel.....	200
§2. Feesviering	204
HOOFSTUK VII. DIE BRITSE EN BUITELANDSE BYBELGENOOTSAP.....	214
HOOFSTUK VIII. DIE LITURGIE EN GESANGE. ..	221
§1. Die Afrikaanse Liturgie.....	221
§2. Die Psalms en Gesange in Afrikaans:	231
PERSONELYS.	239

NOTA: In die teks dui ^[nnn] die oorspronklike bladsy nommers in die gedrukte boek aan.

[i]

WOORD VOORAF

Toe die Afrikaanse Bybel haas sou verskyn, het die Daaglikse Bestuur van die Kommissie deur die Hollandse Kerke aangestel vir die oorsetting van die Bybel in ons eie taal, aan dr. J.D. du Toit gevra om 'n gedenkboek op te stel. Dr. Du Toit het hom die versoek laat welgeval, maar, terwyl hy besig was om stof in te samel, verneem hy dat mnr. Nienaber, nadat hy menigvuldige gegewens byeengebring het, 'n M.A.-tesis oor die onderwerp geskrywe het, met die doel om dit te publiseer. Dit het dr. Du Toit laat besluit om mnr. Nienaber te meld dat hy geen beswaar het teen die publikasie van sy tesis nie. Tewens het hy vir die Daaglikse Bestuur gevra om hom te onthef van die opdrag wat aan hom verstrekk was. Mnr. Nienaber het toe aan dr. Du Toit gevra of hy 'n woord ter inleiding vir sy boek sou wil skrywe. Dr. Du Toit was hiervoor te vinde, maar hy het later op die gedagte gekom dat dit beter sou wees dat die voorsitter van die Kollege-vertalers hierdie taak sou vervul. So vind dan die leser my naam hieronder.

Ek het geen opdrag van die ander vertalers om hier iets te skrywe nie, maar ek het geen rede om te dink dat hulle beswaar sal hê teen wat ek hier kortliks te sê het nie. Omdat ek egter geen opdrag het nie, is die verantwoordelikheid van die inhoud van hierdie tesis vir rekening van die skrywer; maar dan moet in gedagte gehou word dat die werk deur die vertalers gelees is, en dat mnr. Nienaber baie nut getrek het uit wat hulle opgemerk en wat hulle aan die hand gegee het.

As daar iets is op godsdienstige en kulturele gebied waarby die aandag ernstig bepaal kan word, dan is dit die verskyning van die Bybel in Afrikaans. Maar aan dié groot feit moet ons nie alleen dink nie; ons moet ons gedagtes ook vestig [ii] op die

tydstip waarop die Vertaling die lig gesien het. Dit was toe die nood waarin ons volk verkeer het sy toppunt bereik het — die swarte jaar 1933. Daar verskyn die Woord van God in ons eie taal, soos 'n ligstraal in die donker! Maar ons dink ook aan die jare waarin die vertalers met hul werk besig was. 'n Aansienlike gedeelte daarvan was in die kommervolle dae toe daar groot beroering was op kerklike en godsdienstige gebied. Hoe dit egter gestorm en gewoed het, dit het op die vertalers nie aangedruis nie. Hulle het voortgearbei dwarsdeur in volle geloofsversekerdheid en vertroue.

Mnr. Nienaber wens ek geluk met die keuse van sy onderwerp. Daar was sekerlik ander waaraan hy gedink het, maar hierdie een was stellig 'n seer aktuele.

Met waardering kan ek van sy tesis spreek. Ek dink veel van die arbeid deur hom gegee aan die opsoek en verwerking van stof vir sy Verhandeling. Die leser vind hier 'n duidelike beeld van die wordingsgeskiedenis van die Afrikaanse Bybel. Baie interessant is wat in kort meegedeel word van ander oorsettinge, en uitvoeriger van dié van die Statebybel. Dit gee kleur aan sy geskrif. Wat betref die werk van die vertalers van die Afrikaanse Bybel, het die skrywer alles gedoen wat in sy vermoë was om besonderhede te verkry aangaande hul metode van werk, die moeilikhede waarmee hulle te kampe gehad het, en hoe hulle geraadpleeg het met die taaladviseurs. Hierdie gedeelte van sy tesis laat ons dink aan wat ons in Hinlopen lees in verband met die ses vertalers van die Statebybel.

Alle voorspoed wens ek die skrywer met sy boek toe.

J.D. KESTELL.

Bloemfontein, Augustus 1934.

VOORWOORD

Die jaar 1933 sal altyd onthou word as 'n belangrike datum in die geskiedenis van ons kerk en ons taal. Die verskyning van die Bybel in Afrikaans in dié jaar is 'n gebeurtenis van die allergrootste belang. Maar dis besonder moeilik om die ware betekenis hiervan in die regte perspektief te sien, eenvoudig omdat 'n mens jou nog blind staar op die hede. Eers later sal die waarde van die Afrikaanse Bybelvertaling juister kan geskat word.

In hierdie boek het ek probeer om 'n getroue geskied-kundige oorsig van die vertaling van die Bybel in Afrikaans te gee. Dat daar nog leemtes is, sal ek nooit wil ontken nie. Miskien het sommige persone of feite nie genoeg op die voorgrond gekom nie. Die hooflyne is in elk geval aangedui, die gang van die geskiedenis geteken. Tot grondslag van hierdie boek het gedien my tesis vir M.A. in Hollands aan die Grey-Universiteitskollege waar ek studeer het onder leiding van prof. dr. D.F. Malherbe, prof. dr. H. v. d. M. Scholtz en dr. E.J. Conradie. Dat ek die tesis aanmerklik moes verkort en sommige dele moes omwerk is begryplik as onthou word dat die boek vir die breë massas bedoel is. Daarom dat die taalkundige deel byna geheel weggelaat is.

Met dankbaarheid wil ek in die eerste plek die name noem van prof. dr. J.D. Kestell en prof. dr. J.D. du Toit, wat soveel van hulle tyd afgesonder het om my met die werk te help, en soveel inligting verstrek het. Hulle woorde en daede was vir my 'n inspirasie.

Daar is so baie ander bekende persone wat vir my inligting en hulp verskaf het. Ek dink hier aan prof. dr. T.H. le Roux van

Pretoria, prof. dr. S.P. Engelbrecht, dr. N.J. v. d. Merwe, L.V., prof. dr. B.B. Keet, dr. H.C.M. Fourie, prof. L.J. du Plessis, di J.P.H. Steyn, ^[iv] J.F. Naudé, J.J. Kühn, W.J.W. Naudé, prof. F. Postma, mnr J.F. Jacobs (Koedoesrand), dr. P. de Klerk, en nog ander. Aan almal my hartlike dank! My waardering wil ek ook uitspreek teenoor mnr. S.J. Naudé, argivaris van die Ned. Ger. Kerk te Bloemfontein; prof. J.A. du Plessis van Potchefstroom; mnr. L.W. Hiemstra van Die Volksblad — al drie die persone het my bygestaan met die argiewe-werk.

Die leser sal vind dat ek ruim gebruik gemaak het van aanhalinge. Dit het my voorgekom dat dit die beste is om die persone self dikwels aan die woord te bring en om liewers die onopgesmukte feite te gee as om my te veel besig te hou met interpretasies daarvan wat, soos gesê, op hierdie tydstip nog nie goed moontlik is nie.

Graag wil ek persoonlike briewe ontvang van belangstellende lesers, wat my meer inligting kan verskaf, opbouende kritiek kan uitoefen of 'n ander sienswyse oor sommige punte kan gee, alles met die oog op 'n eventuele uitgawe.

Heel besonderlik wil ek 'n woordjie van dank bring aan dr. G.S. Nienaber, wat vir my baie goeie wenke aan die hand gegee het en so vriendelik was om die proewe vir my te lees, en aan prof. dr. J.D. du Toit nogeens daarvoor dat hy tot drie keer toe die werk sorgvuldig gekontroleer het. Mev. G.S. Nienaber het goedgunstiglik vir my die persoonsregister opgestel.

DIE SKRYWER.

Vondelstraat 60, Amsterdam.

[1]

HOOFSTUK I. DIE STATEVERTALING.

Dis nodig dat ons taamlik in besonderhede ingaan op die geskiedenis van hierdie beroemde vertaling, hoofsaaklik omdat die Afrikaanse vertalers hulle in verskillende opsigte so nou daarby aangesluit het. Vergelyk net die metode wat die Statevertalers aangewend het by die vertaling en die metode gevolg deur die vertalers van die Afrikaanse Bybel, miskien in aansluiting daarby. Dieselfde teks is in albei gevalle gebruik, en boonop kan ons nog daaraan dink dat van 1916 tot 1922 ons vertalers 'n blote verafrikaansing van die Statebybel onderneem het. En hou ook in die gedagte die groot invloed uitgeoefen op die Afrikaanse volk en taal deur die Statebybel, soos ons die invloed o.m. kan nagaan in die Afrikaanse spreekwoorde en gesegdes. Die eerste Hollanders onder Jan van Riebeeck het in 1652 die Statebybel met hulle meegebring. Ook die Voortrekkers het later hierdie Bybel met hulle meegeneem op hulle togte die donker binnelande in.

In die geskiedenis van die Nederlandse Bybelvertaling kry ons 'n ontwikkelingsgang, wat enigsins moeilik is om duidelik te teken. Die beste boek daarvoor is geskryf deur H. van Druten: *Geschiedenis der Nederlandsche Bijbelvertaling*. Van elke vertaling wat vanaf die 14de eeu gemaak is, gee hy ons voorbeelde. Pragtige afdrucke van die oorspronklike handskrifte is ook daarin te vind. Laat ons 'n paar van die vertalings noem wat daar bestaan het voor die besluit van die Dordtse Sinode in 1619 geval het: — [2]

1. Die Rijmbijbel van die Middelnederlandse digter Jacob van Maeriant, uitgegee in 1270. Dit was 'n vertaling uit Latyn van 'n deel van die Ou-Testament en van die vier Evangelies.

Dr J.D. Kestell gee 'n goeie opsomming van die verskillende Nederlandse vertalings in Die Volksblad o.d. 9 Julie 1931. Ons volg dit in hoofsaak:

2. In 1477 het die eerste vertaling van die Ou-Testament (sonder die Psalms) verskyn. Dit was uit die Vulgata. Ook uit die Vulgata het Nicolaas van Winghe 'n vertaling in 1548 besorg. Dit word nog deur Roomse in Nederland gebruik.
 3. Uit die Vulgata het Nic. de Grave die Bybel in 1516 oorgesit. In dieselfde jaar het Erasmus die Nuwe-Testament in Nederlands vertaal, dog nou uit Grieks.
 4. “De eerste Bijbelvertaling der Hervormden was geweest het Mattheus-Evangelie van Johannes Pelt, 1522 te Amsterdam. 't Was eene overzetting van de Vulgaat, de Latijnsche vertaling ... Het boekje ging bijna geheel verloren.” (H.H. Barger, Ons Kerkboek, 1907, bls. 8e.v.)
 5. Spoedig daarop volg die uitgawe van ander skrifgedeeltes “en nu rustte de pers niet meer”. Die beste en meesgebruikte was vir 'n lang tyd die Bybel van Jacob van Liesvelt te Antwerpen “voor de eerste maal uitgegeven in 1526 en vele malen herdrukt. Toch had dit boek nog een Roomsche tintje ... De uitgever is later onthoofd geworden (1545).”
 6. De Emdensche Bijbel het in 1558 die lig gesien. Dit is deur enige godgeleerdes bewerk volgens die vertaling van Zwingli en is hersien en herdruk in die jare 1560, 1611 en 1624.
- [3]
7. De Bijbel van de Deux Aes is in 1562 gemaak deur

Godfried van Wingen. “Deze Bijbel bleef langen tijd de Bijbel der Gereformeerden en werd tot 1635 met telkens nuwe aantekeninge herdrukt.”

8. De Oude Vertaling. Dit is algemeen gevoel dat nie een van hierdie oorsettings bevredigend was nie, en daarom het godvrugtige manne hulle kragte daaraan gewy om vertalinge te maak uit die oorspronklike Hebreuse en Griekse tekste. Onder hulle was ook Marnix van St. Aldegonde. Uit hierdie oorsettings het die Oude Vertaling ontstaan. Dit is so genoem om dit te onderskei van die Statebybel. Hierdie Oude Vertaling het in gebruik gebly totdat die Statebybel die lig gesien het, en ook nog jare daarna.

Van Druten sê (bls. 690): “Toen in 1571 de Synode te Embden op initiatief van Marnix van St. Aldegonde in de Fransche Kerk boven het Stadhuis (thans meelzolder) gehouden werd, kwam de zaak der bijbelvertaling ook ter sprake.” Die vraag van die “uitgeweke Nederlander in Keulen” was onder bespreking “of het niet nuttig ware aan eene verbeterde Vlaamsche (Nederlandsche) overzetting te arbeiden”. Die kwessie word na 'n algemene vergadering verwys. Op die Nasionale Sinode van Dordrecht in 1578 is die saak ook maar net weer bespreek: “dat men, ten eenen bekwamen tijde, den Bijbel uit de Hebreuwsche tale wel overzetten; dan dat men de overzettinge, die men had, ondertusschen naer de Franschoische, Latijnsche en andere, en inzonderheid naer de nieuwe Heidelbergsche overzien zoude ...” (Hinlópen).

In Nicolaes Hinlópen se *Historie van Nederlandsche Overzettinge des Bijbels*, vervolg hy “Neen, Hoog Eerw. Heer! de *Historie der Overzettinge* begint niet 1618, maar ^[4] 1571”. Marnix van St. Aldegonde was aan die hoof van 'n kommissie

aangestel vir die vertaling van die Bybel. Die kommissie hou 'n vergadering in 1595 en die volgende punte word Aldegonde voorgehou (Van Druten, bls. 697):

- “1. Dat de heere voors. int oversetten soude willen gebruycken d'algemeenste, claerste en suyverste tale
3. Dat de voors. heere soo seer behoude de woorden en manieren van spreken van onse gemeine bibels als mogel is en de suyverheyt van tale sulcx can lyden
5. Dat de eygen namen sullen behouden worden gelyck se in gemeene Bybelen staen, uitgenomen die verdorven ofte verkeerdel. gestelt syn
8. By provisie te volgen de gemeene afdeelinghe soo van boecken als van capittelen en verssen van onse Bybels, ten waer datter eenige gewichtige redene voorviel om ander te doen.”

Marnix se vertaling sou deur vyf predikante uit verskillende provinsies nagesien word, “wier pligt dan wezen zou, daarvan weder een afschrift, of zelf te vervaerdigen of te laten maken, en aen andere bekwame Predd., onder hunne Synode, te zenden, derzelve aenmerkingen te verzoeken, die ontvangen hebbende, met hunne eigene aenmerkingen, in de vergaderinge der overzieneren te overwegen: om daeruit by onderlinge beraedslaginge te kiezen, wat men Aldegonde tot verbeteringe voorslaen zoude” (Hinlópen). Aldegonde het egter nog net Genesis klaar vertaal toe hy in 1598 sterf.

Dit was dus feitlik eers op die groot Sinode in Dordrecht wat in die jare 1618 en 1619 gehou is dat die besluit geneem is om die Bybel uit die oorspronklike tale oor te sit, en dit aan geleerde en godvrugtige manne op te dra om die groot werk uit te voer:

“Johs. Bogerman, voorzitter der Synode, ^[5] (heeft) het stuk der overzettinge van den Bybel, den negentienden van Slagmaend¹ 1618, in seste zittinge, ter tafet van de Synode gebragt” (Hinlópen). Daar was ook godgeleerdes van ander lande en die Engelse afgevaardigdes het vertel van die wyse waarop die Engelse Bybel vertaal is. Onder omstandighede is daar veel gepraat oor die gebreke van die Oude Vertaling, maar later is unaniem besluit dat 'n nuwe vertaling “uit den oorspronkelyken tekst niet alleen nuttig, maar ook buiten alle bedenking noodig is”. Hulle het ook bepaal dat die oorsetters die beste vertalings, uitleggings en kanttekenings moes vergelyk en hulle moes bedien van die advies en oordeel van geleerde manne. Die oorsetters word aan die volgende reëls gebind: “dat zij, zoo veel de klaerheid en de eigenschap onzer moedertale lyden kon by den oorspronklyken tekst blyven, en de manieren van spreken der Hebreewen en Grieken behouden moesten. Ware er ergens eene Hebreewsche of Grieksche spreekwyze die harder ware, dan dat ze in den tekst kon ingebragt worden, dat zij op den kant neerstig aenteekenen moesten ... Verders wilden zij dat de overzetters den korten inhoud, niet alleen voor ieder boek, maer ook voor ieder hoofdstuk, stellen zouden. Eindelyk moesten zij, by duistere plaetsen, korte verklaringen op den kant zetten, waerin reden van hunne overzettinge gegeven wierd”.

Ons mag ook daarop wys dat op die twaalfde sitting van die Sinode die kwessie van die verouderde voornaamwoord *Du*, *Dyn*, *Dy* in plaas van *Ghy*, *Uw* en *U* voorgekom het. Die afgevaardigdes uit Noord-Holland het die gebruik van *Du* voorgestaan, maar die Suidelikes het weer *Ghy* verkies. Die vertalers kry toe opdrag om *Ghy* te gebruik “met verwerpinge

¹ = November

van *Du*”.

Wat die opneem van die Apokriewe betref, hierin het die Sinode 'n eie weg ingeslaan en besluit op advies van ^[6] Gomarus en Deodatus om dié boeke agter in die Bybel te plaas met 'n afsonderlike “paginatuur” en met 'n waarskuwing aan die lesers om daardeur te voorkom dat “deze Schriften die men, niet dan menschelyke Schriften oordeelde, ten laatste, gelyk in de Roomsche Kerk, voor canoniek en goddelyk zoude gehouden worden” (Van Druten, bls. 703-4).

Die woord *Jehova* sou deur *Heere* vertaal word, maar as dit die “punten van Elohim had” sou dit beter vertaal word deur *God*. Eiename sou geskryf word “zoo als zij in de gemeene overzettinge gelezen worden”. Verder moes hulle die gebruikelike indeling in hoofstukke en verse volg. Die vertalers sou egter nie lastig geval word om beskrywings te gee van die lande en stede wat in die Bybel voorkom nie, of om tydrekenkundige en geslagstafels op te stel nie.

Vir die Ou-Testament is tot vertalers gekies: (1) Johs. Bogerman, predikant te Leeuwarden; (2) Baudart, predikant te Zutphen en (3) G. Bucerus, predikant te Veere. Tot hulle plaasvervangers: A. Thysius, hoogl. te Harderwijk, J. Rolandus, predikant te Amsterdam, en H. Faukelius, predikant te Middelburg. Tot reviseurs: die hooglerare Thysius, Polyander, Lubberti en Gomarus; en die predikant Plancier te Amsterdam, van Laren te Vlissingen en Revius te Deventer.

Vir die Nuwe-Testament en vir die Apokriewe Boeke is tot vertalers benoem: ds. Rolandus en Faukelius en Corneli, predikant te Enkhuyzen. As hulle plaasvervangers: Festus Hommius, predikant te Leyden, A. Walaeus, predikant te Middelburg, en J. Hoinsius rektor te Harderwijk. As reviseurs:

o.a. ds. Damman van Zutphen, Hommius, Geldrop en enige minder-bekende manne. Die Sinode was van opinie dat dit wenslik was om met die maklikste boeke te begin “ende dat des te meer omdat door translatie van de lichtste [7] boeken de oversetters bequame zullen connen worden om te lichter de swaerste te translateren”.

Uit elke provinsie is daar 'n reviseur aangestel. Die Sinode verlang dat wanneer die hele Bybel klaar vertaal is al die reviseurs en vertalers saam moes vergader om oor die vertalings en aanmerkings samesprekings te hou “en met elkander alles te wikken en te wegen”. By stemming oor een of ander kwessie sal die meerderheid se besluit deurgaen. Verder moes die vertalers almal in 'n akademie-stad gaan woon om van die openbare biblioteek gebruik te maak en die professore te raadpleeg.

Maar aan so 'n groot werk is daar natuurlik veel onkoste verbonde. Daarom het die Sinode die Regering (die State-Generaal) versoek om geldelike steun te verleen. Eers na ag jaar gebeur dit “dat hun Hoog. Mog. den 18den van Hooimaend² des jaars 1625 besloten dat de verkoren oversetters zullen mogen vergaderen binnen de Stad Leyden, om daer de overzettinge in Godes name aen te vangen en te volbrengen”. Ook sou hulle die provinsies van Gelderland, Holland, Seeland en Friesland versoek om Baudartius, Rolandus, Bucerus en Johs. Bogerman vir 'n tyd los te maak van hulle gewone werk. Die Regering sou ook hulle huishuur in Leiden betaal.

In 1626 hou die vertalers dan eers hulle eerste vergadering, ag jaar na die sitting van die Nasionale Sinode. Tot voorsitter word gekies Johannes Bogerman en tot sekretaris Wilhelmus

² = Julie

Baudartius. Hulle besluit oor die vergaderplek en werkmethode op die 24ste van dieselfde maand. “Na ernstige aenroepinge van God, 't welk in iedere vergadering onderhouden is”, begin hulle met Genesis en het dit in die vergadering afgewerk om die eenheid van styl en taal te behou.

[8]

Gedurende die voorafgaande ag jaar het die vertalers tog nie stil gesit nie, maar afsonderlik het elke vertaler hom voorberei vir die gemeenskaplike werk. Nadat hulle in Leiden bymekaar gekom het, het hulle nog sewe jaar aan die vertaling gewerk, asook aan die kanttekeninge. Van hierdie aantekeninge spreek Kuyper as van “de onvergelykelyk prachtige kanttekeningen van onzen Statenbijbel”.

In hulle vergaderings in die huis van Bogerman het hulle verskillende uitgawes van die Hebreeuse teks gehad, dit noukeurig vergelyk en in geval van verskil noukeurig oorweeg watter lesing hulle moes volg. Ook het hulle die beste vertalings gehad van die Ou-Testament, soos die gemaak deur Marnix van St. Aldegonde, Helmichius en Piscator. Ook het hulle die woordeboeke van Kiliaen gebruik. Elke boek is in drie dele verdeel, sodat elke vertaler sy deel by sy huis kon vertaal en kanttekeninge aanbring. Hierdie afsonderlike vertalings is dan in die vergaderings geharmoniëer. “Daer hebben zij bij ieders vers, eerst den oorspronklyken tekst opgelezen, vervolgens de vertalinge, van woord tot woord, zeer naeuwkeurig vergeleken”.

Die gesamentlike vertalers van beide die Ou- en die Nuwe-Testament het die 27ste van “Hooimaand” 1628 saam vergader om te besluit oor sekere Nederlandse taalvorme. Die vertalers van die Ou-Testament het verslag uitgebring dat hulle reken om reeds in 1629 klaar te wees met die boeke van Moses. Maar daar was baie teëspoed en daarom oorhandig Baudartius die boeke

van Moses “den 8sten van Oogstmaend³ 1629” aan Revius en die ander reviseurs.

Van Druten haal die volgende aan, waarskynlik uit le Long (704): “Behalve de eigenaardige, soms schier onoverkomelijke moeielikheden, aan den arbeid zelven verbonden, ondervond het werk allerlei bezwaren en ^[9] beletselen; Cornelii stierf reeds spoedig; Damman geraakte een poos in de handen der Spanjaarden; Van Laren kon haast geen verlof van zijn kerkeraad krijgen om heen te gaan, Bucerus moest te Veere een ander in zijne plaats pro interim stellen; de pest heerschte te Leiden, waar de grootste arbeid sedert 1628 geschiedde.” In die plek van Cornelii is aangestel Baudartius en Festus Hommius. Later is Bucerus, Rolandus en Faulkelius ook dood. Faulkelius se plek is ingeneem deur Wallaeus. Die vertaling van die Nuwe-Testament is deur Wallaeus en Hommius voltooi.

Maar die vertalers van die Nuwe-Testament het 'n ander metode gevolg dan die van die Ou-Testament. Elkeen van hulle het eers die gehele werk vertaal, dan die drie vertalings met mekaar vergelyk en die beste na ryp oorleg daaruit gekies. Vir die doel het hulle in Rolandus se huis vergader, omdat daar die nodige boeke was, asook die verskillende uitgawes van die Griekse teks, en die beste vertalings reeds gemaak, soos die van Piscator. In die hersiening het die vertalers hulle ook ruim bedien van die uitgawe van Henricus Stephanus van 1588 en 1589 met die aantekeninge van Beza.

Die einde van 1628 was hulle klaar met die Evangelie van Mattheus. En toe besluit die Regering om by die gewone salaris van die vertalers, solank hulle met die werk besig is, nog 600

³ = Augustus

gulde per jaar te voeg. Rolandus sou vir huishuur nog 'n ekstra 300 gulde kry en elke vertaler 'n ekstra 200 gulde vir 'n afskrywer van sy werk.

Interessant is 'n sinnetjie by Hinlópen in verband met Anth. Thysius wat Bucerus in 1631 opvolg as vertaler: “deze, het werk van nabij beschouwende, kreeg een wederzin in het zelve, en berouw, dat hij er in gewilligd hadde” (bls. 115). Bogerman weer het gekla dat “hij zijn gansche leven zoo niet geblokt hadde als hij nu in zijn ouden dagen blokken [10] moeste; zijnde hij omtrent 67 jaren, en Bogermanus zwak van ligchaem en zeer gekweld met den steen”.

Die vertalers het daarop gewys dat een en dieselfde woord nie orals eenders vertaal is nie “als de stoffe een ander vereischte”. Ook het hulle weer verskillende Hebreuse woorde met dieselfde Nederlandse woord vertaal “Volgende daerin den overvloed of het gebrek onzer tale”. Geleende uitlandse woorde het hulle soveel moontlik vermy, behalwe woorde wat reeds ingeburger was, soos *tente*, *tabernakel*, *rebelleren*, *instrumenten*, *fondamenten*. Wat betref die spelling van lidwoorde, voornaamwoorde, naamwoorde, het hulle noukeurig die reëls gevolg wat voorgeskryf is deur die gesamentlike vertalers van die Ou- en die Nuwe-Testament, “stellende sommige woorden dan zus, dan zoo, daer het gebruik verscheiden is, en zelfs de allerbeste schryvers het niet eens zijn: doch zy lieten aen de overzieneren, op de verscheidenheid te letten, het beste te kiezen of iets anders, dat beter is, voorteslaen”.

Die reviseurs het ook te Leiden vergader, en interessant is die vooropgestelde reëls deur hulle neergelê. Hulle het eers 'n konsep opgetrek “Hoe wij in acht maenden, volgehs onse missieve aen haer Hoo. Mog. de Revisie des O. en N.Ts, met

Gods hulpe, mogen eyndigen, gedaen den 26 July 1633. Int Oude T. zijn 929 capittlen, elcken psalm mede voor een capittel gerekent zijnde.

Daervan afgetogen 7 capittelen die afgedaen zijn, blijven 922 capittelen.

8 Maenden hebben 246 dagen, Daervan afgetogen 35 sondagen, blijven 211 dagen, noch afgetogen 26 dagen die verlopen zijn, blijven 185 dagen.

Dese met 5 gemultipliceert zijnde, maken 925, dat is: Indien wij sdaechs vijf capittelen afgedaen hebben, namelijk 3 meer als geeycht wort ...” [11]

Die hersieners sou in die vergaderings alleenlik ondersoek “of de zin wel getroffen ware”. Oor die Nederlandse styl sou hulle in die vergadering nie praat nie.

Toe die ag maande verby was, moes die hersieners nog drie byvoeg. En dan het hulle nog baie moeite gehad, want die liggame in wie se diens hulle was, het hulle gedurig weer teruggeroep na hulle oorspronklike werk, soos in die geval van Fullenius en Revius. Na veertien maande gaan hulle in 1634 uiteen.

Daarop het as hersieners van die Nuwe-Testament saam met die vertalers te Leiden vergader: H. van der Linden. G. Nieuhusius C. Dematius en L.G. à Renesse. Tot voorsitter kies hulle A. Wallaeus en tot sekretaris: H.S. van der Linden (161).

Toe die werk klaar vertaal was, het die vertalers dit laat druk en in die hande van die hersieners gestel. Daar is natuurlik veel gekorrespondeer tussen die vertalers en die hersieners. Ons laat hier een van die mooiste briewe volg (ook aangehaal deur dr. J.D. Kestell in Die Volksblad, 30 Julie 1931).

Van W. Baudartius en J. Revius, 8 Aug. 1629.

Eerweerdighe, Hoogh-Gheleerde, seer Godsaelighe, lieve en weerde Broeder in den Heere,—

Hier senden wy Uwe Eerw. als Revisori novae Translationis Vet. Testamenti een Exemplaar van de vyf Boecken Mosis die wy hebben druchen laeten, om dat wy so veel bequaeme Copyisten niet en wisten te becomen, als wy Exemplaren van doene hadden. Indien de drucher zyn contract dat wy met hem gemaect, ende meermaels vernieuwt hebben, voldaan hadde, uwe Eerw. soude al over lanck dese Boecken gehat hebben: 'T sal uwe Eerw. gelieven dit langhe ^[12] uitblyven te excuseren, also het by onse schult ofte slofficheit niet en is toegecomen. Alle de historische Boecken hebben wij ook vverdich⁴, en sullen die met den eerste drucken laten, ende U.E. toesenden: midler wyle sullen wy in de volghende Boecken neerstelick voortvaren; daer toe de lieve Godt Synen seghen wylte geven, in wiens genadighe bescherminghe wy uwe Eerw. bevelen, Leyden desen 8en Aug. 1629.

Uwen Eerw. dienst-willighe Broeder in den Heere

WIL. BAUDARTIUS.

Uyt last der Samtliche Broederen."

Soos reeds genoem, het die hersieners, nadat hulle die afdrukseis nagesien het, dit saam met die vertalers oorgegaan. En in 1635 is begin met die druk van die Ou-Testament wat in 1636 gereed was. Op 29 Julie 1637 keur die Staten-Generaal die werk goed en beveel dit aan. "Zoodra onze overzetting in het licht was, stelde de Nederlandsche kerke, door hare Synoden,

⁴ Hierdie lyk na 'n drukfout.

wel de nodige onder, om dezelve overal in gebruik te brengen." Dit het egter nog verskeie jare geneem voor al die kerke voorsien was van die Statebybel.

"In deze verwarringen, nopends het drukken des Bybels, vonden Hun.Hoog. Mog. den 23Sten van Wintersmaend 1639 goed, de ingezetenen van Nederland by bekendmakinge, te waerschouwen, dat gene Bybels noch Nieuwe T. er voor echt gehouden wierden, dan die by de Wed. en erfgenamen van Hillebrandt Jacobsz. van Wouw gedrukt, en door Barent Langehes geteekend waren."

Terloops mag gesê word dat die vertaling van die Statebybel die Staten-Generaal 15,000 gulde (£6,250) gekos het.

[13]

Die Statevertalers het die Nederlandse taal wat toe ook nog maar "in die maak was", ernstig bestudeer. A. Moonen vertel in die *Aenspraek* van sy Nederduitsche Spraek-kunst dat die vertalers 'n spraakkuns opgestel het "geschreven door de pen van den Heere Jakobus Revius" (van Druten, 707). Hierdie grammatika is nooit uitgegee nie. Die Maatskappy van Letterkunde besit 'n afskrif daarvan met die titel *Grammatica*, "ontworpen en gebruik door de Overzetters van den Bybel, in het Jaer 1628, benevens de goedkeuring en aenmerkingen der Overzieneren van die Vertaeling in het jaer 1633, naeuwkeurig afgeschreven uit het oorspronklyk handschrift, berustende in 's Gravenhage, onder de bewaring van de Deputaten der Zuidhollandsche Synode".

Die taal van die Statebybel was oor die algemeen Brabants, net soos Nic. van Wingen in 1548 dieselfde vorm gekies het vir sy vertaling. Die Statevertaling het sy spore diep ingedruk op die Nederlandse taal. Te Winkel lê dan ook die volgende stelling

neer in sy Geschiedenis der Neder. Taal, bls. 224 “Daardoor handhaafden zich nog langen tijd niet alleen verbindingen als Psalmen Davids, Spreuken Salomo's met den genitief van den eigennaam achter het bepaalde woord, in tegenspraak met het gewone gebruik, dat Davids Psalmen, Salomo's Spreuken vordert, of verbogen Lat. genitief als de eerste zendbrief Petri, het evangeli Marci, hebraeïsmen als het boek der boeken, de dag der dagen, ijdelheid der ijdelheden of gewijzigde graecismen als die van Corinthe voor de Corinthiers, die echter thans zoo goed als geheel zijn afgeschaft; maar bovendien drongen daardoor allerlei uitdrukkingen, spreekwoorden en spreekwoordelijke zegswijzen zelfs de gewone spreektaal binnen”.

Om die invloed van die Bybel op die Nederlandse taal te begryp is dit maar net nodig om dr. J. Henderscheê se ^[14] Namen en Spreekwijzen aan den Bijbel Ontleend goed deur te lees.

Treffend is in hierdie verband die woord van Busken Huet (Uit het Land van Rembrandt bls. 118, e.v.): “De Statenbijbel is een der goede hoofdstukken uit het nationaal leven der Nederlanders in de 17de eeuw; tevens de beste en strekzaamste vrucht welke de rechtzinnigheid in dat tijdperk afgeworpen heeft Noch Hooft, noch Huygens, noch Vondel, noch zelfs de populaire Cats, zijn in zulke mate de taalmeesters van het nederlandsche volk geweest als de overzetters van den Staten-Bijbel”.

HOOFSTUK II. DIE EERSTE PERIODE.

§1. Die Afrikaanse Bybelvertaling gedurende die eerste Taalbeweging.

Die geskiedenis van hierdie groot en belangrike werk kan ons indeel in drie tydperke. Die eerste periode begin met die brief van Arnoldus Pannevis aan die Hollandse koerant: De Zuid Afrikaan o.d. 7 September 1872, en eindig met die dood van ds. S.J. du Toit in 1911. Dan neem die tweede periode 'n aanvang, hoofsaaklik met die lesing van dr. B.B. Keet op Stellenbosch in 1914 voor die Afrikaanse Taalvereniging, en duur voort tot ongeveer 1923. Die laaste tydperk strek dan vanaf 1923 verder. Dis vanselfsprekend dat dit nie absoluut moontlik is om definitiewe skeidslyne te gaan trek nie, want die werk van die een tydperk vloei gewoonlik deur in die ander.

Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling moet ons altyd en gedurig beskou as 'n uitvloeisel van die stryd vir Afrikaans; in die agtergrond moet altyd wees die Afrikaanse Beweging, al het die Eerste Taalbeweging sy geboorte direk te danke aan die begeerte om die Bybel in Afrikaans oor te sit.


Die steen is aan die rol gesit deur die Nederlander dr. Arnoldus Pannevis. Op 7 Sept. 1872 het hy 'n brief geskryf aan De Zuid Afrikaan oor “De Bybel in het Afrikaans”. Hy was altyd bekommer dat die Nederlandse Bybel nie ^[16] verstaanbaar was vir die gewone Afrikaner nie. Hierin sê hy o.a.: —

“Mynheer,

Daar word in onze dagen veel voor het geestlyk heil van de gekleurde bevolking van dit land gedaan; en by den prysenswaardige yver die velen in dat goede werk betoonen, zal het

zeker niet ongewenst voorkomen van een middel te vernemen waardoor men daarin nog overvloediger kan zyn. In den laatsten tyd heb ik door verscheidene waardige onderwyzers, die met den verstandelyken toestand van het eenvoudiger gedeelte der bevolking goed bekend zyn, hooren spreken van de nuttigheid, ja, noodzakelykheid, van ‘een Bybel, of Nieuwe Testament, in het Afrikaansch-Hollandsch.’ En wanneer men wel overdenkt, zal men moeten erkennen, dat zulk een Bybel in de eigen taal grootelyks sou meewerken tot beter verstand der Heilige Schrift niet alleen, maar ook meer belangstelling en dagelyksch en onmiddelyk onderzoek der waarheid zou opwekken en te weeg brengen by hen, voor wie de kennis van Gods Woord tot nu toe alleen door middel eener half vreemde en onvolkomen verstane taal toegankelyk gesteld was. Bescheidenlyk, maar tewens met alle nadruk, wenschte ik deze belangryke zaak aan de overweging van verstandige Afrikaansche Christenen, wien de uitbreiding van Gods Ryk ter harte gaat, aan te bevelen.”

Verder maak hy melding van die feit dat die Deense Goevernement vir die inwoners van sy Wesindiese Besittings (“een paar kleine eilanden”) 'n vertaling van die N.T. laat vervaardig het “in het bastaard-Hollandsch dat op die eilanden gesproken wordt”. Dan vra hy ten slotte: “Zou Engeland, dat zoo zeer op den roem van Bybelverbreiding pryst stelt, zich door Denemarken laten beschamen?”



Ds. AUGUST AHRBECK.



DR. ARNOLDUS
PANNEVIS.

[17]

Die brief het 'n belangrike geskryf (in Nederlands) oor die saak uitgelok, nes dit nog gebeur wanneer iemand met enige voorstel van 'n ingrypende aard voor die breë massa's kom. 'n Paar het die sienswyse van Pannevis toegejuig en dit hoofsaaklik op grond van die feit dat die Bybelverafrikaansing vir die kleurling van nut kan wees. Dog byna eenparig is die oorsetting ten behoeve van die Afrikaanse gemeenskap van die hand gewys as 'n onbesonnenheid, of, by die minder uitgesprokenes, as 'n onnodigheid. Afrikaans was nog “plat”-Hollands, veels te plat om die verhewenheid van Gods-Woord te laat skade ly deur 'n vertaling.

Die vyandskap het nie primair gespruit uit 'n gevoel teen Afrikaans nie, maar wel uit die gevoel van hoë eerbied wat die Woord toekom. M.a.w., dis nie die negatiewe aspek wat oorweeg het nie, maar die positiewe, die ywer vir die bewaring van die suiwere skoonheid en verhewenheid wat die State-vertaling gee. Voorlopig is Afrikaans nog 'n kombuis-taal vir die Boer, en hoort daar te bly.

Wat 'n mens ookal mog dink van die houding, een gevolg het Pannevis se brief seker gehad — dit het die saak van 'n Afrikaanse Bybelvertaling direk en sterk onder die aandag van die lesers van De Zuid-Afrikaan gebring. Een van die lesers was C.P. Hoogenhout, 'n vriend van Pannevis. Hy het eendag aan Pannevis bely dat hy graag 'n poging sou wil aanwend om iets uit die Bybel in Afrikaans oor te sit. “Probeer” was die aanmoedigende antwoord. Hy het Matteüs 28 vertaal en sy poging na die Kerkbode gestuur, maar nooit weer daarvan iets verneem nie. Dit sal wel in die snippermand beland het.

Dit is die eerste vertalingspoging in Afrikaans waarvan ons weet, en die eer hiervoor kom C.P. Hoogenhout toe. Reeds

vroeër, na dit skyn, is Afrikaans selfs vanaf die kansel gebruik. In die Patriot (o.d. 29 Julie, 1881) [18] staan te lees: “n Episkopale predikant deel ons mé dat hy 'n geskrewe preek in besit het, in *Afrikaans* geskrewe, lang voor die Afrikaanse Taalbeweging begin het.”

'n Ander belangrike gebeurtenis lewer bewys van die erns waarmee C.P. Hoogenhout besiel was in sy ywer om aan die Afrikaanssprekende die boodskap van die Bybel kragtig maar eenvoudig te bring. Dit is die boekie wat deur hom bewerk is en in 1873 uitgegee is, onder die titel: *Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huissourens*⁵. Dis nou wel nie 'n vertaling van 'n Bybelboek nie, maar tog 'n verafrikaansing van 'n mooi Bybelverhaal. “Dit toon maar net hoe godsdiens en die Bybel 'n vername rol gespeel het in verband met die totstandkoming van die georganiseerde taalbeweging” (Plate-Atlas—M.S.B. Kritzinger, bls. 18).

In die Besluit sê hy nog die volgende “Maar daar die Bybel Hoog-Hollans is sal myn kinders dit miskien nie so goed verstaan nie. Nou wil ek vir julle één ding vra en dat is: As julle bid dan moet julle ook meteens aan ons liewe Heer vra, dat die Bybel tog vertaal mag worde in die Afrikaanse taal ook. Hy sal dit seker doen; want die Bybel is Syn Woord en die Woord mot aan alle mense bekend gemaak word in hulle eige taal”.

Met dit alles het die saak min gevorder. Intussen het Ware Afrikaner (ds S.J. du Toit) en Klaas Waarzegger junior (C.P. Hoogenhout) oor Afrikaans begin korrespondeer in *De Zuid-Afrikaan* en die wenslikheid ingesien om alle kragte saam te trek. 'n Uitkoms van hulle briefwisseling in 1874 is die

⁵ Huishoudings/Gesinne

opstelling van enige algemene spellingreëls volgens die grondbeginsel “skryf soos jij praat”.

Hierdie belangstelling het Pannevis blykbaar weer tot handeling aangespoor. Toe sy brief in die koerant nie die gewenste uitwerking bewerkstellig het nie, het hy saam met ^[19] C.P. Hoogenhout 'n brief opgetrek aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Hy het hom tot die volk gewend en was teleurgesteld. Nou sal hy hom direk tot die owerhede wend en die volk eenvoudig verbystap. In die brief sê hy o.a.: “Vir die teenwoordige is die Engelse Bybel van geen nut vir die grootste gedeelte van die bevolking nie; maar tegelykertyd, vir duisende en duisende onder die Hollandssprekende bevolking moet die Bybel beskou word as 'n geslote boek. Want in die verloop van jare, gedeeltelik deur verwaarlosing van die moedertaal is 'n dialek gevorm wat in uitdrukking heeltemal verskil van suiwer Hollands, en terwyl daar geen ander Hollandse Bybel gedruk word nie as net in Hoog-Hollands, so kan ons vir seker sê dat duisende in die Kaapkolonie, sonder enige Bybel is. En dit is ongetwyfeld een van die redes van die snelle agteruitgang van die Koloniste, veral van die gekleurde bevolking. 'n Vreeslike vooruitsig lê voor ons! Die Bybel alleen kan ons help!” (G.R. von Wielligh: Eerste Skrywers, bls. 69.)

Hy het ds. S.J. du Toit aanbeveel “om die vertaling op hom te neem”.

Die B(ritse en) B(uitelandse) B(ybel-) G(enootskap) het hulle sekretaris in Suid-Afrika, ds. Geo. Morgan, gelas om ondersoek na die saak in te stel, en ds. Morgan het daarop in verbinding met ds. du Toit getree. In die brief skryf die sekretaris van die B.B.B.G. in Londen op die 7e Jan. 1875 aan ds. G. Morgan o.a.: “Hy (Pannevis) vertel ons dat daar meer as 'n miljoen mense is wat geen Hollands of Engels praat nie, maar hierdie

mengelmoes (Kaaps-Hollands) Ons is onder geen omstandighede geneë om brabbeltale te bestendig nie deur die Bybel daarin te druk” (Eerste Skrywers, bls. 79). Pannevis het Afrikaans “n soort van verbasterde Hollands” genoem.

Dit blyk duidelik dat Pannevis in sy brief aan die [20] B.B.B.G. seker nie baie takvol opgetree het nie. Hoe kon hy ook die steun van die Genootskap verwag as hy die werk as van korte duur voorstel of as Engels later die enigste beskaafde taal in Suid-Afrika sou word? Hy moes Afrikaans ook nie as 'n “brabbeltaal” voorgestel het nie; hy moes onthou het dat Afrikaans nog nie baie voorstanders had nie, en dat hy die teenstanders nie in hulle kwaad moes sterk nie.

Ds Morgan het toe die saak voorgedra op 'n Predikante-konferensie in Wellington in Julie 1875. (Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging, 1880, deur S.J. du Toit). “By die bespreking laat feral ds. McGregor fan Robertson sig sterk daarteen uit en seg o.a. dat gen man fan gesond ferstand ooit an so iets sou denk ni. Prof. Murray en Eerw. Dempers neem dit fer di ander kant op, mar by di stemming in di minderhyd.” Hier het 'n aantal Hollandse predikante nou vir die eerste keer afkeer teen Afrikaans uitgespreek.

Hierby het dit nie gebly nie. Na aanleiding van die brief van Pannevis en die opdrag van die B.B.B.G., het ds. G. Morgan verder nog persoonlik in verbinding met ds. S.J. du Toit getree. Laasgenoemde het in 'n mondelinge gesprek verklaar dat hy bekend is met 'n paar voorstanders van 'n Bybel in Afrikaans en daarop het ds. Morgan in die begin van Aug. 1875 'n brief aan ds. du Toit gerig en om informasie gevra ten behoeve van die B.B.B.G. in verband met die volgende punte:

1. Tot watter uitgestrektheid word Kaaps-Hollands gespreek?

2. Hoeveel van die gehele getal (nl. die bevolking van 469,381) in ruwe skatting beskou word Afrikaans te sreek, en hoeveel wat 'n lesing van die Bybel in die dialek nodig het? [21]
3. Is daar skole waarin Afrikaans geleer word?
4. Bestaan daar ander boeke “in die bedoelde dialek” ?
5. Sal 'n groot getal predikante en skoolmeesters die Afrikaanse Bybel gebruik ?
6. Die oorsetting van 'n paar hoofstukke in Afrikaans.

In sy Geskiedenis fan die Afrikaanse Taalbeweging, Paarl (1880) maak ds. S.J. du Toit die volgende opmerking nadat hy die agteruitgang en laksheid van die Afrikaanse volk geskets het: “Daar moes dus iets gewigtigers bykom om di trage gees op te wek en di diipgewortelde fooroordeel te lat o'erwin; daar moet iits bykom wat di hart fan di volk raak. En dit was 'N AFRIKAANSE BYBELVERTALING.

“Di Afrikaner is ferstandelik seer ferwaarloos en feragterd. Dit kan ook ni anders deur gebrek an onderwys, en feral deur ferkeerd onderwys. Mar één ding hou hy fas, dis syn Bybel, en dit geef an ons volk 'n adel fêr bowe fele geleerde en daarby sedelik ontaarde folke fan Europa. Liwer 'n ongeleerde Afrikaner met syn Bybel, as 'n geleerde Europeaan sonder God en Syn gebod, want di Bybel hou di fondament goed waarop kan gebou worde.

“So was dit dan hiir ook. Di krag wat di Afrikaners wakker geskud het, was di gedagte ‘in onze taal de groote werken Gods’ te kan lees en hoor. 'n Afrikaanse Bybel was di saak wat di eerste 12 persone by mekaar gebreng het en dis di saak wat nou nog di foorstanders besig hou. Al die andere is maar bysaak, of

liwer is mar middele tot di grote doel.”

Volgens sy belofte aan ds. Morgan het ds. S.J. du Toit die saak van Bybelvertaling onder die aandag van agt (hy sê twaalf) persone op die 14e Aug. 1875 in die Pêrel gebring. ^[22] Op die dag is die Genootskap van Regte Afrikaners (G.R.A.) gestig. Die vergadering se oortuiging was dat die tyd vir Bybelvertaling nog nie ryp was nie. Hulle het gemeen Arnoldus Pannevis was te haastig: die volk moes eers geleer word dat hy 'n eie taal het; hy moes eers sy eie taal respekteer, en dan sou die begeerte as vanself kom om die Bybel in Afrikaans te vertaal. In sy brief van 25 Sept. 1875 aan ds. Morgan, sê ds. du Toit dan ook: “Hulle denk dat dit nog ni tyd is om sig tot di genoemde Genootskap te wende ni. Hulle hoop egter dat di dag ni meer fêr af is ni dat hulle sig met folle frymoedigheid tot di Genootskap kan wende om ondersteuning fir di publikasi fan 'n Afrikaanse Bybel, en hulle wil graag di noodsakelykhyd fan so 'n Bybel met meneer Pannevis onderskrywe.”

Ongelukkig kon hulle nie op al die vrae van die B.B.B.G. antwoord nie, sê ds. du Toit. Hulle begeer 'n Afrikaanse Bybel om die middel te wees tot beskawing, en glo nie 'n mens kan 'n volk beskawe sonder “'n Bybel in hulle moederspraak” nie. Dan teken hy protes aan dat ds. Girdlestone Afrikaans 'n “brabbeltaal” noem, daar “tog di ‘Bruid des Lams’ sal bestaan uit alle geslagte, TALE, folke en nasies, en dat di befel fan di Saligmaker: ‘Predikt het Evangelie aan alle creaturen’ ongetwyfeld bedoel is, in di taal wat hulle bes ferstaat ...”

In sy Geskiedenis maak ds. S.J. du Toit na aanleiding van hierdie brief nog 'n paar gevolgtrekkings: die Bybel is die ware volksbeskawer. Hulle verwag geen heil van die B.B.B.G. nie. “Ons sal mar self met onse swakke kragte, in Gods naam en met syn hulp, moet fortgaan.” Sal hulle voortgaan om hulle gifte aan

die B.B.B.G. te gee wat hulle taal 'n brabbeltaal noem en hulle hart sluit vir “onse behoefte”?

Vir 'n paar jaar na die stigting van die G.R.A. op ^[23] 14 Aug. 1875 sluimer die saak van Bybelvertaling. Die student van Afrikaans ken die geskiedenis hoe die Genootskap die hand nou uit die mou gesteek het en begin stry het vir die goeie reg van Afrikaans. Hulle het 'n eie orgaan in die lewe geroep, en op 16 Jan. 1876 het die eerste nummer van Die Patriot in die Pêrel verskyn onder redaksie van ds. S.J. du Toit. Die doel van die G.R.A. was “om te staan vir ons Nasie, ons Taal en ons Land.” Hulle sou 'n Afrikaanse woordeboek, spraakkuns en Afrikaanse skoolboekies opstel. Daar word 'n ernstige poging aangewend om die volk op nasionale gebied tot ontwaking te roep. In die inleidings-artikels van Die Patriot word 'n gevoel openbaar dat die Patriotman seker geen geringe verwagtinge gehad het van die taal wat hulle voortaan sou gebruik as voertuig van hulle gedagtes nie. Ds. du Toit het geweet waar die kernsondes lê: “Daar is Afrikaners met Engelse harte, en daar is Afrikaners met Hollandse harte, en daar is Afrikaners met Afrikaanse harte. Die laaste noem ons Regte Afrikaners, en die veral roep ons op om aan ons kant te kom staan.” Vir hulle moes die Bybel vertaal word.

Dit is gedurende die tydperk van propaganda-werk ten behoeve van Afrikaans as kultuurtaal, hoofsaaklik deur middel van die Patriot, dat die saak van Bybelvertaling gesluimer het. Daar was die geweldige stryd vir Afrikaans. “Vir so 'n taal, sonder 'n literatuur, sonder die Bybel daarin, sonder erkenning in staat, kerk en skool, is daar hoegenaamd geen toekoms nie ... Die onderwysers sien hier 'n versteurnis van hulle taalwerk, die predikante oneerbiedigheid teenoor Gods Woord, en meen dat die stryd vir Afrikaans 'n stap is in die rigting van veragterliking,

ontaarding, weg van die beskawing en beskawende invloede ...” Die Genootskappers moes opbou en moes oortuig. Hulle taak was voorwaar nie 'n maklike een nie.

[24]

Al het die Bybelvertaling weëns al die ander opbouende werk op die agtergrond geraak, tog is dit nooit heeltemal uit die oog verloor nie.

Op die Jaarvergadering van die G.R.A. in 1878 word, na voorbereiding deur die gebed, “in beginsel (besluit) dat dit tyd is” om 'n aanvang met die werk te maak. Watter betekenis die besluit vir sommige gehad het, kan afgelei word van 'n skrywe van ds. S.J. du Toit aan C.P. Hoogenhout net voor die vergadering: “Daarmee (Bybelvertaling) sal het Genootschap herleven of naar het graf gaan. De toekoms) onzer beweging hangt grotendeels daarvan af.”

C.P. Hoogenhout kon op die vergadering nie teenwoordig wees nie, maar skryf in 'n brief dat hy vir die saak voel. Besluit hulle teen 'n oorsetting, moes hulle ondersoek of dit nie 'n hindernis van die Satan is nie: “hy tog weet goed hoeveel afbreuk an syn ryk sal gedaan worde deur an ons bevolking GODS WOORD in hulle EIGE taal in hande te gewe” (Aangehaal deur dr. J.D. du Toit in S.J. du Toit in Weg en Werk).

Maar op hierdie vergadering van 1878 is besware teen 'n vertaling van die Bybel ingebring. Een van die lede het drie bedenkinge daarteen gehad:

1. Die taal is nog nie ryp genoeg daarvoor nie.
2. Ons kan nog daarsonder klaarkom.
3. Ons het nie geldelike middels nie.

Toe, niesteenstaande die besware wat geopper is, besluit is om te vertaal, was die gedagte nie om die Statebybel te verafrikaans nie, maar “om na die Bron en Oorsprong terug te gaan”. Daarvoor moes die Bestuur 'n kommissie kies om die vertaalwerk te verrig.

[25]

Die Patriot van 27 Sept. 1878 wy 'n hoofartikel aan die saak van Bybelvertaling en gaan breedvoerig daarop in. Sorgvuldig word die besware daarteen weerlê en op die noodsaaklikheid van 'n vertaling gewys. Wat betref die beswaar: Die taal is nog nie ryp daarvoor nie, sê die Patriot: “n Taal is nooit volkome nie. Die spelling, ens. verander nog gedurig in elke taal. Lees maar die oue Hollanse en Engelse Bybels en vergelyk dit met teenswoordige ... die tale verander nog altyd ... Die volmaaktheid moet jy nie eers in 'n taal hê voordat jy die Bybel daarin vertaal nie. Mar omgekeerd juis die Bybelvertaling bring die taal tot eenvormigheid. So is die Duitse taal gevorm deur die vertaling van Luther.”

Verder gee die Patriot die wenk om “die karakter van die taal suiwer te bewaar”; hy waarsku ook teen “al te lage uitdrukings” soos *tamaai* vir groot.

Die blad bepleit 'n vertaling van die Bybel, want “die Beginsel is Rooms, dat ons 'n Bybel moet hê wat die volk nie verstaan nie, en wat net die predikante kan verstaan”. Daar is baie onverstaanbare woorde in die Bybel, soos *dese* en *gene*, of 'n uitdrukking soos: *Eenen dorschenden osch zult gy niet mulbanden* (1 Tim. 5:18). En die beswaar val weg dat daar nie geskikte manne is om die Bybel oor te sit nie.

Verheug is die Patriot oor die besluit van die Genootskap om uit die oorspronklike tale te vertaal: “Maak jy 'n vertaling van 'n

vertaling, dan gaat jy al verder van die oorsprong, en eers is dit melk en water, maar naderhand is dit water en melk En dat ons Hollanse vertaling ook maar feilbare mensewerk is, sal elkeen moet erken ...”

Belangwekkend is die opsteller se opvatting van die vertaalkollege, wat minstens uit vier lede moet bestaan, waarvan twee uit die oorspronklike tale moet oorset met ^[26] raadpleging van die Latynse, Engelse, Duitse en Franse vertalings. “En die ander twee moet niks anders ken as Afrikaans, sodat hulle die sin en mening in suiwer Afrikaans kan uitdruk.” Dit is die gedagte van taaladviseurs. In hoofsaak is hierdie beginsels later toegepas, wat pleit vir die skrywer se heldere oordeel.

Die veiligste, sê Die Patriot verder, is om eers een Bybelboek te vertaal en uit te gee, “dan kan ons eers daaruit sien en oordeel of dit goed is soos die saak aangevat word; dan of daar verandering in die uitvoering moet kom.”

Teenstand het ook opgedaag. Ds. L.J. du Plessis van Rustenburg het teen die besluit geskrywe en sy beswaar gegrond op die “gebreke en onvolkomenhede in Afrikaans” waardeur die vertaling op sommige plekke dubbelsinnig sal wees. Maar ander predikante het weer die saak ondersteun, soos 'n predikant van die Ned. Ger. Kerk in Die Patriot van 4 Okt. 1878. Sommige persone het nie net oor die saak gepraat nie, maar hulle erns met geldelike beloftes getoon. “Een man sal 'n vette slagos gé ver die eerste Afrikaanse Bybel, ens.” (Geskiedenis, S.J. du Toit).

Daar was darem ten minste een persoon wat die eintlike werk probeer aandurf het — en hy ook 'n lid wat nie self op die vergadering aanwesig was nie, nl. Casper P. Hoogenhout. Ons kan gerus aanneem dat sy poging die steun van ander gehad het — direk of indirek, soos trouens blyk uit die planne om die

vertaling uit te gee. Dis opmerklik dat sy vertaling nie volgens die besluit van die vergadering teruggaan na die “Bron en Oorsprong” nie, maar op die Statebybel berus. Ook volg hy die Patriot-voorstel om boek vir boek te wil uitgee. Hoogenhout is vol van die noodsaaklikheid om 'n Afrikaanse Bybel te hê en in swakheid, maar gedronge deur die Gees, dra hy sy deeltjie by.

[27]

Ons bedoel hier die vertaling in handskrif deur C.P. Hoogenhout van “Die Evangelie volgens die beskrywing van Markus. Na die Hollandse vertaling van die State-Bybel.” Dr. J.D. du Toit meld dat hy die manuskrip in hande gehad het. Op die titelblad staan “Uitgegeewe door enige voorstanders van Bybelverspreiding. Mark VI, 5, 1 Cor. 14:6, Openb. 7:9. Mog die Heer dit segen! Gedruk by Smuts en Hofmeyr, 11 Kasteelstraat, Kaapstad, 1878.” Die boekie het nooit verskyn nie.

Die VOORREDE lees as volg: “Onder afsmeking van des Heeren bystand en zegen hebben wy deze vertaling van het Evangelie van Markus in het Kaapsch-Hollandsch (daar het in die Ms. eers gestaan ‘Afrikaans’, maar dis doodgetrek) vervaardigd door ondervinding overtuigd zynde, zulks voor duizenden in Z.A. eenen behoefte is. Wy hebben ons hierin zoo na mogelyk aan den Hollandschen Staten-Bybel, die hier algemeen in gebruik is, gehouden en alle onnodige ‘platheid’ vermeden. Wy bidden en hopen dat deze proeve van Bybelvertaling de voorloper moge zyn van eene waardige overzetting der gansche Heilige Schrift, wezenlik geschikt voor de bewoners dezer streken, en door mannen, allezins voor de taak bekwaam, bezorgd. Moge het onzalig vooroordeel tegen eene taal, welke even goed als eenige ander ter wêreld, haar regt van bestaan, erkenning, en beoefening heeft, spoedig ophouden

opdat de genade haren vryen loop hebbe! K.K. Jan. 1878.”

Van hierdie voorrede volg daar dan nog 'n vertaling in Engels. dr. Du Toit sê: “Wat die aandeel van ds. du Toit by hierdie onderneming was, weet ons nie.”

Die planne, voorstelle, besluite en beloftes was goed, maar die praktiese uitvoering het uitgebly behalwe in die geval van Hoogenhout se poging. Die tot-daad-uitgroeïende besieling was oor die algemeen nie sterk genoeg nie. Die [28] voorstanders moes nog eers beslister deurdronge raak van die behoefte aan die Bybel in Afrikaans. Daarom het dit voorlopig nog by steekse voorstelle, en klein beloftes of onvermoë gebly. Eers 'n ses jaar later sal die voormanne weer ernstig aan die groot saak dink, aan die eintlike doel van die Afrikaanse skryftaalbeweging, nl. om die volk eers te leer om hulle taal te eerbiedig en ook skriftelik te gebruik, as die eerste essensiële stap insake die Bybelvertaling. Intussen het die Afrikaanse skryftaal gedurende die ses jaar tussen 1878 en 1884 'n vaster vorm aangeneem, sodat daarmee ook al weer 'n paar van die geliefkoosde besware weggeval het, naamlik dat die Afrikaanse skryfvorm nog te onvas sou wees. Op die vergaderings van 14 en 26 Januarie en 23 Februarie 1884, is aangaande die Bybelvertaling besluit:

1. Om dadelik te begin met voorbereidende stappe,
2. Om 'n werkende komitee te kies,
3. Om deur die Komitee 'n Ope Brief te versprei onder belangstellendes.

In hierdie brief is breedvoerig oor die plan en redes van vertaling uitgewei. “Maar in daardie dae het die publiek nog nie sulke ope beurse vir nuwe ondernemings gehad nie, en tog was daar onder die voorstanders van 'n Afrikaanse Bybel groot

geesdrif in lewe gesprong om die vertaalwerk te steun. Want die Genootskap het besluit om die Bybel in Afrikaans te *vertaal*, maar nie self te druk nie” (Eerste Skrywers).

Een persoon was gereed om soveel as £1,000 voor te skiet; nog een wou 'n verband op sy plaas opneem, terwyl in die vorm van klein bydraes daar aan kontant £57 15s. 6d. ingekom het, en £669 2s. 0d. toegesê is. Maar soos dit gewoonlik in Suid-Afrika gaan: “Die drukkende tyd wat ^[29] toe juis begin het, het die uitvoering onmoontlik gemaak deur gebrek aan middele” (Artikel van dr. J.D. du Toit in die Gedenkboek ter ere van die G.R.A., 1925).

In 1885, op die 11e Sept. het die Genootskap weer vergader. Hier was ook ds. S.J. du Toit teenwoordig, toe die Bybelvertaling baie ernstig in bespreking gebring is. Aan ds. S.J. du Toit, toe nog Superintendent van Onderwys in Transvaal is die vertaalwerk opgedra nadat die vergadering weer besluit het “om met die werk te begin”. Hy moes “hoofsaaklik die nuwe Engelse vertaling” volg sowel as die Statevertaling. Von Wielligh formuleer die opdrag as volg: “om die Afrikaanse vertaling direk uit die ou tale te maak met raadpleging van die Hollandse Statevertaling” (Eerste Skrywers).

Die vertaalwerk sou dan deur 'n kommissie en die professore van die Stellenbosse Kweekskool nagesien word. Ook word nog sekere aanwysings oor die vertaling aan die hand gegee, soos om

- a. Tog by vertaling deurgaans di oorspronklike tale te raadpleeg, en soveel molik an di oorspronklike segswyse (uitdrukkings, idiomata) te hou.
- b. Noukeurig ag te gé om diselfde woorde deurgaans in Afrikaans te hou vir die oorspronklike woorde waarvoor dit eenmaal gebruik is.

- c. Di Eienaam van di Heere, Jehova of Jahvê, deurgaans as sodanig onvertaald te behou.
- d. Wat verdeling in hoofstukke en verse angaat, di gebruik van di Engelse vertaling te volg, mar in di teks met 'n lange rus of ander duidelike teken an te toon waar di verdeling tussen di verse val. ^[30]
- e. In 'n uitvoerige voorrede, van 1 tot 2 vette druks, duidelik di wenselikheid en eigenaardigheid van di Afr. vertaling aan te toon.

Wat spelling angaat, di aangenome reël te volg: ‘Skryf soos jy praat’, mar met di vollende uitsonderings:

- a. *U* in plaas van *jy* en *jou*, en *Hem* in plaas van *Hom*, waar van di Heere gesproke word;
- b. *Soon* in plaas van *Seun*, waar van di Heere Jezus as *Soon* van God sprake is ...
- f. Dit is an di benoemde vertalers gelaat om di hulp en samewerking van andere persone te vraag in di vertaling, maar dan moet hulle dit weer o'ergaan, sodat hulle dit vir eie rekening neem.
- g. Bo an di bladsye kom die korte inhoud, en so oek an die hoof van elke paragraaf.
- h. Die vertalers het vryheid om kanttekens te maak, wat di vertaling angaat, waarby hulle di kanttekens van di Engelse vertalers na verkising kan gebruik.
- i. Di betekenis van di vernaamste ei'ename in di kanttekens an te gé.”

(S.J. du Toit in *Weg en Werk*, bls. 288.)

Die Genootskap het 'n Kommissie aangestel om die vertaalwerk te reël, maar ds. du Toit kon nog nie dadelik met die werk

begin nie. Op 'n vergadering van hierdie kommissie in Mei 1886 het ds. J.L. Cachet en Oom Lokomotief egter net vir 'n verafrikaansing van die State-vertaling gepleit, want anders sou daar weer net moeilikheid in die Kerk kom. Dat hulle goed gesien het, blyk al dadelik ^[31] daaruit dat die kwessies op twee Sinodes ter sprake gebring is en dat die belangrikste besware die is wat hulle genoem het.

By geleentheid van die Kaapse Sinodesitting in dieselfde jaar (1886) het ds. F.S. du Toit hard gepleit ten gunste van 'n Afrikaanse vertaling en is kragtig ondersteun deur ds. Jooste en ouderling Steyn. Behalwe hierdie twee predikante en nog drie ouderlinge het die hele Sinode teen die saak gestem. Die verslag lui: “Een ouderling het hom geërger aan die voorstaan van so 'n afskuwelike taal as die van Die Patriot deur mense van opvoeding. Hy het Die Patriot stukkend geskeur toe hy dit die eerste keer onder die oë kry. As ds. du Toit die vergadering in die Patriots toegesprek het, dan het dit algemene skandaal veroorsaak. So 'n taal Kaaps-Hollands te noem was 'n skande.”

Op die Vrystaatse Sinode is reeds die volgende besluit die vorige jaar (1885) geneem na aanleiding van die opwekkingsbrief wat die Kommissie opgestel het. “De Synode neme Beschryvingspunt 30 (Over eene beweging om den Bybel in het Afrikaansch Hollandsch te laten drukken) niet in behandeling.” (Notulen der Handelingen van de Veertiende Hoog. Eerw. Vergadering der Synode van de Ned. Ger. Kerk van de O.V.S., gehouden te Bloemfontein, op 15 Mei e.v. dagen.)

So 'n belangrike saak word nie op die manier doodgedruk nie. In 1887, toe 'n dergelyke beskrywingspunt weer opgestuur is, “spreekt de Voorzitter den wenk uit, dat door de Inzenders dat Beschryvingspunt liefst zou worden ingetrokken”. Dit het egter nie verhinder dat oor die punt gedebatteer is nie. Tekenend vir

die teenstand wat ondervind was, is bv. die predikant van Smithfield se redes teen die Bybelvertaling: ^[32]

1. “Dat men denkt dat de tyd nog niet daar is voor zulk een voorstel;
2. uit vrees, dat in de Vergadering eenen verwydering kan komen te ontstaan ...”

Die Bybel gaan verwydering bring!

Ook buitekant die Sinodes om was die teenstand dikwels straf. 'n Paar voorbeelde ontleen ek aan dr. J.D. du Toit se werk oor sy vader: S.J. du Toit in Weg en Werk. 'n Teologiese student uit Stellenbosch skryf aan Die Patriot van 9 Okt. 1885 o.m.: “Vrienden, gy die er voor zyt dat Gods Woord in het Afrikaansch vertaald zal worden, hebt gy ooit al recht ernstig er over nagedacht? Zyt gy al gaan stil zitten en hebt gy de zaak *diep* en *innerlik* overdacht? Weet gy waartoe gy uw gaven, *van* God *ontvangen*, bydraagt? ... Zo Gods Woord in het Afrikaans vertaald wordt zal ongetwyfeld Zyn Heilige Naam met minachting, ja *ydelik* gebruik word. Immers hoe kunt gy Davids God aanroepen waar hy zegt: Gy zyt de God myner sterkte. Zend uw licht en uw waarheid neder, enz. (om maar één voorbeeld uit de vele duizenden te noemen) anders dan met *vernedering* en *minachting*, namelijk: *Jy* is — zend *jou*, enz. Psalm 43, 2, 3. Is het niet verschrikkelijk? Ik denk gy voelt het. Oordeelt voor uzelf. Zal iemand, een onderdaan b.v., de moed hebben zo te gaan en zyn koning met *jy* en *jou* toespreken? Men deinst terug en zegt: neen, dat is immers vermetelheid ...

3. Verder volgt hieruit heel natuurlik dat het Woord van God in minachting en verachting moet geraken, ...

4. Het gevolg zal zyn dat het Heilige Gods met onreine

handen en bezoedelde lippen aangeraakt zal worden.

[33]

‘Hoort, God zegt Hy laat zich niet bespotten. Past dus op wat gy doet, en weest voorzichtig.’”

Nog iemand skryf in Tarka Heraut met eweveel gloed en oortuiging: “Uit de Patriot vernemen wy dat er al reeds velen zyn die ingeteekend hebben om de Bybel te vertalen in de zogenoemde patriotsche taal. Van de onbezonnen voorstellen die wy aan de Afrikaansche Bond te danken hebben is dit nog de ergste. Indien het niet maar een kunstgreep van de Patriots Kantoor is om de drukwerk dezer vertaling in handen te krygen kunnen Wy ons niet verbeelden waar zoo een gekken voorne- men haar oorsprong kon gehad hebben ... De Patriotten maken grote rumoer over het gebruik van het Hollandsche taal in het parlement, in de Kerk en op Scholen, en hebben een belachlyk vrees voor het overal innemende Engelsch. Maar inderdaad zy kunnen het lezen en gebruik van het Engelsche taal niet beter bevorderen dan door het spreken en schryven in het walglyk patriotsche taal van *jy*, *jou* en *hom*, en zy zullen voorwaar de kroon op hun ellendig werk geplaatst hebben wanneer zy ons geëerbiedigden Hollandsche Bybel verlaagd hebben door het over te zetten in het verachtelyke patriotsche taal” (Vgl. S.J. du Toit in Weg en Werk, bls. 290).

Die Patriot het hierop geantwoord in die uitgawe van 6 Nov. 1885 en die Heraut belaglik voorgestel. “Dit is ons ten slotte regte aangenaam dat di Bybelvertaling op sulke gronde (?) teengestaan word omdat dit (i) di swakheid, en (2) di gees van teenstand openbaar maak.”

Vandag kom al die gevoelsargumente ons vreemd voor, maar toe het dit vir baie soos 'n lewenskwessie toegeskyn. Hierdie

keer het die besluite van die Genootskap veel meer aandag getrek as in 1878. Die publiek merk dat daar meer erns is aangaande die saak, en daarom spreek die teenstanders hulle so beslis en oortuig uit. Maar ook die medestanders het ^[34] meer vertrouwe, en die geldelike beloftes en gawes is aanmerklik aansienliker. Tog het die uitvoering van die besluite nog 'n tydjie moes wag, al het die publiek in 'n groeiende mate sy direkte belangstelling duidelik getoon.

Ds. du Toit het aandele gehad in die goudvelde. In sy brosjure Die Bybel in Afrikaans, vertel hy hoe hy in die goudsake geraak het. Op die vraag van sommige mense of dit nie in stryd was met sy roeping as leraar nie, het hy geantwoord “die gedagte is Rooms dat 'n predikant 'n aparte klas in die samelewe is, wat met di gewone besigheid van di Maatskappy sig ni mag inlaat ni, dit is oudtestamenties en Rooms ... Met di roeping van di Genootskap voor my het ek 'n gelofte vir God gedaan: as di Heere my segen binne 'n sekere tyd en tot 'n sekere bedrag, dat ek net genoegsaam daaruit myn huisgesin kan versorge, dan sou ek ver alle betrekkings bedank, en my wy aan di Bybelvertaling.” Hoewel hy tweemaal soveel gekry het as die bedrag deur hom in sy gelofte bepaal, was hy die volgende jaar (1890) 'n brandarm man.

In 1889 het ds. du Toit bedank as Superintendent van Onderwys in Transvaal om hom meer as vantevore aan die Bybelvertaling te wy. In sy brosjure (1889) het hy ook drie proewe gegee van vertaling uit die Bybel, en twee planne van Bybelvertaling uiteengesit:

1. Om die Bybel van vooraf letterlik te vertaal, of om dit
2. In historiese samehang te bewerk soos die handboek van Barth dit voorstaan.

“Laat ons hier nog byvoeg, dat ds. du Toit volhard het by die oorspronklike besluit van die Genootskap, nl. om uit die grondteks te vertaal. Meteen het hy van die nuwe ^[35] Engelse oorsetting vanself baing gebruik gemaak” (S.J. du Toit in Weg en Werk, bls. 293).

Nadat ds. S.J. du Toit al sy besittings in 1890 verloor het, het hy as 'n arm man na die Pêrel teruggekeer en is weer aan die drukkerij verbind. Onder baie moeilike omstandighede deur het hy hom aan sy lewenstaak gewy en die Bybel begin vertaal tot aan sy dood in 1911. Hoewel hy heelwat hulp van vriende gekry het, is die vertalings tog *SY* werk. In die loop van tyd is die volgende Bybelboeke in Afrikaans oorgebring:

Genesis. (1893: 136 bls.)

Mattéus. (1895: 119 bls.)

Openbaring. (1898: 88 bls.)

Psalme. (1907: 293 bls.)

Hooglied is gepubliseer in Stemmen des Tyds van 1905, asook

Handelinge in 1908.

Markus (1908).

Lukas bestaan nog in handskrif.

Algemeen gesproke, kan ons sê dat hierdie vertalings van Bybelboeke nie groot ingang gevind het by die Afrikaansgesindes nie. Die vernaamste oorsaak hiervan is wel dat die volk nog nie die behoefte gevoel het aan 'n Afrikaanse Bybel nie: hulle was nog tevrede met die Statebybel wat hulle goed gelees en verstaan het, soos hulle gemeen het. Die drukkerij het nooit enige wins gemaak op hierdie boeke nie, ten spyte van die

bewerings van die Tarka Heraut, maar het altyd groot verliese gely. Die vertalings van Hooglied en Handeling is nooit in afsonderlike boeke gepubliseer nadat hulle in Stemmen des Tyds verskyn het ^[36] nie. Maar altyd sal hierdie boeke kultuurhistories van groot waarde wees, en altyd sal ds. S.J. du Toit se naam geld as baanbreker op die gebied van die Afrikaanse Bybel-vertaling.

§2. Werkmetode.

In die voorwoord van “Génesis” wat in 1893 verskyn het, vertel ds. du Toit self hoe hy te werk gegaan het by die vertaling van hierdie boek.

“Di manier waarop ons nou werk is: alle Donderdag aande (tensy wettige verhindering dit belet) kom 'n kring van broeders by makkaar ver di Bybelvertaling. Dit word geopen en gesluit met gebed, waarby in bisondere mate di teenwoordigheid van Gods Gees gevoel en erken word. Daarna sit ons om 'n ronde tafel elkeen met syn Bybel.

Eers het ons Génesis vertaal, wat nou verskyn. En nou is ons besig an Mattéus. Eén of twee het altyd di Bybel in di oorspronklike taal (Hebreeus of Grieks, en wel 'n kritise uitgaaf, wat di verskillende oue lesings gé), di andere het elkeen 'n aparte vertaling, soos di Hollandse Statevertaling, di egte Engelse vertaling, di Luterse vertaling, verder di vertalings van van der Palm, Lange, ens.

In di begtn het ons geen antekenings gehou ni, mar van Génesis 21, vs. 22 af het ons in 'n boek al aande angeteken wi teenwoordig was en watter afdeling behandel is. Daarvandaan het dit ons 18 aande geneem om Génesis klaar te maak. Ons getal was van 5 tot 17 per aand, daaronder 2 predikante, 1 Sendeling, 3 Onderwysers, i Dokter, 1 Jood, ens.



Ds. S.J. du Toit.

Di manier van werk ver Génesis was só: Ds. S.J. du Toit vertaal vooruit. As ons samekom dan lees hy voor ^[37] letterlik hoe dit in Hebreeus staan, woord ver woord, en letter ver letter. Waar belangrike of twyfelagtige woorde is, word dit opgeslaan en al di betekenis sekuur nagegaan in di beste woordeboek. Dan gé hy ons hoe hy dit in Afrikaans uitgedruk het. Di vertaling word dan noukeurig vergelyk met di Hebreeus en met di verskillende andere vertalings, en waar dit dan deur almal same, onder di leiding van di Heilige Gees, nodig bevind word, word daar veranderings gemaak, en besluit waar en hoe antekeninge moet gemaak worde. Daarna werk ds. S.J. du Toit dit dan weer o'er.

Nou is ons besig met Mattéus en op enigsins 'n ander manier. Om ni teveul invloed op di andere broeders uit te oefen ni, maak ds. du Toit nou ni meer vooruit 'n geskrywe vertaling ni. Ons vergelyk eenvoudig di oorspronklike teks met al di beste vertalings, oek wel met raadpleging van woordeboeke en verklarings waar dit nodig is. Ons perbeer eers goed om die mening van di Heilige Gees te verstaan en dan besluit ons hoe om dit di beste in *ons* taal uit te druk. Ds. du Toit neem dan daarby antekeninge en werk dit dan daarna uit. So het ons al 12 hoofstukke van Mattéus bewerk in 13 aande tyd.

Ons gé di manier van bewerking so noukeurig op, dat ons broeders buite-af kan sien, dat ons ni ligvêrdig te werk gaan ni. Ons is altyd bly as hiir vriende van ander kom en hulle kan en wil dit bywoon. Verskeie het dit al bygewoon en di was altyd reg verblyd en dankbaar, en het onse liwe Vader in di hemele di ére en lof gegé ver wat hulle gesiën en gehoor het. Ons hoop dat sulke en andere broeders ni sal vergeet om te bidde ver ons, en veralln di werk ni. Laat hulle veral Donderdags aande ver ons same met di werk an di Here opdra. Laat di versugting véral

wees wat dit in ons kring is, naamlik: “Dat ons Hemelvader ver ons wil verlig deur diselfde Gees wat di Bybel geskryf het ...

[38]

Ons wag nou ni tot di hele Bybel klaar is ni, mar gé boek ver boek wat klaar is meteen uit. Eers Génesis; binne kort Mattéus: dus di eerste boeke van di Oue en Nuwe Testament ... en so an te gaan met di hulp van di Here boek ver boek uit te gé tot ons di hele Woord van God in ons eie taal het. Dan kan almal same ingebinde worde; of Oue en Nuwe Testament apart; met of sonder antekenings; soos dan sal blyk di beste te wees.

Di manier van boek ver boek uit te gé, het veral twee voordéle: 1. dat wat klaar is dan dadelik syn werk kan doen; en 2. dat belangstellende ons hulle opini kan médeel, ons foute kan anwys, waar hulle meen dat iits moet verbeter worde, sodat dit kan reg gemaak worde. Daartoe stuur ons 'n kopie an elke Teologiese Professor, Predikant en Sendeling in ons land, met vriendelike versoek om ons hulle gedagtes en wenke te stuur, wat ons beloof same te bespreek as in di teenwoordigheid van di Here en onder di leiding van di Gees. Maar andere broeders kan ons oek hulle gedagtes en wenke stuur, dit sal éwegoed behartig worde.”

By die uitgawe van Markus in 1908 skrywe ds. S.J. du Toit nog:

“Met die vertaal en uitgee van Markus Evangelie begin ons nou die boeke van die N.T. in gereélde volgorde te neem ... Elke Sondagaand wy ons aan die Bybelvertaling en begin ons met 'n gebed dat die Here ons deur Sy gees mag lei en bestuur in die vertaling en tegelyk die hart van ons volk mag voorberei om Sy Woord in ons taal met vreugde en dankbaarheid te ontvang.”

§3. Die Vertalings Self.

'n Belangrike punt in die vertaling van ds. S.J. du Toit is dat hy nie alleenlik vertaal het nie, maar die metode ^[39] van die Statevertalers gevolg het en ook verklarende aantekeninge aan die kant of onderaan gegee het. Hieromtrent sê hyself in sy inleiding tot Génesis (1893): "... di lesers sal siin dat ons op verskeie plekke antekeninge gemaak het. Deur alle Bybelvertalers, veral di wat di eerste di Bybel in 'n taal vertaal, is die behoefte gevoel om sulke antekeninge, om di leser te laat verstaan waarom di vertalers dit juis só uitgedruk het. Met behoud van hoofstukke en verse, sodat elkeen maklik kan opsoek, het ons tog di inhoud so afgedeel met opskrifte bo an, dat dit makliker is om te lees en iets te kry wat 'n mens wil hê. Dit sal tog wel ni nodig wees dat ons hiir sê, dat Moses ni in Hollands, mar in Hebreeus geskrywe het, en dat hy oek ni di afdelings in hoofstukke en verse gemaak het ni."

Op elke hoofstuk byna het hy 'n hele paar bladsye aantekeninge en skrifverklarings. Van Psalm 33 sê hy: "Daar di psalm gen opskrif het ni en begin waar di forige yndig het Venema di twe same gevoeg; mar inhoud, strekking en styl ondersky dit af in 'n afsonderlike liid ... Di liid is waarskynlik 'n Beurtsang."

By Openbaring 18 gee hy eers: Kritise en Taalkundige Antekeninge, soos:

"Fs. 19. Letterlik 'wat di sé be'arby of bewerk'."

"Fs. 20. Di oudste handskrifte lees soos ons dit fertaal."

By Hoofstuk 21 lees ons: "Di Paradys is nou di Nuwe Jerusalem geworde ... Nadat hemel en aarde foltooi is, plant Jehowa di Paradys. Di Nuwe Jerusalem is di enige woonplaas fan Christus en Syn Bruid-gemeente. Dis di stad wat reeds di aartsfaders in di geloof ferwag het (Heb. 11:8—16) en waar

Jesus nou besig is om fer ons plek reg te maak. (Joh. 24:2, 3).”

[40]

S.J. du Toit se vertaling het baie min ingang gevind by die volk. Oor die algemeen was sy strewe om 'n getroue oorsetting van die oorspronklike te gee; hy het selfs versuim om die nodige aanvullings tussen hakies te plaas, soos die hulpwerkwoorde in die Saligsprekings (Mat. 5): “Salig di eenvoudige, ... Salig di treurende ...”

Daar was 'n neiging by hom om te na te kom aan die gewone volkstaal. Hy besig woorde en uitdrukkings wat 'n mens in die begin, totdat jy eers daaraan gewoon is, geweldig sal hinder, b.v. “Og, lat di Here tog ni *kwaad* wees nie, en ek sal praat: *altemit* sal daar 30 gekry word ...” of “Toen di *voorman* van di bakkers siin, dat di uitleg goed was, toen sê hy vir Josef: En ... oek in myn droom, en kyk daar was 3 mantjiis met *wit-brood* op myn kop.” Wat ongewytfeld ook baie nadelig gewerk het, was die angsvallige toepassing van die suiwer fonetiese spelling.

Ds S.J. du Toit het daarin geslaag om in die gees te kom van die Statevertaling: hy het die verhewe eenvoud van styl oor die algemeen behou.

Ds S.J. du Toit was 'n groot figuur, 'n man met 'n vérsiende blik, iemand wat sy tyd in baie opsigte vér vooruitgehoop het. Hy was die eintlike groot baanbreker, ook op die gebied van die Afrikaanse Bybelvertaling. Sy naam sal altyd in hierdie opsig eervolle vermelding verdien, nes die naam van C.P. Hoogenhout, wat ook in die stilte 'n groot krag was, iemand wat in beskeidenheid sy beste talente ten offer gebring het.

As 'n mooi voorbeeld van ds. S.J. du Toit se manier van vertaling, haal ons hier as voorbeeld aan:

[41]

“PSALM 23.

1. 'n Psalm van Dawid.
Jehowa is myn Herder; my ontbreek niks ni.
2. Hy laat my lê in 'n wy fan jeugdige gras; Hy ly my sutjiis langs waters om te rus.
3. Hy fersterk myn siil;
4. Hy ly my in paje fan geregtigheid om syn naams wil.
5. Al gaan ek deur di kloof fan doodskadewe, ek frees gen kwaad ni; want U is met my; uwe knopkiri en wandelstok fetroos my.
6. U dek 'n tafel foor myn angesig foor di oog fan myn teenstander;
U salf myn hoof met oli;
myn beker is o'erlopend fol.
7. Net goedhyd en barmhartigheid sal my volg al myn lewensdage,
En myn woning sal wees in Jehowa's huis fer lange dage.”

[42] **Blanko bladsy**

[43]

HOOFTUK III. DIE TWEDE PERIODE.

§1. Afrikaans as Kerktal.

Terwyl die stryd vir Afrikaans as kultuurtaal al ver gevorder het in 1915, was die houding van die Kerk teenoor die beweging nog steeds afwysend. Die Kerk eksperimenteer selde met nuwe dinge, en minder nog, as dit 'n twisappel geword het. Toe die Afrikaanse saak sy deugdelikheid eers bewys het, het dit gou wortel geskiet in die Kerk, en daarna het dit so vinnig gegroei dat binne vier jaar Afrikaans in al die Hollandse Kerk van Suid-Afrika as offisiële taal naas Hollands (Nederlands) erken was. “Regtig,” roep Langenhoven uit, “die saak was van die Here, en dis wonderlik in ons oë, te wonderlik om ons eie ervaring te glo.”

Die meeste predikante was van die begin af vyande van Afrikaans, of het onverskillig daarteenoor gestaan. Die Kaapse Sinode b.v. het hom in 1880 sterk teen die Patriot uitgelaat, en met die begin van die sogenoemde Tweede Beweging merk ons dat hierdie vyandigheid daar nog lewendig was. Tog moet ons onthou dat Afrikaans ook sy sterkste vriende gehad het onder predikante.

Wat die Afrikaanse saak op kerklike gebied bepaald teëgehou het is die feit dat teologiese professore op Stellenbosch daar eers geen voorstanders van was nie. Hulle het intendeel aanvanklik kragtig geywer vir Nederlands.

[44]

Prof. de Vos was lank voorsitter van die Taalbond wat op alle moontlike maniere die aanlering en gebruik van Nederlands voorgestaan en aangemoedig het, veral onder skoolgaande kinders. Aan die ander kant het hier aan die, Kweekskool onder

die jongeres kragtige pleitbesorgers van 'n Afrikaanse Bybelvertaling opgestaan, soos dr. B.B. Keet, wat sy argumente in Ons Moedertaal moedig gestel het sedert die stigting daarvan in 1914. Buitendien was dit die begin van 'n tydperk van groot gebeurtenisse. Die wêreldoorlog het gewoed, en die skokke is gedug in ons land gevoel. Met al die krygsplanne, en met die binnelandse Opstand, het ons kerk 'n groot en moeilike werk gehad om die eendrag te bewaar en om oral vrede en verdraagsaamheid te bring. In die lig hiervan sal die Afrikaanse Beweging wat hom nou ook in ons Hollandse kerke laat geld, hier as 'n heldedaad beskou moet word. Want om onder sulke omstandighede wyslik leiding te gee, is al 'n daad van moed en tak. Die teenstanders se sterkste wapen sal juis wees: Julle wil meer verdeeldheid bring waar daar reeds verdeeldheid heers.

Die stryd ten behoeve van Afrikaans is in hoofsaak gewen, want die idealistiese jeug het hul aangetrokke gevoel tot die nuwe planne om die landstaal op die troon te plaas. Die propagandaveldtog sedert 1906 begin nou vrugte af te werp. Orals waar die voortstuwende Afrikaanse jeug aan die bewind kom, bepleit hulle die regte van die volkstaal met die vuur van manne wie se gemoed blaak van liefde vir die Suid-Afrikaans-nasionale simbole. Een van die gebiede waar hierdie bemoeiinge nou onweerstaanbaar deurbreek is die Kerk. Omstreeks 1914 word hier deur enige jongeres sterk propaganda gemaak vir die landstaal. Afrikaans as offisiële kerktaal en die Bybelvertaling in Afrikaans hang onskeibaar saam in die beginperiode. Die twee aspekte word hier net vir die gerief van behandeling apart beskou.

[45]

DIE VRYSTAATSE SINODE.

Dit is die Vrystaatse Sinode wat die eerste tot die daad

oorgegaan en met vaste besluite voor die dag gekom het — besluite, wat maar net die kristallisering is van jarelange propaganda- en voorbereidingswerk. Vir die “Vyf-en-twintigste Vergadering van de Hoog. Eerw. Synode der Ned. Ger. Kerk in de O.V.S., Donderdag: Mei 1916 e.v.d.,” het ds. (nou dr) N.J. v.d. Merwe, destyds predikant van Wepener, die volgende beskrywingspunte opgestuur:

1. 't Afrikaansch op den Kansel.
2. Het vertalen van den Bijbel in het Afrikaansch.

(Acta Sinodi N.G. Kerk, O.V.S., bls. 58.)

Die Regskommissie se advies oor die beskrywingspunte kom hierop neer “dat zij het gebruik van het Afrikaansch op den kansel niet afkeurt, maar dat zij betwijfeld of de tijd nu gekomen is om den Bijbel in het Afrikaansch te vertalen.” (Acta Sinodi N.G. Kerk, O.V.S. bls. 58.)

Na 'n hewige diskussie oor die saak deur die Sinode “komen twee voorstellen uit de vergadering. Een van de Pred. van Kestell en den Oud. van Marquard. ‘Het eerste deel van B. pp 17 re Afrikaansch op den kansel, worde overeenkomstig de aanbeveling van de Rechts Com. aangenomen.’ Een tweede van de Predkk. van Wepener en Lindley: ‘De Synode erkent het Afrikaansch als officiële taalvorm naast het Nederlandsch.’” (Acta Sinodi, N.G. Kerk, O.V.S. 1919.)

Die laaste voorstel is met vier teenstemme aangeneem.

Op hierdie vergadering is soos ons later nog sal aandui, ook besluit om die Bybel in Afrikaans te vertaal.

[46]

Die Sinode van 1919 neem die volgende voorstel aan: “In verband met die aanbeveling van de Raad der Kerken wenst

deze vergadering sterk aan te dringen op het gebruik van het Vereenvoudigde Hollands, en van het Afrikaans in Bladen en Tijdschriften, die in verband met de Ned. Ger. Kerken in Zuid-Afrika verskijnen, en draagt het aan de Algem. Synod. Kom. op de nodige stappen te doen, teneinde ook deze schrijfwijze in de Kerkbode moge worden gebezigd.”

In verband met die Belydenisskrifte word deur dieselfde Sinode die volgende voorstel aangeneem: “De Synode hechte hare goedkeuring aan een overzetting en het gebruik van onze Belijdenisschriften, en ook het Kortbegrip, in de Afrikaansche taal, en stelle een Kommissie aan ter uitvoering van deze overzetting.” (Acta Sinodi N.G. Kerk, O.V.S. 1919)

Ons merk dat die notule van die Sinode eers vanaf 1922 in Afrikaans opgestel is, wat 'n aanduiding is hoedat Afrikaans orals sy regmatige plek begin opeis en ingeneem het.

DIE TRANSVAALSE SINODE.

Binne 'n week na die besluit van die O.V.S.-Sinode om Afrikaans as offisiële taal in die kerk te erken, het die Verenigde Kerk in die Transvaal ter geleentheid van die Sinodesitting die volgende voorstel aangeneem “dat de tijd gekomen is om Afrikaans als offisiële taal van onze Kerk te erkennen, en de zaak worde verwezen naar de Raad der Gefedereerde Kerken”. Die stemming wys dat die teenstand besonder sterk was. Interessant is die weergawe van die algemene indruk van die bespreking in die Kerkbode-verslag. “De discussie leidt niet aan doodsheid: De voorstanders van de zoetklinkende Afrikaansche taal zijn niet weinigen. ^[47] Eigenaardig bijna, is het om predikanten te hooren spreken in het Afrikaansch, die anders goed Hollands gebruiken ... Eigenaardig is het ook dat vele ouderlingen, die toch in de verste verte niet kunnen beweren dat

zij Hoog-Hollandsch kennen, ten zeerste gekant zijn tegen het gebruik van Afrikaansch.” (De Kerkbode, 15 Junie 1916.)

Uit 'n privaat-skrywe van ds. J.J. Kuhn (Ned. Herv. Kerk, Germiston) ged. 6 Mei 1933, deel hy mee “dat sover ek my herinner, dit in die Ned. Herv. Sinode van 1919 was, waarop sekere besluite in verband met die Afrikaanse Bybelvertaling geneem is”. Op sy voorstel het die Sinode besluit om mee te werk met die Susterkerke om te vertaal. “Nadat hierdie besluit toe geneem is, het ek verder daarop gewys, dat ons nou verplig is om Afrikaans newens Nederlands in ons Kerk te erken as Offisiële Taal — dis die logiese gevolg van die vorige besluit. Ook is dit toegestem en bekragtig deur die vergadering.”

Heel interessant is dit om die Acta Sinodi van die Ned. Herv. of Ger. Kerk te lees: “De Notulen van de vorige zitting worden gelezen, en waar die van den voor- en namiddag niet in denzelfden taalvorm zijn, geeft dit aanleiding tot heelwat discussie. Eindelyk wordt op voorstel van den H.E. Assessor en den H.E. Actuaris als volgt besloten: De Notulen worden goedgekeurd zoals opgesteld in Hollandsch en Afrikaansch, en de Vergadering wil hierdoor te kennen geven, dat zij Afrikaansch naast het Hollandsch als offisiële taal der Kerk erkent.” (Handelingen van de twaalfde Synode der Ned. Her. of Ger. Kerk van Z.A. 1919.)

Hoewel die Ned. Herv. of Ger. Kerk in Transvaal dus reeds op sy Sinode van 1916 besluit het dat volgens sy mening die tyd gekom het om Afrikaans as offisiële taal van die Kerk te erken, en hierdie besluit as 'n beskrywingspunt [48] voor die volgende vergadering van die Raad der Kerken gelê het, het die Raad geoordeel in 1917 met meerderheid van stemme dat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie. (Vgl. Raad der Kerken.)

NATAL.

Die Sinode van die Ned. Ger. Kerk van Natal het weer in 1917 vergader, en met betrekking tot die uitnodiging van die O.V.S.-Sinode van 1916 om saam te werk met die vertaling van die Bybel in Afrikaans, het hulle besluit: “Daar deelname aan de vertaling van de Schrift in het Afrikaans door deze vergadering beschouwd wordt als gelijkstaande met een verklaring van de taal tot offisiële taal van de Kerk, kan zij geen gevolg aan het verzoek van de Vrijstaatse Synode geven en berust in de aanbeveling van de Raad der Kerken,” n.l. dat die tyd vir offisiële erkenning nog nie ryp was nie.

Nadat die Raad der Kerken egter Afrikaans as offisiële taal erken het in 1919 het die N.G. Kerk van Natal gevolg, maar met 'n byvoeging, n.l. “dat de kerkraden met omzichtigheid handelen in de toepassing daarvan”. (Vgl. Eerw. A. Dreyer: Die Burger, 27 Mei, 1933.)

DIE KAAPPROVINSIE.

Hier is, in vergelyking met wat in die ander provinsies plaasgevind het, baie gesukkel om tot die bevredigende oplossing te geraak. Daar was groot teenkating, veral van die kant van die ouere predikante, en nie voordat die Raad der Kerken eers besluit het om Afrikaans as offisiële taal van die Kerk te erken nie, het die Ned. Ger. Kerk van die K.P. gevolg. Reeds vir die Sinode van 1915 het die Kerkraad van ^[49] Kaapstad die beskrywingspunt opgestuur: “De Synode spreke hare afkeuring uit over het gebruiken van Afrikaansch als officiële taal van deze Kerk, en het vertalen van den Bijbel in het Afrikaansch.” Maar dis teruggetrek voordat dit in behandeling geneem is.

Ds. F.X. Roome van Seepunt het daarna op 'n Ringsver-

gadering van Kaapstad in 1918 'n voorstel deurgekry ten gunste van Afrikaans: “Dat de Synode gevraagd worde zich ten gunste van de vertaling van den Bijbel in Afrikaansch te verklaren.” Maar die kwessie is weer op die Sinode van 1919 van die K.P. voorgebring: “In verband daarmee was daar ook ander beskrywingspunte asmede versoekskrifte met 7,956 naamtekeninge teen die invoering van Afrikaans in die Kerk. Al hierdie stukke is ten owerstaan van ondersoek en rapport na 'n kommissie verwys. Dr. B.B. Keet wat as scriba van die kommissie gedien, en die bespreking van die verslag met 'n gematigde dog nietemin kragtige toespraak ingelei het, het voorgestel: “Waar de erkende officieele taal van onze Kerk de Nederduitsche is daar spreek de Synode het als hare mening uit, dat daaronder de Afrikaansche taalvorm naast de Nederlandsche begrepen wordt. Het gebruik van het Afrikaansch als Kanseltaal wordt aan het oordeel van elken Kerkraad overgelaten, met de sterke aanbeveling dat er rekening gehouden mocht worden met de gevoelens van allen die er tegen gekant zijn, zelfs indien zij eene minderheid in de gemeente vormen, opdat er geen aanstoot gegeven worde.”

Die saak het die ernstige aandag van die Sinode geniet. Die diskussies, waaraan 70 lede deelgeneem het, het drie dae lank geduur. Aan die slot is die voorstel van dr. Keet met 199 stemme teen 74 aangeneem. (Eerw A. Dreyer: Die Burger, 27 Mei, 1933.)

[50]

RAAD DER KERKEN.

Hierdie liggaam is in 1907 in die lewe geroep om al die Sinodes van die Ned. Ger. Kerke in S.A. te verteenwoordig. Dit bestaan uit dertig lede, en kan die kerke dien alleen in 'n

adviserende hoedanigheid.

Die beskrywingspunt van die Transvaalse Sinode van 1916 met betrekking tot die erkenning van Afrikaans as offisiële taal van die Kerk, het in 1917 voor die Raad der Kerken gekom. “Toen nu dit beschrijvingspunt aan de orde kwam, maakte men de keel schoon tot tegenspraak, de tegenspraak echter die eigenlijk nooit gehoord werd.” (De Kerkbode, 29 Maart 1917.) Die simpatieke wyse waarop die beskrywingspunt ontvang is, is toe te skryf aan “de oordeelkundige wijze waarop het door ds. J.F. Naudé van Roodepoort werd ingeleid en die de vergadering in een sierlijk Afrikaansch toesprak. Als er zóó gesproken en zóó gespreekt zou worden, dan zou niemand daaraan zich ergeren” lui die rapport. (Die Kerkbode, 29 Maart, 1917.)

Daar was baie besware en verskeie voorstelle, maar uiteindelik is met één teenstem die volgende voorstel aange-
neem: “Deze vergadering is van overtuiging, dat Nederlandsch nooit de spreektaal van ons volk worden zal, maar dat gelijk Afrikaansch sedert jaren het middel tot gemeenschap onderling voor ons volk geweest is, het dat blijven en al meer worden zal; en dat gelijk het gebruik daarvan in de hoogste raadzaalen van ons land meer regel dan uitzondering geworden is, dat ook uiteindelik het geval zal zijn op de kansels van onze Kerk, en dat alles omdat er levenskracht in het Afrikaansch is, welke aan alle verachting en verontachtzaming met wonderlijke taaiheid het hoofd heeft weten te bieden, en ook omdat in het Afrikaansch alleen bij velen de volksziel zich uit. Deze vergadering acht echter ^[51] onder de tegenwoordige hachelijke toestanden, de tijd niet rijp thans by de andere Synoden de Gefedereerde Kerken erop aan te dringen Afrikaansch ook als hare officiele taal te erkennen” (De Kerkbode, 29 Maart 1917).

Teenstand het weer opgeduik. So het Ouderling G.J. Krige

van Steüenbosch hom uitgespreek teen die beskrywingspunt wat deur die N.G. of H. Kerk van Transvaal opgestuur is vir die Raad der Kerken. “Naar mijn nederig inzicht toch, gaat deze geforceerde taalbeweging groote verdeeldheid in onze Kerken verwekken. De Raad der Kerken zie dus toe dat vooral de Kerk in de K.P. geen zaken opgelegd worden, vooral in deze veelbewogen tijden, waarna zij niet hebben gevraagd en nog minder begeeren.” (De Kerkbode, 15 Feb. 1917.)

As tipiese voorbeeld kan nog dien wat d.h. Izaak de Villiers van Koffiefontein oor die beskrywingspunt neergepen het: “Het (beschrijvingspunt) is onnoodig. Want niemand toch kan ontkennen dat Afrikaansch of Kaapsch-Hollandsch een lager vorm van het Hollandsch is. Nu waarom moeten wij dan afdalen tot het lagere ? Ik dacht ons streven moet zijn ‘hooger op’ ... De vraag is wat kunnen wij mogelijk verliezen? Het eerste nadeel mag zijn, grootere scheuring onder ons volk en in onze dierbare kerk. En is de toestand daar niet treurig genoeg?” (De Kerkbode, 22 Febr. 1917.)

De Kerkbode van 1918 het 'n lang inleidingsartikel oor die erkenning van Afrikaans as offisiële taal, nie net in die Kerk nie, maar ook in die skool en deur die Staat, waarin ons 'n samevattende beskouing kry: “De onze heet een veelbewogen tijd. Hij gaat zwanger van krachtige en betekenisvolle bewegingen, die woelen om geboren te worden. Sommigen zijn vijandig tegen 't Afrikaansch en zien in de invoering daarvan intellectuele achteruitgang. Anderen oordeelen, dat 't Afrikaansch nog niet genoegzaam vasten ^[52] vorm heeft verkregen ... anderen dat wij bijna te lang reeds gewacht hebben.” (De Kerkbode, 1 Aug. 1918.)

Die Kerk, beweer die skrywer, is behoudend, “en om meer dan een reden is het best dat het zoo is ... wij achten het goed,

dat de Kerk niet zomaar met elke beweging moet meegaan.” (De Kerkbode, 6 Febr. 1919.) Dan verwys hy na die erkenning van Afrikaans as offisiële taal deur die O.V.S.-Sinode en die Transvaalse Sinode, en die besluit van die Raad der Kerken in 1917, by wyse van 'n antwoord op hierdie vrae vir die Kaapkolonie. Intussen loop sake vinnig vorentoe.

Vir die sitting van die Raad der Kerken op 6 Maart 1919 te Johannesburg het ds. J.F. Naudé, lid van die Raad, die volgende beskrywingspunt opgestuur. “De Raad der Kerken beveelt bij de Synoden der Gefedereerde Kerken aan, die het Afrikaans nog niet als officiële taal, naast het Hollandsch, in de Kerk erkennen, de nodige stappen te doen ter verkrijging van dit recht voor onze moedertaal.”

Die saak word met gloed bespreek, maar eindelijk met 17 teen 6 stemme die volgende besluit aangeneem: “Deze vergadering is overtuigd dat, waar Afrikaansch de taal van ons volk is en blijven zal; waar het gebruikt wordt tot in de hoogste volksvergadering; waar het tot medium van onderwys dient in de lagere en hogere scholen en universiteiten; waar het gebruikt wordt op zoovele onzer kansels en in alle kerkelijke vergaderingen, en waar het reeds als officiële taal van het land en van sommige der Gefedereerde Kerken erkend is, de tijd aangebroken is het algemeen als officiële taal van de Kerk te erkennen, de noodige stappen te doen ter verkrijging van dit recht van onzer moedertaal.” (De Kerkbode, 3 April 1919.)

Hierdie besluit bevestig nou definitief die handelwyse van die Kerk in die Transvaal en veral in die Vrystaat. Reeds [53] in Augustus 1918 het iemand uit die O.V.S. geskryf dat die besprekinge by geleentheid van hulle jongste Ringsvergadering uitsluitend deur middel van Afrikaans gevoer is. Nederlands word nog maar selde gehoor, “en door den heelen Vrijstaat heen

wordt nu al, geloof ik, bijna evenveel Afrikaansch gespreek als Nederlandsch ... Wat het dragen van veldschoenen betreft, gaat ook daarin de Vrijstaat het voorbeeld geven.” (De Kerkbode, 22 Aug. 1918.) Natal en die Kaapprovinsie het nog sterk-verdeelde menings gehad toe hierdie besluit van die Raad der Kerken geval het. Maar Natal was volgsaam van aard insake die vraagstuk en het spoedig, soos geblyk het, die leiding van die Raad der Kerken aanvaar, en hulle goedkeuring aan die offisiël-verklaring geheg, in 'n versigtig-gestelde formule. Net Kaapland sal nog baie gaan wik en weeg, en langer die tradisie van kanseltaal gaan eerbiedig.

Met die erkenning kom die toepassing, en met die toepassing ook die moeilikhede. Seldsaam bepaald was teenstand van die aard, soos verhaal word deur iemand uit Transvaal in Mei 1920. Bedoel word die volgende geval, wat aantoon hoedat die jong predikante lank nie almal Afrikaans as kanseltaal ter wille was nie en hierdie standpunt deur dik en dun ingeneem het, selfs op die gevaar af om onvrede te stig, as dit moes: “Onlangs was hier, bij gelegenheid van Nachتماال, een jonge predikant, die door onze leraar gevraagd werd hem met de diensten te helpen. Hy antwoordde, dat tot zijn leed hij niet in Afrikaansch kon preken. Onze leraar moest toen alleen het grote werk verrichten en ongesteund de diensten waarnemen.” (De Kerkbode, 3 Junie 1920.)

Die redakteur van De Kerkbode het dit nodig en wenslik gevind om in hierdie woorde 'n waarskuwing te rig en protes aan te teken in geval van soortgelyke moeilikhede tussen [54] gemeente en leraar: “Als de kerkraad besluit dat het meer tot stichting en onderlinge vrede dienen zal, om de prediking vooreerst nog in Hollands te laten geschieden, dan zal elke rechtvaardige evangeliedienaar zich toch daarnaar willen

schikken ...” Dan was daar 'n ander groot moeilikheid. Sodra 'n prediker nie met die nodige stylgevoel en woord-waardering optree nie, het hy gevaar geloop om Afrikaans in onguns te bring, selfs by welmenendes. Ook hierteen waarsku die Redakteur van die Kerkbode in gemelde artikel: “De vraag is, of het preken in Afrikaans niet een grote verzoeking tot slordigheid met zich brengt.” Hy sê Afrikaans wek in die skrywe: “slordigheid in vorm en in gedachte, een lichtzinnigheid en een oppervlakkigheid, die zeker nie aangenaam aan doet.” (De Kerkbode, 3 Junie, 1920.)

Die redakteur waarsku die predikante nou “om zeer voorzichtig te zijn om met de nodige deftigheid, die aan de prediking van Gods Heilig Woord past, voor de gemeente op te treden.”

AFRIKAANS IN DIE GEREFORMEERDE KERK.

Nederlands was die offisiële taal van die Kerk, soos o.m. vasgelê is in 'n Sinodebesluit van 1882 dat die Statebybel in die openbare kerkdiens moes gebruik word en “dat de Synode de prediking en het godsdienstige onderwijs in de gemeente als immer mogelijk is, overeenkomstig die taal verlangt. (Art. 189.)” Daarom het die Sinode ook die gemeentes opgewek om toe te sien dat die Hollandse taal aan die kinders onderwys word.

Maar in 1916 het daar verandering gekom in die bestaan-de toestand van sake, toe nl. met meerderheid van stemme deur die Sinode op voorstel van ds. M. Postma besluit is:

[55]

“De Kerkraden van onze kerk kunnen des verkiezende de notulen van hunne vergadering en ook hunne officiële kerkelike stukken in de Afrikaanse taal schrijven.-” (Vgl. Notule van Sinode Ger. Kerk, 1916.)

Verder het hierdie Sinode aan 'n kommissie bestaande uit prof. J.D. du Toit, ds. J. H. Kruger en oudl. H.P. du Plessis, opgedra om die volgende Sinode te adviseer oor die beskrywingspunt van Phillipstown: “De Synode besluite om de Dordtse kerkenorde zoals thans in onze kerk in gebruik alsmede de Nederlandse geloofsbelydenis en katechismus en de 5 artikelen tegen de Remonstranten, in het Afrikaans te laten vertalen.” (Vgl. Notule van Sinode, Ger. Kerk 1916.)

Na 1916 het Afrikaans nou meer veld begin wen in die Ger. Kerk deurdat die predikante al meer en meer in Afrikaans begin preek het, en daar meer en meer publikasies in Afrikaans begin verskyn het. Terwyl die N.G. Kerk van die Kaapprovinsie nog baie behoudend opgetree het, het die Ger. Kerk van die K.P. gou tot 'n duidelike besef van sy taak in hierdie opsig geraak en is Afrikaans betreklik vroeg op sy Algemene Vergaderings ingevoer. Op die Alg. Verg. gehou op Aliwal-Noord in Feb. 1917 is die voorstel van ds. (nou prof.) C.J. de Wet en oudl. J. S. Venter aangeneem, “dat Afrikaans ook voortaan as offisiële taal erken sal word”. In 1918 volg die Vrystaat en in 1919 Transvaal, sonder offisiële besluite.

Die Sinode begin met Afrikaanse notule in 1918 onder die skribaat van ds. D. Postma, B.A., sonder 'n offisiële besluit daaroor. Alleen word in die Voorwoord geskryf deur wyle ds. W. Postma: “Ondergetekende het die eer hiermee te voldoen aan die vererende opdrag van die Eerw. Sinode en sy handeling in druk te besorg. Dis die eerste maal dat dit gebeur in die Afrikaanse taal, en dit wys die stroming van onse tyd aan, veral as gelet word op die besluite om mee ^[55] te werk met die oorssetting van die Bybel, Formuliere van Enigheid en Liturgie in Afrikaans.” — Dit is betekenisvolle woorde hierdie, maar hulle is ook kensketsend van ds. W. Postma, ons bekende Jong

Zuid-Afrika, wat in 1905 'n kragtige pleidooi ten gunste van Afrikaans as skryftaal afgesteek het. Hy is ook ons dr. O'Kulis wat die sterk oogdruppels vir die nasionaal-blindes aangemaak het vanaf 1906 tot aan die totstandkoming van die Unie. Hier is 'n Afrikaanse propagandis van die beste soort. En tog het hy in 'n lesing voor die Vereniging Ons Taal in Bloemfontein, gehou in 1906, gesê dat daar nog 'n 50 of 100 jaar mee sal moet gewag word voordat ons die Bybel in die volkstaal kan kry. In die lig hiervan is hierdie woorde 'n twaalfstal jare later so betekenisvol.

Die Almanak van die Ger. Kerk het vir die eerste maal in die jaar 1922 in Afrikaans verskyn, en in 1924 is bo die Almanak van elke maand die Afrikaanse beryming van die Psalms deur Totius geplaas.

Die offisiële orgaan van die Ger. Kerk wat eers De Maandbode was, en later Het Kerkblad geword het, het nog albei vorme Nederlands en Afrikaans gebruik. In 1916 en 1917 en nog in 1918 het die redakteur twee stukke in Nederlands, terwyl wyle ds. Hamersma die eerste 'n Afrikaanse brief geskryf het in die uitgawe van 16 Januarie: “Vandag voel ek lus o'er die natuur te skrywe. Dis mos Gereformeed want dis Bybels.”

Eers in 1923 word “Het Kerkblad, “Die Kerkblad” en het Afrikaans die kerklike orgaan verower. Van die predikante begin sommige reeds vroeg, omtrent 1915 en 1916, in Afrikaans te preek, en in 1919 het 'n Preekbundel: Lig op my Pad, verskyn waarvan 11 uit die 25 preke in Afrikaans geskryf is. (Vir die feite in hierdie hoofstuk is gebruik ^[57] gemaak van 'n artikel deur prof. J.A. du Plessis in Die Kerkblad van 19 Okt. 1932.)

Dit moet tog tref hoe snel die Afrikaanse saak in hierdie kerkgenootskap deurgebreek het in vergelyking met dieselfde stryd in die ander provinsies, uitgenome die Vrystaat. Dog

opvallender is die natuurlike en vredsamese wyse waarop Afrikaans sy plek kom opeis het. Dit het dikwels sonder offisiële besluite gebeur — daar is soms net die daad om te wys. En dit, terwyl die Gereformeerde Kerk gewoonlik as die méés behoudgesinde en vasbeginselde van die Hollandse kerkgenootskappe in ons land geld.

§2. Die Eerste Besluite oor die Afrikaanse Bybelvertaling.

Met die dood van ds. S.J. du Toit in 1911 het die eerste tydperk van Bybelvertaling tot 'n afsluiting gekom. Maar daarmee nie die werk nie, omdat die behoefte in 'n stygende mate gaan gevoel word.

Die tweede tydperk het egter reeds begin vóór 1911. Yweraars wat niks met die sog. Eerste Taalbeweging en met die vertaalwerk van ds. du Toit wou te doen gehad het nie, het beklemtoon dat die Bybel op 'n wyse vertaal moet word dat dit vir ons volk in die Afrikaanse vorm aanneemlik sal wees en dierbaar sal word.

In sy bekende artikelreeks “Laat het Ons toch Ernst Wezen” wat in 1905 in De Volkstem (Pretoria) verskyn het, het G.S. Preller 'n lang pleidooi ten gunste van Afrikaans as skryftaal gelewer. Daarin erken hy dat mense hom mag vra: “Is Afrikaans dan nou ons Bybel- en Kanseltaal?” want daar is veral predikante wat met minagting van Afrikaans praat en beweer dat dit nie geskik is as draer van hoër gedagtes nie. Hy beweer dat die meeste predikante, alhoewel hulle hulle dit verbeel, g'n Nederlands praat nie, en wat nog ^[58] die ergste is, sodra hulle van die kansel afstap dan praat hulle Afrikaans. Om hierdie predikante te oortuig dat hulle nie meer Nederlands kan preek nie, het hy op 'n sitting van die Sinode 'n tiental preke

woordeliks deur snelskrywers laat afneem, en die uitkoms hiervan was die bewys dat die predikante geen goeie Nederlands meer gebruik nie.

Preller se standpunt is daarom dat die vertaling van die Bybel in Afrikaans die grootste stoot vir die spreektaal sal gee.

Nadat hy en sy medestanders veld vir Afrikaans in die Noorde gewen het, was die grootste beswaar nog in verband met die kanseltaal. 'n Aantal predikante het nie geskroom om die voorstanders van Afrikaans nasionale “scouts” te noem nie. Na aanleiding van die moeilikhede in verband met kanseltaal, bybeltaal, ens., sê Preller dat die voorvegters vir Afrikaans nie haastig is nie, want hulle weet dat dit 'n proses van evolusie is, en dat met die loop van jare hierdie dinge tog reg sal kom. Wanneer die tyd daar is sal die volk wel vanself om sy eie Bybel vra.

Wanneer die vertaling moet geskied, is 'n vraag waarom die menings nog baie uiteenlopend was. Selfs so 'n vurige voorstander soos ds. W. Postma van Reddersburg het in 1906 gesê: “Die Bybel en Kerkbode word nie verander vir die eerste 50 of 100 jaar nie, al sou die Afrikaanse taal erken worde.” In 1912 was hy nog van mening dat met 'n vertaling gewag moet word “tot daar groter eensgesindheid heers oor die taalvorm ... en, solank Afrikaans nog in die maak is.” (Afrikaanse Beweging, G.S. Nienaber, bls. 167).

Soos ds. W. Postma het baie ander vurige voorstanders van 'n Afrikaanse oorsetting van die Bybel geredeneer. Dit maak die verwerping van die Ladybrand-voorstel in die O.V.S.-Sinode van die Ned. Ger. Kerk in 19:2 aangaande Bybelvertaling begryplik.

[59]

Teenoor al hierdie negatiewe feite kom een belangrike positiewe saak te staan. Dit is 'n gebeurtenis van historiese belang vir die Bybelvertaling toe in 1912 die Kinderbybel van ds. W.J. Conradie verskyn het onder die titel Bybelgeskiedenis vir ons Volk. Met gretigheid is hierdie werk gelees en later in baie skole gebruik. Dit was die wegbereider vir die latere Afrikaanse Bybel.

Treffend is die volgende woorde van ds. W.J. Conradie in sy Woord Vooraf betreffende die ontstaan van die werk en enige taalmoeilikhede: “Vyf-en-twintig jaar gelede het ek al die noodsaaklikheid ingesien van 'n Bybelgeskiedenis in die taal van ons volk, — 'n boek wat ons jongmense gemaklik sal kan lees, al het hulle maar min skool gegaan. Hoe meer ondervinding ek in die loop van tyd opgedoen het, des te sterker het ek na so 'n boek verlang. Toen die oprigters van die tydskrif Die Brandwag my dus verlede jaar versoek het om so 'n boek te skrywe, was ek dadelik gereed om 'n begin te maak.

Party uitdrukkinge wat ons met die moedermelk ingesue het, het ek net so laat bly, b.v. Gods Koninkryk, Verlore Soon, Soon des Mensen, ook die tien gebooie en die allervolmaakste gebed.

Die spelling van verskeie woorde is nog nie vasgestel, en dit het my dikwels byna laat moed opgee. Byvoorbeeld: gelowe, glo, of geloof; gedo, gedoë of gedoog; teunaan of teenaan, en meer ander, wat eers later vasgestel kan word.”

Op al hierdie en ander soortgelyke meningsuitinge en probeerslae volg die fase van gesamentlike stryd. In eendrag saamstaan — word die leuse.

Die betekenisryke jaar in ons taalgeskiedenis is 1914, net soos dit in die wêreldgeskiedenis is. Toe is Afrikaans deur die

provinsiale owerhede van Kaapland, Vrystaat en Transvaal toegelaat as 'n onderwysmedium in die skole. Nou ^[60] het vir die Afrikanerkind moedertaal-onderwys ook 'n heerlike moontlikheid geword.

In hierdie jaar is te Stellenbosch Ons Moedertaal in die lewe geroep onder redaksie van Tobie Muller, Gordon Tomlinson en J.J. Smith. Een van hulle vernaamste doelstellinge was die aantoning dat die vertaling van die Bybel in Afrikaans 'n noodsaaklikheid is en om die ouere geslag te oortuig dat so 'n stap nie 'n vervalsing van die Bybel beteken nie.

Hierdie blad het van die staanspoor af heftig te kere gegaan teen alle vyande van Afrikaans. Die polemiese taal wat gebruik is was baie fris, maar soms te fel. Persone, in hoofsaak predikante wat hulle teen Afrikaans verset het, is om hulle houding bespot op die volgende wyse: “Dis natuurlik belaglik vir die A.T.V. (Afrikaanse Taalvereniging) om hom te weer teen die magtelose woede van tallose, op die stertgetrapte honde, wat onmusikaal tjank van agter die beskermende tralies van 'n naamlose koerant geskryf.” (Vgl. E.C. Pienaar: Taal en Poësie, bls. 92, derde druk.)

Op die gebied van Bybelvertaling het hulle geen geduld gehad nie. En dan nog moes hulle argumente soos die volgende aanhoor: “As jy die Bybel in Afrikaans vertaal, dan beteken dit 'n skending van Gods Woord, omdat die eie woorde dan die plek van Gods Woord inneem.”

Omtrent hierdie tyd teken Ons Moedertaal aan: “Baie jong predikante probeer al om te preek in die hart-treffende taal van die volk, net soos Christus gedoen het, en hulle omsluit nie hulle diepste oortuigings in die gelapte gordyn van 'n geykte amper-Hollands nie.”

Die stroom ten gunste van Afrikaans sou nie meer te bedwing wees nie. Soveel moed het die A.T.V. geskep dat op 'n kongres wat in Julie 1914 gehou is hulle met die volgende wense gekom het wat deur afgevaardigdes aan die [61] betrokke liggame voorgelê is: Hulle dring naamlik aan op 'n Afrikaanse Bybelvertaling en hulle vra dat Afrikaans as amptelike taal naas Hollands moet toegelaat word.

Die eintlike spoorslag vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans is die lesing van dr. B.B. Keet voor die A.T.V. in 1914. Hy is die eerste persoon wat onomwonde met die saak na vore gekom het. Die Stellenbosche tak van die A.T.V. het 'n ope vergadering gehou en sy standpunt is verdedig deur dr. Tobie Muller, prof. J.J. Smith en dr. Keet. Dr. Tobie Muller het gepraat oor “Volbloed versus Papperige Nasionalisme”, prof. Smith oor “Ons Skooltaal”, en dr. Keet oor “Die Bybel in Afrikaans”. Dit is laasgenoemde se opvattinge wat ons kort wil saamvat.

“Die Afrikaanse Taalbeweging het in die laaste jare so snel vooruitgang gemaak, dat dit onnodig geword het om nog die laaste skans van teenstand te verower, nl. die vooroordeel teen 'n Afrikaanse Bybel. Van alle kante word nou erken dat die natuurlike vrug van die Beweging moet wees dat die Bybel, wat die mees gelese boek in die wêreld is, tot die volk in die volkstaal sal spreek. Dit is die gesonde beginsel wat alle godsdienstige beweginge van die vroegste tye getoon het, en niks anders kan verwag word van die Afrikaanse volk nie, wat tot sover nog altyd kan deurgaen as 'n volk wat aan sy Bybel en godsdienst geheg is.” (Populair Wetenskaplike Leesboek, deel 11.)

Dan gee hy:

1. Die redes wat die bestaan van 'n Afrikaanse Bybel nodig maak.
2. Hoe die werk verrig moet word, en
3. Van wie dit moet uitgaan.

Onder 1. wys hy daarop dat die Nuwe-Testament in die eenvoudige Grieks, die volkstaal, geskryf is ... “en wanneer ons 'n Afrikaanse Bybel voorstaan en bo 'n Nederlandse ^[62] Bybel verkies, dan volg ons maar net die voorbeeld van die Nuw-Testamentiese skrywers ... 'n Afrikaanse Bybel sal ons bewaar vir veel misverstand wat veroorsaak word deur die feit dat vir sommige Hollandse uitdrukkinge die gelykluidende Afrikaanse vorme 'n ander beeltenis gekry het en soms ook gee die verskil tussen die Hollandse en Afrikaanse vorm van 'n enkele woord, hoe gering ook, aanleiding tot misverstand.” (Ald.)

In die tweede plek pleit dr. Keet vir 'n blote verafrikaansing van die Statebybel, en dan is sy beskouing, in die derde plek, dat die vertaling van die kerk as offisiële liggaam moet uitgaan. Hy verwys b.v. na die Statevertaling, maar “met die oog op die latere invoering in die Kerk is dit waarskynlik veiliger as die vertaling nie op gesag van die Sinode onderneem word nie, want dan staan hy vryer teenoor so 'n vertaling (gemaak deur privaat persone of 'n kollege van vertalers), en kan later besluit of die vertaling ook vir kerklike gebruik moet dien.”

Orals het die vraagstuk weer opgeduik want dit het nou aktueel geword soos nog nooit van tevore nie, veral met die oog op die drie provinsiale besluite aangaande Afrikaans as skooltaal. Die regte toon in kwessie die Bybel-oorssetting het die Ger. Kerk op 'n algemene vergadering in Potchefstroom in 1914 aangegee insoverre as hulle in beginsel besluit het tot die stap om die Bybel en Belydenisskrifte te laat vertaal.

Dog eers twee jaar later sal die erns duideliker blyk. Die behoefte aan 'n Afrikaanse Bybel is nie meer spekulatief nie, dit is 'n feit. Die Vrystaatse Onderwysers in Kongres in April 1916 het die noodsaaklikheid van 'n oorsetting bespreek noudat Afrikaans in die skole geleer word en nie meer Nederlands nie, — die taal waarin die Bybel totnogtoe toeganklik was vir die Afrikaanssprekende. Hulle het toe die Sinode die vertaling in ernstige oorweging gegee.

[63]

Die kristallisering van die voorafgaande pogings om die Bybel in Afrikaans te laat oorsit, het in die Vrystaatse Sinode van 16 Mei 1916 e.v.d. plaasgevind. Hier het ds. (nou dr) N.J. v.d. Merwe, destyds predikant van Wepener, as tweede beskrywingspunt opgestuur “Het vertalen van den Bijbel in Afrikaansch”. Hoewel die Regskommissie se advies gelui het “dat zij betwijfeld of de tijd nu gekomen is om den Bijbel in het Afrikaansch te vertalen,” het dr. v.d. Merwe die saak bepleit “in een krachtige en welsprekende Afrikaansche toespraak, en beantwoord op bevestigende wijze de volgende drie vragen:—

- 1) Is het gebruik van Afrikaansch bij ons een dringende behoefte ?
- 2) Is het Afrikaansch schoon genoeg om den Bijbel in dié taal over te zetten ?
- 3) Is de tijd daarvoor nu gekomen?”

(Acta Sinodi O.V.S., 16 Mei 1916, e.v.d.)

In 'n persoonlike gesprek met dr. v.d. Merwe op 27 April 1933 te Bloemfontein, het hy in hierdie verband gesê: “Ek het groot teenstand verwag van ouderlinge en sommige predikante. Tot my verbasing staan ds. Joubert van Vredefort op en sê, hy

het 25 jaar gelede dieselfde voorstel gemaak en is byna uit die Sinode gegooi. Ds. Pienaar van Senekal het my voorstel ondersteun en hom gewapen met groot boeke.”

Die predikante van Edenburg (P. du Toit) en Frankfort (J.P. v.d. Walt) wou koue water op die kole gooi met hulle voorstel wat gelui het: “De Synode keure goed dat onze Bijbel in het Afrikaansch vertaald worde, doch om eenstemmigheid te verkrijgen wachte men met de vertaling totdat de andere Synodes haar besluit er over hebben genomen.”

[64]

Na 'n belangrike en langdurige diskussie “waarin vooral de krachtige toespraak van den predikant van Senekal (ds H.J. Pienaar) indruk heeft gemaakt,” word die eerste offisiële besluit geneem op voorstel van dr. N.J. v.d. Merwe: “De Synode besluite tot het vertalen van den Bijbel in Afrikaansch, en noodigt hiertoe uit de zamenwerking van de Ned. Ger. Kerken in de andere Provinciën alsook van die Ger. en Hervormde Kerken. Zij drage dit werk op aan een speciale Commissie, die in onderhandeling zal treden met de Synodale Commissiën van gemelde Kerken ten einde de kundigste en geschikste mannen voor dit werk te erlangen.” (Acta Synodi O.V.S. 16 Mei 1916, e.v.d.)

Op dieselfde Sinode is toe die kommissie benoem, bestaande uit: ds. (nou prof. dr) J.D. Kestell, ds. C,D. Bam, ds. H.J. Pienaar, ds. J.A. Joubert en ds. (nou dr) N.J. v.d. Merwe, as oproeper. Die groot betekenis van hierdie besluit lê in die omstandigheid dat die versoek aan al die susterkerke om medewerking noodwendig meebring dat die saak in elkeen van die Kerke nou aanhangig gemaak sal word en dat daar vir of teen medewerking sal besluit moet word. Nou sal eers in volle werklikheid blyk hoe sterk die saak van 'n Afrikaanse Bybelvertaling

in ons hele land is.

Dog in die besluit kom ook 'n edele, christelike gesindheid tot openbaring — in die saamwerkbeginnsel. Vanweë die verskillende opvattinge is daar drie verskillende Hollandse Kerke in ons land — in 'n sekere sin dus 'n verdeeldheid. Maar deur die samewerking van al drie kerkgenootskappe aan die Bybelvertaling kom daar 'n skoonsluitende eenheid. So bring die Bybel onder mense verdeeldheid van opvatting, maar ook broederlike eenheid. In nog 'n ander sin getuig hierdie besluit van durf. Dit is met betrekking tot die taal. Die skryfvorm was in 1916 nog onvas. niteenstaande die Akademie-poging om [65] dit te standardiseer met die spellingreëls van 1914 en die Woordelys. Die reëls sal dan ook nog telkens verander word. So laat as 1931 het hieroor nog 'n geweldige stryd ontbrand. En die spelling is maar 'n kwessie wat die uiterlike kant van die taal raak.

Die voorstanders van 'n Afrikaanse Bybel het telkens daarop gewys watter magtige faktor die Bybeltaal op die skryfvorm kan uitoefen in die rigting van standardisering, soos in die geval van Luther met sy vertaling in Duits. Iets soortgelyks het die voorstanders by ons as nie uitgeslote beskou nie.

Maar hoe moeilik dit is om 'n algemene norm in alle wordende sake te kry, veral as verskillende individue wat ver verwyderd van mekaar af woon, daaraan moet meewerk, sal telkens blyk. Per slot van sake sal die vertalingspoginge juis hierom misluk dat die gebesigde taalvorme die publiek as 'n geheel nie bevredig het nie, en dat derhalwe 'n nuwe begin in 1923 moes gemaak word.

Die vertaling sal 'n moeiliker taak blyk te wees as die voorstanders aanvanklik gemeen het.

§3. *Vinnige Vooruitgang.*

Die bogenoemde kommissie het dadelik in werking getree en op 9 Aug. 1916 die ander susterkerke ook uitgenooi, maar op die vergadering van 22 Nov. 1916 op Bloemfontein “ten einde in oorleg met hierdie Kommissie tot 'n plan van aksie te besluit” het die Ned. Ger. Kerk in Kaapland en Natal weigerend geantwoord “omdat hun Synoden hieromtrent geen opdracht hadden gegee.” Die Sinodale Kommissie van Kaapprovinsie het beskou dat dit “buite hulle kompetensie lê” om iemand af te vaardig.

[66]

Die Bybelvertalingskommissie het op die vergadering van September 1916 nog geen antwoord van die Hervormde Kerk gekry nie. Daar moes êrens 'n fout voorgekom het, want in die algemene vergadering van 1919 in Pretoria is o.m. gerapporteer: “Onze Kerk heeft niet deelgenomen aan de vertaling van de Bijbel in het Afrikaansch, omdat de uitnodiging daartoe ons niet heeft bereikt.” Die skriba van die Sinodale Kommissie Ned. Ger. of Herv. Kerk in Transvaal het die vergadering in kennis gestel dat hulle ds. J.F. Naudé van Roodepoort afgevaardig het om die vergadering by te woon. Maar nog hy nog sy sekundus, ds. W.F. de Vos kon op die konferensie teenwoordig wees, sodat ook hierdie Kerk die saak in Mei 1919 op die Sinode te Pretoria te berde gebring het.

By die geleentheid is die beginsel van Bybelvertaling goedgekeur op voorstel van die predikante van Schweizer-Reneke (ds J.H. Eybers) en Roosenekal (ds P. v.d. Hoven): “In verband met het besluit der Kaapse en Vrijstaatse Synode om een vertaling van den Bijbel in het Afrikaansch te bewerken, besluit deze Synode de Com. de Kaapse en de Vrijstaatse Synode benoemd te naderen, ten einde uit te vinden, welk

zeggenschap de Synode der Transvaalse Kerk, door midde! van een door haar te worden aangestelde Com., zou kunnen krijgen, én welk aandeel zij zou mogen nemen in het bewerken en finaal goedkeuren van genoemde vertaling.” (Handelingen van de 12de Synode der Ned. of Ger. Kerk van Z.A. 2 Mei 1919 e.d.v.)

Drie lede is toe benoem, t.w. di J.H. Eybers, A.G. du Toit, en W.F. v. W. de Vos “als een Com. om met andere commissiën van de Gereformeerde Kerken inzake vertaling van den Bijbel in het Afrikaansch samen te werken.” (Handelingen v.d. 13de Synode der N.G. of H. Kerk, Pretoria, 1922.)

[67]

In 'n privaat-skrywe van ds. J.J. Kuhn van die Ned. Herv. Kerk, Germiston, (6 Mei 1933) deel hy mee “dat, sover ek my herinner, dit in die Ned. Herv. Sinode van 1919 was, waarop sekere besluite in verband met die Afrikaanse Bybelvertaling geneem is. Ek het opgestaan en gepleit, dat ons Kerk sou meedoen, daarop wysende, dat Afrikaans tog die offisiële taal van die land gaan word; en as daar eenmaal 'n Afrikaanse Bybel is, sal ons dit nolens volens moet aanneem, aangesien ons nie alleen 'n vertaling kan onderneem nie. Daarop het die Sinode toe besluit om mee te werk aan die vertaling en twee lede van ons Kerk vir die doel gekies, n.l. dr. H.C.M. Fourie en myself ...”

Nadat die N.G. Kerk van die Kaapprovinsie ten gunste van Afrikaans as offisiële taal in die Sinodevergadering van 1919 besluit het was die saak ook gewen vir die Afrikaanse Bybelvertaling. Op voorstel van di P.G.J. Meiring en J.F. Botha, is die volgende voorstel met algemene stemme op dieselfde Sinodesitting aangeneem: “De Synode stelle een Commissie aan, die in samewerking met dergelike Commissie door de Synode der Gefedereerde Kerken en de Synode der Ger. en der Hervormde Kerken aangesteld, het vertalen van den Bijbel in

Afrikaansch in naam der Kerk zal doen geschieden volgens beginselen die door deze gezamenlike Comm. zullen worden goedgekeurd, met dien verstande dat de Com. van tijd tot tijd van haar werk aan de Synode zal rapporteren.” (Acta Sinodi, Kaapprovinsie, 1919, N.G. Kerk.)

Die eerste keer dat die Afrikaanse Bybelvertaling in die Gereformeerde Kerk ter sprake gebring is, was op die Algemene Vergadering van die Transvaalse Gemeentes gehou op 15 Jan. 1917 e.v.d. “De zaak werd aanhangig gemaakt door een schrijven ontvangen van de Ned. Ger. Kerk in de O.V.S. waarin aan de synodale kerk van de [68] Geref. Gemeenten het verzoek gericht werd om saam te werken. Daar er evenwel geen bevoegd lichaam bestond om af te vaardigen, moest worden gewacht op de Alg. Vergaderingen. Intussen was een reeds bestaande kommissie onzer zijds werkzaam terwijl nu van de Alg. Vergaderingen gevraagd wordt om ieder een gevolmachte deputaat te zenden en de zaak geldelik te steunen.” (Het Kerkblad, 1 Feb. 1917.)

Dr J.D. du Toit het die saak verduidelik en 'n warm pleidooi gelewer. “Oudl. Fourie van Wolmaransstad zeide, dat de mense al zo blij zijn als er Afrikaans gepreek word, die ore staan so maar so.” dr. Los ondersteun ook die saak. “Zelfs de Friese taal word nu in de godsdienst gebruik. Wij zijn dus in de goede koers.”

Die Notule lui verder: “Replicerend zei dr. du Toit dat tot nog toe officiële afvaardiging onmogelik was en dat het voor de Ger. Kerk van belang was van stonde aan mee te werken en zeggenschap te hebben ...

Eindelik werd bij overgrote meerderheid besloten een deputaat te benoemen en een verzoek aan de Kerkraden te

richten om geldelik te steunen ... Als deputaat werd ds. J.H. du Plessis gekozen.”

Ook op die Alg. Verg. van die Kaapprovinsie op 1 Maart 1917 te Aliwal-Noord kom die saak ter sprake deur 'n skrywe van ds. W. Postma, en deur toeligting van prof. F. Postma, wat goedkeuring gevra het vir sy medewerking aan die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Dit is toegestaan en ds. D. Postma as kommissielid gekies om die Ger. Kerk van die Kaapprovinsie op die Algemene Kommissie vir Bybelvertaling te verteenwoordig.

Ook die Alg. Verg. van die O.V.S. het te Frankfort op 17 Maart 1917 e.v.d. die oorsetting goedgekeur “vooral ^[69] omdat de vertaaiing zal zijn 'n trouwe overzetting van de Statenbijbel”.

Nogeens moet dit opval hoe betreklik maklik die saak in hierdie kerk gevlot het en dat daar eenstemmigheid op die punt in die hele land bereik is voor dit van die twee ander Hollandse Kerke kon gesê word.

Die Afrikaanse Bybelvertaling gaan nou nie uit van partikuliere persone nie, maar van die Hollandse Kerke van Suid-Afrika in 'n gesamentlike aksie. In 1919 is dan eindelijk eenstemmigheid bereik — ag jaar na die dood van ds. S.J. du Toit. Hoe sou dit, as hy nog gelewe het, sy hart nie verbly het nie! Maar die doel is nie sonder veel teenstand bereik nie.

§4 Teenstand

Selfs toe die vertalers al besig was met hul werk het sake nog nie dadelik vlot geloop nie. Die Kommissie het bv. prof. A. Moorrees van die Kweekskool van Stellenbosch gevra om op te tree as een van die vertalers, maar het van hom hierdie antwoord in Jan. 1917 ontvang. Hy antwoord dr. N.J. v.d. Merwe, die sekretaris van die Kommissie as volg: “t Doet mij innig leed dat

ik aan u verzoek niet kan voldoen, omdat ik zeer ernstige bezwaren heb tegen de voorgestelde Bijbelvertaling.

1. Dat mijns inziens een zaak van zooveel gewicht voor het Nederlands sprekend volk niet van één deel der Kerk had moeten uitgaan, zonder dat de andere zusterkerken er in gekend waren.
2. Dat ik vrees dat door deze onderneming een nieuwe twistappel geworpen wordt onder ons reeds zoo droevig verscheurd volk.”

[70]

Feller was die teenstand van iemand soos ds. Steytler. Onder die opskrif “Afrikaansch onze Moedertaal”, het hy protes aangeteken in De Kerkbode oor 'n skrywe van ds. P. de Waal, waarin hy van Afrikaans as “de taal van onze voorouders” gepraat het. Hy het o.a. gesê: “In mijne jongelingsjare hebben mijn vader en mijne moeder mij dikwijls terecht gewezen, wanneer ik het Afrikaansch sprak ... ‘Ik het al geëet’, zoo spraken slechts de achtervelders, die helaas! geene scholen konden bereiken, en de gekleurde klassen ... Ik voorzie, dat deze taalbeweging ons Hollandssprekend volk, dat reeds in twee klassen gesplitst is op politiek gebied, nog verder gaat verscheuren, en zelfs in onze dierbare Kerk groote oneenigheid gaat teweeg brengen! Ja, men wil zelfs den dierbaren Bijbel, de woorden waarvan ons zoo zoet en liefelijk toeklinken, in het Afrikaanse gaan overzetten. En dan ook ons Psalm- en Gezangboek! Wel! als dat geschiedt zal het menigeen, die nu gehecht is aan zijne Kerk daaruit jagen ...”

Ds A.I. Steytler het selfs sover gegaan om hom tot die B.B.B.G. te wend in 'n brief o.d. 17 Sept. 1917. Hierop het die B.B.B.G. geantwoord: “The Committee of the Bible Society

desire to bring the Word of God within the reach of each member of the community in South Africa in a language he can understand. In determining what versions shall be made, we are guided by those experts in the country who are able to give us advice. We are most influenced by the fact that two of the Synods of the Dutch Reformed Church made an official request for this version ...

I need hardly say that the Committee are extremely sorry not to carry with them the judgment of one who occupies so prominent a position in S.A., this we deeply regret.”

Dr N.J. v.d. Merwe as sekretaris van die Bybelvertalingskommissie, skryf aan die B.B.B.G. dat die brief deur ^[71] ds. Steytler aan hulle gerig in baie S.A. tydskrifte geplaas is: “Coming from such an old and reverend gentleman, it will naturally elicit some support from a pen of the older generation. On the other hand it has created much indignation throughout South Africa as numerous letters from educated men both to the press and to our committee fully evince.”

Hierop het die B.B.B.G. baie simpatiek geantwoord: “We have no hesitation after our initial enquiries in taking up the Afrikaans version and we shall do all in our power to turn out the best possible editions of it in response to the appeal made by the Transvaal and Orange Free State Synods and also by many influential friends in the Cape Province.” (In 'n brief aan dr. N.J. v.d. Merwe, op 24 Jan. 1919.)

Die Kerkblad meld nog dat ds. F.X. Roome, ook lid van die B.B.B.G. in Kaapstad, nes ds. A.I. Steytler 'n brief aan die Genootskap in Londen gerig het. “Hy het by die Londense Kantoor die Afrikaans net so hard verdedig as wat ds. Steytler dit teengestaan het.” (Het Kerkblad, 15 Maart 1919.)

In Die Kerkbode van 1920 spreek ds. P.G.J. Meiring van die Paarl sy leed uit dat die Vrystaatse Kommissie blykbaar op eie houtjie gehandel het “en niet volgens Synodale besluit” saam met die Kaapse Kommissie nie (De Kerkbode, 17 Junie 1920.) Tereg antwoord dr. Keet daarop “dat de Kom. voor Bijbelvertaling door de Kaapse Synode aangesteld van de Vrijstaatse Kom. 'n uitnodiging ontving, om de vergadering te Bloemfontein bij te wonen”, maar niemand het opgedaag nie en daarom “kunnen wij de Vrijstaatse broeders geen verwijt maken.” (De Kerkbode, 24 Junie 1920.)

Iemand van Grikwastad het hom ook op 'n kensketsende wyse uitgelaat oor die Bybelvertaling. ^[72] “In alle liefde net 'n paar woorde. Daar is in die laaste tyd so veel veranderinge in ons Kerk, dat ek my waarlik gedwonge voel om iets te sê ... Daar is baie mense, die stry teen Afrikaanse goddiens, en die seker nie lig 'n Afrikaanse Bybel, psalm of gesangboek sal koop of gebruik nie. Veronderstel nou my vriend langs my in die Kerk sing Afrikaans en ek Hollands. Hoe 'n warboel sal dit nie veroorsaak nie ... Ons weet dat die veranderinge weglei van die oorspronklike af. As Calvyn of Luther vandag sou opstaan, sal dit ons verwondering wees as hul sou vra: ‘Watter Kerk is die?’ Aparte Nagmaalbekers, Afrikaans en wat dies meer sy.” (Die Kerkbode, 25 Okt. 1922.)

Hierdie soort briewe kan ons na hartewens vermenigvuldig. Hulle het van 'n konserwatiewe deel van die volk gekom.

Die vertalers en voorstanders van 'n Afrikaanse Bybel het egter baie wyslik gehandel deur hierdie soort kritiek en teenstand op dowe ore te laat val. Hulle het gewoonlik maar liewers onder die skeepslae gebukkend voortgeswoeg om die groot ideaal te bereik: 'n Afrikaanse Bybel.

§5. Die Breë Kommissie Tree in Werking

Die Kommissie vir Bybelvertaling aangestel deur die Vrystaatse Sinode van Mei 1916, bestaande uit ds. (nou prof. dr) J.D. Kestell, ds. H.J. Pienaar van Senekal, ds. J.A. Joubert van Vrededorp, ds. C.D. Bam van Petrusburg en ds. (nou dr) N.J. v.d. Merwe van Wepener, het dadelik in werking getree. Op 9 Aug. van dieselfde jaar het hulle in Bloemfontein 'n vergadering gehou, waar weens omstandighede egter net dr. Kestell, dr. v.d. Merwe en ds. Bam teenwoordig was.

[73]

Vir hierdie Kommissie is dr. J.D. Kestell as voorsitter en dr. N.J. v.d. Merwe as sekretaris gekies. “Na 'n diskussie oor 'n plan van aksie en 'n modus operandi met die ander susterkerke in S.A. word besluit om 'n uitnodiging te stuur aan al die Kerke in die Synodale opdrag vermeld, om iedereen twee verteenwoordigers na 'n vergadering van die Kommissie op 22 Nov. e.k. te stuur. Die vergadering sal gehou word op Bloemfontein en die doel is om in oorleg met die afgevaardigdes van die ander kerke tot handel oor te gaan.” (Notule van Breë Kommissie, 9 Aug. 1916 in N.G. Kerk-argief, O.V.S.)

Om tien-uur in die more op 22 Nov. 1916 het eers weer die Kommissie van die Vrystaatse Ned. Ger. Kerk in die Gedenksaal op Bloemfontein vergader, toe die antwoorde van die verskillende kerke op die brief om 'n afvaardiging te stuur voorgelees is, en kennis geneem is van watter persone die Kerke verteenwoordig wat handelend opgetree het. Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika sal verteenwoordig wees deur prof. dr. J.D. du Toit, prof. dr. F. Postma en ds. W. Postma.

Om 11-uur dieselfde môre het die Kommissie saam met die afgevaardigdes van die Ger. Kerk vergader, en hiermee het die

werk van Bybelvertaling offisiël begin.

Die Vrystaatse Kommissie het nog in behandeling geneem 'n brief van ds. D.S.B. Joubert, sekretaris van die Suid-Afrikaanse tak van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, asook een van dr. John H. Ritson, die sekretaris in Londen. “A1 twee briewe praat van belangstelling in die voorgestelde Bybelvertaling en raai die Kommissie aan om definitief aansoek te doen by die Genootskap om die vertalings- en uitgewersonkoste te dra.” (Notule van Vertalers, 22 Nov. 1916.)

[74]

Die Kommissie het ook nog die vertalers en reviseurs benoem.

Die Breë Kommissie het daarna die basis van vertaling bespreek en besluit om die Statevertaling in Afrikaans oor te sit. Toe is aan die sekretaris opgedra om met die B.B.B.G. te onderhandel “na koste van vertaling en uitgawe”, en ds. W. Postma het aan die hand gegee dat die gemeentes gevra word om 'n gewone kollekte af te staan vir die werk van die Kommissie.

Die Kommissie van die Vrystaatse Sinode het op die Sinodevergadering van 1919 o.a. as volg gerapporteer: “Het voltooiën van dat werk zal nog enige jaren vorderen, omdat de vertalers zeer voorzichtiglik voortgaan. Dat de Hoog Eerw. Synode bij hare laatste zitting recht heeft gehandeld door te besluiten tot het vertalen van de Bijbel in het Afrikaans, getuigen de vele brieven van belangstelling die geduriglik uit alle delen des lands inkomen, en dat men geen oogenblik te gauw tot gemelde besluit is gekomen getuigt ook het feit dat zekere boekhandelaars reeds in korrespondentie waren met enkelé personen om als 'n bezigheidspropositie in Afrikaans een

vertaling te bewerken.” (Acta Sinodi, N.G. Kerk, O.V.S. 1919.)

Op 26 Mei 1920 het die Vrystaatse Kommissie van Bybelvertaling weer te Bloemfontein vergader, toe teenwoordig was di H.J. Benaar (konvenor), J.H. Blignaut en C.F. Kies, asook op uitnodiging ds. I.D. Kruger van die Ger. Kerk, Bloemfontein. Ds. N.J. v.d. Merwe het vir verdere studie na Europa vertrek, en daarom is ds. C.F. Kies van Harrismith nou as sekretaris gekies.

Die voogsitter het sy teleurstelling uitgespreek dat afgevaardigdes van die susterkerke afwesig was.

Ds D.S.B. Joubert het berig dat hy in die plek van ds. N.J. v.d. Merwe pro tem. ageer as sekretaris van die ^[75] Vertalingskommissie, dat sekere predikante aanbeveel word as vertalers in die plek van ander wat bedank het en dat die tentatiewe vertaling van die boeke Hosea, Jona en Johannes-Evangelie uitgegee is en privaat sirkuleer.

Hierdie Kommissie het nou op 'n wenk van die Vertalers in die plek van diegene wat bedank het, ander vertalers benoem.

Beter verteenwoordig was die verskillende Hollandse Kerke van S.A. op die volgende vergadering van die Breë Kommissie te Bloemfontein op 1 Sept. 1920. Tot voorsitter van hierdie vergadering is nou gekies ds. H.J. Pienaar. En om alle spoedeisende sake te behandel, is 'n sub-kommissie in die lewe groep, bestaande uit di H.J. Pienaar, I.D. Kruger, en C.F. Kies.

Daar is besluit om die *Reviseurs de novo* aan te stel en die getal aansienlik te beperk. Toe het die vergadering die wens uitgespreek dat die Revisiekommissie saam met die Vertalers moet vergader. Die verskillende Kerke gou gevra word om die reis- en verblyf koste van die *Reviseurs* te dra. Ook is vertalers

vir die Afrikaanse Liturgie aangestel.

Die volgende vergadering van die Breë Kommissie het in 1922 plaasgevind. Hier is dr. J.D. Kestell as voorsitter gekies in die plek van ds. H.J. Pienaar wat na Malmesbury vertrek het, en dr. J.D. du Toit is aangestel as oproeper van Vertalers en Reviseurs, “wanneer die twee liggame nodig sal hê om saam te vergader”.

Die uitgawe van die voorlopige vertaling van die *Vier Evangelies en Psalms* het ter sprake gekom. ds. H.P.M. Steyn sekretaris van die B.B.B.G., het meegedeel dat hy 13,000 eksemplare verwag teen die end van Oktober, en dat die aanvraag daarvoor groot sal wees.

Die vergadering was van gevoele dat grondige revisie van en kritiek op die uitgawe nodig sal wees. Die vraag is [76] wie finaal oor die uiteindelijke vorm van die werk sou moet besluit, die vertalers of die Reviseurs, en of elke vertaler en reviseur die hele of 'n gedeelte van die uitgawe sou moet revidere. Die besluit is geneem dat die vertalers saam met die reviseurs die eindbeslissing in hande moet neem.

Vir die Formuliere en Belydenisskrifte is weer vertalers aangestel.

Ter sprake het die besluit van die Sinode van die Ned. Ger. Kerk in die O.V.S. gekom dat enkele vertalers 'n geruime tyd lank afgesonder word van hulle ander werksaamhede en gesalariëer word, om die hele Bybelvertaling te voltooi. Hulle het egter besluit dat dit prakties onuitvoerbaar was, en “dat die vertalers en andere wat nou sal aangewys word, voortgaan met die werk van Bybelvertaling, en dit beëindig by die end van 1923.” (Notule van Breë Kom. in Het Kerkblad van 1 Nov. 1922.)

Verder is die Kommissie van die N.G. Kerk, K.P., versoek om iemand aan te stel in die plek van dr. E.E. van Rooyen wat bedank het.

Op hierdie vergadering was teenwoordig: vir die N.G. Kerk in die O.V.S.: Di J.D. Kestell, C.F. Kies, P.A.M. de Vos en J.H. Blignaut. Vir die Ger. Kerk, O.V.S.: di I.D. Kruger, C.W.M. du Toit en A.S.E. Yssel. Vir die Ned. Ger. of Herv. Kerk, Transvaal: di. J.H. Eybers en W.P. v. W. de Vos. Vir die Ger. Kerk, Transvaal: prof. J.A. du Plessis. Vir die Ned. Herv. Kerk, Transvaal: dr. H.D. v. Broekhuizen. Vir die B.B.B.G.: ds. H.P.M. Steyn.

Ds. J.P.H. Steyn het telegrafies kennis van afwesigheid gegee. Geen lid vir die Ned. Ger. Kerk in die K.P. het ter vergadering verskyn nie. Dis die laaste vergadering van die tweede tydperk. Op die volgende vergadering (10 en 11 Julie 1923) het ds. C.W.M. du Toit oor die vertaling van [77] die Belydenisskrifte en die Formuliere verslag gedoen en die aanwesige vertalers het gerapporteer hoe ver hulle met hul werk gevorder het. “Ds. Kies, dat hy klaar is met Prediker, Genesis, Exodus, Levitikus en helfte van Numeri. Prof. F. Postma, dat hy klaar is met die briewe van Paulus ... , prof. Keet met Rigters; ds. W. Naudé met die helfte van Kronieke; ds. J.F. Naudé met Jacobus-Sendbrief; dr. du Toit met niks sedert hy Psalms afgewerk het nie; ds. Steyn is besig met Handeling.” (Notule van Breë Kommissie, 10 Julie 1923.)

Daar is nog geen aanstelling gemaak in die plek van prof. van Rooyen nie, wat belas was met die vertaling van Josua en die Kleine Profete.

Op hierdie vergadering is die besluit geneem wat die Bybelvertaling in 'n ander rigting gaan stuur, n.l. om twee Eind-

vertalers aan te stel. Maar terselfdertyd moes die reeds aangestelde vertalers met hulle werk aangaan “en so gou moontlik die vertaalde gedeeltes aan die Eindvertalers stuur.” (Notule van Breë Kommissie, 10 Julie 1923.)

Die vertalers was hulle bewus van al die moeilikhede wat aan hul werk verbonde was, en van die tekortkominge van hulle poginge. So het ds. J.P.H. Steyn my op 15 Mei 1933 o.m. geskryf: “Ek het eers die Evangelie van Johannes vertaal uit Nederlands aan die hand van die Griekse teks, soos die voorneme eers was. Dit spreek vanself dat dit tog nie bevredigend kon wees nie. As 'n mens so te werk gaan dan is die Afrikaans te gebonde aan Nederlands. Dit word dan eindelik on-Afrikaans. Die uitslag het dit bewys. Van hierdie stuk werk, glo ek, het daar nie eintlik iets van gekom nie. Aan my was opgedra die vertaling van die Handeling van die Apostels. Meer as een rede het my lank daaraan besig laat bly — ek weet nie hoe lank nie. Die werk van predikant in die gemeente neem [78] al genoeg tyd in beslag. Dit is dan ook, soos u weet, die groot rede waarom daar later toe besluit is om vertalers af te sonder om hulle volle aandag aan hierdie groot werk te gee. Dit was tog die beste plan. Die werk moes gedoen word deur manne wat tyd gehad het en ook die bekwaamheid daartoe ...”

Ds. J.P.H. Steyn het sy vertaling van Handeling aan een van die Eindvertalers van die Nuwe-Testament gestuur, t.w. aan dr. J.D. Kestell, waarop dr. Kestell aan ds. Steyn geskryf het; “Ek dink daar baie van. U het baie arbeid daaraan bestee, dit kan ek sien op elke bladsy. My metode was om self eers uit die Grieks te vertaal en dan met u vertaling myne te vergelyk. En ons het meestal ooreengekom. Op vele plekke het u my uit die moeilikheid gered, en het ek u vertaling bo myne geskat en dit aangeneem. Dank u vir al die ywer en inspanning aan die werk

bestee, en dat ek dit kon gebruik.”

Hierdie voorvertalers se werk wat aan die Eindvertalers gestuur is, kon die skrywer ongelukkig nie in hande kry nie, behalwe van ds. J.F. Naudé 'n paar stukke, waarop ons later terugkom.

§6. Die Voorvertalers en Hul Werk.

Reeds op hul tweede vergadering op 22 Nov. 1916 het die Vrystaatse Kommissie die volgende vertalers benoem: Vir die Ou-Testament: dr. B.B. Keet (Graaff-Rienet), dr. J.D. du Toit (Potchefstroom) en dr. T.B. Muller (Philippolis); vir die Nuwe-Testament: dr. G.B.A. Gerdener (Kaapstad), prof. F. Postma (Potchefstroom) en ds. N.J. v.d. Merwe (Wepener).

Die eerste vergadering van die Vertalers is te Bloemfontein op 4 April 1917 in die Gedenksaal gehou. Alleen ^[79] dr. Keet was afwesig, terwyl ds. D.S.B. Joubert as verteenwoordiger van die B.B.B.G. ook die vergadering bygewoon het.

Ds J.D. Kestell en ds. W. Postma is deur die vertalers spesiaal uitgenooi om ook hulle vergadering by te woon, “terwyl al die lede van die Revisie Kommittee ex-offisio beskou (word) als geregtig om die vergadering van die vertalers by te woon”. Dr. du Toit het as voorsitter en ds. N.J. v. d. Merwe as sekretaris ageer.

Uit die korrespondensie met die B.B.B.G. deur ds. Joubert voorgelees het geblyk dat die Genootskap die onderneming van harte steun, en ook bereid is om die vertalingsonkoste te dra.

Nou res nog die uitvoering van die opdrag — die eintlike vertaalwerk self. Hieraan was groter moeilikhede verbonde dan 'n buitestander miskien sal verwag. Afrikaans was in 1916 ‘nog in die maak’, om ds. W. Postma se woorde te gebruik. Die

verskillende vertalers het uit heel die land vandaan gekom, waardeur samewerking en standardisering grootliks bemoeilik was. Ook moes die vertalers nog eers vertrouwd raak met enige algemene metodiese probleme. 'n Heel eenvoudige en praktiese oplossing is toe gevind van die belangrikste moeilikhede.

Die vergadering het besluit om eers 'n voorlopige vertaling van die boeke Jona, Hosea en die Evangelie van Johannes te maak, en dit dan privaat te sirkuleer, “om langs die weg tot 'n standaard tekstvorm te geraak.” (Notule van Vertalers — 4 April, 1917.) Vir hierdie voorlopige proefvertaling is aangewys: dr. Keet vir die boek Jona en Hosea, hoofstukke 1 en 2; dr. Muller vir Hosea 3—8; dr. du Toit vir Hosea 9—14; prof. Postma vir Johannes-Evangelie, 1—9; ds. Gerdener vir Johannes-Evangelie 10—15, en ds. v. d. Merwe vir Johannes-Evangelie 16—21.

[80]

Dog dit is nie die hoofwerk nie. Dis nouliks die begin. Elkeen van die ses genoemde vertalers het maar 'n kort stukkie gekry sodat dit gou kan afgedaan word, en dit nie te lank gaan duur om 'n Afrikaanse standaardteks te hê nie. Volgens besluit moes elkeen sy stuk in iets meer as 'n maand klaar hê. Nou lê die groot werk nog voor, en aan elkeen moet sy deel in die vertaling van die hele Bybel toegewys word.

Die boeke van die hele Ou-Testament van die Bybel is as volg verdeel: dr. Muller: die Pentateuch, Josua, Prediker, Hooglied en Daniël; dr. Keet: Rigters—2 Kron. (ingesluit), Spreuke en Eségiël; dr. du Toit: Esra, Psalms, Jesaja, Jeremia, Klaagliedere en Maleagi.

Vir die Nuwe-Testament is aangewys: ds. N.J. v.d. Merwe vir die Synoptici en Handeling; prof. F. Postma vir die Briewe van

Paulus en Hebreërs en ds. Gerdener vir die Algemene Sendbriewe en Openbaring van Johannes.

“Die Vertalers word versoek om teen 15 Mei die stukke vir die tentatiewe vertaling sover moegelik gereed te hê, vir sirkulasie onder die vertalers. Die gang van die sirkulasie sal geografies wees van Kaapstad noordwaarts.” (Notule Vertalers, 4 Apl. 1917.)

Enige besluite oor taalkundige sake is ook geneem. Onder punt 6 is besluit “om voorlopig die spelling soos deur die Akademie se Spelreëls vasgestel te volg.” Punt 7 bepaal dat in die tentatiewe vertalinge elke vertaler die vorm sal gebruik wat hy ken, “en dat die ander bruikbare vorme tussen hakjes sal geplaats word.”

In Het Kerkblad skryf (waarskynlik) dr. J.D. du Toit omtrent hierdie vergadering: “Die leser sien dus dat met grote omsigtigheid gewerk word. Dit is seker noodsaaklik by so 'n belangrike arbeid, en ons kan verseker wees, dat aan die volk geen onrype vrug sal aangebied word nie.”

[81]

Dit is dus duidelik dat die metode van vertaal heeltemal verskil van die wat deur wyle ds. S.J. du Toit in 1890 gevolg is. Die werk word nie meer net aan een man toevertrou nie, maar aan 'n hele Kommissie, al kon hier miskien aangevoer word dat ds. du Toit tog die hulp van vriende gehad het.

Op die tweede vergadering van die Vertalers, weer te Bloemfontein, op 2 en 3 Julie 1917 in 'n kamer van die pastorie van die Gereformeerde Kerk, was al ses die vertalers teenwoordig saam met di J.D. Kestell, W. Postma en I.D. Kruger, en D.S.B. Joubert (vir die B.B.B.G.).

Gedeeltes van die stukke vir die voorlopige vertaling van Hoséa, Jona en die Evangelie van Johannes is in behandeling geneem. Op die manier is vier hoofstukke, n.l. Hoséa 3 en 9, Jona 1 en Johannes 1 gedurende die twee dae bewerk.

Daar het 'n lang diskussie oor verskeie woorde en woordvorme gevolg, soos oor die plek van die tweede nie, die uitgang -e by adjektiewe, die spelling van eiename, 'n keuse tussen die wisselvorme *na* en *naar*; *soos* en *soals*; *die* of *wat* as betreklike voornaamwoord, e.d. Die bespreking het tot geen definitiewe vastigheid gelei nie.

Die vergadering het besluit om 'n honderd afdrukke te laat maak van die boeke Hoséa, Jona en die Evangelie van Johannes.. “Die drukproewe sal dan gestuur word na die twee vertalers in Potchefstroom (nl. proff. du Toit en Postma) vir verbetering en uniformering van die proewe; (hulle moes) dit binne drie weke naar Kaapstad terug stuur.” (Notule, Vertalers 2 en 3 Julie 1917.)

Die honderd afdrukke moes versprei word onder die revisors, adviseurs, vertalers en ander belangstellendes wat daarom vra.

Die persone aan wie die proewe gestuur is, is gevra om die stukke voor die 6de Des. aan die sekretaris ^[82] (dr N. J. v.d. Merwe) terug te besorg, en hulle aanbeveling en aanmerkings daarb te voeg. Die B.B.B.G. sal die koste dra.” Die derde vergadering het die vertalers in Kaapstad gehou op 16 Jan. 1918 e.v.d., waarop al die vertalers teenwoordig was behalwe ds. (nou dr) G.B.A. Gerdener wat bedank het, “omdat sy gesondheidstoestand hom nie toelaat om verder met die werk voort te gaan nie”. Die eerste middagsitting wat ook prof. J.J. Smith en adv. J.H.H. de Waal bygewoon het, was in beslag geneem met

bespreking “omtrent verskeie betwiste vorme”.

Daar is besluit om voorlopig aan die volgende vorme vas te hou:

Ek, hom (ook vir God), *toe, soos, as, my, sy, dit is, bring, dink, U* vir God en u in plaas van *jy* en *julle* in twyfelagtige gevalle, *geen*.

Punktuasie word toegepas volgens die fonetiese sisteem. Versnummers word sonder punt geskrywe. 'n Vers begin met klein letter, as die voorafgaande vers afgesluit word met *en, of, of*.

“Die eerste aand vergader die vertalers by die huis van adv. de Waal en vind daar 'n verdere bespreking plaas van punte van verskil.

Die volgende dag word die teruggesonde proewe van die voorlopige vertaling in behandeling geneem. Daar is ongeveer 30 met resensies teruggekom.

Naar aanleiding hiervan en ten gevolge van 'n noukeurige behandeling van dele van die verskillende vertaalde stukke gedurende dié volgende dae word die volgende punte voorlopig vasgestel: ...

3. Die vorm *seun* word altoos gebruik behalwe in verhewe styl en geykte uitdrukkinge, *Soon des mensen, Soon van God*.
4. Die spelling *baie* word gevolg.
5. *Wat* word as die enigste betreklike voornaamwoord gebruik.
6. *Jou* as besitlike voornaamwoord. Voorlopig altyd die *w* weggelaat. ^[83]

7. Dit word besluit om 'n skrywe aan die Akademie te rig met die eerbiedige versoek om die spelling in revisie te neem met betrekking tot die *w* in *jou* en die gebruik van deelttekens, weglatings, tekens en die kappie of sirkumflex.
8. *Baie* word naas *veel* gebruik.
9. *Israel* sonder deelttekens te skrywe.
10. *Mag* as vertaling van die konjunktief te gebruik waar dit kon ...”

Dit is nog bestuit om by die algemene Kommissie aan te beveel om liever geen ander vertaler in die plek van ds. Gerdener te benoem nie. “Die ander twee vertalers sal die werk van ds. Gerdener onder hulle verdeel.” (Notule van Vertalers, 16 Jan. 1918.)

Verder is bepaal dat elke vertaler sal probeer om ten minste die helfte van sy vertaling voor die einde van die jaar 1918 klaar te hê. Die vertalers moes mekaar van tyd tot tyd raadpleeg en 'n lys van hulle moeilikhede aan mekaar stuur.

Op die vierde vergadering van die Kollege van Vertalers in Bloemfontein op 7 Julie 1919 e.v.d. was teenwoordig die voorsitter, dr. J.D. du Toit, dr. B.B. Keet, prof. F. Postma en die sekretaris. Hulle moes die dood betreur van 'n kollega, dr. T.B. Muller. “Die voorsitter open die vergadering met gebed en spreek daarna oor die groot verlies wat die Kommissie van vertalers te beurt geval het, weens die dood van dr. T.B. Muller. Die sekretaris word gelas om [84] 'n brief aan mevr. Muller te skrywe om die innige deelneming van die vertalers uit te druk.” (Notule van Vertalers, 7 Julie 1919.)

Die Vertalers het op hierdie vergadering besluit om 'n

aanbeveling te doen by die Breë Kommissie dat die Evangelies en Psalms so spoedig moontlik in druk moes verskyn. “Die sekretaris wat op las van die voorsitter reeds met ds. Joubert, die sekretaris van die B.B.B.G. hieromtrent in korrespondensie getree het, meld dat ds. Joubert geen beswaar hierteen in te bring het nie.” (Notule van Vertalers, 7 Julie 1919.)

Om die werk vir die doel so spoedig moontlik klaar te kry sal dr. Keet die Evangelie van Lukas, prof. Postma Markus, dr. du Toit die Psalms en ds. v.d. Merwe Mattheus bewerk.

Noudat dr. T.B. Muller oorlede is, het die vergadering alleen bespreek, sonder om enige besluite te neem, “die wenslikheid om nog twee vertalers by hulle getal te voeg, een vir die O.T. en een vir die N.T.” Die name van ds. W. de Vos en ds. W. Nicol is toe genoem.

Die eerste vier dae van hulle vergadering het die Vertalers gewy aan die revisie van die vertaling van die Psalms, “waarby enige van die moeilikhede noukeurig behandel word met bespreking van verskilpunte”.

Daarna het die Kommissie behandel die revisie van die eerste sewe hoofstukke van die Evangelie van Matthéüs, saam met 'n paar stukke uit die briewe van Paulus.

“Na sewe dae van aangenaam werk waarin die vertalers al meer tot eenstemmigheid geraak omtrent punte van verskil, word die sitting met gebed gesluit.” (Notule van Vertalers, 7 Julie 1919.)

Kort na hierdie vergadering het ds. N.J. v.d. Merwe vertrek na Europa vir verdere studie, sodat daar nou nog net ^[85] drie van die oorspronklike ses vertalers oorgebly het, naamlik proff. dr. B.B. Keet, dr. F. Postma en dr. du Toit. Ds. G.B.A. Gerdener het

bedank, dr. T.B. Muller is oorlede en ds. N.J. v.d. Merwe uitlandig. Daar moes nou weer nuwe vertalers in die oopgevalle plekke aangestel word. In hierdie verband het dr. du Toit op 23 Feb. 1920 aan ds. H.J. Pienaar van Senekal, voorsitter van die Breë Kommissie, geskryf: “Dr Keet en ds. Joubert het plan om aan uw Uitvoerende Kommissie en aan die N.G. Kerke in die K.P. drie name voor te dra van brs. uit die N.G. Kerk, vir K.P., O.V.S., en Transvaal, elkeen één.”

Met die vertrek van ds. N.J. v.d. Merwe het dinge 'n bietjie deurmekaar geloop en het verwarring ontstaan. Per ongeluk het ds. v.d. Merwe die notuleboek van die vertalers en die Breë Kommissie saamgeneem na Holland. “Onder die omstandighede,” het ds. D.S.B. Joubert aan ds. H. Pienaar op 8 Maart 1920 geskryf, “het dr. Keet en ek bymekaar gekom met die Kaapse Sinode. Ons het toe besluit met die toestemming van dr. du Toit en dr. Postma dat ek inmiddels as sekretaris van die Vertalingskommittee moet ageer.

Ten tweede het ons met toestemming van die ander vertalers besluit om aan die verskillende Sinodale Kommissies aan te beveel die vakatures ... aan te vul ...

Die Vertalers het almal 'n spesiale Bybel met paragraafverdelings van die Bybelgenootskap ontvang sodat daar uniformiteit in die werk sal wees.

Verder wil ek net sê dat die B.B.B.G. al die onkoste betaal in verband met die uitgawe van die Bybel in Afrikaans, en ook alle verblyf- en reiskoste van die Vertalers. Ons het reeds ongeveer £200 uitgegee aan drukkers en reiskoste, dit word beraam dat die totale onkoste sal loop tussen £3,000 en ^[86] £5,000. Die Bybelgenootskap sal verskeie edisies lewer, een waarvan teen verlies sal verkoop word.

Ek meen die werk moet 'n bietjie aangestoot word. Ons kry gedurig aanvraag na die Bybel in Afrikaans.”

Die Breë Kommissie vir Bybelvertaling het op 26 Mei 1920 te Bloemfontein bymekaar gekom en handelende op die aanbeveling van die Vertalers besluit om “de volgende bb. te verzoeken als vertalers in de opengevallen plaatsen te dienen: voor het O.T., prof. dr. E.E. van Rooyen, Stellenbosch; en ds. W.J.W. Naudé, Aliwal Noord (sekundus), en verzoekt verder de overeenkomende Kommissie van de Hervormde Kerk om uit hun gelederen iemand als vertaler van het O.T. te benoemen.

Voor het N.T. — di. J.P.H. Steyn (Rozendal), J.F. Naudé, (Piet Retief) en C.F. Kies (Harrismith), makende de volgende lijst:

O.T.: Prof. dr. B.B. Keet, prof. dr. J.D. du Toit, Br. uit de Hervormde Kerk, en prof. dr. E.E. van Rooyen, met ds. W. Naudé als sekundus.

N.T.: Prof. dr. F. Postma, ds. J.P.H. Steyn, ds. J.F. Naudé, en ds. C.F. Kies.” (Notule van die Breë Kom. 26 Mei, 1920.)

Die nuwe kollege van Vertalers het hulle eerste vergadering in Bloemfontein gehou op 20 Julie 1920 e.v.d. As sekretaris is ds. C.F. Kies aangestel, en dr. J.D. du Toit het nog as voorsitter ageer. Die vergadering het kennis geneem van die feit dat ds. J.F. Naudé afwesig was omdat die bevestiging van sy aanstelling deur die Sinodale Kommissie vir Bybelvertaling van die Transvaalse Kerk nog uitgebly het.

[87]

Ds. W.J.W. Naudé is aanbeveel as 'n vertaler i.p.v. 'n sekundus, en ook is dit aanbeveel dat ds. Kies op die lys van die

O.T.-vertalers sal geplaas word, “aangesien daar al soveel van die N.T. vertaal is.” (Notule van die Vertalers, 20 Julie 1920.)

Die Bybel is nou as volg onder die Vertalers verdeel: dr. F. Postma: die Briewe van Paulus; ds. J.P.H. Steyn: Evangelie van Johannes en Handeling; ds. J.F. Naudé: Die Algemene Briewe en Openbaring; dr. du Toit: Psalms, Job, Esra, Ester, Jesaja, Jeremia en Klaagliedere; dr. Keet: Rigters, Eerste en Tweede Samuël, Spreuke, Esegïël; dr. E.E. van Rooyen: Josua en die Kleine Profete; ds. H.C.M. Fourie: Hooglied, Eerste en Tweede Koninge, Daniël; ds. W.J. Naudé: Eerste en Tweede Kronieke, Nehemia en Rut; en ds. C.F. Kies: Die Pentateuch en Prediker.

Dit blyk dus dat ds. (nou dr) H.C.M. Fourie die Ned. Herv. Kerk op die vertaalkollege verteenwoordig het.

Vervolgens het die vergadering sy aandag gewy aan die voorlopige proewe van die boeke: Markus, Lukas en die Psalms, en het sekere veranderinge aanbeveel. In die loop van die besprekinge word o.a. die volgende beginsels en reëls neergelê of herhaal as leidraad veral vir die nuwe vertalers:

- “2. Die nuwe spelreëls van de S.A. Akademie word aangeneem.
3. Platheid moet strikt vermy word in die vertaling. Omskrywing word vermy so ver as moegelik.
4. Waar Nederlandse woorde aanleiding mag gee tot misverstand of verkeerde betekenis in Afrikaans, word ondubbelsinnige woorde in plaas daarvan gebruik. Maar altyd met raadpleging van die grondtekst ter verduideliking. ^[88]
5. Eiename bly onverander, behalwe dat *Z* in *S* en *V* in *W* verander word, *Y* in *Egypte* ens. bly.

6. Verouderde woorde of woorde met verouderde betekenis (b.v. *geweld* in die sin van *mag*) word verander na raadpleging van die oorspronklike ...”

Dan volg nog enige grammatikale reëls.

In verband met die voorgenome proefpublikasie van die Vier Evangelies en die Psalms stel Die Burger van 2 Sept. 1921 voor, om nie te wag totdat gehele boeke vertaal is om die publiek in die geleentheid te stel om daarvan kennis te neem en in die pers kritiek uit te oefen nie.

“Ons sou aan die hand wil gee, dat iets in hierdie rigting alreeds kan bereik word met minder onkoste en omslagtigheid. Dit lyk nie juis nodig om hele boeke openbaar te maak net by wyse van proefneming nie. Dit is heel goed moontlik om volgens karakteristieke brokstukke min of meer 'n oordeel te vorm oor die gehalte van die geheel ... en die publiek 'n voorsmaak te gee van die algemene indruk, wat van sy Bybel in Afrikaans te wagte kan wees. Ons reken dat Afrikaanse tydskrifte en koerante graag bereid sou wees om proefstukke uit verskillende boeke in hulle kolomme af te druk.” (Die Burger, 2 Sept. 1921.)

Ds C.F. Kies het hierop 'n antwoord gelewer wat ons aanduidenderwys mooi inlig oor sommige groot moeilikhede waarmee die vertalers te kampe had, en dit verleen ook sydelings 'n blik op die idealisme van sommige. Hy sê o.a.: “Die idee is nie sleg nie, maar die vraag is, of dit by hierdie stadium van die werk al wenslik is. Die feit is dat die Bybelvertaling baie sleur. Die aangestelde reviseurs het nog nie 'n geleentheid gehad nie om deel te neem aan die giet in die finale vorm, wat wenslik mag geag word. Die ^[89] vertalers is almal besige professore en nog meer besige predikante, en die werk word gedoen in die klein

bietjie vrye tyd, wat die vertalers oor beskik. En die hele saak word belemmer deur berge van moeilikhede. Ek wil net enkele van die moeilikhede noem, om die publiek 'n besef te laat kry dat dit nie alles rosegeur en maneskyn is nie. Natuurlik praat ek hier as privaat persoon en nie as sekretaris van die Vertalingskommissie nie.

Die eerste vertalers het besluit om die Afrikaanse vertaling so stip as moeglik is te hou aan die ou Statevertaling, sowel wat grondteks as wat die taal betref ... Gevolglik is 'n vertaler gebind aan die Statevertaling en ek vrees, een van die moeilikhede is daarvan afkomstig. Want die Statevertaling stip te volg, beteken die behou van die Nederlandse idiome en baie van die Nederlandse woorde en vorms, wat feitelik nooit in Afrikaans gehoor word nie. En die gevaar is dat van die vertaling sal gemaak word 'n basterd ding, wat nóg Nederlands nóg Afrikaans is nie ...

Die publiek moet onthou, ons is geen filologe nie, maar Afrikaner predikante wat deur onse Sinodale Kommissies, ens., aangestel is vir hierdie werk, omdat ons onse taal gebruik ook in die preekstoel, en dat ons werk bedoel is, nie om die mekaar soms bestrydende taalgeleerdes te bevredig nie, maar om vir ons volk Gods Woord te verskaf in die taal, waarin die volk dink, en wat in sy hart ingeleef is.” (De Kerkbode, 29 Sept. 1921.)

In Aug. 1921 het ds. CF. Kies in de Kerkbode oor die Bybelvertaling gerapporteer: “Die volgende Boeke is al in die hand van die sekretaris van die B.B.B.G.: Genesis, Prediker, Markus, Lukas, Johannes en die Psalms. Die verwagting is om binne kort die ‘Vier Evangelies en die Psalms’ uit te gee as 'n tentatiewe uitgawe, om die opbouende kritiek van die kerklik publiek uit te lok.” (De Kerkbode, ^[90] 4 Aug. 1921.) Die “binnekort” sou egter nog 'n tydjie duur.

In hulle verslag voor die Vrystaatse Sinode die volgende jaar (1922) het die Bybelvertalingskommissie gemeld: “Op die oomblik is die vertaling van die Vier Evangelies en die Psalme in die pers. Die drukwerk word in Duitsland gedoen deur die B.B.B.G. Die sekretaris van die Genootskap het ook reeds die vertaling van Genesis en Prediker in hande, terwyl daar nog heelwat vertaalde stukke in die besit van die vertalers is ...

Die belangstelling van die publiek is besonder groot soos blyk uit briewe wat gedurig deur die vertalers ontvang word, en artikels wat in koerante en ander tydskrifte verskyn ...” (Acta Sinodi O.V.S., N.G. Kerk, 1922.) Ds. H.P.M. Steyn, sekretaris van die B.B.B.G., het ook meteens 'n 13,000 eksemplare laat druk van die Vier Evangelies en Psalme om in die groot behoefte te voorsien.

Daarna het die Breë Kommissie op 17 Okt. 1922 vergader. Toe blyk dit dat dr. H.C.M. Fourie bedank het, omdat (soos hy later meedeel) hy nie kans gesien het om die Statebybel te verafrikaans nie. In sy plek is as vertaler dr. H.D. van Broekhuizen aangestel. Ook dr. E.E. van Rooyen het bedank.

Die Kommissie van die Ned. Ger. Kerk is toe gevra om iemand in sy plek aan te stel.

Nou is die aanbeveling van die vorige Vrystaatse Sinode bespreek om geld in te samel vir 'n Bybelvertalingsfonds. Hulle het egter gemeen dat dit prakties onuitvoerbaar was. Ook het die Kommissie besluit dat die pasaangestelde vertalers moes aangaan “met die werk en dit beëindig by die end van 1924. Om hierdie werk klaar te maak sal die voorsitter en sekretaris van die Kommissie 'n skrywe rig aan die betrokke liggame, in wie se diens die betrokke vertalers ^[91] hulle bevind, om vrylating te vra van hulle diens vir 'n sekere tyd om die werk te voltooi”, dit na

aanleiding van 'n Sinodale besluit in die gees.

Maar intussen het 'n groot gebeurtenis hom afgespeel: die verskyning van die proefuitgawe. Die manier waarop dit ontvang is, sal niteenstaande al hierdie besluite en voornemens 'n ommekeer teweegbring in opset en metode en daarmee sal die derde periode begin.

§7. *Die Tekse.*

By die vertaling van die Bybel in Afrikaans het daar met betrekking tot die teks waaruit vertaal moes word, veral twee vrae gegeld:

- (1) Moet die oorsetting alleen 'n verafrikaansing wees van die Statebybel, of
- (2) moet daar direk uit die grondteks (Hebreeus vir die O.T. en Grieks vir die N.T.) vertaal word?

Ons het 'n slingerweg gevolg in die keuse tussen die twee moontlikhede. Daar is reeds op gelet hoe gedurende die eerste periode baan gesoek is totdat dit prakties daarop neergekom het dat ds. S.j. du Toit uit die grondtale vertaal het met inagneming van die Statevertaling — 'n praktyk wat ook ons vertalers uiteindelik gaan toepas.

In 1914 het dr. B.B. Keet in sy meergemelde lesing voor die A.T.V. van Stellenbosch vir 'n Afrikaanse Bybel gepleit, maar 'n Bybel oorgesit uit die Statevertaling en nie uit Hebreeus en Grieks nie. Onder bespreking van die vraag *Hoe die werk verrig moet word*, het hy gesê dat dit vir hom lyk of 'n blote oorsetting van die Hollandse Statebybel die beste sal wees. “In die eerste plek het ons hier in Suid-Afrika nie geleentheid vir so 'n reusewerk as 'n vertaling uit ^[92] die oorspronklike tale nie. Selfs in Holland waar daar herhaalde pogings aangewend is om 'n

nuwe vertaling te verwerk, het die poginge op mislukking uitgeloop. Die nuwe Sinode vertaling en die Leidse vertaling is voorbeelde hiervan. Wat hulle waarde ook al mag wees, dit staan vas dat hulle onder die volk (en 'n vertaling is bedoel vir die volk) nooit ingang gevind het nie. Buitendien staan ons in baie goeie geselskap as ons aan die ou State-Bybel vashou. Hy het in die praktyk van lang jare sy spore verdien en staan op letterkundige en wetenskaplike gronde so hoog aangeskrewe as enig ander vertaling.

Maar vir die behoud van ons State-Bybel as grondslag pleit in die tweede plek die praktyk. Ons volk is bekend met die Bybel en dit sal net moeilikheid veroorsaak as daar nou 'n nuwe vertaling in die omloop gebring word. 'n Mens neem nie so maklik afskeid van wat jou so bekend geword is nie. Dit kan miskien ook die indruk verwek dat ons nou 'n nuwe Bybel wil aanbied en dan laat die volk dit ongebruik lê. Deur 'n Afrikaanse Statebybel word ook die Bybelse spreekwyse behou, iets wat saamhang met die nuwe aansluiting aan die oorspronklike tale, waarop die State-vertalers hulle toegelê het. So kan daar ook aan niemand aanstoot gegee word nie, want ons behou die verhewe Bybelse taal, wat nie die alledaagse spraak is nie, maar wat tog na genoeg aan die hart lê om te kan sien en voel dat dit ons eie is ... Dit behoort die strewe van die vertalers te wees om so min moontlik af te wyk van die Bybelse segswyse, Hierdeur sal die invloed wat van die Afrikaanse Bybel uitgaan op die hele Afrikaanse beweging, nie anders as veredelend en verheffend kan werk nie ...” (Pop. Wet. Leesboek.)

Die volgende persoon wat die kwessie van die teks aangeraak het, is dr. J.D. du Toit in 'n hele reeks artikels ^[93] wat hy in Het Kerkblad van 1916 oor die saak geskrywe het. Sy pleidooi was ook vir 'n oorsetting van die Statebybel. “Vir eers is daar die

kwessie van geld. Als die Bybel uit die oorspronklike moet oorgebring word, dan is daar minstens 'n half dosyn man nodig, wat hul vir tal van jare met niks anders moet besig hou nie. Die manne moet betaal word, want hul moet lewe en die koste sal 'n hoë som beloop ...

Dan volg daar 'n ander beswaar: waar haal ons nou die vakkundige manne vandaan? Byna al ons predikante het die hande so vol praktiese werk dat hul aan studie van die aard bedroef min kan doen. En ons weinige teologiese professore? Hul is manne aan wie soms 'n halfdosyn en meer teologiese vakke toevertrou is, sodat hul op dié punt, strik genome, nie vir deskundiges kan deurgaang nie. Waar nog bykom dat hul nie kan gemis word in hul daelikse ambtelike arbeid nie.

... Dan, sover ons weet, is in S.A. g'n een biblioteek wat in dié opsig enigsins op volledigheid aanspraak kan maak nie. Dis eenvoudig te kosbaar om alles aan te skaf wat vir bronnestudie nodig is.

Die laaste punt is die belangrikste: Ons volk is nog nie ryp vir 'n vertaling uit die grondteks nie. Wat het die saak van Bybelvertaling in ons land op die voorgrond gebring? Nie die gevoel dat ons 'n beter vertaalde, maar wel dat ons 'n Afrikaanse Bybel moet hê ...

Wat ewewel S.A. aangaat weet ons maar al te goed dat als die Afrikaanse Bybel nie ooreenstem met die Hollandse nie, die gewone man eenvoudig sal sê: Ek wil hom nie hê nie ...

... Laat daar in die teks gegee word 'n getroue vertaling in Afrikaans van die ons bekende Hollandse Bybel ^[94] maar laat in die kant (in die margine) aangeteken word waar 'n ander vertaling absoluut nodig is ...

Wat ons voorstaan is dus 'n *voorlopige* vertaling, wat miskien nie langer as 25 of 50 jare sal kan gebruik word nie.

Nou sal menigeen sê: Dis nie die moeite werd nie! Nee, dis wel die moeite werd, want

1. So kry ons die Bybel wat soveel honderde jare onse voorgeslagte gedien het, IN ONS EIE TAAL en
2. So hou ons rekening met die geskiedenis wat uitwys dat dikwels 'n heel aantal vertalings die laaste en goeie vertaling voorafgegaan het. Dit was die geval in Duitsland, Holland, ens. ...”

Op die vergadering van die Breë Kommissie wat in Bloemfontein gehou is op 22 Nov. 1916 is besluit: “Die Statevertaling word geneem soos hy is en oorgesit in Afrikaans, met noukeurige raadpleging van die grondteks met die oog op verduideliking in kanttekeninge” (Notule van die Breë Kommissie 22 Nov. 1916 — in die Kerkargiewe, O.V.S.).

In 'n verslag van hierdie vergadering het dr. du Toit in Het Kerkblad o.m. gesê: “Gelyk te verwachten was openbaarde zich tweeërlei gevoelens ten opzichte van een Bijbelvertaling in het Afrikaans. Sommige waren ten gunste van een vertaling uit het oorspronkelijke, andere gaven de voorkeur aan een overzetting van de Statebijbel in het Afrikaans.” Eindelik het die besluit geval in die rigting wat dr. du Toit in sy artikelreeks voorgestaan het. Die algemene beginsel wat gevolg is, is die pedagogiese een om van die bes-gekende uit te gaan. Hul wou dus die Statebybel, die Bybel van die Afrikaanse volk, net in 'n Afrikaanse taalvorm giet. So wou hulle 'n brug slaan na ^[95] 'n eventuele standaard-oorsetting uit die grondteks. Hulle wou vereers versigtig pad soek en nie deur te vergedrewe ywer in die begin moontlik verdeeldheid saai onder die voorstanders self nie.

Hierdie beginsel is opnuut bekragtig op 'n vergadering van Vertalers gehou op Bloemfontein op 20 Julie 1920 e.v.d.: “Die Statevertaling word as fondament geneem van die Afrikaanse vertaling.” Punt 12 in die notule lui: “Die doel is 'n Afrikaanse oersetting van die State-Bybel te gee en nie om 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die grondteks te bewerk nie.”

Die proefuitgawe van Die Vier Evangelies en Psalms is dan ook uit die State-vertaling gemaak. En dit is bekend dat hierdie uitgawe geen bevrediging gegee het nie. Dit is “nog vir vis nog vir vleis” uitgeskel; baie mense het dit eenvoudig opsygestoot, want dit was “stompstert-Hollands”, soos dr. H.C.M. Fourie dit uitgedruk het.

In Die Burger van 1923 het Langenhoven heftig tekere gegaan, ook oor die teks. Hy het o.a. gevra “Wat het jy nodig by 'n Bybelvertaling? Vereers, geleerdes in die ou tale. En dan bedoel 'n mens nie net geleerdes wat Grieks en Hebreeus ken soos ek, byvoorbeeld Engels ken nie; maar geleerdes wat as sodanig internasionale erkenning verwerf het ... Had hulle eenvoudig die State-oorsetting geneem, soos 'n sendeling wat in 'n Kaffertaal vertaal, dan was dit 'n ander saak, maar hier kondig hulle aan die wêreld aan dat hulle by die Statebybel verby, die oorspronklike teks in ag geneem het. Ek wonder of hulle, as 'n saak van blote geleerdheid, bevoeg is om volgens die jongste hoogte van geleerde ondersoek, te oordeel wat as die oorspronklike teks oral moet geld?”

Hierop het dr. N.J. v.d. Merwe vinnig geantwoord: “ ... veral bewus van die feit dat wat ons in S.A. nodig ^[96] het nie soseer 'n suiwerder kritiese teks is nie, as wel 'n Afrikaanse Bybel — het die vertalers nl. baie verstandig te werk gegaan om die Textus Receptus, soos, deur die State-vertaling geïnterpreteer te volg. Dat die Vertalers langs die State-Vertaling ook die Griekse en

Hebreeuse teks gelê het, om altyd presies te weet wat die oorspronklike teks was, wat die State-Vertalers voor hulle gehad het, mag vir Mnr. Langenhoven miskien onnodig en selfs belaglik voorkom, en mag miskien die uitwerking gehad het dat die Afrikaans minder soetvloeiend en meer verwronge is dan 'n letterkundige smaak sou vorder, dog dit was die Vertalers in die eerste plaas te doen om juis weer te gee wat die Textus Receptus ons lewer, om geen woord onvertaald te laat nie en sover moontlik dieselfde volgorde van sinne te bewaar soos in die oorspronklike voorkom.”

Gaandeweg het dit tog geblyk dat die pad wat ds. S.J. du Toit in die Eerste Taalbeweging ingeslaan het, die beste was. Veral het die betrokke Kommissie uit die Hollandse Kerke en die Vertalers self tot die insig gekom om liewers uit die grondteks te vertaal “na daar sprake was” van en daar ook inderdaad aangestel is die eindvertalers.

Dr S.P. Engelbrecht van die Hervormde Kerk het my op 8 Mei 1933 van die Universiteit van Pretoria af geskryf: “... Die Algemene Kerkvergadering (Sinode) van die Hervormde Kerk van 1922 het Dr. Fourie se standpunt goedgekeur (om uit grondtale te vertaal) en op 29 Julie 1922 die volgende voorstel met algemene stemme aangeneem: ‘Deze Vergadering ziet met verlangen uit naar de Bijbel in de Afrikaanse Taal en wil derhalve hartelik meewerken met de zuster-kerken teneinde dat doel te bereiken. Het moet echter duidelijk worden verstaan, dat de Ned. Hervormde Kerk deze eerste bewerking van de Staten-Vertaling in het Afrikaans beschouwt als onvoldoende, maar toch kan billiken ^[97] as 'n overgangsstadium tot iets beters. Haar ideaal is 'n standaard-werk in het Afrikaans en dit, meent zij, kan alleen worden bereikt door 'n vertaling van de Bijbel in het Afrikaans uit de grondtekst en verzoekt daarom de Algemene

Kommissie in deze richting nu al te arbeiden in samenwerking met andere kerken ten einde dat ideaal te verwezenliken. Dit besluit worde dadelik meegedeeld aan de Kommissie van Vertalers.”

§8. Die Reviseurs.

Net soos die geval was met die Statevertalers, is daar ook kerklike reviseurs aangestel op die Algemene Vergadering van die Breë Kommissie 22 Nov. 1916 te Bloemfontein. Hierdie Reviseurs se enigste plig was om te kyk of die stukke reg vertaal is uit die Statebybel (en later uit die grondtale), en dan hulle aan- of opmerkings aan die vertalers te stuur. Die veertien aangestelde Reviseurs het op 'n paar uitsonderinge na nie veel gedoen nie. Hulle was byna almal predikante wie se tyd so in beslag geneem is deur hulle herderlike pligte, dat daar nie veel geleentheid was om nog die vertaalde stukke na behore te kontroleer nie.

Op die vergadering van die Vertalers is wel eens melding gemaak dat 'n paar reviseurs die vergadering bygewoon het, waartoe hulle die volste reg gehad het, maar sover ek kan vasstel uit notules, verslae in De Kerkbode of in Het Kerkblad, Die Burger, en uit korrespondensie gevoer met die sekretaris, ds. C.F. Kies, het hierdie reviseurs nooit één boek nagesien nie. Die moontlikheid bestaan daar dat hulle die boeke Jona, Hoséa en Johannes-Ewangelie gerevideer het, want van die honderd afdrukke gemaak van hierdie boeke het hulle elkeen 2 afdrukke vir revisie gekry. Hoeveel die werk gedoen het, en wat daarvan geword het, kon ek by gebrek aan die nodige gegewens nie vasstel nie.

[98]

Op 'n vergadering van die Breë Kom. in Bloemfontein op 1

Sept. 1920 is besluit om “die reviseurs *de novo* aan te stel en die getal aanmerklik te beperk.” (Notule van Breë Kommissie, 1 Sept. 1920.) Daar is nou aangestel: Di W. Postma, J.A. du Plessis, J.J. Kuhn, H.C.M. Fourie, J.H. Eybers, J.D. Kestell en prof. dr. G. Cillié.

“Die vergadering spreek die wenslikheid uit dat die Revisie-Kom. saam met die Vertalers sal vergader. 'n Besluit word geneem om die verskillende Kerke te vra dat die reis- en verblyf-koste van die Reviseurs deur die Kerke sal gedra word.” (Notule van Breë Kommissie, 1 Sept. 1920.) “Die reviseurs het almal hulle gewilligheid om as reviseurs te dien (te) kenne gegee. Alleen van prof. dr. G. Cillié is daar geen antwoord ontvang nie. Die betreurde dood van ds. W. Postma van Reddersburg het die getal reviseurs verminder, en die beweging van een van sy steunpilare beroof.” (De Kerkbode, 4 Aug. 1921.)

Die Vrystaatse Kommissie van 1922 doen verslag van die Bybelvertaling, en sê omtrent die reviseurs.: “Tot nog toe was die reviseurs alleen geraadpleeg met die eerste tentatiewe vertaling.” (Acta Sinodi, O.V.S., N.G. Kerk, 1922.)

Die Kerkblad van November 1922 meld: “In die plek van dr. H.C.M. Fourie wat bedank het, word dr. H.D. van Broekhuizen as Revisieur aangestel, en in die plek van wyle ds. W. Postma ds. D.P. du Plessis van Ladybrand.”

Op hierdie vergadering is ook die uitgawe van die Vier Evangelies en die Psalms bespreek. “Ook hier werd bepaal dat die reviseurs van die uitgawe klaar moet wees ten minste ses maande na verskyning daarvan, om die werksaamhede te bespoed.” (Het Kerkblad, 1 Nov. 1922.)

Sommige van die reviseurs het nou hulle beste probeer lewer

met die verskyning van die proefuitgawe in 1922. Heel [99] interessant is die brief van die heer D.J. Malan: “Ek het die Afrikaanse Bybelvertaling 'n paar dae gelede gekry, en het nou vir twee dae die eerste ses hoofstukke van Matt. met die Griekse Bybel haastig oorgegaan. Dit het vir my so interessant geword dat ek begin het potlood-aanmerkings neerskrywe, net soos dit my die eerste instansie voorgekom het. Dis nie bestudeerd nie. Ek het egter 'n gevoel vir ritmus en logiese volgorde wat ek so min as moontlik wil sien verbreek.” (2 Feb. 1923.)

§9. Proefuitgawe van die “Vier Evangelies en Psalme”.

Die werk van die eerste Vertaalkollege van die Bybel in Afrikaans kan getoets word aan die hand van die Vier Evangelies en Psalme, wat teen die uitgang van 1922 in Suid-Afrika aangekom het. Aanvanklik was die aanvraag daarvoor besonder groot.

Vroeg in 1923 het ds. H.P.M. Steyn, sekretaris van die B.B.B.G. se tak in Kaapstad geskryf: “Wat betref die verkoop van die proefuitgawe kan ek sê dat dit die beste verwagtinge oortref. Ons het nog net 'n klein hoeveelheid, p.m. 40 eksemplare oor. As ons moes gee volgens die aanvraag, dan het ons nie meer één gehad nie. Gedurende die laaste week is daar baie bestellings ingekom wat ons glad nie kan uitvoer nie ... Ek verwag binnekort weer 'n paar duisend.” (Het Kerkblad, 15 Feb. 1923.)

Nie minder as 'n 70,000 eksemplare is altesaam verkoop nie. Hiermee was die vertalers baie ingenome, want was dit dan nie 'n bewys dat die proefuitgawe byval vind by die volk nie ? — alhoewel daar ook ander en miskien groter redes hiervoor aan te wys is. Die vertalers was nou al vyf jaar besig met die werk, en kon dit die mense kwalik geneem word as hulle baie nuuskierig

was om 'n proef van die arbeid te [100] wil sien? Die behoefte van die volk aan 'n Afrikaanse Bybel was groot, maar die groot getalle van die proefuitgawe was nog lank nie 'n waarborg dat die volk met die Afrikaanse Bybel tevrede sou wees nie. Die teenoorgestelde was juis die geval gewees. Tog moet ons die verskyning van die Vier Evangelies en Psalme as 'n groot en belangrike gebeurtenis in die kultuurgeskiedenis van die volk beskou. Toe was dit nog nie baie jare dat die stryd vir die erkenning van Afrikaans in die skole, in die staat en in die Kerk enigsins tot bedaring gekom het en bepaald nog nie uitgewoed het nie. Nou is hier 'n konkrete poging gelewer deur leidende manne uit verskillende Holl. kerkgenootskappe, in opdrag van hulle Sinodes onderskeidelik, om op hierdie wyse en deur hulle eendragtige samewerking, die invoering van Afrikaans in die Kerke met 'n betroubare Bybeloorsetting te konsolideer. Dit maak dat hierdie proefuitgawe 'n nuwe mylpaal is in ons kultuurhistorie.

In 'n Woord Vooraf deur dr. du Toit opgestel en namens die vertaalkollege deur sy voorsitter onderteken, staan o.m. die volgende oor die ontstaan en die planne te lees: “In sy laaste vergadering het die Kommissie van Bybelvertalers ... besluit om, in oorleg met die B.B.B.G., oor te gaan tot die uitgawe van dié deel van hulle arbeid wat nou gereed is om aan die reviseurs gestuur te word.

Die volgende oorwegings het tot die besluit gelei: Die Kommissie het gereken dat nou al 'n vertaalde gedeelte aan die reviseurs moet voorgelê word, sodat na gemeenskaplike raadpleging 'n vaste grondslag kan neergelê word om verder op voort te bou. So 'n raadpleging in wye kring vereis egter die vermenigvuldiging van die handskrifte deur die druk of andersins.

Die drukpers is toe gelas om nie alleen die reviseurs nie, maar al die belangstellendes deur aankoop in staat te stel om ^[101] kennis te neem en gebruik te maak van die proefuitgawe. Dit het die Kommissie naamlik geblyk dat nou al die behoefte gevoel word om altans 'n deel van die Afrikaanse Bybel te besit, wat kan gebruik word vir persoonlike stigting, sowel as by die huisgodsdienste en in die skool ... Die vertalers wag nou die oordeel in van die daartoe aangestelde saakkundige persone, terwyl ook op- en aanmerkings van belangstellendes welkom sal wees.”

Aan hierdie versoek is ruimskoots gevolg gegee. Die kritiek was byna deurgaans ongunstig. 'n Groot twisappel was baie jare lank in byna alle tydskrifte, maar hoofsaaklik in *De Kerkbode*, die *Jy-Jou-U-kwessie*. Natuurlik kan 'n mens nie aan al die bladsye en bladsye van kritiek altyd veel waarde heg nie, maar daar was ook beskouings van ernstige vakkundiges onder wat stellig aandag verdien. Afbrekend en miskien te skerp was die kritiek van adv. C.J. Langenhoven, waardeur daar 'n lang ruk 'n geskryf in die *Burger* van 1923 ontstaan het.

Hy het o.m. gesê: “Maar die belangrikste saak by 'n vertaling is nie waaruit jy vertaal nie, maar waarin jy vertaal. Dus jy het hier arbeiders nodig wat met Afrikaans vertrouwd is: in die eerste plaas mense wat instaat is om hom onfoutief te hanteer — vertalers wat geen skoolmeester met 'n blou potlood nodig het nie. Aan hierdie allerlaagste, aller-elementêrste vereiste voldoen ons vertalers nie. Hulle skryf Afrikaans lomp, gebrekkig, onbeholpe. In die allereerste hoofstuk, Mattheus 1, stel hul die geslagregister so voor dat die geloof van die Bybelleser aan die spanning van die strenge toets onderwerp moet word om aan te neem dat al die verwekkings, van Abram af tot Josef toe, gelyktydig plaasgevind het. Ek praat nie nou eens van gramma-

tikale dubbelsinnighede waarvan hulle werk eenvoudig wemel nie; van die oneerbied waarmee die Hoogste behandel word, [102] omdat Hy nie beskou word as hoogstaande genoeg vir ons Afrikaanse taalreëls nie, van eenaardige meervoude soos Fariseë nie. (Wat is die enkelvoud — Fari-meer, of Fari-oseaan?) Ek praat van die skreiende onmag om pad te vind in die verhaaltrant tussen die onvolmaak verlede tyd en die verlede gebruik van die teenwoordige tyd. Ek dink nie 'n gewone uitlander sou dit reg kry om lomper met hierdie vorme te werk te gaan as wat hulle te werk gegaan het nie.

En dis maar die allereerste beginselsportjie hierdie. Né, onberekenbaar ver, daarby verby vereis jy taalgevoel, letterkundige smaak, klankbesef; die waardering van ritme en welluidendheid. Jy het mos hier te doen met die hoogste diens wat van jou taal kan geëis word. En wat gee hulle ons? 'n Plat taal — regtigwaar, 'n kombuistaal.

Daar is een ding om voor dankbaar te wees. En dit is, dat ons Afrikaanse taalbeweging nie met hierdie vertaling begin het nie. Selfs nou, as die werk so deurgaans soos hy aangevang is, sal hierdie vriende 'n groter terugslag aan die Afrikaanse saak gegee het as wat dit nog ooit in die vermoë van sy bitterste vyande was om hom toe te dien.”

Vir hierdie kritiek is Langenhoven deur sommige baie skerp aangeval, onder andere deur dr. N.J. v.d. Merwe, en soms het hulle selfs gedreig om persoonlike aantygings te maak: “Die Vertalers is persone wat darem ook iets van Afrikaans af weet, of het sommige hedendaagse kritisie al die kennis daarvan in pag? ... Laat mnr. Langenhoven nie so bekommerd wees oor sy reputasie as profeet. Ons weet almal dat hy oorspronklik om onbegryplike redes teen die Bybelvertaling was.”

Meer simpatiek was die toon van eerw dr. Welch, die redakteur van die tydskrif *The Catholic Magazine for South Africa*. Eers het hy te velde getrek teen, maar tog begrypend ^[103] gepraat van adv. Langenhoven se kritiek, en het toe 'n lang beskouing oor die gebruik van *U* in die Bybel gegee. Hy regverdig en tereg, sommige Nederlandismes in die vertaling op grond van die talryke godsdienstige uitdrukkings wat in hulle geykte Nederlandse vorm burgerreg verkry het in Afrikaans.

Tekenend is nog wat A.P.J. Snyman van Bethulie aan te voer het as 'n leke-opinie. Hy het eers protes aangeteken insake *Jy* en *Jou*. “Dan kom daar weer woorde voor wat dan Hollands en dan Afrikaans gespel word, b.v. *Broers, Broeders, soon, seun*. Ook 'n wonderlike uitdrukking wat veral voorkom in die Evangelie van Markus is die woord *skares*. Ons praat wel van 'n *skaar* of groot *skare* mense ... maar van *skares* het ek nog nooit gehoor nie !

Ons Afrikaanse volk verlang 'n Bybel in onse taal, maar g'n Bybel wat 'n vermenging is van Hollands en Afrikaans nie. Vir so 'n Bybel in so 'n vermengde taal is in my huis geen plek nie, dan behelp ek my liewers met my Hollandse Bybel.” (Het Kerkblad, 15 Aug. 1923.)

'n Dergelike beskouing kry ons by P. du Toit van Noordhoek: “Ek ... het my probeer tevrede stel met die vertaling, maar tevergeefs. By huisgodsdienst het ons herhaaldelik ons Afrikaanse Testamentjie probeer, maar ook herhaaldelik was dit ons tot ontstigting ter oorsake van die taal, en moes ons maar weer die Hollandse Bybel neem, omdat die lees daarvan ons tog maar die teenwoordigheid van die Heer laat voel.” (De Kerkbode, 21 Maart 1923.)

Prof. J.A. du Plessis van Potchefstroom het vir die Burger in

1923 'n hele reeks belangrike artikels oor die proefuitgawe geskrywe. Die gevolgtrekkings waartoe hy kom is die volgende:

1. Die proefvertaling getuig van 'n swaare arbeid van die vertalers, waarvoor ons hulle alle dank verskuldig is. Hulle werk is bewys van hulle bekwaamheid [104] vir hierdie gewigtige taak. Hulle het hul noukeurigheid gehou aan die opdrag om 'n vertaling te gee van die Statebybel. As sodanig het hierdie proefvertaling onberekenbare waarde.
2. Hierdie proefvertaling moet egter onderwerp word aan hersiening.
3. Hierdie hersiening sal in die oog moet hou:
 - (a) In die algemeen die noodsaaklikheid om die Bybel in suiwerder Afrikaanse vorm te giet, waarvoor nodig is meer onafhanklikheid van die Nederlandse vertaling en noukeuriger raadpleging van die oorspronklike teks, waardeur, met 'n vermeerderde kennis in ons tyd van die Koinê vir die Nieu-Testament en van die Argeologie, dit sal blyk dat die Afrikaanse kultuur 'n pragtige aanpassingsvermoë vir die Oosterse lewe en taal besit. Dit kan gedoen word sonder ingrypende veranderinge van die Textus Receptus.
 - (b) In besonder moet die volgende meer in ag geneem word: meer gebruik maak van die infinitivus; minder gebruik van die lydende vorm soos “is gehoor geword”, “verwagende was”; oortollige woorde weggooi; die verhaal-praesens beperk deur meer gebruik van die verlede tyd in tussensinne; verskuiwing van woorde en omsetting van sinne wat Afrikaans vereis vir 'n vloeiende ritme.

- (c) 'n Noodsaaklike eenheid in styl en waar nodig eenvormigheid in die gebruik van sekere woorde.”

Alles saamgevat wat aan gunstige en ongunstige kritiek in geleerde artikels, tydskrifte en blaaië verskyn het, kom dit daarop neer dat hierdie proefuitgawe seer seker niks anders as 'n mislukking was nie, en tewens ook 'n openbaring sowel vir die vertalers as vir die Breë Kommissie. Hulle het begryp dat Bybelvertaling nie iets was wat gedoen kon [105] word deur predikante in hulle verlore uurtjies nie, maar deur mense spesiaal daarvoor afgesonder en letterkundig aangelê vir sulke werk, en mense wat verder 'n ernstige studie van Bybelvertaling kon maak, asook van die oorspronklike tale; mense wat gewillig sou wees om die res van hul lewe, as dit moes, aan die taak te wy.

HOOFSTUK IV. DIE DERDE PERIODE.

Die ontvangs wat die proefvertaling te beurt geval het, was in baie opsigte 'n ontnugtering vir die vertalers. Dit is toe nodig gevind om 'n verandering in werkmethode teweeg te bring. Al kan 'n mens nie skerp grense trek nie, moet ons tog hier 'n ander periode laat begin, naamlik die derde. In die besluite wat op die eersvolgende vergadering van die kommissies geneem is, kom dié noodsaaklike koersverandering ondubbelsinnig uit. In meer as een opsig moes 'n nuwe begin gemaak word, moes van vooraf weer opgebou word.

Die eerste vergadering in die derde tydperk het te Bloemfontein op 10 en 11 Julie 1923 plaasgevind. Hier was ook nog teenwoordig die vertalers: di. J.F. Naudé, W.J.W. Naudé en dr. F. Postma, en verder die heer H.J. Otto, tesourier van die nuwe Finansiële Komitee, wat berig het dat hy oor £400 beskik.

Na die vertalers meegedeel het hoever elkeen met sy werk gekom het, is veel aandag aan die taalkundige aspek gewy, soos te verwagte was na die kritiek wat op die proefuitgawe uitgeoefen was.

In die Notule van Vertalers lees ons: “Algemeen word gevoel dat die proefuitgawe ... te on-Afrikaans is ... Voorgestel en aangeneem word, dat die eiename konsekwent na die Afrikaanse spelreëls sal gespel word ...”

[108]

Uit die reëls op hierdie vergadering vasgestel blyk dit duidelik dat die Vertalers voordeel getrek het uit die gelewerde kritiek; bv. in die sin: “Dit word besluit om die woord *Hom*, vir *Hem* te gebruik. *Jy*, *Jou* en *Julle* sal konsekwent toegepas word, en *U* alleen gebruik word vir die Opperwese en wanneer 'n mindere 'n meerdere toespreek ...”

Die belangrikste besluite wat op hierdie vergadering geneem is en wat 'n nuwe wending aan die saak van vertaling gegee het, is om eindvertalers aan te stel en om uit die grondteks te vertaal.

§1. Die Eindvertalers.

Die metode om dienende predikante as vertalers te laat optree het nie gedeug nie, want hulle is te besig met hulle herderlike pligte om 'n grondige en ernstige studie te maak van die vak: Bybelvertaling. Die kritiek op die proefuitgawe was deurgaans ongunstig, en dit het uiteindelik vir die Bybelvertalingskommissie baie duidelik geblyk dat daar net een uitweg is, nl. om persone spesiaal af te sonder vir die werk. Ds. W.J.W. Naudé, een van die eerste vertalers, erken dan ook “eerlik en rondborstig, uit my ondervinding as vertaler, (dat) ek geen kans (sien) om, belas met al die gemeentelike werk en sorg en kommer, ens., 'n sukses van die werk te maak nie. Dit ontbreek aan tyd, aan stille tyd, aan stille afsondering. Die werk eis nie een deel van ons tyd nie, maar al die tyd waaroor ons kan beskik... Die beste sal wees ... om 'n paar mense af te sonder vir 'n onbepaalde tyd.” (De Kerkbode, 16 Mei 1923.)

Ds (nou dr) W.P. Steenkamp is van opinie dat daar te veel vertalers is: “Allemands werk is niemands werk.” (De Kerkbode, 16 Mei 1923.) “In alle bescheidenheid” gee hy ^[109] aan die hand dat die hele werk moet opgedra word aan één man, adv. C.J. Langenhoven ... “(hy) heeft zijn sporen verdiend als schrijver in het Afrikaans ... bovendien is Adv. Langenhoven zeer bedreven in 't Grieks. Ik weet van geen tweede persoon in ons land, die 't Grieks gemakkeliker leest dan hij placht te doen.”

Ds H.C de Wet probeer die saak op 'n ander manier oplos, naamlik deur teologiese professore vir drie jaar te laat losmaak van hul werk. “Het is nodig om mannen te krijgen die thuis zijn

in Hebreeuws en Nieuw-Testamenties-Grieks. Zulke mannen moet men gaan zoeken aan de Theol. Kweekschool te Stellenbosch en die van de Ger. Kerk te Potchefstroom.” (De Kerkbode, 6 Junie 1923.)

Die persoon wat waarskynlik die eerste was om die noodsaaklikheid van Eindvertalers te begryp was seker dr. N.J. v.d. Merwe. In 'n persoonlike gesprek met hom het hy dan ook gesê: “Ek het in 1921 teruggekom van Europa af, en toe is daar nog nie verder gevorder as die tentatiewe vertaling nie. Ek het haastig geword en een môre vir dr. du Toit op Bloemfontein-stasie gesê ‘ons moet die geld vind om persone spesiaal vir die werk af te sonder’.”

Dis dan ook niemand anders as dr. v.d. Merwe nie wat in die Sinode van die Vrystaatse N.G. Kerk in Mei 1922 voorgestel het: “Die Sinode gevoel seer sterk die noodsaaklikheid om so spoedig moontlik die Afrikaanse Bybelvertaling gereed te hê, en wil die aanbeveling goedkeur dat persone spesiaal afgesonder sal word om hierdie werk so spoedig en so deeglik moontlik af te doen; hy laat die uitvoering in die hande van die Kommissies vir die Bybelvertaling van die Ger. Kerke en gee aan die hand dat die gemelde Kommissies 'n beroep sal doen op die publiek vir die nodige fondse.” (Acta Sinodi, O.V.S., N.G. Kerk, Mei 1922.)

[110]

Hierdie wegbereidende besluit van die Vrystaatse Sinode het gevolglik ter sprake gekom op die vergadering van die Breë Kommissie op 17 Okt. 1922, maar hulle oordeel was “dat dit prakties onuitvoerbaar is met die oog op finansiële en ander moeilikhede, en besluit dat die vertalers en andere wat nou sal aangewys word, voortgaan met die werk van Bybelvertaling, en dit beëindig by die end van 1923. En om hierdie werk klaar te

maak, sal die voorsitter en sekretaris van die Kommissie 'n skrywe rig aan die betrokke liggame, in die diens van wie die vertalers hulle bevind, om hulle vrylating te vra van hulle diens vir 'n sekere tyd om die werk te voltooi.” (Notule van Vertalers, 17 Okt. 1922.)

Skerp was die kritiek van ds. (nou dr) J.H. Eybers in die Kerkbode van Feb. 1923 oor die proefuitgawe van die Vier Evangelies en Psalme, en dan meen hy “dat daar vir die betrokke Algemene Kommissie geen ander weg oop is nie dan om ten spoedigste 'n vergadering te hou en die besluit te neem — om 'n paar manne te benoem wat uitstaande bevoegdheid vir die gewigtige taak het en wat al hulle tyd uitsluitlik sal kan wy aan die vertaling van die Bybel, waarby moet inbegryp word die revidering van die reeds uitgegewe boeke ...” (Die Kerkbode, 14 Feb. 1923.)

Die Breë Kommissie het dan ook verstandig gehandel toe hulle op die vergadering van 10 Julie 1923 die volgende besluite geneem het: “1. Daar sal twee Endvertalers aangestel word vir die hele Bybel, by hulle sal die entbeslissing lê, na raadpleging met die Kerklik aangestelde reviseurs. (2) Die reeds aangestelde vertalers sal met hulle werk aangaan en so gou moontlik die vertaalde gedeeltes aan die Endvertalers stuur.” (Notule van Breë Kom. 10 Julie 1923)

Op die vergadering is tot eindvertalers benoem dr. J.D. du Toit en dr. B.B. Keet. Albei het die benoeming “met ^[111] dank” aangeneem, op voorwaarde dat hulle 'n jaar lank losgemaak word van hulle professionele pligte. Die wens is uitgespreek dat genoemde vertalers hulle werk moes aanvaar vanaf 1 Jan. 1924. Ds. Kestell is afgevaardig om die losmaking van dr. Keet voor die Kuratore van die Kweek-skool op Stellenbosch te bepleit.

DIE EINDVERTALERS VAN DIE AFRIKAANSE BYBEL.



Van links na regs: Prof. Dr. J.D. du Toit, Prof. Dr. E.E. van Rooyen, Prof. Dr. J.D. Kestell, dr. H.C.M. Fourie, prof. Dr. B.B. Keet.

Kort hierop het ds. D. P. du Plessis, skriba van die Kuratore aan die Geref. Teologiese Skool geskryf “dat ingevolge ons Sinode besluit, toestemming en verlof verleen word aan prof J.D. du Toit vir die werk van die Bybelvertaling vir een of meer jare.”

So voorspoedig het dit egter nie gegaan met die losmaking van dr. B.B. Keet nie. Ds. D.S. Botha, skriba van die Kuratore van die Teologiese Seminarium te Stellenbosch, het aan prof. J.D. Kestell op 5 Des. 1923 geskryf: “De Curatoren van het Theol. Seminarium alhier hebben na rijpe oorweging besloten ... dat zij gewillig zijn aan u verzoek te voldoen onder de voorwaarden dat dr. Keet twee malen per week Dogmatiek in het Seminarium alhier doceeren zal gedurende de weken waarin de andere Professoren in het jaar 1924 hun werk aan het Seminarium doen en dat de ander drie Professoren het overig gedeelte van het werk van dr. Keet verrichten zullen gedurende dat jaar.”

Ds Kestell was hiermee nie tevrede nie, “want,” het hy op 10 Des. 1923 geantwoord, “door voorwaardelike verlof zijn de Commissies niet gebaat, omdat het werk van de overzetting nu het stadium heeft bereikt, dat behalve wat gedaan is en nog wordt gedaan door personen die *een gedeelte van hun tijd* aan de vertaling hebben gegeven, het werk van revisie, en ook vertaling op minne als dit nodig is, aan twee mannen moet toevertrouwd worden *die al hun tijd* daaraan moeten wijden.”

[112]

Ook dr. B.B. Keet het laat weet dat dit vir hom onmoontlik is om onder die omstandighede en op die voorwaardes die vertaalwerk te doen.

Die saak het hiermee nog lank nie doodgeloop nie. In die

Kerkbode het daar 'n hele polemiekie ontstaan. Op 6 Nov. 1923 het dr. J.D. du Toit toe aan prof. J.D. Kestell geskryf: “Stellenbosch se antwoord beteken dat dr. Keet nóg sy eintlike werk moet doen! Ons oog is nou op u gevestig. Ek verstaan u Raad is simpatiek. Al moet ek desnoods drie of ses maande alleen aan die O.T. werk. Maar ons moet begin.”

Op 'n vergadering van die Breë Kommissie, 20 Des. 1923, word nou besluit (a) om prof. ds. J.D. Kestell aan te stel as eindvertaler in die plek van prof. dr. Keet; (b) Om die G.U.K.-Raad beleefdlik te nader om verlof aan prof. Kestell te gee so spoedig moontlik in die begin van 1924, en (c) om aan prof. J.D. du Toit op te dra om van 1 Feb. 1924 met sy werk te begin.

Dr J.D. du Toit het nog op die vergadering verduidelik dat hy daarvan oortuig is dat die werk nie in één jaar sou kon voltooi word nie. Die instruksie aan die vertalers moes ook nog gereed gemaak word, en dit sou tyd neem. “Hierdie instruksie aan die vertalers sal moet kennis neem van die vordering wat gemaak is in die Hebreuse taalwetenskap; sal moet duidelik vasstel dat ons die Statevertaling volg, maar ook waar en waarom ons afwyk. Die Sinodes en die volk moet weet dat hulle degelike werk sal kry. Ons kan egter nie langer uitstel nie, want ons gaan ons volk ongodsdienstig maak ... Hy (du Toit) verwelkom prof. Kestell van harte as sy medevertaler. Hy sien in prof. Kestell nie alleen 'n predikant nie, maar 'n kerkvader; en die aanstelling is vir hom 'n gerusstelling. Sy ervaring is, dat rype ervaring ^[113] ontsaglik veel sê by die vertaling ...” (Notule van Vergadering 20 Des. 1923.)

Die G.U.K.-Raad het eenstemmig verlof toegestaan aan prof. Kestell vanaf 1 Maart 1924 om hom heeltemal aan die Bybelvertaling te kan wy. Van nou af sou die werk grondig aangepak word, maar nog byna 'n tien jaar het verbygegaan voor die

Afrikaanse Bybel in die hande van die volk sou kon gestel word.

Dit was baie noodsaaklik dat die twee eindvertalers 'n sekretaris moes hê, veral omdat die tyd so kort was volgens die ou berekening. 'n Geskikte persoon het dr. du Toit in lektor (nou prof.) L.J. du Plessis van P.U.K. gesien. Daarom het dr. du Toit hom met vrymoedigheid aanbeveel by dr. Kestell, wat sy aanstelling moes laat bekragtig deur die Subkommissie.

Op 29 Jan. 1924 het dr. du Toit weer aan dr. Kestell geskryf: “Ek sien nou weer dat ons hom absoluut nodig het. Ons moet op soveel dinge by die vertaling let, dat daar taal- en stylpunte ons aandag sal ontgaan. Dr. de Wet en mnr. Otto was ook eens in beginsel. Net geld was 'n beswaar, wat nou, verstaan ek, opgelos is. Ek stuur u du Plessis se tesis, daaruit kan u sien hoe goed sy Afrikaans is.”

Kort hierop is mnr. L.J. du Plessis dan ook aangestel as sekretaris van die Bybelvertalers. Sy eintlike werk was om vyf kopieë af te tik van die vertaalde stukke vir die vertalers. Maar hy is deur dr. du Toit en ook deur dr. Kestell gebruik “as taaladviseur”, veral in verband met die vertaling uit Grieks.

Die twee eindvertalers het later die noodsaaklikheid ingesien van meer vertalers. Hulle het met mekaar onderling oor die saak gekorrespondeer en oor die persone wat gevra sal ^[114] word om te vertaal, nl. dr. Keet en dr. H.C.M. Fourie. Op 4 Nov. 1924. het prof. Kestell aan prof. du Toit geskryf dat, hoewel dr. Keet ongunstig geantwoord het “ons hom tog (moet) probeer oorhaal.” Op 12 Nov. het hy berig: “Ek vorder mooi, die briewe van Johannes het baie gou gegaan. Die Afrikaans lyk byna presies op die St.V. (Statevertaling) Dr. Keet sal hier geen beswaar hê nie.” Die *beswaar* van dr. Keet het daarin gelê dat hy nie wou saamgaan met die metode om uit die oorspronklike

tale te vertaal nie. Hy het nog sy standpunt van 1914 gehandhaaf: “Nou is dit 'n vertaling uit die oorspronklike met inagneming van die Statevertaling, waarby die laaste dan die deurslag gee. As ek dit goed verstaan dan gebruik ons die metode van die Statevertalers, maar werk dan selfstandig aan ons eie vertaling ... As ek die nuwe standpunt goed begryp, dan moet ek tot my innige spyt sê, dat ek nie kans sien om saam te werk nie. Vereers nie, omdat ek my daartoe nie bekwaam ag nie. Ek meen ook dat die verantwoordelikheid, wat dan op die vertalers rus, te groot sal wees. As dit ons metode gaan wees, dan het ons die dienste van eksperte nodig, wat hulle hele leeftyd aan die werk sal wy.” (Brief aan ds. Kies o.d. 31 Okt. 1924.)

Die Breë Kommissie het op 7 Aug. 1924 weer in Bloemfontein vergader, en “na 'n degelike bespreking het die Kommissie toe die volgende besluit geneem. Met eenparige stemme is nl. benoem tot eindvertalers om op te tree met proff. du Toit en Kestell, die volgende twee here: B.B. Keet van Stellenbosch en H.C.M. Fourie, D.D., predikant van die Hervormde Kerk op Johannesburg. Ons hoop dat hulle altwee hierdie keer sal kan losgemaak word, om van die begin van 1925 saam te werk aan hierdie groot en noodsaaklike arbeid, wat van so ingrypende belang is vir ons Kerke en ons volk. As ons nie nog vyf of ses jaar wil wag ^[115] vir onse Bybel in Afrikaans nie, dan is meer arbeiders nodig as wat nou besig is.”

Dr H.C.M. Fourie het ds. Kies op 15 Aug. 1924 geantwoord: “Graag wil ek weet hoe ek moet vertaal. As dit op die ou grondslag is, nl. uit die Hollands, dan sal ek die benoeming in geen geval aanneem nie. My standpunt in hierdie saak het ek duidelik uiteengesit in Bloemfontein Sept. 1920. My sienswyse is toe verwerp en jammer om te sê eintlik een bietjie belaglik

voorgestel. Ek het toe bedank en my Kerk daarvan in kennis gestel, omdat ek nie kon saamwerk om een tweedehands vertaling van die Heilige Skrif in Afrikaans as standaardwerk vir ons volk te bestendig nie ...” Hy het op antwoord van sy kerkraad in Johannesburg gewag oor sy losmaking. Toe hulle hom die verlof toegestaan het, het hy aan ds. Kies op 13 Sept. 1924 berig: “U brief het ek gekry en dr. du Toit was ook by my. Ek sal die benoeming aanneem om met 1 Jan. 1924 as die Here wil met die werk te begin ... Die Kerkraad is gewillig om my af te staan, maar dan moet ek in Johannesburg bly om toesig te hou. Dr. du Toit gaan daarmee geheel same.”

So gunstig was die antwoord van dr. Keet nie. Hy het sy standpunt uiteengesit in 'n brief gedateerd 19 Feb. 1925: “Na lange en ernstige oorweging van die aanbod deur die gesamentlike kommissie aan my gedaan, dat ek as een van die vertalers van die Bybel in Afrikaans moet optree, het ek tot die besluit gekom, om nie die vererende uitnodiging aan te neem nie. Met Prof. du Toit het ek 'n gesprek gehad en hy het die meeste besware wat ek teen die nuwe metode gehad het, weggeruim — daarvoor was ek dankbaar en kan ek nou ook die werk wat tot hiertoe gedaan is, waardeer. Maar die groot beswaar druk hoe langer, hoe meer, d.w.s. hoe meer ek daaroor nadink, nl. dat ek pas met die werk sal begin het of ek moet dit weer staak. En daarvoor kan ek nie ^[116] entoesiasme genoeg aankweek om 'n begin te maak nie. Prof. du Toit meen dat die werk binne vier tot vyf jaar kan klaar wees; my gedagte is dat dit langer sal duur. Ek dink verder dat die verandering van werkmetode nie genoegsaam voor die aandag gekom het nie, sodat die volk voorbereid is op ewentuele koste wat die onderneming sal bedra. Hoe graag ek my dus aan die werk wil wy — dit is met diepe teleurstelling dat ek daarvan afskeid neem — sien ek onder teenwoordige omstandighede geen kans om voort te gaan nie.”

Die gedagte het nou op prof. dr. E.E. van Rooyen van die Teologiese Kweekskool, Stellenbosch gekom, en daarom is sy houding eers getoets. Die Breë Kommissie het 'n vergadering te Bloemfontein op 16 Junie 1925 gehou. In verband met die aanstelling van meer vertalers het dr. du Toit op die moeilike probleme gewys wat die Ou-Testament oplewer. Na bespreking het die Kommissie op voorstel van ds. D. Postma en dr. H.D. van Broekhuizen besluit dat prof. dr. E.E. van Rooyen gevra word om as derde vertaler vir die Ou-Testament op te tree.

Prof. van Rooyen was gewillig om 'n deel van die profete te vertaal en het eindelik op die vergadering van die Breë Kommissie van 17 Maart 1926 ingewillig om as eindvertaler op te tree. Op dieselfde vergadering het prof. Kestell 'n wenk aan die hand gegee wat ook aangeneem is “dat om tyd aan die vertalers te gee, die endrevisie van die Nuwe Testament opgedra (word) aan homself en dr. B.B. Keet; ingeval dr. Keet hierdie benoeming nie kan aanvaar nie, sal die Vertalers self 'n sekundus aanstel.” (Notule van Breë Kommissie, 17 Maart 1926.)

Dr Keet het hierdie taak op hom geneem en saam met prof. Kestell die hele Nuwe-Testament gerevideer, sodat hy ^[117] ook as een van die vertalers gereken word. Daar was dus uiteindelik vyf vertalers om die Bybel in Afrikaans oor te sit.

Dis nie hier die plek om die aandeel van elke vertaler te bepaal nie — al vyf geld as die vertalers van die Bybel in Afrikaans, al het een miskien meer as die ander gedoen, al het die een meer invloed as die ander op die vertaling uitgeoefen. So omllyn dr. Keet sy aandeel as volg in 'n persoonlike brief van 24 Maart 1933: “My werk in verband met die Bybelvertaling was hoofsaaklik om die hele N. Test. aan die hand van die oorspronklike taal deur te gaan met prof. Kestell. Verder gereed-

maak van MS. (N. Test.) vir die drukkers en korreksie van proewe, beide O. Test. en N. Test. Dan natuurlik het ek, saam met al die vertalers, die hele Bybel noukeurig deurgelees en in ons vergadering sowel as saam met die individuele vertalers veranderinge (verbetering) voorgestel. Dit is moeilik om die werk af te baken, want ons hou ons almal verantwoordelik vir die hele Bybelvertaling. Maar dit is sover as ek kan duidelik maak.”

Tog meen ek dat in die loop van die geskiedenis die aandeel van elke vertaler geleidelik in die lig sal kom, en dat dit sal blyk in hoe 'n groot mate prof. J.D. du Toit die siel van die hele Bybelvertaling was, net soos sy vader ds. S.J. du Toit dit gewees het gedurende die sogenoemde Eerste Afrikaanse Taalbeweging.

§2(a). *Die Teks.*

Nadat die proefuitgawe ongunstig deur die publiek ontvang is, word nou ook 'n moedige besluit oor die teks geneem. Die Breë Kommissie het eindelik omstreeks 1923 besluit om uit die grondteks te vertaal. In die notule van 7 Aug. 1924 van die Breë Kommissie lui dit: “Die vertaling geskied uit die oorspronklike tale.”

[118]

Opmerklik is dit dat die grondteks hier nie nader bepaal is nie. Die Ou-Testament is toe uit die Massoretiese teks oorgesit en aan die Nuwe-Testament is die Textus Receptus ten grondslag gelê. Oor hierdie besluit het sommige hulle besonder skerp uitgelaat, veral wat die Textus Receptus betref. So bv. prof. J. du Plessis van Stellenbosch, toe hy as reviseur vir die Bybelvertaling op 6 Mei 1927 in “Enige opmerkings oor die N.T. Vertaling” die volgende opmerking hieroor gemaak het:

“(1) Ek wens in die eerste plek my *protes* aan te teken teen

die kortsigtige besluit van die Kommissie om die TEXTUS RECEPTUS te bestendig. Dit is 'n miskening van die hele studie van die N.T. sedert 1550, en sal die ondersoek van die N.T. deur ons volk vir 'n hele geslag of meer agteruitsit.

(2) Beskeidenlik gee ek aan die hand dat aan die puntuasie baie sorg bestee word. Die puntuasie van die Textus Receptus is partykeer baie swak. Kyk bv. die versverdeling by Luk. 23—56 en 24—1. Dit sou goed wees om Nestle te volg.”

Ook ds. J.P.H. Steyn, een van die voorvertalers vir die eindvertalers, het hom as volg oor die Textus Receptus uitgedruk “Persoonlik is ek van gevoele dat ons die beste teks moes volg. Dit sou seker meer moeite in menige geval gewees het maar dit is tog nie 'n onoorkoomlike beswaar nie. Ons het vertaal vir die toekoms en nie gewerk vir die verlede nie.” (Privaat-Korrespondensie, 15 Mei 1933.)

Die besluit was daarop bereken om nie oor die inhoud van die Bybel 'n stryd onder die volk te laat ontbrand nie, maar om aan die volk die Bybel in hulle eie taal te gee en wel so, dat die taalvorm aan hoë eise kan beantwoord en geen rede tot steurnis sal wees nie — soos ook in die geval ^[119] van die inhoud, wat getrou weergegee moet wees, maar wat ook nie deur “nuwig-hede” moontlik ergernis moet verwek nie.

§2.(b) Metode.

Dit was nodig vir die vertalers om eers die metode vas te stel waarop hulle sou werk voor hulle kon aangaan. Ons weet dat die Statevertalers almal in Leiden bymekaargekom het en daar gewoon het solank hulle besig was met die vertaling. Ons weet dat ds. S.J. du Toit feitlik alleen vertaal het uit die grondteks, en dat die paar aktief-belangstellendes sommige Donderdagaande by hom aan huis bymekaar gekom het. Nou het die eindvertalers

'n eie weg ingeslaan.

Prof. J.D. Kestell het aan dr. J.D. du Toit op 31 Januarie 1924 geskryf dat hy sy voorstel oor die metode steun:

- “(1) Dat ons van voren af aan met Genesis sal begin.
- (2) Dat u ... nou begin met Genesis te vertaal.
- (3) Dat u my van tyd tot tyd sal toesend vir revisie wat u klaarkry. — U sal wel groot ruimte laat vir aantekeninge.

Nou wat die vertaling betref. Ons opdrag is om die Statenvertaling so naby moontlik te volg. U sal u herinner wat ons daarvoor gesels het. My opienie is dat ons aan die opdrag moet voldoen, maar altyd in die eerste plaas dink aan die Afrikaanse vorm waarin ons die oorsetting giet.”

Op 13 Feb. 1924 het hy die volgende woorde aan dr. du Toit gerig: “Wat is u plan wat betref ons saamwerk, saam-konfereer oor die vertaling. As ons die een by die ander ^[120] kom — hoe kan dit gebeur met die minste onkoste? Ons moet seker verblyf-koste uit ons salaris betaal. Op Potchefstroom, b.v., hoeveel sal dit bedra as ek met my vrou en dogter in 'n losieshuis sou gaan? Ek sal 'n ekstra kamer moet hê.”

Dr du Toit het hierop aan prof. Kestell oor die werkmethode op 16 Feb. 1924 o.a. geskryf: “Evenwel moet ek my gedagte kenbaar maak, dat dit my wenslik voorkom dat u meteens met die N.T. begin, veral die briewe. Dan sou u op Bloemfontein kan woon — mens werk tog lekkerste in jou eie studeerkamer! U stuur dan u stukke vir my en vise versa. Du Plessis harmonieer dan Ou en Nuwe Testament (hy sal dit uitstekend doen). Dan kan ons bv. Juliemaand in Durban gaan deurbring om saam te spreek. Praktyk leer my as ons saam vertaal dat dit stadiger sal gaan. Bowendien, hoe min sal daar dan einde van

die jaar klaar wees. Ek sal u Robertson stuur en dankbaar wees as u al u aandag aan *Grieks* kan gee, ek sal dit doen met *Hebreeus* (’n enorme taak).”

Prof. Kestell het dit ook die beste geag om in sy eie woning te werk op Bloemfontein, “en dan lag die idee vir my ook toe, dat ons in die winter na die strand ergens sal gaan, waar ons dan sake kan bespreek.

Laat die werk dan so gedoen word — soos u aan die hand gee. U werk voort met die O.T. — ek met die Nuwe. Ek het trouens al begin, reeds in my vakansie. Ek het my met die eerste brief van die Tessalonisense besig gehou.” (Brief, 11 Maart 1924.)

Twee maande later het prof. Kestell in ’n brief aan dr. du Toit ’n lewendige beeld ontwerp van sy vertaalmetode. Hy het daarin o.m. gesê: “Laat my net een en ander sê oor my manier van werk. Eers maak ek my van alles los, en het net die Grieks voor my. Geen ander geskrif is daar ^[121] te regter- of linkerhand, behalwe Lexicon en grammatika's. Ek trag so in te leef in die Woord en vertaal so goed as ek kan. Ek het dan ’n bladsy of vier vertaal, dan revideer ek eers met die Statevertaling, en dan met die Revised Ver. Dan lê ek dr. Postma se vertaling naas die werk wat nou so ver gevorder het. Voor my staan daar die Leidse vertaling, ’n ander Hollandse: Kampen, of van Veldhuizen, en Engelse: Moffat, Weymouth, 19th Century, Goodyear. Die Duitse, Franse, selfs Italiaanse en ander raadpleeg ek ook. En dan probeer ek om van prof. Postma soveel te behou as ek kan. Ek het ’n baie hoë opinie van sy werk — en ek vind dat daar veel is wat ek heeltemal mee saamgaan. In 1 en 2 Tess. het ek hom nog nie so goed geken en gewaardeer nie, en so verskil wat ek u gestuur het meer van sy vertaling, as die werk wat ek later gedoen het.” (Brief van Kestell aan du Toit, 17 Mei 1924.)

Die volledigste en mees deurtastende verklaring oor die vertalers se metode en vertaalmoeilikhede is te vind in die geskrewe verslag wat dr. J.D. du Toit op die vergadering van die Breë Kommissie voorgelees het op 7 Aug. 1924. Dit is belangrik genoeg as 'n samevatting om die opname daarvan in sy geheel te regverdig. Dit lui:

“By die vertaling van die Heilige Skrif moet soveel moontlik met die Statevertaling rekening gehou word. Dit betref sowel die keuse van die woorde as die bou van sinne, vir so ver as dit bestaanbaar is met 'n korrekte vertaling en die eise van 'n suiwere Afrikaans. *Aansluiting* by die State-vertaling is noodsaaklik: (1) omdat dit onder ons die gesaghebbende vertaling is, en (2) omdat die woorde en klanke daarvan, altans vir 'n groot gedeelte, by ons volk bekend en gelief is. Omdat egter die taal en die vertaling van ons Statebybel, by al sy uitnemendheid, op baie punte verouderd is, sal by die oorsetting van die H.S. in Afrikaans ^[122] noodsaaklik van die Statevertaling moet afgewyk word. Sal die afwyking nie willekeurig wees nie, maar die merk van vastheid en wetenskaplikheid dra, dan moet daarvan rekenskap gegee word. M.a.w., daar is nodig 'n uiteensetting van die metode wat die vertalers volg. Onderstaande punte wat, na ons meen, genoegsame toeligting gee, word dan deur die vertalers aan die Kommissie ad hoc ter goedkeuring voorgelê:

i. Die Statevertalers het hulle aangesluit by “de manieren van spreken der Hebreuewen en Grieken.” In hoofsaak moet van hierdie stelreël nie afgewyk word nie, omdat nie 'n vrye of kunsvertaling nie, maar soveel molik 'n letterlike oorsetting van die Heilige Skrif verlang word.

Ewenwel kon nie altyd “de manieren van spreken der H. en G.” gevolg word nie, 'n alte letterlike vertaling sou dikwels nie

passend wees nie, en selfs onduidelikheid en misverstand veroorsaak.

Byv. in Gen ix:5 word volgens die St.V. die mens se bloed geëis “*van die hand* van alle gedierte” — 'n uitdrukking wat seker minder passend is.

In Gen xv:3 is die vertaling “de *zoon* van mijn huis” in dié verband nie duidelik nie. Vandaar dat die rand-tekenaars 'n verklaring daaraan toevoeg, nl. “mijn *knecht* die in mijn huis geboren is.” Die Leidse vertaling, Obbink en Böhl gebruik dan ook die woord ‘ondergeschikte’ en ‘onderhorige’ en ‘knecht’, respektieflik.

In Gen. xxxvii:19 kom die uitdrukking “meester-dromer” voor, terwyl die vertaling met “dromer” die regte is. (Gesenius, § 188.)

Trouens die St.V. het self die “manier van spreken” van Hebreërs en Grieke nie altyd kon volg nie: vgl. Gen. vii: 6, Eks. xxvi: 3, ens.

[123]

In verband hiermee moet vermeld word die menigvuldige gevalle waarin die woord “aangesig” aangewend word, b.v. “voor Farao's aangezicht”— voor Farao (Gesenius §119c.) vgl. hierby Gen. xxxii:20, waar die woord “aangezicht” nie minder as viermaal in een vers voorkom nie.

Waar sprake is van die aangesig van die Here is dit egter gewens om die bekende manier van vertaling te behou, soos ook die Leidse vertaling en Obbink in baie gevalle doen. Opmerklik is dit dat die St.V. in Eks. vi:11 het: “Moses sprak voor den Heere” en in vs. 29 van dieselfde hoofstuk “Toen zeide Mozes voor het aangezicht des Heeren.”

ii. Naas bowestaande moet die volgende punte oorweeg word:

(1) Hollandse vorme kan party kere vereenvoudig word, bv. “heerskappy voeren” — heers — (Gen. i:28, 2 Kor. i:24).

(2) Sommige woorde van die St.V. kan nie aangeneem word nie, omdat hulle of 'n verkeerde opvatting in die hand werk of onbekend is, b.v. “afgrond” in Gen. 1:2 in die sin van diepte (waterdiepte — Wêreldvloed). In Tim. iii:3⁶ en Tietus i⁷ moet “smijter” natuurlik met “vegter” vertaal word.

(3) Refleksiewe en passiewe vorme van werkwoorde kan dikwels in Afrikaans minder goed teruggegee word. In Gen. viii:2 staan b.v. “de plasregen van den hemel werd opgehouden”; ons stel daarvoor in die plek: “die stortreën uit die hemel het opgehou”. Omgekeerd kan dit in enkele gevalle nodig wees om 'n aktiewe vorm passief te vertaal: b.v. i Tim vi:15 vertaal ons: “Wat op sy tyd tentoongestel sal word deur dié alleen Magtige ...” Voorbeelde hiervan ^[124] vind ons in die Rev. V. (Revised Version) sowel in die O. as N.T.

iii. Wat die saaklike afwykings betref, moet op die volgende gelet word:

(1) Oudheidkundige begrippe sowel as name van diere, plante, e.d.m. was soms vir die Statevertalers nie duidelik nie. Byv. in Gen. iv:21 is Jubal die vader van almal “die harpen en orgelen handelen”. Dit moet wees: “wat op harpe en *fluite speel*”. In Gen. xxiv:47 kry Rebekka 'n “voorhoofdversiersel” present; dit moes wees 'n “neusring”. In Fil. i:13 moet i.p.v. “rechthuis” staan “keiserlike wag”; in II Kor. x:13 i.p.v. “maat

⁶ 1 Tim 3:3

⁷ Titus 1:7

des regels”, “maat van die werkkring”.

Hierdie voorbeelde kon, veral met betrekking tot die O.T. sterk vermeerder word. Juis hier het nougesette taalstudie en oudheidkundige navorsings die meeste gehelp om die Bybel reg te verstaan.

(2) Soms moes verse gedeeltelik of heeltemal, ook op gesag van regsinnige Bybelvorsers, anders vertaal word as wat in die St.V. staan. As voorbeeld kan genoem word Gen. ii:4 en Gen. xi:6. Sulke plekke moet spesiaal aan die oordeel van die kerkelike reviseurs onderwerp word.

(3) In verband met die pasgenoemde punte besef die vertalers dat daar versigtig gewerk moet word, en dat daar soveel moontlik onderskeid moet gemaak word tussen wat vasstaan en wat nog maar as opinie van enkele geleerdes bekend is. In die stryd van die menings word gepoog om die St.V. so ver moontlik te laat gelde.

Byv. in Gen. 2:6 hoef ons die woord “mist” nie deur “vloed” te vervang nie (soos verskeie nuweres wil hê): König verdedig in sy woordeboek van 1922 steeds die ^[125] vertaling met “mis”. Ook Eks. 12:42 bly nog altyd 'n goeie vertaling ondanks alles wat nuwere geleerdes in die plek daarvan wil stel (vgl. König en Addis).

Wat die N.T. aangaan, kan ons by wyse van voorbeeld noem dat nuwe vertalers geneig is om die woord “vlees” te vervang deur “menslike, aardse natuur” terwyl die Leidse vertaling nog *vleesch* behou, en Moffat *flesh* het. 'n Dergelike opmerking sou ons kan maak t.o.v. die woord “voorhuid”. Ons het dit dan ook behou alleen waar van persone gepraat word; anders vertaal ons met “besnedene” en “onbesnedene” (Kol. 3:2).

Te puristies is dan ook nie te werk gegaan nie. Die woord *versoendeksel* byv. is behou, hoewel die nuweres eenvoudig met deksel vertaal ... Met betrekking tot die N.T. kon ons dieselfde sê van begrippe soos “saligheid” (teenoor “redding”), “natuurlik” (teenoor “siellik”), ens.

iv. Wat die oorspronklike teks aangaan, moet hier afsonderlik gehandel word oor die O.T. en N.T. By die vertaling van die O.T. word, so ver as wat dit enigsins moontlik is, die Massoretiese teks gevolg. In absolute sin kan ons hier nie spreek nie, ook al omdat die Statevertalers ons hier 'n ander voorbeeld nagelaat het. Prof. Noordt zij sê “A1 waren zij (die Statevertalers) afkerig van het aanbrengen van wijziging in de tekst, ook zij zijn herhaaldelijk op plaatsen gestuit, waar tekstverandering noodzakelijk was. Soms bepaalde het zich tot het veranderen van klinkers ... op andere plaatsen was het echter nodig een of meer medeklinkers te wijzigen.”

Dan gee hy 'n groot aantal voorbeelde op bladsy 30 van sy boekie “Is een nieuwe vertaling van het O.T. nodig?” Natuurlik moet hier met die uiterste behoedsaamheid gewerk word ...

[126]

By die vertaling van die N.T. is die Textus Receptus gevolg, omdat ons Statevertalers dit gedoen het. Vergelykenderwys is egter ten dienste van die reviseurs ook enkele lesings van Nestle tussen hakies aangegee.

v. By die oorsetting van die Bybel in Afrikaans moes ook gebruik gemaak word van inlassings; evenwel kom die nie so veelvoudig voor as in die St. V. nie. By vertaling is nie alles invoeging, wat daarna lyk nie. Soms gee die oorspronklike ons die reg om iets in te voeg of nader te omskrywe sonder dat dit juis spesiaal hoef aangewys te word. (Vgl. hiervoor: prof.

Grosheide: Bijbelvertalen) ...

Hier kom nog by dat dit moeilik is om op konsekwente manier uit te maak wat inlassing is en wat nie. Die St.V. het dan ook heelwat moes invoeg, wat as sodanig nie aangedui is nie. Vgl. die groot Trommius, wat die woorde vermeld waarvoor daar in die Hebreeus niks staan nie.

vi. Insake grammatikale punte moet die volgende aangeteken word: A. Met referte tot die O.T.

(1) Getrag is om die verskillende betekenis van die w.w.-vorme soveel moontlik uit te bring:

(a) betekenis van die perf. byv. in Gen. i:29 waar nie moet staan “het gegee nie”, maar “gee”, omdat dit die perf. is van “grundlegende Beschlussfassung”, so ook Gen. ix:3, Eks. v:18, en m⁸.

(b) die meer gevarieerde betekenis van die Imperf.: wat die St.V. meestal met “sal” vertaal, moet weergegee word met “wil”, “moet”, “mag”, “kan”, ens.; die sog. Fut. Ex. word in Afrikaans eenvoudiger weergegee byv.: “totdat ek gedoen het” vir “totdat Ik zal gedaan hebben”.

[127]

(c) in verband hiermee noem ons die vereenvoudiging van voorsetsels, byv. “onder” vir “van onder”, “tussen hulle” vir “in hun midden”.

2. In Hebreeus bestaan w.w. wat in verband met ander w.w. deur 'n byw. uitdrukking moet weergegee word, byv. Gen. xviii:7 “De knecht die zich haastte om dat toe te rechte” moet vertaal word met: “Die kneg wat dit gou klaarmaak”; Gen.

⁸ Die “m” staan so in die gedrukte boek?

xxv:1 “Abraham voer voort en nam”, “Abraham het *weer geneem*”.

3. Die uitdrukking: “En het geschiedde” kom in Afrikaanse oorsetting selde voor, want die oorspronklike term dien in 'n verhaal dikwels net om aan te knoop by wat voorafgaan. Vandaar dat dit vertaal moet word met “toe” of “en toe” of ook weggelaat kan word. (Ungnad, Hebr. Gram. 303.) “En dit gebeur” is dan ook in die verband geen Afrikaans nie.

Die woordjie *ziet* het ons weggelaat of deur “daar”, “meteens”, en dergelike vervang. Net waar dit in 'n gesprek voorkom of in ons taal op sy plek sou wees, het dit gebly; byv. “kyk, ek sê vir jou”.

B. Met referte tot die N.T.

Vergelyk 3 en 4 bo.

Origens is veral die vertaling van die Gr. Part. Opmerkingswaardig: dit word weergegee deur die volgende soorte wendinge (1) attributief; (2) bywoordelik, (3) redegewend, (4) voorwaardelik, (5) toegewend, (6) doelbepalend, (7) gebiedend en as onbep. wys ens. As voorbeelde van (7) Rom. xii:9—19 en Filip. 1:30.”

[128]

DIE WERKWYSE.

Hieromtrent kan ons nog die volgende opmerk. Elke vertaler het sy werk in handskrif aan die sekretaris, mnr. L.J. du Plessis van Potchefstroom gestuur. In 'n persoonlike gesprek met hom het hy die werkmethode duidelik uiteengesit, — 'n metode wat baie nou aansluit by die wat die State-vertalers gevolg het. Hy het die manuskrip van elke individuele vertaler netjies afgetik. Hierdie aftiksel is dan voor die vertalers gelê en gewysig — en

weer oorgetik. Nou het dit die proefstadium bereik waarin weer veranderings aangebring is. Aan die taaladviseurs en kerklike reviseurs is ook elkeen 'n MS. gestuur vir aan- en opmerkings. Die eindbeslissing het egter by die vertalers self berus.

“Nadat die hele Bybel vertaal en afgetik was, het die werk van die reviseurs begin. Die vertalers van die O. en N.T. respektieflik het toe so te werk gegaan, dat die een die werk van die ander noukeurig by die oorspronklike moes nalees. Waar 'n ander vertaling of wysiging nodig geoordeel is, is dit met potlood in die teks aangeteken. Daarop het die twee betrokke vertalers bymekaar gekom om 'n gemeenskaplike lesing vas te stel. Is dit gebeur dan het die verskillende stukke na die volle vergadering van vertalers gegaan waar die vertaling uiteindelik sy finale beslag gekry het, sodat dit vir die pers gereed gemaak kon word deur die vertalers wat vir die bepaalde deel verantwoordelik was.”

Teen die end van 1926 het dr. B.B. Keet saam met prof. Kestell die vier Evangelies gerevideer. In Mei 1927 het die vyf vertalers bymekaar gekom op Potchefstroom en het hierdie bewerking verder nagesien. Gedurende Nov. en Des. 1927 het die vyf vertalers weer vergader te Stellenbosch. Hulle het toe die Vier Evangelies deurgelees, en ook die Psalms. In Junie 1928 het die vyf vertalers weer te ^[129] Bloemfontein vergader om die aftiksel van hulle gesamentlike revisie van die Evangelies en die Psalms finaal na te gaan met die oog op publikasie.

Aan die O.T. is eweveel sorg bestee. Elke vertaler afsonderlik was reeds klaar. Sedert die einde van die vorige jaar was hulle besig om mekaar se vertalings na te sien en te harmoniëer. Hulle het van tyd tot tyd bymekaar gekom. Was die MS. afgewerk deur die vertalers en reviseurs afsonderlik, dan is dit deurgelees deur die kollege van vertalers. Verder, met die oog op die

hoogsmoontlike mate van noukeurigheid het dr. van Gelderen gekom. Van hom was verwag dat hy die vertalings sou nagaan, en waar nodig, suggesties sou maak wat moontlik kon bydra tot die verbetering van die vertaling.” (Acta Sinodi, Ned. Herv. of G. Kerk, 1928 te Pretoria, Bylage IX, bls. 145.)

Prof. dr. C. van Gelderen van die Vrije Universiteit te Amsterdam was in Suid-Afrika van 4 April tot 7 Okt. 1927. Oor sy aandeel sê hy in 'n brief o.d. 4 April 1934 o.m. die volgende: “De drie vertalers van het Oude Testament, met wie ek heb samengewerkt, waren Dr. E.E. van Rooyen te Stellenbosch, Dr. J.D. du Toit te Potchefstroom, en Dr. H. Fourie, toen in Johannesburg. Met Dr. van Rooyen heb ik gewerkt aan de Kleine Profeten, met Dr. du Toit aan Psalmen, Job en Ezechiël, met Dr. Fourie aan Richteren, Samuël, Daniël en Ezra. Voor de volledigheid van de opsomming durf ik niet instaan. Natuurlijk kon ik niet in zes maanden de vertaling van heel het Oude Testament controleren. Bij elken vertaler heb ik datgene nagezien, wat hij zelf het noodigste vond. Voordat ik in Zuid-Afrika kwam, had ik ongeveer van zeventig psalmen de vertaling gecontroleerd. Na mijn terugkeer in Nederland heb ik nog een gedeelte van Ezechiël nagezien, en een paar adviezen uitgebracht onder andere over Spreuken.

[130]

Ik heb deze herinneringen voornamelijk uit mijn geheugen geschreven ...

Laat ik er nog bijvoegen, dat het mij een eer en een genot is geweest, aan de vertaling van de Heilige Schrift in het Afrikaans te mogen medewerken. De arbeid was voor mij zoo aangenaam, omdat de vertaling, die ik had na te zien, zoo goed was ...”

Lektor L.J. du Plessis, MA.

Ons kan hierdie hoofstuk nie afsluit voor ons nie spesiale aandag gegee het aan die werk van mnr. (nou prof.) L.J. du Plessis nie. Self het hy gesê “Nominaal was my werk om vyf kopieë af te tik vir die vyf vertalers. Inderdaad het dit ingesluit die werk om na die taalvorm te kyk en die werk van die vertalers te harmoniëer. Ek het dr. du Toit se taal en styl geken, en het daarom die ander vertalers gewys waar hulle verskil van die aangenome werk van dr. du Toit. Ook in verband met die N.T. het ek gelet op die korrektheid van vertaling. Baie veranderinge is aangebring in die oorspronklike vertalings op my suggesties. Ek is gebruik deur dr. du Toit as sensor vir sy taal en die gevolg was dat ek deur invloed van dr. du Toit deur al die vertalers gevra is om hulle werk eers na te sien voor ek dit aftik.” (Persoonlike gesprek, 28 Des. 1932.)

Toe prof. Kestell mnr. du Plessis gevra het om met sy vertalings net so te handel as met die van dr. du Toit het mnr. du Plessis aan hom op 21 Julie 1924 geskryf: “Met referte tot u brief van 17 Julie: Die uittreksels vanmôre ontvang. U vra my om met hulle net so te handel soos met die van dr. du Toit: nou moet ek u meedeel dat dr. du Toit die volgende *modus operandi* neergelê het, dat sy manuskrip eers deur my nagesien en van opmerkinge voorsien word ^[131] met die oog op die getroue weergawe van die Statebybel se teks en die suiwerheid van die Afrikaanse styl, dinge wat by die gesukkel van die vertaling uit die grondteks maklik skade ly. Die opmerkinge word dan deur ons bespreek, waarby hy die volgens sy insig nodige wysiginge aanbring. Dan eers tik ek die manuskrip oor.

Ek het nou ook dergelike aantekeninge by die uittreksels van u gemaak, wat ek hierby aan u stuur, sodat u aan die hand daarvan enige wysiginge in u manuskrip kan aanbring, wat u

mag goeuvind. So gou ek die uittreksels dan van u terug ontvang, sal ek soos van dr. du Toit syne 25 kopieë daarvan tik en aan u of die reviseurs stuur. Ek hoop u sal my dit nie kwalik neem nie: dis inderdaad wat u van my gevra het, al weet ek nie of u dit so bedoel het nie...”

Dr Kestell het op 23 Julie 1924 geantwoord: “Ek het veel van wat u aan die hand gegee het (as wenke vir verbetering) aangeneem: ek glo alles wat die Afrikaanse taal betref. Hier en daar is verskil wat die betekenis van die Grieks betref, maar ek het met vreugde u vertaling oorgeneem waar dit juister was.” En in 'n later brief: “Ek het u aantekeninge vergelyk met my vertaling en baie oorgeneem. U sal sien waar ek dit gedoen het. Die gevolg is dat die MS. daar baie gehavend uitsien; maar ek het dit weer oorgelees en daar is niks onduidelik in, so ver as ek grondig ondersoek het. Nou moet u dit tog asb. so aftik soos ek dit stuur ...”

Ook vir dr. H.C.M. Fourie was hy dikwels in die opsig van hulp. Dis al genoeg om te konstateer dat die invloed van mnr. L.J. du Plessis op die vorm van die taal dikwels groot was, veral in die eerste jare toe die reviseurs en taaladviseurs nog nie hard gewerk het nie.

[132]

§3. *Groei van die Werk.*

Dit was nie moontlik om vooruit vas te stel toe met die werk begin is wanneer die voltooi sou wees nie. Omstandighede speel hier so 'n groot rol. Ons herinner aan die geskiedenis van die Statevertaling en die “Concept hoe wij in acht maanden de Revisie des Ouden Testaments met Gods hulp mogen eindigen”. En tog het die revisie 'n volle veertien maande geduur.

Prof. dr. J.D. du Toit het somaar dadelik met Genesis begin.

Hy was vir die Ou-Testament en prof. Kestell vir die Nuwe-Testament verantwoordelik. Op 19 Jan. 1924 het hy 'n brief gerig aan ds. C.F. Kies, een van die voorvertalers, en hom sy vertaling van Genesis gevra. “Wat 'n naardeid dat u MS. verbrand is. Ek wou dit so graag nou gehad het ... ons wou uit Genesis samestel ons metode van vertaling en dit bekend stel. Ek het reeds met die oog daarop Gen. 1 deurgelees, twee aantekeninge gemaak, maar niks opgeskrywe nie, omdat ek op u MS. gewag het ... Ek ontvang dan graag u MS. Eksodus en Leviticus.”

Die twee eindvertalers se plan was om op versoek van tyd tot tyd ekstrakte uit hulle werk te publiseer, maar ongeveer die begin van Sept. 1924 het dr. du Toit aan dr. Kestell geskryf: “Gister het ek na ontvangs van u brief besluit om ds. Meiring te telegrafeer om te ‘wag’ met publikasie van ons ekstrakte, O en N.T. Na baie oorweging het dit my gevaarlik gelyk om nou te publiseer. Ons moet liewers eers die reviseurs raadpleeg en veral die nuwe vertalers. Daar is nog te veel onvaste punte ... Die eerste proewe (4 Evan. en P. 55) het ook al geen gunstige uitwerking gehad nie. Nou meen ek moet ons versigtig wees en eers ander jaar tot publikasie oorgaan.” Hiermee het dr. Kestell volkome ^[133] akkoord gegaan: “Ek was al nie heeltemal gerus oor die publikasie van die ekstrakte in De Kerkbode nie, en nou is ek baie bly om al die redes wat u opgee — dat u gedink het dat dit nie wenslik is dat die uittreksels nou sal verskyn nie.” Brief aan du Toit, 13 Sept. 1934.)

Prof. J.D. Kestell het besonder vinnig vertaal, veral as ons in aanmerking neem dat hy reeds in Nov. 1925 sy werk saam met dr. Keet revidieer het. Die Ou-Testament is in 1928 eers voltooi, maar dit is dan ook veel groter van omvang. Dit was nie voor 1 April 1924 dat prof. Kestell die saak met erns aangepak het

nie: “So wil ek alles kant en klaar hê en dan my geheel en ongestoord wy aan die vertaling. U kan nie dink hoe ek uitsien na die werk ... U spreek van “baie, baie moeilikhede,” ek het ook dieselfde ondervinding by wat ek gedoen het — maar daar is lus vir die moeilikhede. Intussen kry ek die dinge bymekaar wat ek wil hê; en hoop wat ek van u ontvang het voor 31 Maart aan u terug te stuur. Ek moet daaromtrent sê dat ek gelees het met groot voldoening en genot tewens. Ek het ook aan my vrou en dogter daaruit voorgelees. Ek wil nie iets sê wat onvriendelik is van die werk van die Broeders wat aan die Evangelies gearbei het nie, — maar my familie het nie stigting gehad nie toe ek daaruit voorgelees het. Dit is vir my maar bewys dat manne wat meer as genoeg te doen gehad het met hul ampswerk onmoontlik so op hoogte kon wees, dat hul goeie werk kon lewer.” (11 Maart 1924.)

Op 25 April 1924 het prof. Kestell aan dr. du Toit geskryf: “Met grote lus werk ek. Ek het nou nie te doen met *multa*. Dis *multum* wat my besig hou. Dit gaan nie so gou as ek gedink het nie, maar ek vorder tog. 1 en 2 Tesselonisenese het ek klaar en ek stuur u dié. Galate is ook klaar maar ek revideer dit nog. En ek is al 'n endjie in 1 Kor. met die eerste hand, wat ek aan die werk sit.

[134]

Ek wil eers goed op weg wees met die briewe, en dan later sal ek die Evangelies aanpak ...

Dit sal goed wees dat u die MS. wat ek stuur (my vrou het dit goedgunstig van my handskrif afgeskrywe) laat aftik.”

'n Bietjie later het hy weer aan dr. du Toit geskryf: “U vertaling lees ek; maar gereelde studie daarvan het ek nog nie gemaak nie, om dieselfde rede waarom u nie alles kon doen wat

u wou, weens die konsentrasie van al u kragte op die laaste hoofstukke van Genesis. Ek het met die gloed van die jeug met my werk begin en daar was geen verkoeling van die gloed: baie ander dinge het so uit my gedagte gegaan ...

Vandag was ek met 1 Kor. 15 besig. Wonderlik het ek gekom onder die ontsagwekkende majesteit van Paulus se woorde oor die Seun onder wie alles onderwerp word ... Ek is nou besig met Galate om dit vir u klaar te maak d.i. in leesbare vorm te bring want die eerste bewerking is klaar.

Alle voorspoed toegebede vir Eksodus.” (17 Mei 1924.)

1 Korinte het dr. Kestell aan dr. du Toit op 23 Junie [1924] gestuur: “Ek het nou ook 2 Korinte klaar, en is besig met dit nogmaals te revideer — wat baie tyd neem. Die tweede brief van die Korintiërs het my meer moeite gegee as alles waar ek nog mee besig gewees het. Na 2 Kor. sal ek D.V. Romeine vertaal. Ek voel dat ek nou eers touwys word ...”

Teen Julie 1924 is stukke gestuur aan die reviseurs. “Ek dink dat dit goed is dat u proewe van vertaling aan Vert. en Revis. stuur ...” (J.D. Kestell, 14 Julie 1924.)

“Ek het aangehou met vertaal,” het dr. Kestell aan dr. du Toit o.d. 28 Okt. 1924 geskryf, “en het nou tot aan Jakobus gekom. Dit is klaar — maar ek moet nog revideer. Ek hoop dus om tot Openbaring klaar te hê teen die end van ^[135] die jaar. En ook self met my eerste revisie, en dan ook vir 'n deel my tweede revisie, om deur mnr. du Plessis getik te word vir die reviseurs ... daar (is) kans dat ek in vier of vyf maande klaar kan hê.”

Die brief van 20 Sept. 1924 meld: “Ek stuur u met hierdie pos: 2 Kor. Romeine is klaar. Ek moet dit net revideer: ook Efese en Filip. Ek is besig met Kol. en 1 Timoteüs. 2 Kor. is nog

die swaarste wat ek gehad het.”

Mooi is die sinnetjie in 'n brief van 4 Nov. 1924: “Ek is so besig dat ek moeg is elke aand ... Moeg ja, baie moeg: maar *lekker* moeg. Dan gee die Here dit vir sy beminde rus in die slaap en die volgende môre is ek weer springlewendig.”

Intussen het dr. Kestell altyd in korrespondensie verkeer met die sekretaris, mnr. L.J. du Plessis. Van tyd tot tyd het hy aan hom een of ander manuskrip gestuur om af te tik. “Met hierdie pos stuur ek u 1 Kor. 1—10:8, 33 bladsye. A.s. week, D.V. die orige.” (4 Des. 1924.)

9 Julie 1925: “Ek het Rom. en 1 en 2 Korinte goed nagesien, en moet jou dank vir die noukeurige aftik. Ek het geen lapsus pennaë(!) ontdek nie ...”

In Sept. 1925 het dr. Kestell aan mnr. L.J. du Plessis berig: “Wat ek van jou wil weet is: wanneer volgens jou opinie die N.T. klaar sal wees. Van my kant gee ek jou die volgende waarskynlike datum: end Oktober. (Hiermee) kry jy drie Synoptici; en Desember: Johannes en Handeling. Dink jy dat, met Revisie ens., ek besig sal wees tot end Mei?”

Aan dr. du Toit het hy egter op 25 Maart 1925 meegedeel: “Ek hoop ook om die end van hierdie jaar met die vertaling klaar te hê. En dan watter vreugde sal dit my gee om my verder te wy aan 'n werk, wat ek nou eers begin leer hoe om dit te doen.”

[136]

Die Breë Kommissie het op sy vergadering van 16 Junie 1925 besluit dat sodra prof. Kestell klaar is met sy vertaling van die N.T. die werk behoorlik gerevideer sal word, ook deur die eindvertalers en dan gepubliseer sal word. “Daar is wel besware

maar met die oog op die dringende behoefte in ons volkslewe het die Kommissie besluit om hierdie weg te volg.”

Die Vrystaatse Kommissie vir Bybelvertaling het op die Sinode van die N.G. Kerk April 1925 gerapporteer: “U Kommissie hoop dat die vertaling van die hele Bybel binne afsienbare tyd sal voltooi wees. Intussen hoop die Kommissie om vir kritiek uit te gee sekere brokkies van die afgedane vertaling, en as 'n geheel te publiseer die briewe van Paulus nog in die loop van hierdie jaar. Ook is daar 'n gedagte om die proefuitgawe van die Evangelies en Psalms te herdruk, weens die grote aanvraag daarvoor — voorlopig onverander.”

Intussen was dr. du Toit ook hard aan die werk. Die Breë Kommissie het op sy vergadering van 16 Junie 1925 besef dat daar spesiaal vir die O.T. meer kragte moes bykom. Want wat die hoeveelheid vertaalwerk betref het dr. du Toit daarop gewys dat wat hy klaar het reeds meer was as die hele N.T.

Dr du Toit het ook verlang dat iemand uit Europa moet oorkom om te help met die O.T., aangesien die O.T. sulke moeilike probleme oplewer. So 'n persoon het hy gevind in prof. van Gelderen van die Vrye Universiteit, Amsterdam. Hy skryf dan ook aan prof. Kestell op 18 Junie 1926 dat die professor in die begin van 1927 in Suid-Afrika sou wees. “Die Psalme sal hy daar soveel moontlik nagaan ... My gedagte is nou dat hy die swaar profete hier moet nalees. Dit is ook die gedagte van dr. Fourie. Hy sowel as prof. van Rooyen het my laat weet dat hulle heeltemal daarmee ^[137] eens is dat prof. van Gelderen in April a.s. hierheen kom...

Ag, hoe baie is daar te doen voor ons klaar is! Met die Psalms gaan dit nie te gou nie. Hulle is soms ook lastig. Dit lyk my of ek skaars met my vertaling sal klaar wees by die end van die jaar

(1926). Die boek Job lê nog voor ... Esegiël was baie swaar. En dan moet ons nog die ander boeke gesamentlik oorgaan!”

Op 11 en 12 Feb. 1926 het die eindvertalers en taaladviseurs te Bloemfontein vergader. Hulle het dit ook afgekeur om *nou* die Nuwe-Testament te publiseer. “Dit blyk dat niemand in die vergadering nog ten gunste daarvan is nie; algemeen word gevoel dat die gevaar vir die uitgawe van ongerypte werk te groot en werklik is, as die N.T. hierdie jaar nog afsonderlik gepubliseer word. Nog die vertalers, nóg die taalgeleerdes sien kans om in die geval 'n behoorlik geharmoniëerde en besonke vertaling te verseker. Dis veral onmoontlik om die N.T. bevredigend af te lewer as die O.T., wat daar nou mee verband hou nog onklaar is.” (De Kerkbode, 24 Feb. 1926.)

Dr du Toit het op die vergadering van die Breë Kommissie 19 Maart 1926 te Bloemfontein gerapporteer dat hy klaar was met die vertaling van die Pentateug, Jeremia en Jesaja, en dat hy moeilikheid ondervind het by die vertaling van Esegiël. Hy het gehoop om oor vyftien maande met sy werk klaar te wees. Dr. Fourie was klaar met Josua, Rigters, Rut, Esra, Nehemia, Ester en 1 Samuel. Hy was met 2 Samuel besig en het gemeen om oor vyftien maande ook klaar te wees. Dr. van Rooyen het gemeen om teen die end van die jaar met die Kleine Profete klaar te wees. Prof. Kestell was met die N.T. klaar, hoewel sy MS. nog nie geheel-en-al oorgetik was nie.

[138]

Op 1 Des. 1926 het die Kerkbode gemeld dat dr. Kestell wat die vertaling van die N.T. in Afrikaans voltooi het, in die Boland was om saam met dr. B.B. Keet die vertaling van die vier Evangelies na te gaan. Die bedoeling was om die Psalms en die vier Evangelies eers uit te gee, want die Breë Kommissie het op

17 Maart 1926 'n besluit neergelê “dat aan die vertalers opgedra word om die moontlikheid te oorweeg van die uitgee van die vier Evangelies en die Psalme in die eerskomende jaar. Die nuwe vertaling van die vier Evangelies sal die eerste tentatiewe vertaling vervang. Hiermee word die vorige besluit om die Nuwe Testament uit te gee, herroep.” (Verslag van Breë Kommissie, 17 Maart 1926.)

Dr du Toit skryf daarom aan prof. J.D. Kestell op 1 Aug. 1926 dat hy hard werk aan die Psalms om die opdrag van die Breë Kommissie uit te voer. “Ek is nou by Ps. 62, Ps. 50—60 het baie moeite gegee, en ek is gladnie tevrede met my vertaling nie, sonder om te weet hoe dit eintlik moet wees. Die verskil met die bestaande uitgawe sal op sommige plekke aanmerklik wees. Ag, dis tog so 'n gesukkel dat die Hebraïste dit so oneens is met mekaar.

U sal natuurlik ook die Psalms moet deurgaen, want almal moet almal se werk sien — dis mos die besluit, nie waar nie?

Ek sal bly wees as u in die Boland gaan aandring by prof. van Rooyen om nog meer te vertaal. Dr. Fourie sal sy hande vol hê met Spreuke en Daniël.”

Dr du Toit het heel veel moeite gedoen met die Psalms “en omdat dit van ons eerste werk is wat verskyn, moet dit goed inmekaar sit.” (26 Aug. 1926.) Later: “Die proefuitgawe van ander jaar (of liever: die eersteling van ons werk) moet baie goed wees. 'n Herhaling van wat met die eerste uitgawe gebeur het, sou noodlottig wees. Ek was ^[139] eintlik teë op so'n voorlopige uitgawe (soos u weet), maar nou dit moet kom, moet dit in die haak wees.

Die vertaling van sommige Psalms val my teë, maar ek doen my bes. Ek hoop u gou 'n eerste besending te stuur en sal bly

wees as u twee (liefs met prof. van Rooyen daarby) dit wil deurlees. 'n Mens moet tog ook afwisseling van werk hê. My werk is taamlik in finale vorm. Dr. Fourie en ek het op die meeste punte ooreengekom, en dr. van Gelderen se opmerkings hier en daar sal (blykens die proef wat ons met die Psalms geneem het) nie die taalvorm affekteer nie.” (5 Okt. 1926.)

Terwyl prof. Kestell en dr. Keet besig was met die revisie van die N.T., het dr. du Toit aan prof. Kestell te Stellenbosch geskryf: “In die jongste Kerkbode sien ek skrywe ds. Meiring in 'n hoofartikel: ‘Die Afrikaanse Bybelvertaling is byna voltooi, die van die N.T. is klaar.’ Ek vrees die berig sal verkeerd verstaan word, en ook die insameling van fondse benadeel. Wat van die N.T. klaar is, is net die individuele vertaler se arbeid. Vir die O.T. sal dit eers gereed wees teen April 1927. Maar nou is daar nog die ontsaglike harmoniëer en revisiewerk. Na my gedagte gaan laasgenoemde nog twee jaar duur. Reken hoeveel tyd sal nodig wees vir een vertaler van O.T. om die ander se werk na te gaan!” (28 Nov. 1926.)

Aangaande die revisiewerk het dr. Kestell aan De Kerkbode van 15 Des. 1926 geskrywe dat hy en dr. Keet elke dag druk besig was met die nasien van die N.T. Hulle het elke dag van 9 tot kwart voor een gewerk, en in die namiddag van drie tot halfses en “dan gevoel ons dat ons aan revisie vir die dag genoeg gehad het ... daar word hard gewerk, maar uit die aard van die saak kan die werk nie so gou klaar wees, as wat nie alleen die publiek nie, maar ook die vertalers in die begin gedink het.”

[140]

17 Jan. 1927 het dr. du Toit aan prof. Kestell geskryf: “Bly dat u nou klaar het met Evangelies. Ek is amper klaar met Psalms. Moeg geworstel daarmee! Ek hoop nou gereeld aan dr.

van Rooyen te stuur, volgens u versoek ... Dr. van Gelderen het my al Ps. 1—41 teruggestuur. Hy is baie opgenome met die werk, wat vir my 'n groot bemoediging is ...”

In Junie 1927 word verslag gedoen in die Kerkbode van die stadium wat die vertaalwerk toe bereik het. “Op die sitting wat op Potchefstroom gehou is van 12 tot 25 Mei het dit geblyk dat al die vertaalwerk met uitsondering van enkele klein gedeeltes reeds afgedaan is. Die vergadering is belê met die doel om 'n begin te maak met die revisie, en die verwagting was dat binne 'n week of drie die vier Evangelies en die Psalms persklaar sou wees. Vereers is die vorm van die Tien Gebooie, die Onse Vader en die Twaalf Artikels van die Geloofsbelydenis vasgestel, en daarna is 'n aanvang gemaak met die rewiesie van Mattheüs-Evangelie. Die stadige vordering wat gemaak is, het gou laat sien dat daar geen sprake van was om die voorgestelde werk in die bestaanbare tyd af te doen nie. Derhalwe is na twee weke besluit om dit voort te sit in Stellenbosch gedurende die maande Nov. en Des. 1927. Tot sover is die Evangelie van Mattheüs klaar en omtrent 50 Psalms. Hoe jammer dit ook mag wees, sal die publikasie van die Evangelies en Psalms nie kan plaasvind in hierdie jaar soos gehoop was nie.

Dit is gevoel dat onder geen omstandighede oorhaastige werk gedoen moet word nie, en die feit dat Proff. van Rooyen en Keet op verlof uit hulle werk was, het dit onmoontlik gemaak om op Potchefstroom langer te bly. Intussen werk prof. van Gelderen, wat goedgunstiglik uit Holland oorgekom het, om behulpsaam te wees met die vertalings, saam ^[141] met die afsonderlike vertalers van die O.T. tot Sept.-Okt. van hierdie jaar. Sy arbeid is hoofsaaklik om die gedane vertaalwerk te kontroleer. Hoelank dit nog sal duur voor die hele Bybel vir publikasie gereed is, is moeilik om te sê. Al wat gehoop word, is dat die vier Evangelies

en Psalms die eerste helfte van 1928 sal verskyn, terwyl daar nog 'n geruime tyd moet verloop eer die Bybel as geheel kan verskyn.” (Die Kerkbode, 22 Junie 1927.)

Die Breë Kommissie rapporteer op 13 Junie 1928: “Die Evangelies en die Psalms gaan eersdaags na die pers en op besluit van die Kommissie sal die B.B.B.G. ons Bybel uitgee. Die Kommissie kon nie op versoek van die Sinode van die Ger. Kerk nou besluit om 'n kanttekening by die vertaling te sit nie, omdat gemelde Genootskap nie Bybels met kanttekenings kan uitgee nie. Die vertalers kan ook moeilik nou weer al die werk nagaan met die oog op 'n kanttekening. Die hele Bybel kan nog nie so spoedig verskyn nie.

Intussen is die werk van die vertaling van die hele Bybel klaar. Die vertalers is nou druk besig met revisie en het die Kommissie opgeroep om o.a. hulle verslag te verneem. Drs. du Toit en Keet deel mee dat die werk aan kerklike reviseurs opgedra nie uitgevoer is nie ... Maar die taaladviseurs het hulle werk ernstig opgeneem” (Verslag van Breë Kommissie, 13 Junie 1928.)

Dr J.D. Kestell het aan Die Volksblad van 19 Sept. 1928 meegedeel dat die vier Evangelies en die Psalms “reeds in die pers is en dat die proewe in die loop van a.s. maand gekorrigeer sal word.” Eindelik in Junie 1929 het die “Vier Evangelies en die Psalms” die lig gesien. Hierdie vertaling, gemaak uit die grondtale, het dan ook meer byval gevind by die volk en die kritiek daarop was byna deurgaans gunstig.

[142]

Maar intussen was die vertalers nog steeds besig met revisiewerk. “Ek stuur met hierdie pos *geregistreerd*,” het dr. du Toit aan prof. Kestell op 3 Mei 1929 geskryf, “Konings wat ons

gister klaar gekry het. Die rewiesie blyk 'n sware taak te wees. Einde volgende week hoop Dr. Fourie en ek 2 Konings te stuur.” En op 13 Sept. 1929 sê hy: “Ondanks al die harde arbeid in verband met rewiesie, is die resultaat nie alte skitterend nie. Ons het nou klaar 2 Kron. (saam met gedeelte van 1 Kron. wat laas oorgebly het), Esra, Neh., en Ester, Jeremia en Rut. Veral Jeremia het ons lank besig gehou (amptert twee volle weke) ... U kan nou op Stellenbosch nog lees Job, Jesaja en Esegïël ... Styl is by die boeke nie die moeilikheid nie. Net hier en daar die woordkeuse. Hoofsaak is om die Hebreeus te ontraadsel. Daarmee kan dr. Fourie en ek dan rustig voortgaan. Dr. Fourie het ook Gen. en Lev. klaar nagesien.

Kan ons begin ander jaar bietjie langdurig vergader, dan kan heelwat afgedoen word. Ek het b.v. al nagelees Spreuke, Prediker.”

“Ons het nou klaar (14 Nov. 1929) Genesis ('n teëvaller), Spreuke ('n meevaller) en Prediker. Dr. Fourie sal Spreuke stuur sodra hy korreksies klaar oorgeskrywe het. Genesis moet vir 'n deel oorgetik word. Dr. Fourie huistoe. Ons moet nou weer apart werk, om voor die a.s. vergadering nog 'n keer saam te kom. Ek is besig met nasien van Hooglied.”

Die vertalers was in April 1930 nog steeds besig met revisie. Hulle het nou op Stellenbosch gesit. “Die vertaling self is al geruime tyd klaar. Nou word wat so afgewerk is gesamentlik gelees, grondig hersien en vir die pers gereed gemaak. Die stellige verwagting bestaan dat die MS. persklaar sal wees aan die end van hierdie jaar. In 1931 sal die oorsetting gedruk word. Hiermee sal 'n ^[143] geruime tyd in beslag geneem word, omdat die lees van die drukproewe met die meeste sorg moet gedoen word. Maar al sal dit nog 'n tyd duur, die end is al in die gesig en aan die vurige begeerte van duisende om die Bybel in hulle eie

taal te besit, sal nou spoedig voldoen word.” (Die Volksblad, 3 April 1931)

Die verslag van die Vrystaatse Kommissie van die N.G. Kerk, 16 April 1931 tydens die sitting van die Sinode, lui as volg: “Die vertalers het in die afgelope jare afsonderlik en in twee groepe gewerk om mekaar se werk te redigeer. Nadat die werk gerewideer is, word dit deur die vyf vertalers in gesamentlike sittings nagegaan. Die vertalers het 1 keer op Potchefstroom vergader, 3 op Stellenbosch, 3 keer op Bloemfontein, en elke sitting het van 2 tot 4 weke geduur. Die laaste vergadering het in Des. 1930 in Bloemfontein plaasgevind ...

Die hele handskrif word nou persklaar gemaak om aan die B.B.B.G. te oorhandig. In Meimaand van 1931 sal die eerste persklaar handskrifte na Engeland versend word, en in Aug. sal die hele handskrif in hande van die drukkers wees. Ds. Steyn, sekretaris van die B.B.B.G. sal daarna self na Engeland gaan om die proewe daar deur te lees. (Hiervan het niks gekom nie, omdat die depressie ook die Genootskap in die uitvoering van sy planne gekortwiek het. — Die Skr.)

Die gekorrigeerde proewe word dan teruggestuur na die vertalers om te lees. Word al die proewe afgehandel soos verwag word, teen Des. van vanjaar, dan sal die vertaalde Bybel in die hande wees van ons volk vroeg aanstaande jaar 1932.”

So voorspoedig het dit nie gegaan nie. Die Burger van 3 Nov. 1932 het aangekondig dat die Afrikaanse Bybel vroeg in 1933 sou verskyn. Maar dieselfde blad kon die ^[144] volgende eers op 26 April 1933 berig, dus byna ses maande later: “Die eerste besending van 10,000 Afrikaanse Bybels kom op 29 Mei met die Carnarvon Castle uit Londen in Kaapstad aan. Na die aankoms van die eerste besending sal daar elke week 10,000

Bybels met die posboot uit Engeland aankom, totdat aan die vraag voldoen is.”

Op daardie datum, nl. 29 Mei 1933, is die Bybel in Afrikaans amptelik in ontvangs geneem. “Vandag kan die Afrikaanse volk vir die eerste keer die Bybel in sy eie taal opneem en betas en aan sy hart druk. Dit is vir ons rede tot innige dankbaarheid,” het ds. F.X. Roome, voorsitter van die B.B.B.G., verklaar toe hy Donderdagmiddag, op een van die heuglikste dae vir ons volk, die eerste Afrikaanse Bybel aan die eindvertalers oorhandig het.

Prof. dr. E.E. van Rooyen van die Kweekskool in Stellenbosch, wat dit namens die voorsitter van die vertalerskommissie, prof. J.D. Kestell, in ontvangs geneem het, het gesê “dat die aankoms van die Afrikaanse Bybel van ewe groot betekenis as die stigting van die volksplanting in 1652 is. Dit lui “’n nuwe tydperk in.” (Die Vaderland — 3 Junie 1933.)

§4. Die Reviseurs.

Die reviseurs het in hierdie tydperk maar ook nie te veel gedoen nie. Die sekretaris van die Vertalers, mnr. L.J. du Plessis, het gedurig kopieë van die vertaalde gedeeltes ook aan die reviseurs gestuur, maar weinig terugontvang.

Dr J.D. du Toit gee die volgende uitspraak: “’n Groot aantal reviseurs is benoem, maar die broeders het in die meeste gevalle geen geleentheid gevind om veel tyd te gee aan die rewiesiewerk nie. Hulle ampsbesighede het hulle daarin verhinder.” (Die Vertaling van die Bybel in Afrikaans, bls. 8.)

[145]

Dis natuurlik eers op ’n later stadium van die vertaling dat die reviseurs iets onder die oë gekry het. Op 30 April 1923 nog skryf prof. J.D. Kestell aan mnr. L.J. du Plessis ... “Sal jy dan

a.u.b. die getikte MS. nagaan, wat, soos ek sê ek ook stuur. Wat jou sal tref is dat ek *ongenadig* met die alternatiewe te werk gegaan het. Daar bly nou baie min oor, en hulle sal die Rewiseurs nie baie hoofbrekens gee nie ... Die gedagte is dat die Rewiseurs in een boek sal ontvang Rom. en 1 en 2 Kor. — nie waar nie?”

Tot Junie 1925 was daar nog maar net die paar kerklike reviseurs wat deur die Breë Kommissie van 1 Sept. 1920 aangestel is, “wat die reg sal hê om kritiek op die vertaling uit te oefen.” (Acta Sinodi, N.G. Kerk, O.V.S. 1925.)

Op 'n vergadering van die Breë Kommissie in Bloemfontein op 16 Junie 1923, is die lys van Reviseurs wat vroeër aangewys is, weer nagegaan. Daar is enkele verdere benoemings gemaak, en die werk van revisie as volg verdeel: Vir die Ou-Testament:

(a) Vir die Pentateuch: ds. C.F. Kies, dr. C.J.H. de Wet en dr. A.D. Keet.

(b) Die Historiese Boeke: dr. H. Lamprecht, dr. S.H. Rossouw, ds. W.J.W. Naudé en ds. J.I. de Wet.

(c) Die Profetiese Boeke: dr. D.R. Snyman, dr. S.P. Engelbrecht en dr. H.S. Pretorius.

(d) Die Poëtiese Boeke: ds. D. Postma, ds. Stockenström en ds. J.J. Kuhn.

Vir die Nuwe-Testament:

(a) Die Evangelies en Handeling: Prof. J. du Plessis, dr. H.D. van Broekhuizen, prof. F. Postma en ds. J.P.H. Steyn. ^[146]

(b) Romeine tot Titus: dr. B.B. Keet, prof. J.A. du Plessis, dr. Greyvensteyn en dr. G.B.A. Gerdener.

(c) Hebreërs tot Openbaring: ds. H.F. Schoon, dr N.J. v.d.

Merwe en dr. P.J.S. de Klerk.

Byna al die reviseurs het aangeneem. Ds. W.J.W. Naudé “dank die Kommissie vir die vertroue in my gestel;” dr. H.S. Pretorius “het lank en ernstig oor die saak gedink, en gehoop dat ek sou kan help. Maar my gesondheid laat veel te wense oor, en daarby het ek meer werk as wat ek kan behartig. — Jammer dat ek so laat met 'n ongunstige antwoord opdaag.” dr. N.J. v.d. Merwe antwoord: “Ek sal my bes doen om uitvoering te gee aan die benoeming tot Reviseur.” dr. G.B.A. Gerdener se hande is te vol. “Ek vrees dit sal net die saak vertraag om op my te reken. Beskou my dus liever nie as vir daardie werk aangewese nie.” Ds. A. Stockenström: “wil die Kommissie vir Bybelvertaling hartlik bedank vir die eer my aangedoen om my as Reviseur te benoem van die Poëtiese Boeke van die O.T. Dit spyt my dat weens gesondheids redene ek nie die vrymoedigheid het nie om die aanstelling te aanvaar nie.” Prof. J. du Plessis “wil volgaarne, naar het best van mijn vermogen, meewerken, en ben ik dus gereed om vier evangg. en Hd. te helpen reviseren.” Ds. H.F. Schoon wil graag help, maar het sy MS. oorhandig aan ds. H.J. de Vos: “daar ik mij wegens de zwakheid des ouderdoms nu niet instaat gevoel om het werk behoorlijk te doen.”

Die Breë Kommissie stel nou op 17 Maart 1926 as Reviseurs aan in die plek van ds. A. Stockenström vir ds. G.M. Pelissier van Carolina as primarius en dr. A.J. v.d. Merwe (Kaapstad) as sekundus vir die deel Romeine tot Titus; ds. M.T. Gonin (Wellington) primarius en ds. J.P. v.d. Spuy (Reitz) sekundus vir die Poëtiese Boeke.

[147]

Die Reviseurs het nou ongeveer die einde van 1926 aan die werk gegaan. Prof. Kestell skrywe aan mnr. L.J. du Plessis op

20 Jan. 1927: “Dr. Postma en ds. Steyn het baie deeglike werk gedoen. Steyn het 19 bladsye aantekeninge oor Markus gemaak. Dr. Postma het oorfloedige aant. met potlood aan die kant gemaak. Prof. du Plessis (van Stellenbosch) het ook deeglike werk gemaak, maar hy kon nie deur my werk kom nie. Al hierdie Rewiesie het dr. Keet en ek in ernstige oorweging geneem.

Nou stel ek voor dat u tog so goed sal wees om by die kerklike rewiseurs vir wie u stukke van die afgetikte vertaling gestuur het aan te dring om *voor die 25ste Mei* die stukke terug aan u te stuur, met hulle aantekeninge in potlood aan die kant of op 'n papier afsonderlik. Sal u aan hulle wil sê dat dr. Keet en ek in Junie hoop met die vaslê van die teks voort te gaan, en dat ons daarom versoek dat hulle voor 25 Mei sal klaar wees.”

Hierop het mnr. L.J. du Plessis verslag gedoen:

“(a) Vir die Evangelies tot Handelingte moet nog dr. van Broekhuizen gehoor word. Hy het Handelingte.

(b) Vir Rom.—Titus moet nog dr. Greyvensteyn gehoor word en my vader waarskynlik. Laasgenoemde het Romeine tot Kor. gehad en sal dit aan u stuur. Aan dr. Greyvensteyn sal ek Gal. tot Filemon stuur, as ek dit van prof. Smith kry.

(c) Vir Hebr.—Openb. ds. de Vos, dr. v.d. Merwe, dr. de Klerk. Laasgenoemde het Hebr.—Judas, en ds. de Vos (in plaas van ds. Schoon) Jacobus tot Judas; Openbaring is ook by ds. de Vos. U sal dr. du Toit se eksemplaar van Openb. aan dr. v. d. Merwe stuur.

Daarmee sal ons genoeg van die Reviseurs hê.”

[148]

Ten spyte van dit alles, was die uitspraak van die Breë

Kommissie op hulle vergadering van 13 Junie 1928 die volgende: “Drs. du Toit en Keet deel mee dat die werk aan die kerklike rewiseurs opgedra veral ten opsigte van die Ou-Testament, nie uitgevoer is nie. Blykbaar het besige predikante geen tyd daarvoor kon vind nie. Die hele saak van rewisie deur predikante skyn onprakties te wees. Ds. Malan en prof. J.A. du Plessis meen dat die benoemde rewiseurs die afgewerkte vertaling moet deurlees en dit by die verskillende Sinodes moet aanbeveel of die verskillende Sinodes daaromtrent adviseer.”

Dr C.J.H. de Wet het op 8 Mei 1933 aan my geskryf: “Ek het aan die Bybelvertaling net gewerk as Kerklike reviseur, d.i. om te sien of die inhoud suiwer vertaal is. Ek het net die boek Genesis nagesien.”

'n Skrywe van dr. P.J.S. de Klerk van 8 Mei 1933 maak die volgende mededelings: “Ons rewiseurs moes die vertalings nagaan en aanmerkings maak. Persoonlik het ek onder hande gehad destyds die Sendbrief van die Hebreërs, 1 en 2 Petrus en Judas. Die Bybelvertalingskommissie het later hierdie werk van ons ook op hulle geneem, want die predikante is te beset en daarom het die werk stadig gevorder. My aanmerkings het ek destyds aan die vertalers gestuur. Ons rewiseurs was nooit bymekaar nie, en wat die uitslag van my aanmerkings was weet ek vandag nog nie.”

Ons het 'n paar stukke in hande gekry van twee reviseurs, nl. van prof. J. du Plessis en ds. J.P. v. d. Walt (Frankfort), en kan hulle werk gebruik om 'n beeld te gee van die aard van reviseurswerk.

Prof. du Plessis keur die Textus Receptus as grondteks vir die Nuwe-Testament streng af. Hy beveel Nestle aan of ‘The Resultant Greek Testament’ van Weymouth, dit “geeft de laatste

resultaten van de tekstuele kritiek — en dat is al dat [149] 'n vertaler behoef.

Verder “Ik zou denken dat 't zeer wenselik ware om, nevens de Hollandse (moderne) overzettingen, zoals de ‘Synodale’, de ‘Leidse’, enz. ook Engelse ‘modern versions’ te gebruik, zoals: ‘The Century New Testament’; ‘Weymouth — The N.T. in Modern Speech’, ‘Moffat's Translations of the N.T.’, en de pasverschenen vertaling van Prof. Goodspeed van Chicago, ‘The N.T. in Modern English’.”

Op 6 Julie 1927 skryf hy aan dr. Kestell: “Ten opsigte van die Evangelies wat ek so ver nagesien het, maak ek nog die volgende opmerkings: —

(a) Ek kan die vooroordeel teen *veel* gladnie verstaan nie. Die woord staan in die Afrikaanse Woordelys: en al het die nie daar gestaan nie, moes die vertalers dit gebruik het. *Veel* vir persone en *baie* vir dinge en als adverbium, is 'n goeie reël.

(b) Twee of meer woorde om een Griekse woord te vertaal, moet vermy word, waar mooglik: dus *vertel* (nie *berig bring* nie), *aansit* (nie *aan tafel sit* nie, ens.) ...

(c) Aangesien daar verskil van mening bestaan omtrent die berekening van die ure van die dag, soos deur die Synoptici en deur Johannes aangegee, moet ons liewers die bybelse terme behou: *die sesde uur* (nie *12 uur* nie), *die negende uur*, (nie *3 uur* nie), ens.”

Ds. J.P. v.d. Walt sê van Mattheüs 10:16b: “Hier kom *onskuldig* my 'n beter Afrikaanse oorsetting voor as *opreg* (van die ding). Dis m.i. meer sprekend ...” Hierop merk dr. Kestell in potlood aan *goed*.

“Ons gebruik die Textus Receptus,” is die aanmerking van dr. Kestell op Lukas 23:7 as ds. v.d. Walt vra: “Waarom *verplig*

en nie *gewoond* nie? ...”

[150]

“Al die vertalings het *haat* is dr. Kestell se uitspraak op die volgende aantekening op Lukas 14:26: “*haat* hinder my hier altyd, selfs in Nederlands. Ek verkies Abbot-Smith se suggestie ...”

Alles in aanmerking geneem blyk dit tog dat sommige Reviseurs hulle taak ernstig opgeneem het. Hoe groot hulle invloed op die vertaling was, blyk nie. Nooit het hulle saam vergader nie, maar bloot individuele opmerkings aan die vertalers gestuur, sonder om te weet hoeveel daarvan gebruik is. Trouens die eindbeslissing het by die vertalers self gelê.

§5. *Taaladviseurs*

Reeds gedurende hierdie periode is die vertalers met die taalmoeilikhede bygestaan deur taaladviseurs. “n Groot aantal recenties werd door de vertalers van reviseurs en anderen ontvangen (oor die tentatiewe vertaling van die Evangelie van Johannes, en die Profesieë van Jona en Hosea). Deze zijn nauwkeurig in overweging genomen geworden. Hier dient vermeldtng dat Dr. J.J. Smith van Stellenbosch, Dr. D.F. Malherbe van Bloemfontein en Dr. T.H. le Roux van Pretoria als taaladviseurs ook hunne diensten aan de vertalers gegeven hebben. Hoewel nog niet op alle, is men nu eindelijk tot eenstemmigheid geraakt omtrent de meeste punten van verschil. De moeilijkheden worden gaandeweg overwonnen” (Acta Sinodi N.G. Kerk, O.V.S. 1919).

Hoe groot die invloed van die taaladviseurs in hierdie eerste jare was is nie vir ons moontlik om te bepaal nie. Daar het geen spore van hulle werk oorgebly nie. Van een persoon alleen het ons 'n geskrif onder die oë gehad, nl. van prof. J.J. Smith uit

Stellenbosch.

[151]

Op Des. 1917 skrywe hy aan dr. J.D. du Toit: “Wel, wat die twee soorte punktuasie betref — die grammatiese sisteem word gebruik deur die Duitsers, die fonetiese deur die Engelse en Franse. Tot onlangs was die Hollandse punktuasie grammaties en ons vind die sisteem dan nog altyd in die Statebybel, en in die Psalm- en Gesangboek.

Die nuwe Hollandse skrywers bedien hul egter nou gewoonlik van die fonetiese sisteem, en veral die Vereenvoudigers skyn die te huldig. Dit wil natuurlik nie sê dat die Hollandse fonetiese sisteem identies is met die van die Engelse nie, en daar is op verskillende puntjies van ondergeskikte belang verskille aan te wys. ‘Die tafel wat ek op die vendusie gekoop het is stukkend’ sou die Engelse en Franse sonder enige komma skrywe. Die nuwe Hollandse fonetiese sisteem sit egter gewoonlik 'n komma na ‘gekoop het’. Die ou grammatiese sisteem het twee kommas: een na ‘tafel’ en een na ‘gekoop het’. Die oplossing of opkoms van die fonetiese sisteem in Hollands is ongetwyfeld 'n direkte gevolg van die nuwere taalinsigte en taalmetodes wat natuurlikheid bo kunsmatigheid stel ...

M.i. moet ons ook die fonetiese punktuasie in ons taal aanneem. Die ou sisteem met al sy kommas, kan in 'n kort taal soos Afrikaans soms erg hinderlik word, b.v. ‘A1, wat jy sê, is waar.’ Maar daar is m.i. nog 'n ander vername rede vir die aanname van die fonetiese sisteem. Die korrekte gebruik van ‘nie’ hang daarmee ten nouste saam. Als ek 'n komma sit tussen elke grammatiese sinsdeel, dan kan ek al gou in die slegte gewoonte val om die 2de NIE, nie op sy behoorlike plek te sit nie, maar in die grammatiese sin waar hy logies tuishoort: ‘Ek wil nie sê nie dat dit waar is nie’.

Die proewe van die Bybelvertaling wat ek gekry het, gebruik albei sisteme deurmekaar — d.w.s. daar is geen ^[152] sisteem nie. Ek gee 'n paar voorbeelde met enkele wenke ooreenkomstig die fonetiese sisteem. Joh. i:3 ‘A1 die dinge is deur Hem gemaak en sonder Hem is ook nie een ding gemaak, wat gemaak is nie.’ (Sit komma na die eerste gemaak en laat komma na die tweede ‘gemaak’ weg.)

Joh. 1:9 ‘Dit was die waaragtige lig, wat elke mens verlig, wat in die wêreld kom’ (Die tweede komma moet weg.).

Hosea 2:7 ‘Sy beken tog nie, dat Ik aan haar die koning ... gegee het nie’ (Laat komma na ‘tog nie’ uit.).

Jona 1:3 ‘Hy ... kry 'n skip, wat naar Tarsis gaan’ (Laat die komma weg.).

Die proewe van Jona het veels te veel kommas. Ook Johannes het heel wat verbetering nodig. Hosea vind ek veel beter, en daar is waarlik nie veel oor die punktuasie aan te merk nie ...

Ek sit nou nog aan die proewe van die Bybelvertaling. Dit is my waarlik 'n interessante stuk werk en ek lees dit met graagte. Ongelukkig is my tyd so beperk dat ek nie na behore alles kan oordeel nie.

Maar op een punt wil ek u darem tog nog wys. Ek word al meer en meer oortuig dat ons ons skryftaal so natuurlik moontlik moet maak, sonder om dit in laaghede en plathede te laat verval. Daarom voel ek al meer en meer dat *ek, as, na, bring, dink* — wat ons tog per slot van rekening almal sê — die vorme van ons skryftaal moet wees.

Soos u weet is ek in vele sake erg konserwatief, en als ek verander dan geskied dit dikwels na lang twyfel en lang soek en

ondersoek. Als ons Bybel die genoemde vorme opneem, is die saak ook somar dadelik beslis, terwyl dit andersom nie die geval sal wees nie.

Neem U, *ik, als, na, bring en denk*, dan sal daar nog altyd skrywers wees wat die natuurlike uitspraak sal weergee. En presies dieselfde geld vir *Hem*. Die onderskeid [153] wat die proewe probeer maak tussen *Hem* en *Hom* is vir my altans uiters kunsmatig, en ek sien bepaald nie in waarom *Hom* nie orals kan dien nie. Teen *Soon* het ek geen besware nie. Die woord word dikwels in verhewe styl gehoor.”

As in aanmerking geneem word dat hierdie wenke byna almal aangeneem en toegepas is, kan dit al as 'n aanduiding dien van die groot nut wat die vertalers getrek het uit die belangstelling en hulpvaardigheid van die taaladviseurs.

Dit was eers gedurende die derde periode in die geskiedenis van die Bybelvertaling dat die invloed van die taaladviseurs sterker sou deurwerk in die Bybeltaal. In die begin het dit ook nog maar met 'n sukkelgang gegaan, hoofsaaklik omdat daar nie die nodige samewerking tussen die taaladviseurs onderling en tussen hulle en die vertalers was nie.

Na aanleiding van die proefuitgawe van die Vier Evangelies en die Psalms skrywe dr. W M.R. Malherbe, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, op 20 Feb. 1923 'n brief aan ds. C.F. Kies, sekretaris van die Breë Kommissie vir Bybelvertaling, waarin hy die besluit van die Akademie bekend maak: “Dit is op voorstel van Minister Malan, gesekondeer deur Prof. Brummer sonder teestem deur die vergadering aangeneem, wat op 17 Feb. 1.1. hier op Stellenbosch byeengekom het: ‘De Akademie neemt met simpatieke belangstelling kennis van de poging die werd aangewend om de

Nederlandse State-Bijbel in het Afrikaans over te zetten. Hij vertrouwt dat deze zaak de ondersteuning en medewerking niet alleen van ernstige mannen op theologies gebied, maar ook van bevoegde taal- en letterkundigen zal blijven genieten. Hij verwelkomt deze verzekering van de Vertalers in hun Woord Vooraf, dat deze slechts een proefnemingsuitgave is en is ook van oordeel vooral met het oog op de snel voortgaande ontwikkeling van ^[154] ons volk en taal, dat het onwenslik zou zijn deze poging te beschouwen als de gezaghebbende overzetting van de Bijbel in het Afrikaans, en hij verklaart zich bereid indien daartoe aangezocht door de vertalers, een Kommissie van taal- en letterkundigen uit zijn midden te benoemen ten einde hen met raad te dienen.”

Die Breë Kommissie het geen antwoord hierop gegee nie. Daarom het Gustav S. Preller, die nuwe sekretaris van die Akademie, weer 'n skrywe op 10 Jan. 1924 gerig aan ds. J.D. Kestell, voorsitter van die Bybelvertalingskommissie “om te informeer of u tans enige meedeling dienaangaande aan die Akademierraad te make het.”

Ds Kestell antwoord op 24 Jan. 1924 dat die Breë Kommissie besluit het om die volgende professore te vra “om die Afrikaans van die vertaling te lees en daaroor te adviseer: Drs. D.F. Malherbe, J.J. Smith, T.H. le Roux en S.P.E. Boshoff. Meen die Akademie dat daar name moet bygevoeg word, dan sal die Kommissie dankbaar wees om van die Akademie 'n lys van name te ontvang.”

So gou en haastig het die taaladviseurs nie aan die werk gegaan nie. Hulle was dan ook baie besige professore. Op 22 Des. 1924 het ds. Kestell aan dr. J.D. du Toit geskryf: “U MS. *Levitikus* het ek na Dr. Malherbe geneem. Hy sê dat hy nou nie daaraan kan werk nie. Eers oor 'n maand sal hy dit kan doen. Hy

het my gevra om dit aan Dr. le Roux of Dr. Boshoff te stuur; nie aan Prof. Smith nie, omdat hy vir 'n jaar na Europa gaan.”

Aan mnr L.J. du Plessis, sekretaris van die Bybelvertalers, het prof. J.J. Smith (27 Aug. 1925) geskryf, dat hy “nog net Eksodus gehad het”, en dr. Malherbe het geantwoord: “Dit lyk nie moontlik om hierdie kwartaal aan die boek Eksodus te raak nie. My kollege- en ander werksaamhede laat dit nie toe nie. Voor die vergadering het ek net ^[155] enkele kapitels *vlugtig* gelees. Julle sal ons moet losmaak. Al raad.” (17 Maart 1926).

Al het dit moeilik gegaan, tog was daar nie genoegsame rede vir pessimisme nie. Die taaladviseurs het baie aanmerkings gemaak en gestuur aan die betrokke vertalers. Die taak van die vertalers was om uit te maak wat daar werklik in die Hebreeuse teks van die Ou-Testament en die Griekse teks van die Nuwe-Testament staan, en dit dan in Afrikaans te vertaal. “Daarmee skyn die saak vir die gewone leser afgehandel te wees. Maar die saak is nie so eenvoudig nie, veral nie as 'n deeglike en betroubare vertaling met enige letterkundige waarde verlang word nie. En met iets minder kan en mag ons nie tevrede wees nie. Die taaladviseurs moes die vertalers gevolglik van advies dien om die vertaling in die beste en suiwerste Afrikaans te stel. Daar was hierby dus gemoeid kwessies van spelling, woordvorm, woordkeuse, sinswending, sintaksis, idioom, ens.” (Dr. S.P.E. Boshoff in Die Vaderland, 10 Junie 1933.)

Die prosedure was om enkele Bybelboeke aan sekere taaladviseurs te stuur, soos dit deur die vertalers in Afrikaans vertaal is, om gekeur te word. Dan het die adviseurs bymeekaargekom om algemene gesigspunte te bespreek en hulle aantekeninge soos aan die Vertalers gestuur is, vergelyk. Die punte waaroor eenstemmigheid heers, word dadelik in 'n gesamentlike vergadering aan die Bybelvertalers vir leiding en advies gegee.

Ander punte word bespreek totdat eenstemmigheid bereik is of anders as persoonlike gesigspunte in afsonderlike rapporte voorgelê. Op die laaste vergadering is nog alleen tipiese moeilikhede behandel.

“Op die laaste twee byeenkomste,” sê dr. D.F. Malherbe in 'n persoonlik gesprek, “het allerhande vraagtekens gekom met die revisie van vertalings, en vrae deur die ^[156]Vertalers self gestel. Volledig is in die Evangelies nagegaan die gebruik van *vir* en die dubbele *nie*.

Dikwels kon die taaladviseurs dit oor allerlei kwessies nie met mekaar eens word nie. Die spellingstryd van 'n paar jaar gelede het seker nog die heersende mening dat dit maar 'n kwaal van taalgeleerdes is, by die publiek kom versterk. Maar ook die vertalers was dit nie altyd met mekaar eens nie, en teoloë staan nie vir taalgeleerdes in gebrek aan eenstemmigheid agter nie! Daarvan het die publiek tog seker ook oortuigende bewyse genoeg gehad. En dan was daar nog meermale meningsverskille tussen die twee groepe van arbeiders, naamlik tussen die vertalers en die taaladviseurs.

Maar daar was allerweë 'n goeie wil en heelhartige toegewydheid aan 'n saak van groot nasionale betekenis. Niemand het homself in die werk gesoek nie, sodat dit nooit aan hartlike samewerking ontbreek het nie. Die meningsverskille het alleen gedien om groter duidelikheid en nougesetheid in die hand te werk en het die vertaling dus ten goede gekom. Vir die taalvorm waarin die Bybel vandag in Afrikaans verskyn, moet die vertalers die uiteindelijke verantwoordelikheid dra. Die taaladviseurs was maar raadgewers en het natuurlik g'n finale seggenskap gehad nie. Hulle was bly om te kan help en het dit alleen betreur dat hulle nie meer tyd daarvoor beskikbaar gehad het nie.”

Op 'n jaarvergadering van die Akademie in Nov. 1923 het dit geblyk dat sommige lede daarvan nie baie tevrede was met die wyse waarop die Bybel vertaal is nie. So het mnr. F.S. Malan gevra watter waarborg daar bestaan dat die vertaling verrig word behalwe deur vrome manne wat nie alleen vir 'n gangbare oorsetting sal sorg nie, maar ook vir 'n artistieke vertaling. “Proeve van die vertaling wat spreker onder die oog gekom het, gaan mank aan groot ^[157] tekortkomings. Dit wil hom voorkom dat daar nie alleen tussen die Akademie en die Vertalers, maar ook tussen die vertalers onderling geen voldoende samewerking bestaan nie.” (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Nov. 1925).

Prof. dr. S.P.E. Boshoff het gesê “dat ook hy o.a. die gemis aan samewerking en aan koördinasie van die arbeid voel. Daar is gebrek aan samewerking tussen die vertalers onderling. Dit maak dat die werk daaronder ly, omdat daar geen ooreenkoms bereik kan word oor selfs die kleinste taalkundige voorwaardes nie ... Verskillende rewiseurs raadpleeg verskillende taalkundiges wat herhaaldelik al oor een en dieselfde punt — soos geredelik te begrype is — verskillende adviese uitbring.”

Prof. dr. Th. le Roux het die vertaling van Exodus deur-gelees, “en dit sou hom baie leed doen vir die Afrikaanse taal, as die vertaling in die gedaante waarin hy dit gesien het, moes deurgaen. Hy het in die vertaling aanleiding gevind tot eindelose op- en aanmerkings. Prof. Boshoff het gewys op gebrek aan saamwerking, maar selfs waar die verkry word, waar vertalers advies vra en kry van taaladviseurs, weet laasgenoemde nog nie in hoever die vertalers hulle aan die gegewe adviese gaan hou nie ...”

“Prof. dr. D.F. Malherbe sê dat die moeilikheid is dat die vertalers hul krampagtig vasklem aan die oerteks. Dit moet *per se* 'n onbetwisbare weergawe van die oorspronklike wees tot in

alle besonderhede. Dit het al gebeur dat spreker beswaar maak teen sekere vertaling uit puur taalkundige standpunt, maar dat dit verdedig word op grond van die oorspronklike. Die vertalers stel hul op die standpunt dat dit geen kwessie is van Afrikaans nie, maar van 'n weergawe van die oorspronklike teks. Adviseurs en vertalers moet konfereer.”

[158]

“Prof. J.J. Smith verheug hom ook daaroor dat die saak hier ter sprake gebring word, deurdat vertalers sowel as taaladviseurs onafhanklik van mekaar werk, terwyl daar allerlei punte is waaroor hulle behoort te konfereer, sê nou maar die punktuasie, oor dinge soos die dubbele negatief en die juiste plek waar die laaste *Nie* geplaas moet word, oor verouderde uitdrukkings, soos *Koninkryk der Hemele* en meer dergelike. Dit is van groot belang, afgesien heeltemal van die artistieke gehalte van die vertaling dat daar ooreenkoms bereik word oor dergelike klein puntjies.”

'n Voorstel gemaak deur mnr. F.S. Malan en gesecondeer deur mnr. J.S.M. Rabie is algemeen aangeneem, nl. “Die Akademie neem met genoeg kennis van die aanstelling van vier van haar lede as taaladviseurs in verband met die Bybelvertaling, maar is van oordeel dat die adviseurs meer in voeling met mekaar en met die vertalers behoort te werk, en beveel aan dat stappe in die rigting geneem sal word.”

Hierdie voorstel van die Akademie het 'n oneindige geskryf in De Kerkbode van 1925 uitgelok. Die redakteur sê selfs in 'n hoofartikel: “Dit alles klink sonderling. Immers die twee hoofvertalers is manne wat hoog staan in die Afrikaanse letterkundige wêreld. Maar waarskynlik is die verwysing hierbo nie na hulle werk nie ...”

Hierteen teken mnr. L.J. du Plessis protes aan: “Dis seker baie jammer dat die moeilike werk van Bybelvertaling wat reeds so gedruk is deur onwil of onvermoë by persone wie se saamwerking gesoek is, en deur die algemene traagheid in verband met die versameling van fondse, nou nog in 'n slegte daglig gestel is deur die lughartige kritiek van Akademielede, soos gerapporteer in die openbare pers, en nog erger, deur u invloedryke blad ... Die taaladviseurs het op die tyd van die vergadering nog net kennis geneem van die volgende stukke van die vertaling: Proff. le Roux ^[159] en Malherbe van *Eksodus*; Prof. Malherbe ook van *Levitikus*; Prof. Smith van *Deuteronomium* en dr. le Roux van *Numeri*. Miskien het Prof. Boshoff ook reeds kennis geneem van *Romeine* tot *Korinte*, en Prof. Smith van *Galate* tot *Filemon* ...

Nou het die vertalers nog net advies ontvang van Proff. Smith en Malherbe, en hulle algemene oordeel was besonder gunstig: Prof. Smith b.v. het oor Eksodus gesê: “Oor die algemeen is ek baie gunstig getref deur die vertaling van Eksodus. Die taal is verhewe en die vertaling van die tien gebooie is m.i. goed geslaag ...” Prof. dr. D.F. Malherbe het o.m. geskrywe: “Laat my dadelik sê dat die Afrikaans my aangenaam aandoen, al is Levietikus seker een van die minder moeilike boeke uit die oogpunt van konstruksie.”

Op 27 November 1926 het die Akademie weer 'n jaarvergadering gehou waarop die Voorsitter, dr. D.F. Malherbe, meedeel dat die verteenwoordigers van die Akademie 'n samespreking gehou het met enkele vertalers op 11 en 12 Feb. 1926, en dat die toestande waaronder die werk nou gedaan word verbeter is. Daar is belangrike besluite geneem “tot verkryging van eenvormigheid in die beoordeling van vertaalwerk deur taaladviseurs. Hierdie samekoms het ongetwyfeld veel nut

gestig.”

Op hierdie konferensie te Bloemfontein was aanwesig: Prof. J.D. Kestell en dr. J.D. du Toit as eindvertalers, dr. H.C.M. Fourie was verhinder en dr. van Rooyen deur 'n misverstand afwesig; Proff. J.J. Smith, Boshoff en Malherbe as taaladviseurs, (prof. le Roux was verhinder); verder die lede van die daaglikse Bestuur: di. P. Boshoff, C.W.M. du Toit, mnr. H.J. Otto en mnr. L.J. du Piessis as sekretaris van die kommissie van vertalers.

[160]

Die taaladviseurs moes nou eers terugkom op hulle woorde in die Akademievergadering van Nov. 1925. Alles het neergekom op 'n ontkenning van die juistheid van die gedeeltes in die bedoelde persverslae, wat die indruk kan wek dat sprekers ongunstig geoordeel het oor die huidige Bybelvertaling as sodanig.

Dr D.F. Malherbe het bv. gesê: “Die kwessie van Bybelvertaling is destyds behandel met die oog op beter samewerking tussen taaladviseurs en vertalers, sodat eenvormigheid in die versorging van die taal kan bereik word. My eie woorde soos gerapporteer in die Akademieverslag, nl. dat dit by die vertalers geen kwessie van Afrikaans is nie, maar van 'n weergawe van die oorspronklike teks, het geen betrekking gehad op die korrektheid van die taal as sulks nie, maar raak alleen die beginsel aan waarop die vertalers hul stel ten opsigte van die oorteks. Die taal van die proewe wat onder my oë gekom het, was ongetwyfeld van 'n gehalte wat hoër is of net so hoog as enige boek wat ons vir eksamens voorskryf.” (De Kerkbode, 24 Feb. 1926.)

Prof. Smith het verklaar dat hy net gepleit het vir die geleentheid dat vertalers en adviseurs bymekaar moet kom om

vooraf algemene reëls op te stel vir sulke gedurige voorkomende sake soos die gebruik van die dubbele ontkenning, die meervoudsvorme van adjektiewe (dooie of dooies), ens.

Hierna het hulle allerlei taalkwessies bespreek waaroor daar meningsverskille bestaan het tussen die adviseurs onderling of tussen die vertalers en adviseurs. As basis is geneem die vertaling van Eksodus en die adviseurs se opmerkinge daarby.

Op baie moeilike kwessies is deur hierdie tweedaagse same-spreking meer lig gewerp; ander het voorlopig nog ^[161] onbeslis gebly. Ook is die werkwyse van die taaladviseurs vir die nabye toekoms bevredigend vasgestel.

Op die jaarvergadering van die Akademie op 24 Sept. 1927 het die adviseurs gerapporteer dat die nodige samewerking met die vertalers nou verkry is. Ook het die taaladviseurs 'n gedeelte van die werk nagesien. “Maar 'n mens voel dat die enigste manier waarop die Akademie se hulp doeltreffend kan wees, is om 'n paar adviseurs vir 'n tyd altans los te maak van hul beroepsarbeid dat hul aandag uitsluitlik aan die nasien van die vertaalwerk gewy kan word.”

Op dieselfde vergadering is ook deur verskillende persone gepleit dat die Akademie die reiskoste sal dra van die adviseurs. Die Raad het besluit: “Die Akademie betaal die reiskoste van die rewiseurs en £1 per dag per lid solank as die werksaamhede duur, met die verstande dat die totale bedrag geen £50 per lid te bowe gaan nie.” (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Des. 1927.)

TAALADVISEURS.



PROF. DR. D.F. MALHERBE.



PROF. DR. S.P.E. BOSHOFF.



PROF. J.J. SMITH.



PROF. DR. T.H. LE ROUX.

Toe die Akademie in Okt. 1929 byeengekom het, het dr. Engelbrecht verklaar dat hy die proewe van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling gelees het met groot genoë. Hy stel voor 'n mosie van waardering en dank vir die groot werk reeds verrig deur die Bybelvertalingskommissie en deur die taaladviseurs van die Akademie, insover as hulle hiermee behulpsaam was.

§6. *Vertaalmoeilikhede en Bybeltaal.*

“Aan moeilikhede het dit die taaladviseurs nie ontbreek nie, intendeel hulle was legio. Dikwels was dit bv. maklik genoeg om uit te maak wat om in 'n bepaalde geval in Afrikaans te sê, en tog kon dit nie klakkeloos so neergeskrywe word nie. Enersyds moes houderige deftigheid en andersyds ^[162] alte gemeensame natuurlikheid en platheid vermy word — op gevaar af van 'n kleurlose resultaat te verkry. Daarby moes sonder om die frisheid van die Afrikaanse volkspraak en die oorspronklikheid van die eie beeldspraak geweld aan te doen, enigsins rekening gehou word daarmee waaraan die Afrikaanse volk nou eenmaal in sy Hollandse Bybel gewoon was, aan wat in Bybelse woordkeuse, segswyse en spreekwoord tradisioneel geword het. Teenstrydige uiterstes van taalgebruik en smaak moes veelal met mekaar versoen word. Dit was nie uitsluitend 'n saak van kennis van Hebreeus en Grieks nie, selfs nie in die besonder van Afrikaans nie, maar heel dikwels 'n kwessie van goeie smaak. En tog moes gedurig voor oë gehou word dat die Bybel 'n volksboek is, en behoort te wees, 'n boek wat vir almal in taaluiting toeganklik moet wees, en dat die nie in die eerste plaas vir 'n afgeleefde geslag wat met die Hollandse Bybel groot geword het, vertaal word nie, maar veral vir die jonger geslag wat die as 'n eie nasionale erfenis moet aanvaar. Neem bv. die volgende vergelykinge:

- (1) Uit Hollands: Gy zult een volkomen lam hebben, een

manneken, een jaar oud. (Ex. 12 vs. 5.)

(2) In Afrikaans: Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaar oud rammetjie. — Waar Jesus teen Herodus gewaarsku word, sê hy:

(1) Hollands: Gaat heen en zegt dien vos ...

(2) Afrikaans: Gaan vertel daardie jakkals ...

Ons het hier onvervalste volkspraak en dit lyk my asof daar geen redelike besware ten opsigte van smaak hierteen aangevoer kan word nie. Dan sou 'n mens bv. ook in Psalm 23 soiets as 'knopkierie en haakstok' wou lees in plaas van die min of meer kleurlose 'stok en staf', want ook die [163] beeldspraak word hierdeur duideliker, maar hier verbied die goeie smaak asook die tradisie 'n woordkeuse waarteen op sigself natuurlik 'g'n beswaar kan bestaan nie' (Die Vaderland, 10 Junie 1933).

Dr H.C.M. Fourie, een van die vertalers van die Bybel in Afrikaans, het voor die vereniging Ons Taal in Bloemfontein op 27 Junie 1925 'n lesing gehou oor die Bybelvertaling. Hy het daarop gewys dat sy Afrikaans (as die van 'n Transvaler) verskil van die van sy medevertalers. Hy moes 'n hele paar keer uitgelag word as hy sulke vorme soos *hoe* en *oe* of *hõe* en *õe* vir *hoë* en *oë* gebesig het. Die moeilikheid het ontstaan deurdat in Transvaal die vorm *hoge* en *oge* gebruik word.

In een geval het hy daarin geslaag om sy taalvorm gehandhaaf te kry, in weerwil van sy medewerkers se gelag: "Josua het oor Skerpioen-nek getrek." Sy helpers wou iets anders in die plek van *nek* gehad het, maar die taaladviseurs het dr. Fourie gelyk gegee. Op 'n ander plek moes hy sy vorm *rooidag* prysgee vir *daeraad*. Uiteindelik is egter besluit om *dageraad* te gebruik. Op dieselfde manier moes hy ook sy

Transvaalisme *bekwaald prysgee* vir die uitdrukking *vol van kwale*.

Een van die neteligste vraagstukke waarmee die vertalers en adviseurs te doen gekry het, was ongetwyfeld die mate van deftigheid wat hulle in die Afrikaanse Bybel in aanmerking moes neem. In 'n hoofartikel wys Die Volksblad daarop dat die oorgrote meerderheid van die volk sal verlang dat die Afrikaans van die Bybel 'n deftige kleur moet hê, wat dit iets bokant die peil van die alledaagse spraak sal verhef. “In die Bybel verwag die gevoelige leser in die eerste plaas 'n plegtige en verhewe toon, in ooreenstemming met die hoë aard van die onderwerp.” (14 Nov. 1927.)

[164]

Die vraagstuk hoe om *Zoon des Mensen* te gebruik in Afrikaans kan ons enigszins 'n beeld gee van die aard van sommige moeilikhede. Ons kan nog daarop wys dat *Soon des Mensen* 'n geykte term is. Vir ons taalgevoel het dit alreeds 'n aparte eenheid geword — één begrip, net soos Jesus Christus vir een persoon staan. So 'n uitdrukking kan op dieselfde voet gestel word met een wat wel in die Bybel behou is: op die titelblad lees ons: “Die Nuwe Testament ... van *Onse Here Jesus Christus*.”

Dr D.F. Maiherbe het in 'n toespraak op Edenburg gesê dat die uitdrukking *Soon des Mensen* nie verder kan verafrikaans word nie. As dit nog meer Afrikaans sou gemaak word sou ons die agterstevoor toestand kry dat die skryftaal verder ontwikkel sou wees as die spreektaal.

“Nou skyn daar 'n neiging onder sommige van ons taalgeleerdes te wees om die skryftaal op die spreektaal te laat vooruitloop, en dit nogal in die Bybel. Die verbanning van allerlei pittige en kragtige woorde en uitdrukkinge uit die Bybeltaal, wat

in die mond van ons mense geleef het en nog leef, sou 'n moedswillige verarming van ons taal wees en afbreuk doen aan die waardigheid van die Heilige Skrif. Die skynbaar kragtige argument van manne soos dr. B.B. Keet, kan tog nie hierteen opweeg nie: 'Ons het gevoel ons wil graag 'n Afrikaanse Bybel lewer en nie 'n Half-Nederlandse nie ...' Terwyl dit alleen deur gewoonte is, sal ons ook weer daaraan gewoond word om die Afrikaanse woorde en terme te gebruik en met verloop van tyd sal dit vir ons meer natuurlik wees as die Nederlandse woorde waaraan ons nou gewoond is ... *Seun van die Mens* beskou ons nie as plat in vergelyking met *Soon des Mensen* nie. Baie hang daarvan af hoe jy dit uitspreek" (Die Volksblad, 22 Junie 1928).

Mnr L.J. du plessis beskou *Soon des Mensen* as 'n ^[164] "taalkundige gedrog". "Wat is dit beter as *Mense-seun* bv. of die *mens se seun*? As u *Soon des Mensen* wil hê, dan natuurlik ook *Heer der Here(n)*, *Koning der Koninge(n)*, *Hemel der Hemelen*, *Man des Bloeds*, ens., ens. Waar gaan u eindig?" (Die Volksblad, 23 Nov. 1927.)

"Te grote konserwatisme op hierdie gebied," voer mnr. L.J. du Plessis aan, "kan beteken dat die vertaling verouder is. Daar word nie vertaal vir die ouer geslag nie, maar vir die opkomende, soos prof. Kestell onlangs tereg opgemerk het, en vir hierdie opkomende geslag sal die Bybel nie deur sy purisme onaangenaam wees nie, maar wel deur sy konserwatisme, gesteld dat die een of die ander oordryf word. Die Bybelvertaling moet die Afrikaanse godsdiensttaal *maak*, met gebruikmaking van die materiaal wat reeds bestaan, en nie deur klakkelose oornames van sogenaamde geykte terme van die Nederlandse Bybel nie ... Laasgenoemde word verrykking genoem, maar is inderdaad 'n erbarmlike en onnodige openbaring en bestendiging van armoede ..." (Die Volksblad, 23 Nov. 1927.)

Die Volksblad het in dieselfde uitgawe skerp hierop gereageer: “Die bekleër van so 'n invloedryke posisie (sekretaris) kom openlik uit vir die standpunt dat konserwatisme in hierdie verband verkeerd is en dat ons Bybeltaal op die spreektaal moet vooruitloop, m.a.w. dat die Afrikaanse Bybel platter woorde en vorme moet besig as wat die meeste opgevoede Afrikaners in hul spraak gebruik. 'n Geykte uitdrukking soos *Soon des Mensen* word in die ban gedoen ten gunste van 'n wankelende nuwe vorming soos *die mens se seun*. Dis veelbetekenend dat die briefskrywer self nie weet of dit nie ook dalk moet vervang word deur die woord *Mense-seun* nie. In dergelike onsekerhede beland 'n mens wanneer die konserwatiewe standpunt verlaat word en die aweregse stelling verkondig word dat die oorboord gooi van ^[166] alle woorde en vorme wat nie elke môre aan die ontbyttafel gehoor word nie, verryking i.p.v. verarming van die taal is. Volgens hierdie redenering is die hele Afrikaanse taal alleen van waarde in sover dit van ons bestaande Bybel afwyk!

Op filologiese gronde mag daar heelwat vir radikalisme in die taalvorm te sê wees, maar dat die belange van Kerk en Godsdienst daardeur sal gebaat word, is nouliks geloofbaar. Ons het hier te doen met oorwegings van sentiment en tradisie, waarteen 'n rasionalistiese argumentering, hoe taalkundig gegrond dit ook al mag wees, nie kan opkom nie. En selfs die taalkundige gegrondheid van die radikale standpunt is erg aanvegbaar. Dis geen kwessie van ‘oorname uit die Nederlandse Bybel’ nie. Daardie ‘Nederlandse’ Bybel is nou al byna drie eeue lank die Afrikaanse volk se Bybel en het vir 'n merkbare gedeelte in die vlees en bloed van die Afrikaanse taal oorgegaan” (Die Volksblad, 23 Nov. 1927).

Hoe dit sy, algemeen word erken dat die Afrikaanse Bybel die juiste toon getref het. En daarin word *Soon des Mensen*

gebesig.

§7. Die vertalings in Historiese Gang.

(a) dr. KEET SE PROEF IN 1914.

Die eerste vertaling van 'n baie klein gedeelte — slegs vier versies — van die Bybel in Afrikaans deur iemand uit die sog. Tweede Taalbeweging is gemaak deur prof. dr. B.B. Keet in 1914, met die doel om een van die stellings wat hy neergelê het in sy lesing voor die Stellenbosche A.T.V. te staaf. ‘Hierdie histories-belangrike vertaling is gemaak uit die Statebybel.

[167]

In sy lesing sê hy: “Die voorstelling kom gewoonlik daarop neer dat 'n Afrikaanse Bybel noodwendig plat moet wees, omdat die taal van die straat daarin moet gebruik word. 'n Mens sou graag wil weet waarom dit dan net met 'n Afrikaanse Bybel moet geskied en nie met 'n Engelse en Hollandse nie. Hierdie tale het tog ook hulle plathede — hulle Billingsgate en Jordaanse sprake. Miskien sou die beste bewys vir die verhevenheid van die Afrikaanse Bybeltaal wees om 'n voorbeeld aan te haal.” (Populair-Wet.-Leesboek, Deel II).

Jona 4:1—4. Ons stel dit hier in drie kolomme:

Hollands.	Afrikaans	Afrikaans (vandag).
<p>Dit verdroot Jona met groot verdriet en zijn toorn ontstak. En hy bad tot den Heere, en zeide: Och Heere! was dit mijn woord niet als ik nog in mijn land was? Daarom kwam ik het voor vluchtende naar Tharsis want ik wist dat Gij een genadig en barmhartig God zijt, lankmoedig en groot van goedertierenheid en berouw hebbende over het kwaad. Nu dan, Heere! Neem toch mijne ziel van mij, want het is mij beter te sterven dan te leven. En de Heere zeide: Is uw toorn billik ontstoken?</p>	<p>Dit het Jona groot verdriet aangedoen en hy word kwaad. En hy bid vir die Heere en sê: Og Heere was dit nie my woord nie, toe ek nog in die land was? Daarom het ek dit voorgekom en gevlug na Tharsis; want ek wis dat gy 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, wat berou het oor die kwaad. Nou dan, Heere! Neem tog my siel van my; want dit is my beter om te sterwe as om te lewe. En die Heere sê: Het jy reg om kwaad te wees?</p>	<p>Maar Jona was hieroor erg ontstemd, en hy het kwaad geword. Toe bid hy tot die Here en sê: Ag Here het ek dit nie gedink terwyl ek nog in my land was nie? Daarom het ek haastig na Tarsis gevlug; want ek wis dat u 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil. O Here neem dan nou tog my siel van my weg, want dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe. Daarop sê die Here: Het jy rede om vertoorn te wees?</p>

[167]

(b) EERSTE POGINGE IN 1916.

Ons herinner ons nog dat dr. J.D. du Toit in Het Kerkblad van 1916 'n reeks artikels oor Bybelvertaling gelewer het na aanleiding van dr. Grosheide se brosjure oor Bybelvertaling. In hierdie artikels het hy 'n verafrikaansing bepleit van die Statebybel, om verskillende redes. Daarop het daar in 1916 proewe van 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel verskyn soos bewerk deur ds. W. Postma, dr. J.D. du Toit, prof. F. Postma en

prof. N. Brummer.

Dr J.D. du Toit laat Jesaja 34 van vers 5 tot 17 afdruk. Hy skryf daarby o.m. “Hierdie vertaling is gemaak op die standpunt deur die skrywer in syn slotartikel oor Bybelvertaling uiteengesit en verdedig. Onse Statenvertaling word letterlik gevolg. Nergens word daarvan afgewyk nie. Waar teenwoordig 'n ander vertaling gevolg word vind dit in die aantekeninge 'n plek, met die bedoeling om die aantekeninge later in die kant op te neem. Opsetlik werd 'n Skrifdeel gekose waarin heel veel vertaalmoeilikhede voorkom ...”

Jesaja 34.

6. Die Heere se swaard is vol van bloed; dit is vet geword van vet, van die bloed van lammers en van bokke, van die vet van ramme se niere: want die Heere het 'n slagoffer in Bosra en 'n grote slagting in die land van die Edomiete.
7. En die eenhorings sal met hulle afgaan, en jonge bulle met die bulle; (aant. en die buffels stort met hulle neer) en hulle land sal deurdrenk wees van die bloed en hulle stof sal vet gemaak word van die vet. ^[169]
8. Want dit sal wees die dag van die Heere se wraak, 'n jaar van vergelding om Sion se twissaak.
9. En hulle stroompies sal in pik verander word en hulle stof in swawel; ja, hulle aarde sal tot brandende pik word.
10. Dit sal snags of bedags nie uitgeblus word nie, tot in ewigheid sal sy rook opgaan; van geslag tot geslag sal dit woes wees, tot in eeuwigheid van eeuwigheede sal niemand daardeur gaan;
11. Maar die reier (aant. pelikaan of krogans) en die naguil (aant. ystervarkie) sal dit erflik besit, en die roofvoëls en die kraai sal daarin woon; want Hy sal 'n messelwyn van woestheid oor hulle trek, en 'n skietlood van ledigheid.

Dr F. Postma gee 'n proef van die vertaling van Joh. 2. Hy verduidelik sy standpunt as volg: “Die hoofdoel moet wees om die Bybel wat ons *ken* in Afrikaans te vertaal, m.a.w. die vertaalde Afrikaanse Bybel moet nie en mag nie die indruk wek nie dat die Bybel nou anders is ...”

Johannes II.

1. En op die derde dag was daar 'n bruilof in Kana van Galilea, en die moeder van Jesus was daar.
2. En Jesus was ook genooi en sy dissipels na die bruilof.
3. En toen die wyn ontbreek het sê die moeder van Jesus vir Hom: hulle het nie wyn nie.
4. En Jesus sê vir haar: wat het ek met u (te maak) vrou ? My uur is nog nie gekom nie.
5. Sy moeder sê vir die knegte: al wat Hy vir julle sê doen (dit). ^[170]
6. En daar was ses waterkanne van klip geplaas volgens die reiniging van die Jode (en) elk het twee of drie metrete bevat.
7. Jesus sê vir hulle: Maak die waterkanne vol met water. En hulle het hulle tot bo volgemaak.
8. En Hy sê vir hulle: skep nou uit en bring dit na die hofmeester, en hulle het dit gebring.
9. En toen die hofmeester die water wat wyn geword, geproe het en hy het nie geweet nie waarvan dit is (maar die knegte wat die water geskep het, het dit geweet) roep die hofmeester vir die bruidegom.
10. En sê vir hom: Elke mens sit eers die goeie wyn op en als hulle baie gedrink het, dan die wat slegter is: U het die goeie wyn tot nou toe bewaar.

Van die hand van prof. N. Brummer van Stellenbosch het daar in Het Kerkblad van 1 Nov. 1916 'n vertaling verskyn van

die brief van Jakobus. 'n Vergelyking met die Statebybel sal aantoon dat prof. Brummer uit die oorspronklike vertaal het.

Die Brief vir Iedereen van die Apostel Jakobus.

Hoofstuk 1.

1. Jakobus, dienskneg van God en van die Here Jesus Christus: aan die twaalf stamme wat ooral deur die wêreld verstrooi is, groetnis!
2. Beskou dit suiwere vreugde, myn broeders, wanneer julle in allerhande versoekings raak;
3. Omdat julle daar seker van kan wees dat die toets van julle geloof die vermoë tot volharding te weeg bring. ^[171]
4. Laat maar net die volharding 'n volkome uitwerking hê, sodat julle volmaak en kant en klaar mog wees — sonder enige foute.
5. En as enige van julle aan wysheid gebrek het, laat hom dit van God afbidde want Hy geef ruim aan elkeen sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegewe word.
6. Maar laat hom dit in geloof vra en daar nie aan twyfel nie, want die mens wat twyfel is soals die see wat deur die wind gedrywe, en op en neer geskommel word.
7. Die mens wat so is moet tog nie meen dat hy iets van die Heer sal ontvang nie.
8. So iemand is 'n mens met twee sinne, onbeslis by elke stap wat hy neem.

Titus 1.

Deur Ds. W. Postma.

5. Om die rede het ek jou op Kreta agtergelaat om reg te maak wat nog ontbreek en van stad tot stad ouderlinge aan te stël, soals ik jou beveel het.
6. As iemand onberispelik is, die man van één vrou (is), gelowige kinders het, wat nie van buitensporigheid beskuldig word nie, of ongereeldheid,
7. Want 'n opsiener moet onberispelik wees, als 'n huisversorger van God, nie eiesinnig nie, nie oplopend, nie dranklustig, nie 'n vegter, nie 'n vuilgewinsoeker nie,
8. Maar gasvry, 'n liefhêer van die goeie, verstandig, regvaardig, heilig, rein, ^[172]
9. Wat vashou aan die getroue woord, wat naar die leer is om in staat te wees én om te vermaan in die gesonde leer én om die teesprekers te weerlê.
10. Want daar is vele ongereëldde, ydelheid-sprekers en verleiers, viral die, wat uit die besnydenis is.
11. Wat die mond van gestop moet word; (mense) wat hele huise omkeer deur 'n leer wat nie bestaan nie, om vuil gewins wil.
12. Een van hulle, hulle eie profeet het gesê: Die Kretense is altyd leunagtig, slegte diere, luie buike.
13. Hierdie getuienis is waar. Daarom vermaan hulle skerp, sodat hulle gesond mag wees in die geloof.

(c) PROEWE VAN JOHANNES, JONA EN HOSEA.

Ek kon hierdie proewe nie in hande kry nie. Prof. I. Marais van Stellenbosch het in die Gereformeerde Maandblad 'n lang artikel daaroor geskrywe. Hy het o.a. gesê: “Er is veel in de

proeve, dat mij weldadig aandeed. De *verheven toon, de waardigheid* der vertaling trof mij al dadelik ... Ook verblijde het mij dat het persoonlik voornm. *Hem* (niet *Hom*) op den Heiland wordt toegepast; dat *Ik* niet vervangen is door *Ek*; dat hoewel het statige *Gij* verdwenen is in de meerderheid van teksten, het niet minder statige *U* gebleven is i.p.v. *Jy* en *Jou* uit de volkstaal ... Ook was het mij een vreugde dat *Soon* gebleven is in toepassing op den Heiland. *Seun* zou akelig klinken in de oren ...”

(d) DIE PROEFUITGAWE, 1923.

Hierdie vertaling is, soos bekend, gemaak uit die State-bybel met inagneming van die grondteks. Dit is dus ’n ^[173] vertaling van 'n vertaling. Laat ons Psalm 23 van die Proefuitgawe lê naas Psalm 23 van die laaste vertaling:

1923	1933
1. Die Here is my herder; my sal niks ontbreek nie.	1. Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie.
2. Hy laat my neerlê in grasryke weivelde. Hy lei my saggies aan seer stille waters.	2. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
3. Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spoor van geregtigheid om Syns Naams ontwil.	3. Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van die geregtigheid om Sy Naam ontwil.
4. Al gaan ek ook in 'n dal van die skaduwee van die dood, ek sou geen kwaad vrees nie; want U is met my; U stok en U staf, dié vertroos my.	4. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: U stok en u staf die vertroos my.
5. U dek die tafel voor my	5. U berei die tafel voor my aan-

<p>aangesig, teenoor my teenpartyders; U maak my hoof vet met olie; my beker is oorvloeïende.</p> <p>6. Ja, die goeie en weldadigheid sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.</p>	<p>gesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.</p> <p>6. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.</p>
---	---

Die Statevertaling.

1. De Heere is mijn Herder, mij zal niets ontbreken.
2. Hij doet mij nederliggen in grazige weiden; Hij voert mij zachtken aan zeer stille wateren.
3. Hij verkwikt mijn ziel; Hij leidt mij in het spoor der gerechtigheid om Zijns Naams wil.
4. Al ging ik ook in een dal der schaduwee des doods, ik zou geen kwaad vrezen; want Gij zijt met mij; Uw stok en Uw staf, die vertroosten mij.
5. Gij richt de tafel toe voor mijn aangezicht, tegen-over mijne tegenpartijders; Gij maakt mijn hoofd vet met olie; mijn beker is overvloeïende. [174]
6. Immers zullen mij het goede en de weldadigheid mij volgen ai de dagen mijns levens; en ik zai in het huis des Heeren blijven in lengte van dagen.

Dit moet opval hoe nou die samehang is tussen die Statevertaling en die proefuitgawe, en hoe groot weer die verskil tussen die proefuitgawe en die jongste vertaling. Vir die

vergelyking gee ons nog drie versies hieronder.

Mattheüs 12, vss. 22-24

Statevertaling	1923	1933
22. Toen werd tot Hem gebracht een van den duivel bezeten, die blind en stom was; en Hij genas hem, alzoo dat de blinde en stomme beide sprak en zag.	22. Toe word by Hom gebring een van die duivel besete, blind en stom; en Hy genees hom sodat die blinde en stomme sowel praat as sien.	22. Toe het hulle 'n duivelbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en Hy het hom gesond gemaak, sodat die blinde en stomme kon praat en sien.
23. En al de scharen ontzettekeden zich, en zeiden: Is deze niet de Zoon van David?	23. En al die skares verbaas hulle en sê: Is hierdie nie die Soon van Dawid nie?	23. En al die menig-tes was verbaas en het gesê: Is hierdie man nie miskien die Seun van Dawid nie?
24. Maar de Farizeën, dit gehoord hebbende, zeiden: Deze werpt de duivelen niet uit, dan door Beëlzebub, den overste der duivelen.	24. Maar die Fariseë hoor dit en sê: Hierdie een werp die duiwels uit nie anders nie, as deur Beëlsebub, die owerste van die duiwels.	24. Maar toe die Fariseërs dit hoor, sê hulle: Hy dryf die duiwels uit nie anders as deur Beëlsebub, die owerste van die duiwels nie.

(e) VOORVERTALERS EN HULLE POGINGE

Die enigste ander werk van die voorvertalers wat ek in hande kon kry is die vertaling van ds. J.F. Naudé van Graaff-Reinet. Van ds. Kies se werk kan ek, jammer genoeg, geen proef gee nie. Hy het die hele Pentateug voor-vertaal — Deuteronomium meen ek, uit die grondteks. ^[175] Ds. Naudé se vertaling kan volgens onderstaande beoordeel word — ek plaas dit naas die jongste Afrikaanse vertaling.

Algemene Brief van Johannes 2

Ds J.F. Naude, 1924.	1933.
<p>1. My kinder(tjies)! ek skryf hierdie dinge aan julle dat julle nie moet/mag sonde doen nie; en as iemand sonde doen, het ons 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Kristus, die Regverdige;</p> <p>2. En Hy is 'n versoening vir ons sondes; en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié (van die) hele wêreld.</p> <p>3. En hieraan weet ons, dat ons Hom ken, as ons Sy gebooie bewaar.</p> <p>4. Die, wat sê: Ek ken Hom, en Sy gebooie nie bewaar nie, die is 'n leuenaar, en in dié is die waarheid nie.</p>	<p>1. My kinders ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.</p> <p>2. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.</p> <p>3. En hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy gebooie bewaar.</p> <p>4. Hy wat sê: Ek ken Hom — en By gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.</p>

Albei hierdie vertalings is uit die grondteks gemaak, en afgesien van die spelling is daar haas geen verskil nie. Ons gee nog 'n voorbeeld hieronder:

Openbaring 2:10, 11

Ds J.F. Naude, 1924.	1933.
<p>10. Moenie bang wees vir die dinge wat jy sal ly nie, kyk, die duiwel sal sommige van julle in die gevangenis (tronk) werp dat jul(le) kan beproef (versoek) word; en jul(le) sal 'n verdrukking hê van tien dae. Wees getrou tot die dood toe en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.</p> <p>11. Wie 'n oor (ore) het, laat hom hoor wat die Gees tot die gemeente sê! Wie oorwen, sal deur die tweede dood nie beskadig word nie.</p>	<p>10. Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.</p> <p>11. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê. Die wat oorwin sal deur die tweede dood geen skade ly nie.</p>

[175]

(f) DIE VIER EVANGELIES EN DIE PSALMS, 1929,

In Junie 1929 het die Vier Evangelies en die Psalms in Suid-Afrika aangekom, 'n deel van die offisiële Afrikaanse Bybel en geen proefuitgawe meer nie. Dit is ook deur die B.B.B.G. uitgegee, met 'n mooi letter op fyn papier. Die afdelinge in paragrawe na die inhoud is met opskrifte in kursief voorsien, en bo-aan is ook vermelding van die dele in die ander evangelies waarin 'n mens dieselfde verhaal vind. Die Psalms is ook van 'n kort opskrif voorsien, en die vreemde en onverstaanbare uitdrukkings in die Nederlandse Bybel, soos b.v. by die begin van Psalm 56, is vervang deur 'n Afrikaanse vertaling: “Vir die musiekleier: op die wysie van ‘Die Duif van die ver Eikeboom’.” Ds. S.J. du Toit het in sy vertaling dit genoem “Vir die musiek-meester, op die wysie van ‘Die stomme Duif in die

ferre terpentynbome’.”

Die vertalers het nie verwag dat die lesers alles met instemming sal lees nie; hulle het kritiek verwag, wat dan ook nie uitgebrei het nie, maar dit was hierdie keer besonder simpatiek gewees. In die Voorwoord sê die voorsitter van die Kommissie: “Hierdie nuwe vertaling ... word uitgegee ingevolge 'n opdrag van die Kommissie wat insake die Bybelvertaling die Hollandse Kerk van Suid-Afrika verteenwoordig. Liewers sou die vertalers met hulle arbeid voortgegaan het totdat alles voltooi is, om dan die hele Heilige Skrif in ons moedertaal aan die Suid-Afrikaanse Kerke aan te bied. 'n Vertaalwerk van so 'n omvang moet in sy geheel oorsien en beoordeel word. Ook vir die leser sou dit meer bevredigend gewees het as hy, by eerste kennismaking, sy lektuur oor die hele Woord van God kon uitbrei. Ewenwel het voornoemde Kommissie geoordeel dat in die behoefte van die oomblik voorsien moet word. Die ^[177] vermelding van die feit dat alreeds 70,000 eksemplare verkoop is van die proefuitgawe van die Evangelies en Psalms — 'n uitgawe wat hiermee van die boekmark sal verdwyn — is seker die mees afdoende bewys dat daar 'n sterk begeerte by ons volk ontwaak het om die Woord van God in sy eie taal te kan lees. Vandaar dat die vertalers geredelik van hulle vaste koers afgebuig het om eers die uitgawe van die vier Evangelies en Psalms te versorg ...”

“Die lesers sal vind dat sekere uitdrukkinge — Hollandse wendinge wat soms nog met voorliefde gebruik word, maar wat minder goed invoeg in ons eintlike taalbeweeg deur die vertalers konsekwent in doodgewone Afrikaans oorgebring is. Hulle het gemeen hoe seer hulle Nederlands ook hoog skat en as taalmoeder waardeer, dat dit onreg is teenoor ons eie taal om 'n betreklik groot aantal vorme regstreeks uit die Hollandse Bybel

oor te neem, terwyl tog ons Afrikaans ten volle in staat is om dieselfde begrippe minstens net so korrek en duidelik uit te druk. Al wat dan ook van die Afrikaanse lesers gevra word, is dat hy nie te haastig moet oordeel nie, maar homself tyd gun om aan die nuwe, en dus enigszins vreemd-klinkende terme gewoon te word. Ook die vertalers moes dieselfde proses deurmaak ...”

En met hierdie laaste sin het die vertalers veel gevra en geëis. Hulle vra en verwag nie kritiek nie, maar onderwerping en simpatieke gebruik, totdat oor en oog en gemoed deur oefening aan die radikale Afrikaanse vorme sou gewen het.

As ons nou hierdie vertaling van die vier Evangelies en Psalms lê naas die van 1933 sal ons dadelik merk hoe weinig verskil daar is, veral as ons die spelling links laat lê. En tog skrywe dr. J.D. du Toit aan dr. Kestell op 14 Julie 1931: Ek moes baie in Pss. verander weens later besluite. In Evv. sal idem wel die geval wees. Wat ek ^[178] aangedui het, sal wel orals voorkom. Ek hoop dat u dit nog sal kan verwerk. *Heidene* moet tog klein *h* soos in O.T.. ook in Matt. 12:21. *Dissiepel* staan in nuwe Woordelys met een *s*! Wat moet ons nou doen ?”

Die veranderinge wat aangebring is, is ook oor die algemeen verbeteringe. In Ps. 119 vs. 9 is *Jongman* deur die mooier woord *jongeling* vervang. Trouens dis ook die woord wat in 1929 gebruik is in Ps. 148 vs. 12.

Ter vergelyking plaas ons hier weer twee lesings naas mekaar:

1929	1933
1. Die Here Is my herder; niks sal my ontbreek nie.	1. Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie.
2. In groen weivelde laat Hy my lê; by waters waar rus is, lel Hy my saggies.	2. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
3. Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.	3. Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van die geregtigheid om Sy Naam ontwil.
4. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: U stok en U staf dié vertroos my.	4. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: U stok en u staf die vertroos my.
5. U maak die tafel klaar voor my aangesig, teenoor my teenstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.	5. U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.
6. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here My in lengte van dae.	6. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here My in lengte van dae.

Op twee plekke kry ons verskillende vertalings, nl. by verse 2 en 5. Bepaald beter is die vertaling van 1933: “Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.” Die vertaling van 1929: “In groen weivelde laat Hy my lê.. ” wek die indruk van verlatenheid, asof die herder die skaap verlaat. Die Nederlandse vertaling: “Hij doet mij nederliggen in grazige weiden,” [179] en die Engelse: “He maketh me to lie down in green pastures,” is kousatief, en daarin sluit die vertaling van 1933 hom ook by hulle aan.

Dis byna onnodig om die twee vertalings van die Evangelies met mekaar te vergelyk omdat daar byna geen verskil op te merk is nie.

(g) DIE GETIKTE MANUSKRIPTE:

In die getikte manuskripte is daar talryke veranderings aangebring wat die taal betref op advies van taaladviseurs, enkele op advies van reviseurs, en ook deur die één vertaler in die werk van die ander — hulle het mekaar se werk nagesien, soos bekend is.

In die Manuskrip word *Korinthiërs* nog sonder die *h* gespel: *Korintiërs*. Die eerste vers lui as volg, vóór die veranderinge aangebring is: “Paulus, deur die wil van God geroep tot Apostel van Jesus Christus, en die broeder Sostenes ...” Die Bybel lees: “Paulus, ’n geroepe apostel van Jesus Christus deur die wil van God en die broeder Sosthenes.” Verder is daar ook verskil in die woordorde.

Vs. 11: “deur Gloë se huisgenote,” word vervang deur “deur die huisgenote van Gloë.”

Vs. 13: *gedeeld* word *verdeel*.

Vers 20: *Navorsers* word *redetwister*, en *wêreld* word *eeu*. Die *nie* word verwyder voor *dwaas*, en geplaas na *God*.

Vs. 25: lees oorspronklik: “Want die dwaasheid van God is wyser as die mense, en die swakheid van God is sterker dan die mense.” Na die verbetering: “Want wat dwaas is by God is wyser as die mense, en wat swak is by God is sterker as die mense.”

[180]

1 Kor. 13, vs. 1 lees in die Handskrif: “Al was dit dat Ek in

die tale van mense en engele spreek, en die liefde nie het nie, dan het ek 'n klinkende metaal geword of 'n luidende simbaal.” Na revisie: *Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek sou die liefde nie hê nie, dan het ek 'n klinkende metaal geword of 'n luidende simbaal.”*

En so kan ons die voorbeelde by die duisende vermenigvuldig. Trouens, ons weet dat die revisiewerk byna net so lank geduur het as die vertaalwerk self.

(h) DIE AFRIKAANSE BYBEL.

Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif, wat al die Kanonieke Boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat, oorgesit uit die oorspronklike tale, en uitgegee in opdrag van die gesamentlike Kommissie verteenwoordigende die drie Hollandse Kerke in Suid-Afrika.

Gedruk vir die B.B.B. Genootskap, Groentemarkplein, Kaapstad, 1933.

Dit is die opskrif op die titelblad. Die Bybel in Afrikaans waaraan sestien jaar gearbei is, het eindelijk die lig gesien. Hierin verskyn geen Voorwoord nie. Dit is of die vertalers swygend hulle werk oorhandig aan die volk van Suid-Afrika.

Dit is 'n Afrikaanse Bybel, geskrywe in Afrikaans en_nie in amper-Nederlands nie. Hierin kry ons die eenvoud van die Afrikaanse taal wat tog ook klankryk en ritmies is. Lees b.v. in *Jesaja* of *Hooglied*. Natuurlik kan daar kritiek gelewer word op die taal; daar kan beswaar gemaak word teen sekere woorde wat te radikaal verafrikaans is, teen sekere geykte terme wat deur ongewone Afrikaanse wendinge en woorde vervang is, of teen die gebruik van *Jy* ^[181] waar ons tog in beskaafde Afrikaans *U* aanwend as 'n groep mense toegesprek word. Daar kan 'n hele

studie geskryf word oor die invloed van die Statevertaling, wat bepaald aanmerklik is. En so kan ek op baie ander sake wys. Maar 'n feit bly dit wat bo alle kritiek, selfs van die felste aard staan — hier is eindelijk die hele Bybel in goeie Afrikaans, deur die volk van Suid-Afrika aanvaar as sy Bybel in sy eie taal.

[182] **Blanko bladsy**

HOOFSTUK V. BESTUUR EN FONDSE.

§1. *Die Daaglikse Bestuur (D.B.)*

Die Breë Kommissie het op sy vergadering te Bloemfontein, 7 Aug. 1924, 'n Daaglikse Bestuur in die lewe geroep om sake van dringende aard en alles betreffende die werksaamhede van die eindvertalers te reël. Die bestuur is dieselfde wat op daardie oomblik die Finansiële Komitee gevorm het, nl. mnr. H.J. Otto met die predikant van die Ned. Ger. Gemeente van Bloemfontein (destyds ds. P. Boshoff) en die predikant van die Ger. Gemeente van Bloemfontein (ds. C.W.M. du Toit). Hierdie Daaglikse Bestuur het ook die fondse administreer.

Die noodwendige gevolg van die bestaan van hierdie bestuur was dat die O.V.S.-Sinode van 1928 rapporteer: “Die gesamentlike kommissie is byna die van 'n vyfde wiel aan 'n wa sedert die oprig van 'n Daaglikse Bestuur om na die materiële kant van die saak te kyk.” (Acta Sinodi— N.G. Kerk, O.V.S., 1928.)

Die eerste vergadering van die Daaglikse Bestuur is gehou op Dinsdag, 22 Sept. 1925. Dit blyk dat dr. E.E. van Rooyen gewillig is om die Kleine Profete te vertaal.

Dit blyk op 'n vergadering van 23 Nov. 1925 dat dit onmoontlik sal wees om finansiële steun vir die Bybelvertaling van die Regering te kry, maar die D.B. sal 'n brief publiseer waarin 'n beroep gedoen word om bydraes te lewer ^[184] vir 'n £5-skema. Dr. J.D. du Toit is teenwoordig op die vergadering van 12 Febr. 1926 en versoek dat die hulp van dr. van Gelderen ingeroep sal word. So'n aanbeveling is die D.B. gewillig om by die Breë Kommissie te doen. Ook word die salaris van mnr. L.J. du Plessis, sekretaris van die vertalers, met 'n £100 verhoog

sodat hy nou £250 per jaar kry. Die eindvertaaiers kry elkeen £700 per jaar en dr. B.B. Keet vir die revisie £50, wanneer hy daarmee besig is. Die vertaling kos plusminus £2,000 elke jaar.

Die grootste werk wat die Daaglikse Bestuur gedoen het, was die insameling van fondse, en daarmee was hulle besonder voorspoedig.

§2. Die Bybelvertalingsfonds.

Sodra enige soort werk aangepak word moet daar ook geld wees om die masinerie te olie. In die begin het die Breë Kommissie die saak van Bybelvertaling sover moontlik sonder geld probeer deurdruk. Die B.B.B.G. sou die reis- en verblyf-koste van die vertalers betaal, en hulle het die koste op iets tussen £3,000 en £5,000 beraam. Die betrokke Kerke sou die onkoste van die Reviseurs betaal. Later, toe vaste vertalers aangestel is, en die werk op 'n groot skaal aangepak is, moes 'n groot Bybelvertalingsfonds in die lewe geroep word om die Vertalers te salariër. Vroeër is die versoek aan die afsonderlike Kerke gerig vir 'n honorarium aan die Vertalers, maar blykbaar is daaraan geen uitvoering gegee nie.

Die eerste persoon wat aan 'n fonds gedink het, was ds. W. Postma. Op die vergadering van die Breë Kommissie op 22 Nov. 1916 het hy aan die hand gegee “dat aan die verskillende gemeentes gevra sal word om een gewone kollekte af te staan vir die werk van die Kommissie” (Notule, Breë Kommissie, 22 Nov. 1916).

[185]

Op die sitting van die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Mei 1922 is aan die hand gegee dat die Bybelvertalings-kommissies 'n beroep moes doen op die publiek vir die nodige fondse om die vertalers te salariër.

Hierdie aanbeveling het gevolglik onder behandeling gekom op die vergadering van die Breë Kommissie op 17 Okt. 1922. Na veel bespreking het die Voorsitter, prof. J.D. Kestell, tot die gevolgtrekking geraak dat hulle moes aangaan soos voorheen. 'n Oproep deur hom in die pers gedoen om fondse vir die saak het £1 6s. 3d. ingebring.

By die kwartaalse vergadering van die Wolmaransstadse tak van die Transvaalse Onderwysersvereniging gehou op 5 Mei 1923 is die Bybelvertaling bespreek. Die vergadering het toe die hoop uitgespreek dat die Onderwysersverenigings leiding sal gee deur die saak finansiëel te steun. Hulle het ook 'n halfkroonlys vir bydrae geopen wat deur die sekretaris van die tak sou erken word.

Die heer H.J. Otto het op die vergadering van die Breë Kommissie op 10 Julie 1923 verskyn en verduidelik hoe die pers die oproep vir geldelike ondersteuning die vorige jaar aan die gang gesit het. Hy het meegedeel dat die fonds in hande omtrent £400 bedra, waarvan die Kerkbode £230, die Volksblad £133, die Burger £36 en die Ladybrandse Koerant £5 ingesamel het.

Die voorsitter deel ook mee dat die Helpmekaar-Vereniging in die Vrystaat £100 aan die fonds toegeken het. Die sekretaris voeg by dat die Helpmekaar in die Kaapprovinsie nog £550 beloof het, en dat hy tjeks ontvang het van die gemeentes Aberdeen en Zastron vir £6 en £9 respektieflik.

Na bespreking is die volgende besluit geneem. “Aangesien die Gesamentlike Kommissie nou oor 'n sekere fonds te beskik het, ag die vergadering dit wenslik dat die [186] bestaande subkommissie aanbly onder die naam van Uitvoerende Kommissie, die penningmeester waarvan ophou om sulks te wees, en dat 'n nuwe kommissie gekies word met die naam van

‘Finansiële Kommissie,’ bestaande uit ds. Kestell, die heer Otto en die toekomstige predikant van die Geref. Kerk op Bloemfontein. Aan hierdie Kommissie word opgedra om verdere fondse te kollekteer op die doeltreffendste manier, om die ingesonde fondse te administreer, om 'n aparte bankrekening te open en tjeks te teken. Die heer H.J. Otto word ook benoem as penningmeester van hierdie kommissie.”

Na enige diskussie oor die manier om fondse in te samel is besluit “dat die lede verteenwoordigende die verskillende kerke elk in sy kerk propaganda vir die werk sou maak.” (Notule van die Kom.)

In De Kerkbode van Des. 1923 rapporteer die redakteur egter: “De geldelike ondersteuning welke deze onderneming geniet, is niet bemoedigend. Als men daaraan 't verlangen van ons volk zou moeten toetsen om de Bijbel in hun eigen taal te mogen bezitten, dan kan dat verlangen niet al te sterk worden genoemd.”

In Sept. 1923 egter stel die Kerkbode sy kolomme oop vir geldelike bydraes vir 'n Bybelvertalingsfonds, en reeds op 10 Okt. 1923 verskyn die eerste oproep van die Finansiële Komitee vir geld in hierdie blad, want hulle het nou 'n £3,000 nodig. “Dit is tog nie veel wat daar gevra word nie. Daar is in die Ned. Geref. Kerk alleen 280,000 lede. As slegs die helfte van die lede 'n kleine som bydra dan sal daar meer as genoeg wees.”

In dieselfde uitgawe van De Kerkbode skryf ds. Kestell “Voor wat er tot nog toe gedaan is, is er geen bezoldiging geweest. Geen vertaler heeft eraan gedacht voor zijn werk geldelike vergoeding te vragen. Maar de Kommissies ^[187] hebben het gezien dat zij zonder geld het werk niet kunnen vottooien. Wel drukt en publiceert het B.B.B.G. de vertaling op

zijn eigen kosten; maar geldmiddelen zijn nodig ter bestrijding van kosten in verband met reisgeld en het salariëren van personen die zich uitsluitend met het werk der vertaling bezighouden.”

'n Versoek is ook deur die Finansiële Komitee aan al die Dingaansfeeskommissies gerig om 'n spesiale kollekte op die volgende Dingaansfees af te sonder vir Bybelvertaling in Afrikaans (De Kerkbode, 5 Des. 1923).

Mnr. H.J. Otto, tesourier van die Finansiële Komitee, het op die vergadering van die Breë Kommissie op 7 Aug. 1924 verslag gedoen en meegedeel dat die oproep om fondse die aansienlike bedrag van £1,668 opgebring het. Saam met die erfplating van die heer Arthur de Villiers van £1,000 het die Breë Kommissie toe oor £2,668 beskik. Maar hy was verplig om nog voor die einde van die jaar al die Kerkrade daaraan te herinner dat die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die Kaapprovinsie besluit het om gedurende die volgende twee jaar 'n offisiële kollekte uit elke gemeente af te staan vir die Bybelvertalingsfonds. “Soos ons finansies op die oomblik staan, sal ons op 1 Jan. oor slegs £700 kan beskik, en as prof. Keet en dr. Fourie begin van 1925 die werksaamhede aanvaar as eindvertalers, dan sat ons maandelikse uitbetalings £260 bedra, of £3,100 per jaar.” (De Kerkbode, 5 Nov. 1924.)

Op 31 Des. 1924 het die Vrystaatse Kerke, Dingaansfeeste, skole en verskillende verenigings byeengebring £747 9s. 7d.; die Kaapprovinsie £482 18s. dd.; Transvaal £88 2s. 2d.; Natal £19 15s. 8d.; Rhodesië £6 14s. 6d.; saam met ekstra-inkomste bedra dit die som van £2,266 15s. 11d. Aan salarisse ens. is uitbetaal £1,295 12s. 3d., watende 'n batige saldo op 1 Jan. 1925 van £971 3s. 8d.

[188]

Op 16 Junie 1925 het die batige saldo te staan gekom op £515 10s. 9d. nadat die reiskoste, die salarisse van dr. J.D. du Toit, prof. Kestell, dr. Fourie en mnr. L.J. du Plessis uitbetaal was. En nou was die Finansiële Komitee verplig om maar weer 'n oproep in die pers te doen: “Die finansies is van so'n aard dat ons nie verder as die end van Sept. kan aangaan nie, as daar nie gou verdere steun kom nie ... Die werk moet gedoen word deur middel van vrywillige gawes uit die Kerk en publiek.”

In die Burger van 9 Nov. 1925 verskyn daar 'n vry krasse artikel waarin met baie nadruk afgekeur word dat by die regering sal aangeklop word om geldelike hulp vir die vertaling. Die blad wys daarop dat dit “'n siekte onder ons Afrikaners word” om vir alles wat ons wil hê na die regering te hardloop. Dis “'n groot skande vir die Afrikaners” en veral vir die Hollandse Kerke dat sulke klagtes moes verneem word. Dr. J.D. Kestell het aan dr. du Toit op 7 Okt. 1925 geskryf: “(Ek het oor die saak na Gen. Hertzog gegaan). Hy het my baie vriendelik ontvang. Hy het gewys op besware wat deur ander lede van die Ministerie sou kan gemaak word. Maar my gevra om aan dr. Malan te skrywe en dan sou hy die saak voor die Ministerie bring.” Dit het gebeur, maar die regering kon geen geldelike steun verleen nie.

Die Daaglikse Bestuur wat nou die saak in sy hande gehad het, wys in 'n brief aan De Kerkbode van 2 Des. 1925 daarop dat die regering geen hulp wil aanbied nie. “Waar nou die weg finaal afgesny is om regeringsteun te kry wil ons hoop dat die Kerke en die volk oor die algemeen sal toon dat hulle tog die Bybel wil hê in hul moedertaal. Ons hoop dat die Kerklike

bydraes baie sal verbeter. Daar is enkele gemeentes wat 'n goeie voorbeeld gegee het, maar in baie gevalle is die kollektes teleurstellend ... Kan die [189] gemeentes nie werk deur middel van daartoe aangestelde kollektante nie? 'n Blote deurkollekte gee nie die gewenste resultaat nie. Daar behoort huiskollektes te wees.”

Hier en daar was wel mense wat ywerig aan die werk gegaan het om geld in te samel. So skrywe mnr. I.J. Henning, prinsipaal van Sanniesrustskool: “Dit is my 'n groot eer en tewens 'n plesier om te meld dat ek met my skoolkinders die som van £8 aan die Afrikaanse bybelvertaling kan stuur. Ons het die geld gekry deur middel van 'n konsert, wat ek eers op die plaas Sanniesrust opgevoer het, en toe weer op die dorp Thaba'Nchu met 14 kinders ...”

DIE VYFPOND-SKEMA.

Die persoon wat waarskynlik die eerste met die Vyf-pondskema voor die dag gekom het, was die heer S.G. Louw van Noorder-Paarl. Hy skryf dat iemand aan die hand gegee het “dat daar 'n lys sal geopen word van persone wat gewillig sal wees om £5 elk te gee tot stywing van die fondse. Al die persone wat bydra op die lys moet dan sodra die vertaling van die hele Bybel klaar is, elkeen 'n eksemplaar kry met sy naam daarin.” (De Kerkbode, 15 Julie 1925.)

De Kerkbode was bereid om in die saak behulpsaam te wees en die name aan die Breë Kommissie te besorg. Die bepaalde voorwaarde het egter groot misverstand veroorsaak, aangesien die meeste gewers van die £5 dit as 'n voldonge feit aangeneem het dat hulle 'n Bybel sou kry. Daarom was ds. C.W.M. du Toit verplig om 'n brief te rig aan De Kerkbode van 3 Maart 1926 namens die Daaglikse Bestuur om duidelik te maak “dat hoewel

die Bestuur graag die milde ondersteuners van die Bybelvertaling in Afrikaans 'n present-eksemplaar sou wil gee, dit nie moontlik (is) so iets te belowe nie.”

[190]

Deur die Vrystaatse Helpmekaar is £300 as 'n neseier gegee. Die voorbeeld is spoedig opgevolg deur 'n skenking van £200 van die Kaapse Helpmekaar.

Interessant is dit om die name na te gaan van die eerste paar persone wat hulle £5 aan De Kerkbode vir die Fonds opgestuur het.

1. Mnr. P. J. Cillie, Wellington.
2. Mnr. Charlie Cillie.
3. Mnr. H.J. Moolman, Jnr., Middelton.
4. Mnr. M.M.J. Scholtz, Dordrecht.
- 5., 6. Mnr. C.J. v.d. Merwe, Worcester (£10).

Mnr. H.J. Otto doen in Sept. 1926 verslag hoe die Vyfpondbydrae ingekom het uit die verskillende provinsies. Volgens statistiek tel die drie Hollandse Kerke in S.A. sowat 488 gemeentes, ongeveer as volg verdeel: Kaapprovinsie 225, O.V.S. 87, Transvaal 160, Natal 16. Onder die Vyfpond-skema volgens die Kerkbode- en Volksbladlyste het die bedrae ongeveer as volg ingekom: —

Kaap, 98 gemeentes	£1,300
O.V.S., 70 gemeentes	£2,330
Tvl., 102 gemeentes	£ 460
Natal, 3 gemeentes	£ 15

Volgens syfers het uit 273 gemeentes £5 of meer ingekom vir die Vyfpond-skema en nie minder as 215 gemeentes het nog nie bygedra nie.

Ons het £5 ontvang van elk van ons Afrikaanssprekende ministers en ons drie Administrateurs.

[191]

Dr G.B.A. Gerdener, voorsitter van die Transvaalse Kommissie vir Bybelvertaling, was verplig om in die Kerkbode van 17 Maart 1926 die Transvaalse Kerke daaraan te herinner dat hulle *pro rata*-deel £2,000 behoort, terwyl daar nog maar £186 ingekom het.

Die toestand van die Afrikaanse Bybelvertalingsfonds tussen Maart 1923 en Maart 1926 was as volg: —

Uit die Ned. Geref. Kerk, O.V.S. het ingekom	£1,384	14	8
Kaapprovinsie	£1,037	5	9
Transvaal	£	190	2 6
Natal	£	38	16 2
Ger. Kerk	£	998	10 4
Ned. Herv Kerk	£	99	17 5
Verenigings en skole	£1,217	18	7
£-Skema, bedrag ingekom	£1,397	0	0
		<hr/>	
	£6,364	5	5
Uitgawes	£4,141	16	9
		<hr/>	
Bedrag nog in hande	£2,222	8	8

Die Kerkbode van 5 Mei 1926 maak bekend dat hulle van die Vyfponders £775 ingekry het. “Maar nou wil ons graag die skole in die Kaapprovinsie intriseer in die saak. In die O.V.S. het die skole die saak warm opgevat, en hulle bydraes in die lys staan hoog. Ons is dankbaar dat ons in hierdie saak die steun het van die Kaapse Onderwys-departement ...” (Kerkbode, 5 Mei 1926.)

[192]

DIE VOLKSBLAD.

Ons kan nie anders as om 'n spesiale paragraaf aan hierdie koerant te wy nie, want van die £7,325 wat met die Vyfpondskema ingekom het is Die Volksblad verantwoordelik vir nie minder as £5,200 nie.

Reeds op 13 Feb. 1920 het hierdie koerant in 'n hoofartikel, onder die kopstuk *Twede Mylpaal* geskryf: “Ons is baie dankbaar en tewens verheug om te kan konstateer dat die saak met entoesiasme dwarsdeur die platteland aangepak word. Op die oomblik staan Dewetsdorp verreweg bo-aan die lys met 26 bydraes. Dan kom Bloemfontein, met Steynsburg Ger. Kerk en Clocolan kort na mekaar. Laat ons nou sien watter gemeente daar in die Vrystaat is wat die eerste sal vorentoe kom om die kroon van Dewetsdorp se hoof te haal ...

Tot nou toe het ons net die volgende skole op die lys:

1. Ons Kinderhuis, Bloemfontein,
2. Voorbereidende Tegnieese Skool, Bloemfontein,
3. Voortsettingskool, Excelsior,
4. Middelbare Skool, Ficksburg,
5. Primêre Skool, Ficksburg,
6. Middelbare Skool (Staf) Dewetsdorp ...

Die derde mylpaal lê voor !”

Ds C.W.M. du Toit het 'n brief van dank namens die Daaglikse Bestuur gerig aan Die Volksblad (27 Feb. 1926): “Van die begin het u in u inleidingskolomme die saak bepleit, en nog steeds gaan u voort om die voortreflike saak onder die aandag van ons volk te hou.”

[193]

Die Volksblad van 12 Maart 1926 het in die subleier uitge-roep: “Ons is die derde mylpaal reeds verby met die Bybelver-talingsfonds en haas op weg om by die vierde skof aan te land ... Dit verbly ons om te sien dat die lys van die skole ook mooi aangroei. Toon aan die res van die Afrikanervolk wat die kinders van die Vrystaat kan doen!”

“Ongeveer die middel van Des l.l. het Die Volksblad die lys vir die Bybelvertalingfonds geopen en vandag staan ons alreeds op die vyfde uitspanplek,” sê die subleier van 29 April 1926. “Ons is halfpad! ... en hoe langer die tog hoe vinniger gaan dit. Die volgorde van die vier eerste dorpe is nou aldus:

Bloemfontein-stad64

Dewetsdorp44

Harrismith29

Zastron28

Die skole het nou £175 bygedra.

Op 22 Julie 1926 was die lys van 700 Vyfponders vol, en die hoofartikel van Die Volksblad van 22 Nov. 1926 het dit uitgeroep: “Die £5,000 is daar ! ... Toe daar sprake gekom het van 'n Afrikaanse Bybel, was dit 'n Vrystaatse Sinode wat die voortou gevat het, en nou kan ons met dank aan God, daarvan

melding maak dat die ou Vrystaat bo ons verwagting finansiëel gehelp het, sodat die grootse onderneming van die Bybelvertaling nou nie meer kan misluk uit gebrek aan fondse nie.”

Tussen 1 Jan. 1925 en 31 Des. 1927 het daar ingekom £14,427 9s. 7d.; die batige saldo het te staan gekom op £7,249 18s. 4d.

[194]

Die heer H.J. Otto skryf nou aan ds. C.F. Kies op: 8 Feb. 1928: “Geen verdere insameling is nodig nie. Ons het genoeg geld in hande.” Die verslag van die Bybelvertalingskommissie vir die O.V.S.-Sinode van 1928 lui: “Die kommissie voel hom gedronge om hiermee sy hartlike dank uit te spreek teenoor die volk in die algemeen vir hulle gulde bydrae om die saak te bevorder ... U kommissie kan nie anders as hierdie gunstige finansiële staat te beskou as 'n aanduiding van die seën van die Here op die onderneming om ons volk die Bybel in hulle eie taal te gee.” (Acta Sinodi, O.V.S. N.G. Kerk, 1928.)

Die Bybelvertalingsfonds het ook 'n groot geskiedenis agter hom. Van die begin af aan tot aan die einde van 1925 het dit swaar gegaan om die nodige fondse byeen te skraap om die onkoste te dek. Maar toe die volk eers begryp het wat van hom verlang word, was die beurs oop. Ook dit toon dat die Afrikaanse volk 'n groot behoefte gehad het aan 'n Bybel in sy eie taal.

[195]

HOOFSTUK VI.

§1. Ontvangs van die Afrikaanse Bybel.

Op 28 April 1933 kom 'n berig uit Kaapstad aan Die Vaderland dat die volk van Suid-Afrika die Afrikaanse Bybel sal ontvang met die Carnarvon Castle op 29 Mei. “Die besending beloop 10,000 eksemplare, en sal gevolg word deur verderes van gelyke grootte elk week van Junie. Teen die end van daardie maand sal daar waarskynlik 54,000 Bybels jn omloop in ons land wees, meer as die helfte dus van die totale eerste oplaag van 100,000.

“Die Afrikaanse Bybel word versprei min of meer om die helfte deur die Kaapstadse en Johannesburgse takke van die B.B.B.G. met behulp ook van die handel.”

“Vandag kan die Afrikanervolk vir die eerste keer die Bybel in sy eie taal opneem en betas en aan sy hart druk. Dit is vir ons rede tot innige dankbaarheid,” het ds. F.X. Roome, voorsitter van die B.B.B.G. gesê toe hy Donderdagmiddag op een van die heuglikste dae vir ons volk, die eerste Afrikaanse Bybel aan die eindvertalers oorhandig het.

Ds F.X. Roome het as voorsitter van die B.B.B.G. 'n besondere woordjie van verwelkoming gerig aan dr. N.J. v. d. Merwe, L.V., aan wie se voorstel in die Vrystaatse Sinode in 1916 dit regstreeks te danke is dat die vertaling aangepak was, en aan ds. C.W.M. du Toit, L.V., 'n seun van ds. S.J. du Toit, die ‘Regte Afrikaner’ wat reeds vroeg begin het met sy eie Afrikaanse vertaling van die Bybel.

[195]

Onder die aanwesiges was mnr. H.J. Otto, aan wie dit

grotendeels te danke is dat die fondse vir die vertaling ingesamel was.

In Die Burger van 29 Mei 1933 het verskillende vooraanstaande persone hulle uitgespreek oor die aankoms van die Afrikaanse Bybel. Ek haal 'n paar kortliks aan. Mnr. J.H. Hofmeyr beskou die aankoms “as 'n gebeurtenis van uitstaande betekenis in die geestelike en kulturele lewe van ons volk ... Ook kan ons verwag dat die Afrikaanse Bybel net so 'n groot bydrae sal bring tot die ontwikkeling van ons Afrikaanse literatuur as wat ook in ander lande die geval gewees het.”

“Dit was 'n valse idee,” sê dr. D.F. Malan, “dat die volkstaal die Bybel sou verlaag. Gelukkig is dit nou vir altyd dood. Ons sal intendeel nou die teenoorgestelde ondervind, nl. dat die Bybel die volkstaal verhoog, en dat, om dit so uit te druk, ons Afrikaanse taal en kultuur in vaster vorme sal giet en verewig ... Die gebeurtenis wat ons vandag vier sal die middel wees om ons godsdienste meer lewendig te maak en om dit meer te plaas in die middelpunt van ons volkslewe.”

“Hierdie ligstraal,” is die woorde van dr. N.J. v.d. Merwe, “verdryf baie van die newele wat die laaste tyd so swaar op die geestelike gesigseinder van ons volkslewe lê. Sommige van ons wat sewentien jaar gelede hierdie werk begin het, leef vandag nie meer nie. Die verskyning van die Afrikaanse Bybel sal 'n spoorslag wees om die Bybel sy regmatige plek te laat inneem in skool en huisgesin en in die hart van die volk.”

“29 Mei 1933 — weer 'n historiese Mei-datum in ons kultuurgeskiedenis, soos hierdie maand reeds verskillende ander bevat,” is die opmerking van dr. E.C. Pienaar.

[197]

Op uitnodiging van die Transvaalse Onderwysersvereniging (T.O.) het in Rusoord, Johannesburg, 'n groot aantal lede van hierdie liggaam, predikante en belangstellendes bymekaar gekom om die Afrikaanse Bybel te ontvang.

Prof. C.M. v.d. Heever het o.a. die vergaderdes toegesprek oor die kultuurwaarde van die Bybel en verklaar dat ons nou een van die belangrikste gebeurtenisse in ons geskiedenis beleef.

Mnr H.J. Greybe het voorgesit en die Bybel namens die T.O. ontvang. Mnr. Tommy Beckley het verskeie dele uit die Bybel voorgelees, sodat die gehoor kon aanluister hoe die Bybel in Afrikaans klink. (Vgl. Die Volksblad, 23 Junie 1933.)

Op Heilbron is die kas Bybels op die spoorwegstasie afgehaal en 'n lang stoet belangstellendes het dit jubelend na die kerk gevolg. In Heidelberg, Transvaal, is die kas oopgemaak in teenwoordigheid van 'n aghonderd-tal van die studerende jeug.

Mooi is die verslag in Die Volksblad van 23 Junie oor die ontvangs van die Bybel in Bloemfontein, waarskynlik geskryf deur prof. J.D. Kestell: “Ons eie feestelikheid in die Jubileum-saal. Watter opgewondenheid, nee, laat ons liewers sê, watter heilige geesdrif was daar by almal wat daar teenwoordig was! En wat hierdie entoesiasme opgewek het was ... die Bybel! Wel is van die werk van die vertalers gesprek, wel is gedink aan die tegemoetkomende arbeid van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap en aan die mooi daad van die Volksblad-Boekhandel om die kas Bybels daar in die teenwoordigheid van die skare oop te maak; maar dit was tog ten slotte die Bybel wat ons gevoel en gedagte in besit geneem het. En dit só dat dit ^[198] ons tot lof en aanbidding opgewek het. Ons het gevoel dat aan God die eer moes toegebring word.

En wat het in die diepste van ons gemoed omgegaan by die gedagte dat ons die Bybel daar ontvang het in ons eie taal! Hoe is ons geroerd toe prof. dr. D.F. Malherbe enige verse uit Psalm 104 opgesê het. Dit was ons eie taal in sy sagtheid en buigzaamheid, maar ook in sy krag en verhewendheid. En dit — so het ons gevoel — is die taal van die Bybelboek wat ons nou ontvang het. Lof en dank het deur ons wese gebruis.”

In die Volksblad van 19 Junie 1933 het baie van die vooraanstaande persone in die Vrystaat, w.o. mnr. C.T.M. Wilcocks, die Administrateur, mnr. S.H. Pellisier, Superintendent van Onderwys, ds. I.D. Kruger en ds. P.K. Albertyn, die Afrikaanse Bybel verwelkom.

Prof. dr. D.F. Malherbe, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie en Rektor van die Grey-Universiteitskollege, het by hierdie geleentheid geroerd die wens uitgespreek: “Mag die Afrikaanse Bybel net so'n kragbron wees, 'n nasionale skat en rigsnoer vir die toekomstige Afrikaanssprekende mensdom, as wat die Nederlandse Bybel was met sy vormende invloed op die nasie.”

Treffend is die woord van dr. C.F. Visser, die Rektor van die Normaalkollege: “Taal van Suid-Afrika — vergoed is nou verby jou plat-taal periode. As taal van die Bybel word jy draer van ons hoogste geestesgoed.”

“Waarskynlik vir die eerste maal,” berig Die Burger van 6 Junie, “(is) by geleentheid van 'n kerkdienste die nuwe Afrikaanse Bybel Sondag deur ds. C.W.M. du Toit gebruik in 'n diens in die Kerkzaal in Hofstraat. Ds. du Toit het Psalm 133 en Hebreërs 10 voorgelees en die hele gemeente, onder wie min. Piet Grobler was, het die geskiedkundige Bybellesing ten volle gewaardeer.”

[199]

Saterdag, 17 Junie het die Kerkraad van die Ned. Geref. gemeente van Rietfontein besluit om die Afrikaanse Bybel dadelik in te voer as kanselbybel. Ouderling J.A.S. Theron het toe 'n kanselbybel aan die gemeente geskenk.

Ons het net hierdie paar gevalle aangehaal oor die ontvangs van die Afrikaanse Bybel. Op byna elke dorpie en in byna elke gemeente, hoe klein ook al, is die Afrikaanse Bybel met vreugde en ontroering verwelkom.

§2. Feesviering.

Die werksaamhede in verband met die Afrikaanse Bybelvertaling is afgesluit soos 'n ring met die Feesviering deur die hele Suid-Afrika op Sondag, 27 Augustus 1933. Sover ons kon naspoor was die liggaam wat die eerste daaraan gedink het om hierdie gebeurtenis te vier die Oudtshoornse tak van die C.J.V. wat die volgende beskrywingspunt in 1927 na die Konferensie in George opgestuur het: “Die konferensie bespreek die beste manier om die voltooiing van die vertaling van die Bybel in Afrikaans te vier.”

Die konferensie het toe besluit: “Onder die besef van die groot betekenis in ons volkslewe van die oorsetting van die Bybel in Afrikaans dring die C.J.V.-lede van die Ring George by die bevoegde Kommissie daarop aan om tydige stappe te neem om die heuglike gebeurtenis op gepaste wyse te vier. Ons gee eerbiedig die volgende aan die hand:

- a. Op 'n vasgestelde Sondag moet die Bybel in gebruik kom in al die Afrikaanse Kerke in ons land;
- b. Elke gemeente word opgewek om die dag in te rig tot 'n buitengewone feesdag. [200]

- c. Elke jaar word die Sondag wat die naaste aan die datum val vasgestel om die groot gebeurtenis te herdink, om die aandag van die gemeentes te bepaal by die kosbaarheid van die Bybel, en om 'n kollekte in te samel vir die Bybelverspreiding, ens.” (Die Kerkbode, 13 April 1927).

Gerrit E. Bruwer uit Stellenbosch het vir 'n sentrale fees gepleit: “Voorwaar, dis 'n seldsame voorreg wat die teenswoordige geslag beskore is om getuies te kan wees van so 'n epogmakende gebeurtenis, wat die kroon is op al die pogings in daardie rigting en wat 'n nuwe periode in ons kerkgeskiedenis inlui. Maar so 'n gebeurtenis behoort op gepaste wyse gevier te word... Die Sinode kan na deeglike bespreking miskien 'n kommissie benoem om samewerking te soek met die ander Hollandse kerke. Moontlik kan die Sinode besluit op 'n groot sentrale funksie, of ook suggereer hoe elke afsonderlike gemeente te werk moet gaan.” (Die Kerkbode, 19 Okt. 1932.)


Ook mnr. C.J. Pauw van Riversdal vestig die aandag op 'n feestelike ingebruikneming van die Bybel in Afrikaans. Hy Herinner aan die groot taalfees op Riversdal “toe die Afrikaanse taal as offisiële taal deur die Parlement sonder een enkele teëstem aangeneem is ... Feesviering! Feesviering! behoort (nou weer) deur die hele volk en sy kerk uitgegalm te word. Daar moet vroegtydig georganiseer word. Geen dorp of stad mag agterbly nie, en in die groot stede soos Kaapstad, Port Elizabeth, Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom, Bloemfontein, ens. moet daar baie groot feeste georganiseer word.” (Die Kerkbode, 19 Okt. 1932.)

Hierdie voorafgaandelike wenke het eindelijk vaste vorm gekry toe die Daaglikse Bestuur bepaal het dat 'n sentrale fees in die Marksaal te Bloemfontein en ander ^[200] feeste oor die hele land en in Rhodesië in al die Hollandse Kerke moes gevier

word.

Ongenommerde bladsy

Die Vyf Bybelvertalers en die Lede van die Vertalingskomitee, Bloemfontein, 23 Augustus 1933.



Voorste ry, van links na regs: PROF. DR. J. D. DU TOIT (TOTIUS), PROF. DR. B. B. KEET, PROF. DR. J. D. KESTELL, PROF. DR. E. E. VAN ROOYEN EN DR. H. C. M. FOURIE.
Middelste ry: DS. G. DU PLESSIS, DS. H. J. PIENAAR, DS. J. J. KÜHN, PROF. J. A. DU PLESSIS, DS. D. POSTMA, DS. J. H. EYBERS, DS. J. G. M. DREYER EN DS. C. W. M. DU TOIT, L.V.
Agterste ry: DS. W. J. NAUDE, DR. J. H. GREYVENSTEIN, DS. J. P. H. STEYN, MNR. H. J. OTTO, DS. A. S. E. YSSEL EN DS. H. P. M. STEYN.

[201] - vervolg

Dit geskied “in voldoening aan die algemene begeerte van ons kerke en van ons volk . . . Na vee! korrespondensie en rype oorweging blyk dit dat die mees geskikte dag sal wees Sondag, 27 Aug. 1933” (Die Kerkbode, 12 Mei 1933.)

Dan sou die Afrikaanse Bybel feestelik in ontvangs geneem word. Die oproep wat daar later weer van dr. J.D. Kestell namens die Daaglikse Bestuur tot die volk van Suid-Afrika

uitgegaan het, is: “1. Dat iedere gemeente van die Hollandse kerke (Moeder- sowel as Sending-) op 27 Aug. 'n groot kerkfees sal organiseer, wanneer verwag word dat iedere ware Christen die dienste van daardie dag sal bywoon, om as 'n feesvierende menigte die God van ons Vaders te loof en te dank vir die koms van die Bybel in ons eie Afrikaanse taal. 2. Dat ons volk op daardie dag ook die daad van dankbaarheid by die woord sal voeg en sy dankoffers, ja, ware dankoffers, aan die Here sal wy, en dat die insamelinge van daardie dag gebruik sal word om minstens vir die plate te betaal van 'n baie goedkope edisie in Afrikaans ...” (Die Kerkbode 19 Okt. 1932.)

By geleentheid van die feesviering het die vertalers ook 'n spesiale woord gerig aan die volk waarin o.a. gesê is: “Noudat die Afrikaanse Bybel so vinnig versprei en blykbaar gretig gelees word in ons land, besef die vertalers des te meer die betekenis van die woorde van die Here Jesus dat dit saliger is om te gee as om te ontvang.

Besonder swaar was dit om die Woord van God in Afrikaans te vertaal, maar noudat die kinderlike blydschap by die ontvangs van die Bybel so duidelik aan die dag kom” is dit vir die vertalers 'n buitengewone voorreg en genoeë om te kan *gee*.

[202]

Dit is 'n dubbele vergoeding vir al die arbeid en sorg wat die werk gekos het en dit word met groot erkentelikheid aanvaar.

Die vertalers is egter nie enkel gewers nie, maar hulle het ook rykelyk ontvang, nl. 'n seën uit die onuitputlike dieptes van die Woord van God.

Die bede van die vertalers is dat die lesing van die Bybel in Afrikaans vir ons hele volk 'n nuwe en ongekende seën sal bring.” (Die Volksblad, 23 Aug. 1933.)

Hoewel 'n groot aantal Kerkrade, sê die Volksblad, die Afrikaanse Bybel reeds in gebruik geneem het, het die oorgrote meerderheid egter besluit om met die offisiële ingebruikneming in die kerk te wag tot die dag van die sentrale fees.

Dit is die betekenis van die dag in ons kerkgeskiedenis. Hierdie dag is in die verband belangriker as die datum toe die Afrikaanse Bybel in Kaapstad ontvang is. Dit is die dag waarop die bekroning plaasvind van die werk wat deur ds. S.J. du Toit begin is, en eers nou, hoewel op ander wys, voltooi is. Dit is byna een-en-sestig jaar gelede dat Pannevis die oorsetting in sy bekende koerante-artikel bepleit het. Dit is in Augustus 1875 toe die beweging vir 'n Afrikaanse skryftaal begin is, met die einddoel om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Dit is weer in Aug., maar nou 58 jaar later (1933) wat ons die hele Bybel in die landstaal feestelik inhaal in ons kerk. Voorwaar 'n betekenisvolle dag vir die volk van Suid-Afrika, 'n feesdag in die ware sin van die woord, 'n jubeldag.

Die fees is op byna elke plek verskillend gevier. In Pretoria het die gemeentes van die drie Hollandse kerke, ongeveer tien in getal, in optog na die Kerkplein gegaan, waar die plegtige feesviering in die opelug plaasgevind het. ^[203] Met behulp van die Polisieorkes is die welkomslied van dr. G.B.A. Gerdener gesing. Gen. Hertzog het namens die regering 'n Bybel van ds. Murray in ontvangs geneem, terwyl ds. Swart 'n Bybel oorhandig het aan prof. dr. S.P.E. Boshoff as verteenwoordiger van die Transvaalse Onderwysdepartement.

Laat ons ons egter bepaal by die sentrale Bybelfees wat in Bloemfontein gehou is. Die plek is ook belangrik in die opsig dat byna al die vergaderings van die Breë Kommissie, die Bybelvertalingskommissie en die Daaglikse Bestuur hier plaasgevind het.

Duisende het Sondagmôre om half-elf in die ruime Marksaal byeengekom, waar 'n plegtige atmosfeer van gewyde stilte, erns en dankbaarheid geheers het. Meer as vyfduisend volwassenes het die môre, en ongeveer dieselfde getal kinders en jongmense in die middag die dienste bygewoon. Die diens wat uitgesaai is, is orals in die land deur groot getalle inluisteraars opgevang. Ons gee hier 'n opsomming van die verslag wat verskyn het in die Volksblad van 28 Aug. 1933.

Orkesmusiek van hoë en gewyde gehalte is gelewer deur die orkes van mnr. Victor Pohl, wat grootliks daartoe bygedra het om die regte stemming te skep. Daarby het die Kerkkoor van mnr. D.J. Roode, wat 'n honderdtal sterk was en reeds etlike maande lank hom vir hierdie dag voorberei het, 'n meesterlike vertolking gelewer van die koorsang 'Halleluja' uit die Messias van Händel. Die verskillende stemme van die koor het in hul verskeidenheid saamgesmelt om 'n massale juigtoon van dankbaarheid te skep.

Die diens is deur prof. dr. J.D. Kestell, voorsitter van die vertalerskomitee, gelei. Ds. P.S. van Heerden, die Moderator van die Vrystaatse Kerk, was die feesredenaar. ^[204] Hy het in 'n kragtige toespraak oor Die Dierbaarheid van die Bybel verklaar dat hierdie feesdag 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van die Afrikanervolk aankondig. Hy het die volk aangemaan om weer soos in die verlede sy hele lewe en bestaan aan die verhewe gedagtegang en die diepe godsdiens van die Bybel te veranker.

“Ons begroet hierdie feesdag” — so het hy sy rede begin — “as een van die skoonste en mees gedenkwaardige in ons hele geskiedenis. Dit is betaamlik dat die verskyning en ingebruikneming van die Bybel in Afrikaans gevier sal word as 'n volksfees. Hier is nie sprake van tydelike of politieke belange nie, maar van die hoogste, die geestelike belange van die

volk...”

Nadat prof. Kestell 'n telegram van die Christen-Studente-vereniging voorgelees het, het verskeie afgevaardigdes boodskappe van verwelkoming oor die verskyning van die Afrikaanse Bybel gerig. Ds. H. Pienaar van Malmesbury het namens die Ned. Geref. Kerk die vertalers vir hulle groot werk bedank en gewys op die belangrike volksgebeurtenisse wat reeds in Bloemfontein afgespeel is. Ds. L.E. Brandt het namens die Ned. Herv. Kerk die Bybel verwelkom as 'n nuwe boodskap van God self en as die openbaring van die liefde van God in ons volkslewe. Prof. F. Postma van Potchefstroom het namens die Geref. Kerk en die Potchefstroomse Universiteitskollege die volk aangemaan om die heilige pand wat aan hulle in hul eie taal afgestaan is, te bewaar en die godsdienssin daarvan na te lewe. Prof. S.P. Engelbrecht het namens die Afrikaanse Universiteit van Pretoria daarop gewys dat deur die verskyning van die Bybel in Afrikaans 'n nuwe godsdienstige en sedelike krag sal uitgaan wat vernuwend en skeppend sal werk, want die godsdien is die skepper van die Afrikaanse kultuur.

[205]

Mnr. S.H. Pellissier, Direkteur van Onderwys in die Vrystaat en voorsitter van die raad van die Grey-Universiteitskollege, het gewys op die rol wat die G.U.K. reeds in die vertaling van die Bybel gespeel het. Die inrigting het 'n rektor moes prysgee (prof. dr. J.D. Kestell) in belang van die werk, terwyl die huidige rektor (prof. dr. D.F. Malherbe) een van die taaladviseurs vir die vertalers was. Daarby was die G.U.K. die eerste inrigting in Suid-Afrika wat 'n leerstoel vir Afrikaans ingerig het. Die inrigting spreek dus sy blydskap uit oor die daad wat volbring is. Hy het voorts in sy hoedanigheid as Direkteur van Onderwys hom namens die duisende kinders verheug oor die

Bybel se verskyning in Afrikaans en die wens uitgespreek dat die leerkragte die Afrikaanse Bybel in al sy skoonheid en eenvoud tot die kinders sal bring.

Ds F.M. Smit van Dealesville het namens die Calvinistiese Studentevereniging verklaar dat die Afrikaanse Bybel gekom het om die volkslewe van die Afrikaner te verrein en te verdiep. Hy verwelkom dus van harte die verskyning.

Prof. Kestell het ten besluite die verskillende afgevaardigdes vir hul woorde bedank en almal wat aan die fees deelgeneem het. Veral rig hy 'n besondere woord van dank aan die here D.J. Roode en Victor Pohl en die reëlingskomitee.

Ongeveer vyfduisend kinders en jongmense het tydens die middagdiens onder toesig van hul sondagskoolonderwysers in die Marksaal plekgeneem. Die diens het onder leiding van prof. dr. J.D. du Toit gestaan. Hy het in 'n kort rede gewys op die groot werk wat die B.B.B.G. in belang van die verspreiding van die Bybel gedoen het. Die dogterveldkornetskappe van die Voortrekkers van die Oranje-Meisieskool en die Sentrale Hoërskool het die diens in uniform bygewoon.

[206]

Ds H.P.M. Steyn, sekretaris van die B.B.B.G., was die hoofspreekster in die middag en het na aanleiding van 2 Kon. 22 vers 8 'n boodskap tot die volk gebring. Die Afrikaanse Bybel moet nie alleen aangeskaf word deur elke huisgesin nie, dit moet ook gelees en in die praktiese lewe toegepas word. Om voo spoed in die land te verseker is dit nodig dat die volksleiers weer tot die Bybel sal terugkeer en dit die rigsgnoer van hul staatkunde en beleid sal maak soos die Presidente van die twee Republieke voor die tweede Vryheidsoorlog gedoen het.

Mej. Anna du Toit het 'n sangvertolking van die gedig van

mnr. S.J.M. Osborne gegee, terwyl die orkes en die koor weer opgetree het.

Ds J.A. du Plessis van Riversdal het die plegtigheid met 'n gebed gesluit.

Die fees was 'n algehele volksfees. Besielende woorde het van Suid-Afrika se grootmanne uitgegaan. Baie van die toesprake is van groot belang en waardevol.

In Die Kerkbode van 1933 is verskeie gedigte oor die Afrikaanse Bybel gepubliseer. Geeneen van hulle was egter van besonder hoë letterkundige waarde nie. As feeslied is aangeneem *Welkom, dierbaar Woord van God*. By al die feeste is die lied, afgedruk op 'n mooi versierde kaartjie, gesing.

Welkom, dierbaar Woord van God,
Lig in al ons lewenslot;
Bron van leiding, troos en krag,
Rigsnoer van ons voorgeslag.
Welkom in ons moedertaal.
Van die Kaap tot oor die Vaal.

KOOR

Welkom, dierbaar Woord van God,
Lig in al ons lewenslot.
Wees voortaan die troue tolk
Van Gods raad aan al ons volk. [207]

Mag U heilig Woord, o Heer,
Steeds ons harte opwaarts keer;
Heil in Kerk en Skool versprei,
Siele tot die Heiland lei;
In die binnekamers bloei,
Op ons huisaltare gloei.

KOOR

Welkom, dierbaar Woord van God,
Lig in al ons lewenslot.
Mag ons volk U Woord bemin,
Meer sy vreugde vind daarin.

Welkom, dierbaar Woord van God,
Troos in droefste lewenslot;
Openbaar aan elk vandag,
Oud en jonk, U wondermag.
Spreek tot hoof en hart en hand
Deur ons heie vaderland.

KOOR

Welkom, dierbaar Woord van God,
Lig in al ons lewenslot.
Voor U waarheid wil ons buig,
En daarvan alom getuig.

[208] **Blanko bladsy**

[209]

HOOFSTUK VII. DIE BRITSE EN BUITELANDSE BYBELGENOOTSAP.

Aangesien hierdie Genootskap die Bybel in Afrikaans uitgee, is dit nodig dat ons 'n kort hoofstukkie daaraan wy.

In 1802 was daar na die bekende herlewing 'n groot skaarste aan Bybels en die aanvraag het al groter en groter geword. In die tyd was daar 'n klein dogtertjie uit Wallis met die naam van Mary Jones. Sy wou ook graag 'n Bybeltjie gehad het en sy het daarom 25 myl oor die heuwels geloop om vir haar 'n Bybeltjie te gaan koop met die geld wat sy ses jaar lank daarvoor opgespaar het. Eindelik het sy by die dorpie Bala aangekom waar ds. Charles somtyds Bybels van Londen gekry het om te verkoop. Maar toe sy daar kom was al sy Bybels reeds uitverkoop. Die dogtertjie was diep teleurgesteld en baie bedroef. Eindelik het ds. Charles maar iemand anders se Bybel aan haar geskenk.

Daarop het ds. Charles hom gewend tot die “Religious Tract Society” en die storie vertel van Mary Jones. Hy het gevra of daar nie 'n genootskap in die lewe geroep kan word om gedurig Bybels te versprei in Wallis nie. In Desember 1802 het hy van die sekretaris antwoord gekry: “Alte seker kan ons probeer om vir die doel 'n Genootskap te stig, en indien vir Wallis, waarom nie vir Engeland nie, en indien vir Engeland, waarom nie vir die hele wêreld nie?”

Vooranstaande manne het die saak gesteun soos Wilberforce en Henry Thornton en op 7 Maart is die Britse en [210] Buitelandse Bybelgenootskap gestig. Spoedig was daar groot takke orals in die land en in die wêreld. Die Genootskap het vaste reisende sekretarisse wat vir takstigting sorg waar daar 'n

behoefte voor ontstaan.

In die jaar 1800 het daar nog maar omtrent vyf miljoen eksemplare van die Bybel en dele van die Bybel in dertig verskillende tale bestaan, terwyl die Bybel en dele van die Bybel vandag in oor die 680 verskillende tale oorgesit is. Daaglikse gee die B.B.B.G. omtrent 'n 100,000 Bybels uit in verskillende tale. Daar is nog drie ander groot genootskappe van dieselfde aard: Die Nasionale Bybelgenootskap van Skotland, die Amerikaanse en die Nederlandse. Saam versprei hierdie genootskappe ongeveer 'n sewentien miljoen Bybels in die verskillende tale.

Die B.B.B.G. verkoop hulle Bybels so goedkoop soos geen uitgewer ter wêreld dit kan doen nie. Op elke pond verloor hulle dan ook dertien sielings. Die verlies word weer vergoed deur kollektes en bydraes vir die Genootskap uit alle dele van die wêreld.

Die B.B.B.G. is die grootste Christelike organisasie van sy soort in die wêreld. Dit is, soos dr. Zwemer dit uitgedruk het, die spil waarom die ganse Protestantse sending draai. Dit is 'n vereniging wat aan geen besondere land of volk behoort nie, maar is 'n wêreldwye beweging wat deur Christene uit alle volke en tale ondersteun word met een groot doel, nl. om die Evangelie van Jesus Christus aan elke individu in sy eie taal te gee. Wêreld-evangelisasie is die leuse van hierdie Genootskap.

Die enigste doel van die B.B.B.G. is om die Bybel aan elke mens in sy eie taal te verskaf. Hiervoor is twee dinge nodig:

1. Vertaling in die persoon se taal. Vir die taak moet die vertaler 'n grondige kennis hê van Hebreeus en Grieks, maar moet ewe-eens tuis wees in die taal waarin ^[211] die Bybel moet oorgebring word. Dikwels het die heidene nie woorde vir sulke begrippe soos *genade*, *regverdigheid*, of *liefde* nie. Robert

Morison het sewentien jaar gewerk aan 'n vertaling van die hele Bybel in die Chinese taal, 'n vertaling wat die B.B.B.G. alleen 'n £10,000 gekos het.

Jaarliks word daar gemiddeld 'n dosyn vertalings gemaak. Maar ons moet hieronder verstaan ook revisie van ou vertalings. Die Genootskap onderhou honderde vertalers, hersieners en assistente, wat die werk verrig. Die werk kos baie geld. Die laaste revisie van die Malagasie-Bybel het te staan gekom op £3,000. Met die revisie van die Lifoe-Bybel is daar 52,310 korreksies aangebring. Jaarliks kos die werk van revisies ongeveer £10,000

Sodra die vertalings gereed is, word hulle gedruk. Eers moet gelet word op die soort papier. Vir tropiese lande gebruik hulle 'n soort bruinagtige papier om die oë te beskerm. Verder moet die papier dun wees om te voorkom dat die Bybel te lywig word. Selfs op die ink moet gelet word. Die Chinese bv. lees nie 'n boek wat met ons gewone ink gedruk is nie. Die lettersetter van die Siriese taal moet gebruik maak van duisende verskillende afdelings waarin die drukletters verdeel is.

2. Die Bybelverspreiding geskied op drie verskillende maniere: (a). Deur middel van Bybeldepôts in al die vernaamste stede van die wêreld. Die Bybels word teen sulke pryse aangebied dat dit binne die bereik van selfs die armstes is. (b). Deur middel van kolporteurs. Hierdie mense voer die Bybel in, selfs daar waar geen sendelinge nog was nie. (c). Deur die sendelinge self.

Die Genootskap het vroeg begin om die Bybel in ons land te versprei. Reeds in 1806, dus twee jaar na sy ontstaan, het hulle die eerste besending Bybels na Suid-Afrika ^[212] afgeskeep om voorsiening te maak in die groot behoefte van die koloniste in

die opsig. “In 1813 is die eerste hulpgenootskap in Kaapstad gestig onder beskerming van die Goewerneur-Generaal, sir John Cradock, en 'n aantal jare later (in 1846) het die B.B.B.G. T.G. Bourne na Suid-Afrika gestuur as gesant met 'n besending van 20,000 eksemplare van Gods Woord in Hollands en Engels. Ook is die Bybel nou, behalwe in die bestaande vertalings in Sechuana en Xosa, ook nog gedeeltelik vertaal in Soeloe, Namakwa, Damara, ens. Nog voor 1880 is die N.T. ook aan die Hereros van Suidwes-Afrika gegee, en het dele van die Skrif selfs tot bo in Rhodesië deurgedring...” (Jaarboek N.G. Kerk, 1933. p. 67).

Intussen is daar 188 hulpgenootskappe tussen Tafelbaai en Sambesië gestig, terwyl die hulpgenootskap in Kaapstad verhef is tot 'n tak van die Moedergenootskap. Aan die Ned. Geref. Kerk van die vier provinsies gee die B.B.B.G. die Bybel nou in sowat 15 tale, waarvan die vernaamste behalwe Nederlands en Afrikaans, tale insluit soos Nyanja, Karanga, Soetoe, Chuana, Venda, Soeloe, Xosa.

Die Sinodes van die drie Hollandse Kerke het aan die B.B.B.G. opgedra om die Afrikaanse Bybel uit te gee. “Ons wil weer met alle erns en nadruk sê dat ons vertaling die enigste is wat onder die gesag van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika uitgegee word, en dat die manuskrip ons eiendom is, waarop ons kopiereg het...” (Ds H.P.M. Steyn as sekr. van die B.B.B.G. in S.A. in Die Kerkbode, 16 Des. 1931).

In die Jaarrapport van 1930-1931 het die B.B.B.G. in Kaapstad vermeld dat die Afrikaanse Bybel as geheel teen Junie 1932 gereed sal wees. Hierdie aankondiging het die gedagtes van sekere spekulante gaande gemaak met die gevolg dat veral in die Transvaal en die Vrystaat ^[212] tienduisend-talle pamflette rondversprei is. Omdat die naam van die Genootskap daarin

genoem is, is dit gou onder die aandag van die plaaslike verteenwoordigers daarvan gebring met die gevolg dat die Kriminele Onderzoekdepartement van die onwettige saak op die hoogte gebring is. Toe het die ontwerpers van die skema somar gou verdwyn, dog seker nie voordat hulle 'n hele klompie sielings van meer as een ingepalm het wat ter goedertrou hulle bestelling aan die persone gegee het.

Op ongenommerde bladsy verskyn:



Ds. H. P. M. STEYN.

[212] Vervolg

'n Baie groter, gevaarliker en slinkser plan is egter in die Suide op tou gesit onder die vaandel "Die Afrikaanse Agentskap" met kantore in "Die Nederduits Gereformeerde

Kerk Kamers, Adderleystraat, Kaapstad”. Nog voordat die maatskappy geflotter was, het die stigters daarvan reeds agente uitgestuur om inskrywings te neem vir 'n Afrikaanse Familie-Bybel, waarop £1 deposito moes betaal word en die balans van £3 4s. Od. op aflewering.

Ds. Steyn het hiervan eers op 12 September gehoor en het dadelik stappe geneem om die poging te fnuik. Die voorsitter en sekretaris van die Afrikaanse Agentskap het met ds. Steyn in verbinding getree. Uit die staanspoor het ds. Steyn geweier om die manuskrip aan hulle te leen omdat hy geoordeel het dat dit 'n besigheidsonderneming was om die godsdienssin van die Hollandssprekende bevolking van Suid-Afrika te eksploiteer.

Die Kriminele Onderzoekdepartement het die saak in hande geneem, ds. Steyn 'n beëdigde verklaring laat maak en toe die vervolging begin. In Maart 1932 is Melville in hegtenis geneem. By 'n voorlopige ondersoek het die saak so ernstig gelyk dat dit na die Hooggeregshof verwys is. Melville is intussen op borgtog van £500 uitgelaat. Voordat die saak egter kon verhoor word, het Melville sy lewe in 'n hotel in Kaapstad met 'n rewolwer beëindig.

[214]

Hierdie feite wat deur ds. Steyn self verstrekk is, lewer die bewys hoe nougeset teenoor die publiek die B.B.B.G. en sy sekretaris die verspreiding en uitgee van die Afrikaanse Bybel behartig. Ds. Steyn het geen moeite te veel geag om die saak van 'n Afrikaanse Bybelvertaling en die verspreiding daarvan te bevorder nie.

Eerw. A. Dreyer sê in Die Huisgenoot van 25 Aug. 1933 hieroor: “Dit word algemeen erken dat hy (ds. Steyn) die persoon is wat meer as enige ander die werk van die B. en

Buitelandse Genootskap dwarsdeur die hele land gepopulariseer het. Maar nie alleen het hy die Genootskap as sodanig groot dienste bewys nie, dog deur die Genootskap ook aan sy Kerk en Volk.”

Die verskyning van die Afrikaanse Bybel is baie bespoedig deur ds. Steyn se ywer. Eerw. A. Dreyer vertel in die genoemde artikel dat ds. Steyn gesorg het vir die publikasie van die Vier Evangelies en die Psalms in 1929 om die proefuitgawe te vervang. “Om met alle moontlike spoed en tegelyk met die grootste versigtigheid die werk te laat vorder, het ds. Steyn reëlins getref met ons Hoë Kommissaris in Londen en is mej. (nou dr) Lettie van Zijl Smit aangewys om die galeiproewe met die oog op drukfoute te lees...” Ds. Steyn het dit sover gekry dat die Bybel in Mei in plaas van aan die einde van die jaar verskyn het, en daarvoor was nodig veel inspanning en sorg. Die Afrikanervolk sal hom altyd dankbaar bly, en saam met hom, die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Op ons verpligting aan die liggaam het ds. Steyn herhaaldelik gewys. Mooi is sy opmerking aan dr. J.D. du Toit in 'n brief: “Ons volk en ons Hollandse Kerke kan nooit die Genootskap naas die Here genoegsaam bedank vir sy aandeel aan die Afrikaanse Bybel-vertaling nie.”

HOOFSTUK VIII. DIE LITURGIE EN GESANGE.

§1. Die Afrikaanse Liturgie.

Die vertaling van die Belydenisskrifte en Formuliere in Afrikaans moes noodwendig volg op die Bybelvertaling, want dit sou tog ongerymd wees dat een deel van die godsdiensoefening in Afrikaans plaasvind en die ander deel in Nederlands.

Hierdie saak kom op die Vrystaatse Sinode vir die eerste keer ter sprake op 19 Mei 1919. Teenstand was daar gou en genoeg. So het die ouderlinge van Bloemfontein en Bultfontein die volgende voorstel ingedien: “De Synode beschouwe, dat de tijd nog niet gekomen is om onze Belijdenisschriften en Kerkformulieren over te zetten,” en motiveer dit op 'n wyse wat ons vandag nie sal oortuig nie.

Hierdie voorstel is verwerp en die volgende ingedien: “De Synode hechte hare goedkeuring aan een overzetting, en het gebruik van onze Belijdenisschriften, en ook het Kortbegrip, in de Afrikaanse taal, en stelle een Kommissie aan ter uitvoering van deze overzetting.”

Ook hierdie voorstel is na veel bespreking verwerp, en eindelijk word aangeneem die voorstel van die predikante van Smithfield en Bultfontein: “Deze vergadering draagt het aan de Kommissie voor de vertaling van onze Belijdenisschriften en Formulieren in Afrikaans verder op, ook eene overzetting van Handboeken ten gebruike bij onze Katechisatieën ^[216] te doen verschijnen, zonder echter de Synodale Kas daardoor te bezwaren.” (Acta Sinodi, O.V.S.-N.G. Kerk, 12 Mei 1919 e.v.d.)

Aan die Kommissie vir die Bybelvertaling in Afrikaans is dit oorgelaat om 'n Kommissie aan te stel vir die doel.

Vandaar dat die Breë Kommissie die saak op hulle vergadering van 26 Mei 1920 bespreek het. Dit het geblyk dat uit die Geref. Kerk alreeds 'n Kommissie vir die werk aangestel was. Daarom moes die sekretaris inligting inwin. Intussen is as Vertalerskommissie vir die werk in die Vrystaat aangestel: Di H. Pienaar van Senekal en P. Louw van Dealesville. Dit is ook besluit om die samewerking van die susterkerke in hierdie werk te verkry.

Die vertaling van die Belydenisskrifte en Formuliere het weer ter sprake gekom op 'n vergadering van die Breë Kommissie op 1 Sept. 1920. Die volgende vertalers is aangestel:

- I. Vir die Katechismus, Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls: Di. W. Postma, W.J. de Klerk en één ander uit die Ger. Kerk, P. Louw van Dealesville, J. F. Mentz, W. Nicol met L.J. Fourie as sekondus. ds. W. Postma is konvenor van hierdie Komitee.
- II. Vir die Formuliere, Avondmaals-, 2 Doops-, Huweliks-, 2 Bevestigings-, Ban-, en Weeropnemingsformuliere: Di. I.D. Kruger (Konvenor), J.J. Kuhn, B.R. Hattingh, (met J.G. Perold as sekondus), P. Boshoff (met D.P. Cillie as sekondus.)

Hulle sal die uitgawe van Rutgers volg.

Aan die verskillende Sinodes of Sinodale Kommissies sal toestemming gevra word dat ook die vertaling van die Belydenisskrifte en Formuliere sal gestel word onder toesig van die Algemene Kommissie vir die vertaling van die Bybel, die voorsitter waarvan dan ook voorsitter sal wees van die ^[217]

verskillende Kommissies vir die vertaling van die Belydenisskrifte en Formuliere.

Toestemming dat die Breë Kommissie ook die vertaling van die Belydenisskrifte en Formuliere moet onderneem, is gegee deur die Sinodale Kommissie van die Vrystaatse Kerk en ook van die Transvaalse Kerk — hulle het dr. D.J. Keet as vertaler en dr. H.S. Bosman as reviseur aangestel. Die Algemene Vergadering van die Geref. Kerk het berig gestuur dat ds. D.P. du Plessis van Ladybrand gekies is om die plek in te neem van wyle ds. W. Postma. (Vg. Verslag van die Werksaamhede van die Kom. vir Bybelvertaling — De Kerkbode, 4 Aug. 1921).

In verband met die oorsetting van die Belydenisskrifte en Formuliere is op 17 Okt. 1922 deur die Breë Kommissie die volgende aanstellings gemaak: Vir die Belydenisskrifte: ds. A.S.E. Yssel in die plek van wyle ds. W. Postma, en ds. C.W.M. du Toit (Frankfort) in die plek van dr. de Wet (Steynsburg); dr. H.C.M. Fourie word aangestel as die verteenwoordiger van die Ned. Herv. Kerk. Die oproeper sal ds. C.W.M. du Toit wees.

Vir die Formuliere is dr. D.J. Keet van Pretoria benoem as verteenwoordiger van die Ned. Geref. of Herv. Kerk in Transvaal. Die oproeper van dié Kommissie moes die afgewerkte handskrifte van die vertalings ontvang, en dit is versoek dat die werk teen die einde van 1923 klaar moet wees. Die oproeper sal die werk ontvang en aan die reviseurs stuur en dit afhandel so spoedig moontlik. (Vgl. Kerkblad 1 Nov. 1922.)

Ds. C.W.M. du Toit het verslag gedoen van die vertaling van die Belydenisskrifte en Formuliere op die vergadering van die Breë Kommissie, 10 Julie 1923. Hy het die vertalings ontvang van homself, di. de Klerk, Yssel, Fourie en Mentz. Daar het nog drie stukke mankeer. Dit is ^[218] besluit:

“(a) dat 'n proefuitgawe van die Doop-, Awendmaals- en Huweliksformuliere, die formuliere vir bevestiging van Kerkraadslede en die Heidelbergse Kategismus dadelik uitgegee word.

(b) Dat die entvertalers van die Bybel ook die entvertalers van die Belydenisskrifte sal wees en

(c) Dat die volgende gevra word om as taalreviseurs op te tree in hierdie saak, nl. Proff. Francken, Kamp en Besselaar.” (Notule van Breë Kommissie, 10 Julie 1923.)

Dit is opmerklik dat al drie hierdie here gebore Nederlanders is.

Die proefuitgawe het nie verskyn nie. “U kommissie het onlangs daarvan oortuig geword dat die uitgee van die Belydenisskrifte en Formuliere in Afrikaans onwenslik sal wees totdat die Bybelvertaling afgedaan is, weens die menigvuldige aanhalings uit die Skrif daarin. Alleen het die Kommissie besluit om so spoedig moontlik 'n vertaling van die Tien Gebooe, die Twaalf Artikels en die Gebed van die Here, na rewiesie deur die endvertalers van die Bybel, as 'n proefuitgawe te laat verskyn.” (Acta Sinodi O.V.S.-N.G. Kerk, 1925.)

Die Kommissie vir Bybelvertaling van die Ned. Ger. of Herv. Kerk rapporteer aan hulle Sinode van 1928 dat die vertaling van die Kerklike Formuliere, Geloofsbelydenis en Kategismus aan die Algemene Vertalingskommissie opgedra is met die oog op eenvormigheid.

Hierdie deel van die Liturgie is uiteindelik gepubliseer in De Kerkbode van 1 Feb. 1928, asook in Die Kerkblad en ander tydskrifte, verder nog is dit in afsonderlike vorm uitgegee deur die Bybelvertalers: “ingevolge opdrag van die Kommissie vir

Bybelvertaling ... vir gebruik in ons kerke en skole.” In die opskrif word vermeld dat die teks in die jongste ^[219] vergadering van die vertalers vasgelê is, hoewel daar nog 'n revisie sal plaasvind. Interessant is dit om in die verbygaan daarop te wys dat die Afrikaanse Liturgie reeds jare gelede deur een van ons predikante in die kerk gebruik is. Dr. S.H. Rossouw van die Ned. Ger. Kerk van Swellendam skryf op 6 Junie 1933: “Ek was een van die eerste lede van die A.T.V. wat Adv. van Zyl (in 1907) op Stellenbosch kom stig het. Ook was ek die eerste predikant wat in Kaapstad in die Groot Kerk 'n huwelik in Afrikaans bevestig het, nl. mnr. S. Yssen, onderwyser van Heidelberg, Tvl. met mej. Bartels van Seepunt, Kaapstad; ook die tweede, en die was 'n parlementêre nl. mnr. Obermeyer, destyds L.V. vir Potchefstroom, en mej. Hendriks van Stellenbosch. Na die plegtigheid het genl. Hertzog my *persoonlik* kom 'n handdruk gee en daarby toegevoeg: “Nou verstaan ek ook die huweliksformulier.” Dit was my eie vertaling. Ook is ek die eerste predikant in Kaapstad ‘Nuwe Kerk’ wat officieël toegelaat is om Afrikaans te preek en wel op 'n wenk van my, waarop die Uniwersiteitsstudente my met 'n versoekskrif, druk onderteken, genader het, om voor die Eerw. Kerkraad te lê.”

Vir vergelyking met die vertaling wat nog vandag gemaak word deur die Eindvertalers van die Bybel in Afrikaans en ook met die oog op die gelewerde kritiek hierop is dit nodig om die gepubliseerde deel van die Liturgie hier af te skrywe. Dit is dus nie die finale redaksie nie

DIE TIEN GEBOOIE.

(Eks. 20: 1—17.)

Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: “Ek is die

Here, jou God, wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.

[220]

Die Eerste Gebod

Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie.

2.

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige ander gelykenis maak, van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

Jy mag jou vir hulle nie neerbuig nie en hulle nie dien nie, want Ek, die Here, jou God, is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat, en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My gebooi onderhou.

3.

Jy mag die naam van die Here, jou God, nie ydel gebruik nie, want die Here sal hom nie ongestraf laat bly wat Sy naam ydel gebruik nie.

4.

Dink aan die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei, en al jou werk doen, maar die sewende dag is die Sabbat van die Here, jou God, dan mag jy geen werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaag, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en Hy het op die sewende dag gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en geheilig.

5.

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land, wat die Here, jou God, vir jou gee.

6.

Jy mag nie doodslaan nie. [221]

7.

Jy mag nie egbreek nie.

8.

Jy mag nie steel nie.

9.

Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

10.

Jy mag jou naaste se huis nie begeer nie, jy mag jou naaste se vrou nie begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaag, of sy os of sy esel, of iets wat van jou naaste is nie.

DIE TWAALF ARTIEKELS.

1. Ek glo in God, die Vader, die Almagtige Skepper van die hemel en die aarde
2. en in Jesus Kristus, Sy eniggebore seun, onse Heer,
3. wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die jonkvrou Maria;
4. wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe, en neergedaal het na die hel toe;
5. wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel toe en sit aan die regter-hand

van God, die Almagtige Vader;

6. waar Hy vandaan sal kom om te oordeel die lewende en die dode;
7. ek glo in die Heilige Gees;
8. ek glo aan 'n Heilige, algemene, Kristelike Kerk. die gemeenskap van die Heiliges;
10. die vergewing van die sondes;
11. die wederopstanding van die vlees,
12. en 'n ewige lewe.

DIE ONSE-VADER.

Onse Vader, wat in die Hemele is, laat U naam geheilig word, laat U Koninkryk kom, laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons onse skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose, want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid.

Amen.

Daar is veel kritiek op hierdie deel van die Liturgie uitgeoefen. Beide die Kerkbode en die Kerkblad wy 'n hoofartikel hieraan. Die meeste besware is ingebring teen *ky* en *jou*, want “hier spreek God op deftige magistrale wyse tot die mens;” teen *ek glo*, want “ek glo beteken dat ek iets vir waar aanneem.” Maar “Ek geloof in God” het 'n veel dieper betekenis soos elkeen duidelik voel ... Die woord *jonkvrou* vreemd.” Die Redakteur van die Kerkbode sê “o.i. moet *maagd* behoue bly,

nieteenstaande die beswaar dat die *d* nie gehoor word nie.” Dan, waarom *dode* en *lewende*?

G.L. van Rooy van Steynsburg is ontevrede oor 'n *jaloerse* God. “Dink u nie dat dit wenslik sal wees om in pleks van *jaloerse God*, 'n *ywerige God*? ... Kan ons nie eerder sê *Sondag* in pleks van *Sabbatdag*? En ^[223] dan beskou ek *poorte* as 'n eg-Hollandse woord. Sal ons nie liewers een van die volgende woorde gebruik: *omgewing*, *nabyheid* of *beskerming*?” (De Kerkblad, 20 Maart 1928.)

W.P.J. P(oën) teken weer protes aan teen die vertaling: *Jy mag nie*. “Elkeen voel dat mag niet de kracht en autoriteit heeft van *zult*. Waarom dan niet vertaald *Jy sal nie ...? Mag* is permissief, *sal* is gebiedend.”

“...Hoe we ook al vertalen, in geen geval mag hier door *hel*, de plaats des verderfs, *Gehenna* worden verstaan ... Om konsekwent te blijven, moesten m.i. onze vertalers *helle* door *doderyk*: vertaald hebben.”

Die redakteur van die Kerkbode voer tot verskoning aan vir die hoop korrespondensie oor die vorme in die Liturgie: “Die korrespondensie oor hierdie saak duur voort in ons kolomme, en die Vertalings-Kommissie is seker dankbaar om van sommige wenke te verneem. Hulle sal die bedoeling van die skrywers nie verkeerd verstaan nie: dit is geen vittery, maar opregte belangstelling.” (Kerkbode, 22 Feb. 1928.)

Die vertalers was uiteindelik verplig om hulle standpunt oor die betwiste woorde en woordvorme duidelik uiteen te sit, en sommige van die argumente te weerlê. Hulle het 'n lang diskoers gevoer oor *gy* en *jou*. W.P.J.P. is verkeerd, sê hulle, as hy mag in die Tien Gebooie as permissief beskou. “Ons gevoele is dat *mag nie* die sterk vorm is om 'n verbod uit te druk. Daar is 'n sagte

vorm (in Hebreeus) *al*, en daarnaas 'n streng een *lô*. Vir die eerste is *moenie*, vir die tweede *mag nie* gebruik.” (Die Kerkbode, 3 April 1928.)

In die Twaalf Artikels “het die term *hel* gebly, alhoewel ons *sjeool* en *hades* anders konstant met *doberyk* vertaal omdat dit die woord is wat die Heidelbergse Kategismus gebruik.

“Wat aangaan die woord *jonkvrou* — dit is gekies, omdat vertolking met ons woord *maag*, soos bekend, deur 'n [224] eienaardige beswaar gedruk word. Daarby is *jonkvrou* die mees verhewe term wat die vertalers in die gedagte gekom het ... Die gebruik van die langer vorm *na-toe*, of die korter een *na*, is hier 'n kwessie van smaak. Albei is 'n korrekte vertaling van die Latynse *ad*.

Wat aangaan die opmerking van die Redakteur van Die Volksblad dat publikasie van die bewuste stukke beslis voorbarig lyk, wens ons te konstateer: Ten eerste dat uitdruklik op die uitgestuurde blaadjies vermeld word dat die publikasie geskied ingevolge opdrag van die Kommissie vir Bybelvertaling. Die vertalers het dit dus nie uit eie beweging gedoen nie. Ten tweede is, ondanks dié opdrag, die uitgawe van jaar tot jaar uitgestel, om nie met onklaar werk voor die dag te kom nie. — J.D. Kestell (Voors.)” (Die Kerkbode, 4 April 1928.)

Hiermee was die redakteur van die Kerkbode (ds P.J.G. Meiring) nog nie tevrede nie. “Daar is baie ernstige besware by ons ingekom teen die gelewerde vertaling ... maar as die saak net moet bly waar dit nou is, dan vrees ons dat daar selfs by voorstanders van Afrikaans ontevredenheid sal wees oor die gebruik van die gepubliseerde vorm vir die openbare diens.” (Kerkbode, 4 April 1928.)

Baie kerke het die gedeeltes in gebruik geneem, al het dit dan

nog nie algehele byval gevind nie. Dit kon ook nie anders nie. Die oor vind dit nog ongewoon, want dit het nog net die Nederlandse klanke gehoor. Vir sommige is die proefvertaling *te gewone* Afrikaans, b.v. in die *jy-jou*-gebruik, vir ander is sommige wendinge weer te *min* Afrikaans van kleur.

Tog was die publikasie van hierdie gedeelte van die Liturgie wel seker 'n verdere stap tot die vasstelling van die standaardteks. Hoewel die Afrikaanse Bybel al verskyn het, is die vertalers nog nie klaar met die Afrikaanse Liturgie nie. [225] Ons weet dat dit die tekens sal dra van ryper ervaring, dat dit in 'n egte Afrikaanse gedaante die lig sal sien. Ons bemerk dit reeds in die Gebed van die Here, Luk. 11—2: “Onse Vader wat in die hemele is, laat U naam geheilig word, laat U Koninkryk kom, laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons elke dag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat aan ons skuldig is, en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.”

§2. Die Psalms en Gesange in Afrikaans:

Saam met hulle Statebybel het die eerste blankes in 1652 saamgebring hulle Psalmboek. “Met die opkoms van Afrikaans is die Bybelvertaling die eerste kwessie wat hom opdring aan die aandag van die beyweraars vir moedertaal. Sedert daardie tyd het dit die aandag besiggehou, net soos later bewerkings in Afrikaans van Gesange en Psalms sou doen. En dat Totius hierby so'n belangrike aandeel sou neem, is 'n feit van groot betekenis, want met die vertaling van die Bybel in Afrikaans, met die beryming van die Psalme, gaan ons gees dadelik terug na die dae toe in Nederland die weg voorberei is. So sluit die gebeurtenisse van daardie heengegane tyd met dié van ons onmiddellike bestaanstryd soos 'n ring: Die vertaling van die Bybel in Afrikaans, die beryming van die Psalme van die digter

Totius, toon maar net die inwendig altyd-herskeppende godsdiensgevoelens van 'n volk wat, so ver sy geloof en lewensbeskouing betref, so diep wortel in die Nederlandse aarde.

Net soos Revius, wat nie alleen geleerde predikant was nie, maar ook digter, die aangewese man gelyk het om die Psalmberyming wat bestaan het vir sy tyd te bewerk, lyk ook Totius nie alleen as een van die vertalers van die Bybel, [226] vir ons die aangewese man vir 'n dergelike taak nie, maar as digter beskik hy ook oor die vermoë om die delikate werk van psalmberyming op hom te neem en dit aanneemlik uit te voer.” (Die Digter Totius — C.M. v.d. Heever, bls. 196 e.v.)

Op die gebied van die berymings van die Psalms en Gesange is dr. J.D. du Toit en wyle dr. C.J. Langenhoven die baanbrekers. In Die Burger van 24 April 1923 kondig prof. J. Kamp die verskyning aan van “36 Psalms in Afrikaans, berym deur Totius. Musiek bewerk deur F.W. Jannasch. — Die Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad. Prys 6/6.”

Tereg beskou prof. Kamp hierdie gebeurtenis as “'n Nieuw monument in onze kultuurbeweging.” Die taak van die psalmberymmer “is niet anders dan de vorm van onze *leespsalms* over te brengen in dichtvormen naar onze Westerse trant. De poëzie is daar, maar in de toon en trant van onze proza ... En nu is het de taak van de man, die onder ons als ‘berijmer’ optreedt, om de gegeven poëzie weer op te bouwen in de dichttrant, van rythme, rijm en klank: de kunstvorm die ons, Westerlingen, eigen is en die 't lichtst toegang vindt tot onze anders besnaarde Westerse gemoederen.” Die Psalmberymmer moet 'n digter, 'n sanger wees. “Zingende in zijn taal moet hij ook die taal dwingen om deze wijdverscheiden toonaarden van emotie gelijkwaardig bij te houden; beschikken moet hij over 'n taal die *fluisteren* en die *dreunen* kan...”

“Hier en daar”, sê prof. Kamp, “is 't de dichter geweest alsof hij in de Hollandse berijming zijn eigen wiekslag voelde, zijn eigen harp hoorde klinken. En dat hij dan gezegd heeft: ‘deze klanken tolken goed, óók hier, voor ons; en mijn volk is daaraan gewoon en gehecht, en daarom zal ik in dit vers die regel houden in dezelfde toonaard en klank van woorden voorzover mijn Afrikaanse diktie dit toelaat’. Zie o.a. de bekende en veelgezongen Ps. 116.”

[227]

Nes in die saak van ons Bybelvertaling, sê Totius, gaan dit hier nie so seer om die *verstaanbaarheid* nie as om die *intimiteit*. Die intimiteit deur die taal aangebring word aanmerklik versterk deurdat die atmosfeer van ons Afrikaanse lands- en volksgesteldheid, stoflik en geestelik, die segging van die Afrikaanse digter deuradem. Daarby toon Suid-Afrika in die landsgesteldheid en lewenswyse veel ooreenkoms met Palestina. Vergelyk b.v. Ps. 118 vs. 5 en 6:

“Toe al die heid'ne my omring het,
hul laers om my het geslaan,
toe hulle op my aan kom dring het,
het ek hul in Gods naam weerstaan.

Hul het my wel omswerm soos bye,
maar het soos doringvuur vergaan,
hul het gekom met breë rye,
maar 'k het hul in Gods naam verslaan.”

As voorbeelde waar Totius se vers nouer kontak hou met die psalm volgens die Hollandse beryming, vestig prof. Kamp die aandag op Ps. 29, vs. 1, op Ps. 118 vs. 13 en op Ps. 25 vs. 6.

Wat 'n bondigheid val daar nie te prys nie, waar Totius die prosawoorde van Psalm 131 vs. 5 saamvat in één sang-vers. Net

so Ps. 3.

Dr J.D. du Toit wys daarop in sy Inleiding dat hy met veel moeilikhede te doen gekry het: “Ons wens slegs op een groot beswaar te wys. Ons Psalmmelodieë vorder naamlik dat soveel reëls van 'n vers op slepende uitgange sal eindig, terwyl die Hollandse beryming ons bowendien daar aan gewoon gemaak het dat die reëls op mekaar rym. In Hollands (nes in Frans) lewer dit vir die digters geen besonderlike besware op nie; maar in die Afrikaanse taal, waar juis dié uitgange weggeslyt is, is die geval anders.

Is nou die Afrikaanse digter vry om sy versvorm te kies, dan kan hy rekening hou met die eienaardighede en [228] eise van sy taal. Maar in dié gunstige posisie verkeer die berymer wat gebind is aan oorgelewerde kerkmelodieë ongelukkig nie. Neem b.v. Ps. 119 vs. 3. Naas die drie staande reëls wat eindig op *Geest, onbevreesd* en *geweest*, is daar drie slepende wat in die vorm in Afrikaans vanself nie bestaan nie, n.l. *strekken*, *bewekken* en *dekken*. Gestel nou dat ons die vers woord vir woord in ons taal sou kan oorbring (wat meestal die geval nie is nie) en dat ons die drie laaste woorde deur *strek*, *bedek* en *wek* sou vervang, dan het ons wel drie woorde wat rym, maar met die musiek kom ons nie uit nie. Ons het een sillabe te min.

Wil ons dus die ou melodieë behou, dan is daar na ons beskouing vir die Afrikaanse berymer net een weg oop, en dit is dat hy sy uiterste kragte inspan om klaar te kom met die betreklik weinige slepende uitgange wat ons taal besit, uitgange wat dan liefers op mekaar moet rym, om nie uit die ou trant en toon uit te val nie. Dit verswaar die taak van die digter besonder en vorder meestal die gehele omsetting of selfs totale verandering van 'n vers; maar daarmee word dan gewen dat ons tenminste die bekende en onsterflik-mooie melodieë van

Bourgeois e.a. behou.”

Terwyl die Bybelvertaling met erns deur die kerk aangepak is, het ook die gesange die aandag van die Afrikaanse digters getrek, maar van 'n stelselmatige vertaling was daar omstreeks 1923 nog geen sprake nie. Dis eers later dat die Sinodes van die Hollandse Kerke vaste komitees vir die beryming van die Psalms en Gesange aangestel het.

Die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van 1928 dra dit aan die Gesamentlike Kommissie vir 'n Afrikaanse Gesangbundel op om die uiteindelijke daarstelling van 'n gesangbundel te beoog wat beide vir volwassenes sowel as [229] vir kindergebruik geskik sal wees. (Vgl. Acta Sinodi Ned. H. of G. Kerk, 1928, Punt 4 (c).)

Onder Bylage IX doen dr. G.B.A. Gerdener verslag. “In hierdie saak is daar 'n gesamentlike Kom. waarop prof. J. du Plessis die Kaapse en ds. C.W. Retief die O.V.S.-Kerk verteenwoordig. Eenmaal het hierdie kommissie op Bloemfontein vergader en daarna het u verteenwoordiger 'n dag of twee op Stellenbosch met die Kaapse verteenwoordiger saamgewerk. Deur publieke kompetisie is poginge aangewend om Afrikaanse bewerkings te verkry van 'n aantal van die mees gebruikte Gesange en mees bekende liedere uit “Halleluja”, “Church Praise” en “Alexander.” Die resultaat van hierdie pogings was maar baie skraal. Dit is duidelik dat ons kerk hier te doen het met 'n werk wat nie net besondere talent eis nie, maar wat ook baie tyd en kragte in beslag neem.

As voorloper van die uiteindelijke Gesangbundel het die Gesamentlike Kommissie 'n aantal gesange en liedere persklaar gemaak, en is hierdie proefbundel deur die S.A.B.V. teen een sieling uitgegee. Hierdie uitgawe bevat 28 Psalms van Totius en

dan 12 Gesange en 62 liedere. Die doel hiervan is drieledig:

- (a) om dadelik voorsiening te maak in 'n lang gevoelde behoefte veral vir Sondagskole.
- (b) om belangstellendes die geleentheid te gee vir kritiek.
- (c) Om vertalers 'n proef te gee van wat vir 'n toekomstige bewerking verwag word.”

Die gevraagde kritiek op hierdie proefuitgawe het nie lank uitgebrei nie. In die Kerkbode van 16 Mei 1928 sê Liefhebber van Musiek en Gesang “In ons ywer om kerkliedere in Afrikaans te verskaf, loop ons gevaar om te ^[230] haastig te wees en nie genoeg aandag te bestee aan die versmaat en die saamval van woordaksent en musiek-aksent in die bestaande wysies nie. Veral by die vertaling uit Nederlands loop 'n mens groot gevaar om in *digterlike vryhede* te verval, wat nie kan veroorloof word nie as die oorsetting in suiwer Afrikaans moet geskied.”

Die Kommissie doen in Julie 1929 weer 'n oproep in die pers vir gesange. Hulle mik op 400 nommers. “Is ons waarlik so arm aan digterlike en musikale talent” vra die Kommissie, “dat daar tot sover nog net vertalings is?” Hulle wil graag liedere hê waarin die volkssiel hom sal uit en sy godsdienstige lewe vertolk. Eie werk wil hulle hê. Die versmaat hoef nie noodwendig aan te pas by een of ander melodie nie — hul sal wysies soek by die komponiste. Daar moet gedigte van drie soorte wees:

- (a) Gedigte in verband met ons Kerk en sy werk — sy uitbreiding en stryd. Armsorg en sending moet besing word.
- (b) Gedigte in verband met besondere tye en geleenthede. Ons jaargetye, nuwejaar, verjaarsdae, huwelike, huislike

lewe, inwyding van geboue.

- (c) Gedigte in verband met ons volkslewe en geskiedenis: Dingaansfees en Uniedag; in die dae van langdurige droogte, sprinkane, ons owerheid en volk.

Dr G.B.A. Gerdener rapporteer weer in Feb. 1931 oor die vordering in die samestelling van die Gesangbundel. Dr. A.G. Visser het vir 'n tydjie meegewerk, maar “is ons helaas, so vroeg deur die onverbiddelike dood ontval.” Hy bedank die persone wat behulpsaam was “in hierdie groot en belangrike werk”, nl. ds. A.G. du Toit, prof. J. du Plessis, di. A.C. Murray, en P.B. Ackerman van die Kaapse, en di. D.P. van Huyssteen en S.J. Stander van die Vrystaatse Kerk.

[231]

In 1929 het die S.A.B.V. hom gevra om hom vir ses maande net te wy aan die Gesangbundel. Die werk is daardeur so bespoedig dat hy nou besig is om die proewe te lees. Hierdie bundel sal die plek inneem van die bestaande Halleluja, en sal hoofsaaklik bedoel wees vir gebruik in Dag- en Sondagskole, Jongeliede-Verenigings en Konferensies.

'n “Woord-alleen”-uitgawe van hierdie edisie word in Kaapstad gedruk en sal die volle uitgawe voorafgaan. Hierdie bundel sal bevat:

- (1) 75 van die meesbekende psalms, meesal deur Totius bewerk.
- (2) Ruim 100 van ons meesbekende gesange.
- (3) Sowat 230 gemengde liedere, waaronder die meesbekende Halleluja-liedere (uit die oorspronklike bewerk) en vertalings uit Church Praise, Alexander's Hymns.

'n Volledige gesangbundel, waarin al ons Psalms en Gesange

en 'n ruim aantal ander Kerkliedere sal opgeneem wees, en wat dan ook in die eredienste sal kan diens doen, is nog iets vir die toekoms.

Die Sinode van die Geref. Kerk wat te Pretoria in Maart 1933 sitting gehad het, het aan Totius 'n jaar verlof gegee vir die Afrikaanse Psalmberyming. Uit die verslag van die kommissie vir die Afrikaanse Bybelvertaling blyk dat daar reeds 110 Psalms berym is in Afrikaans.

Die Kommissie beveel aan dat die Afrikaanse Psalmbundel “ritmies” sal uitgegee word, d.w.s. met kort en lang note, volgens die ritme van wyle prof. Jannasch. Vir die psalms wat swaar sing word nuwe wysies aanbeveel. Wat notasie betref word aanbeveel die ou notasie met die bekende ou b-Mol- en b-Duur-sleutels⁹. Aan die kant sal aangeteken word hoe 'n vers moet vertolk word, watter dele jubelend en watter klaend moet gesing word.

[232]

Die volgende besluit is oor die saak aangeneem: “n Kommissie word benoem om saam met dr. J.D. du Toit die werk te voltooi en indien dit binne 'n jaar voltooi kan word, die Psalmbundel uit te gee. In geval blyk dat die werk nie binne afsienbare tyd kan afgedaan word nie, moet hierdie kommissie opdrag hê om wat voorhande is, te publiseer as 'n voorlopige uitgawe vir gebruik van die Kerk.”

Met groot lof is gewag gemaak van die goeie werk deur dr. du Toit verrig ten opsigte van die Afrikaanse Psalmberyming. Ook is met nadruk die wens uitgespreek dat die drie Hollands-Afrikaanse Kerke alles in hul vermoë sal doen om één en dieselfde Afrikaanse Psalmberyming te hê.

⁹ = b-majeur

PERSONELYS.

In die lys hier onder verwys die bladsynommers na die gedrukte boek se bladsynommers – in die teks as ^[nnn] aangedui.

- A.**
Abbot-Smith, — 150
Ackermann, P. B. 230
Albertyn, P.K. 198
Aldegonde, Marnix van St.
3, 3, 4, 8
à Renesse, L.G. 10
- B.**
Bam, C.D. 64, 72
Barger, H.H. 2
Bartels, Mej. 219
Baudartius, Wilhelmus 6, 7,
8, 9, 11, 12
Beckley, T. 197
Besselaar, G. 218
Blignaut, J. H. 74, 76
Bogerman, Johs. 4, 6, 7, 8,
9, 10
Boshoff, S.P.E. 154, 155.
157, 158, 203
Boshoff, P. 159, 183. 216
- Bosman, H.S. 217
Botha, D.S. 111
Botha, J.F. 67
Bourne, T.G. 212
Brandt, L.G. 204
Broekhuizen, H.D. van 76,
90, 98, 116, 145, 157
Brummer, N. 153, 168, 170
Bruwer, G.E. 200
Bucerus, G. 6, 7. 9
- C.**
Cachet, J.L. 30
Charles, ds. 209
Cillie, D.P. 216
Cillie, G. 98
Cillie, P. 190
Cillie, P.J., 190
Conradie, E.J. iii
Conradie, W.J. 59
Cornelii 6, 9

Cradock, Sir J. 212

D.

Damman 6, 9

Dematius, C. 11

Dempers, Eerw. 20

Deodatus 6

Dreyer, A. 48, 49, 214

Druten, H. van 1

E.

Engelbrecht, S.P. iii, 96,
145, 161, 204

Erasmus 2

Eybers, J.H. 66, 76, 98, 110

F.

Fukaelius, H 6, 9

Fourie, H.C.M. iii, 67, 87,
90, 95, 96, 98, 114, 115,
129, 131, 136—139, 142,
159, 163, 187, 188, 217

Fourie, L.J. 216 Fourie, —
68

Francken, H. 218

G.

Gelderen, C. van 129, 136,

137, 139, 140

Geldrop 6

Gerdener, G.B.A. 78, 79,
80, 82, 83, 85, 146, 191,
203, 229, 231

Girdlestone, ds. 22

Gomarus 6

Gonin, M.T. 146

Grave, Nic. de 2

Greybe, H. J. 197

Greyvensteyn, H. 146, 147

Grobler, min. P. 198

H.

Hamersma, ds. 56

Hattingh, B.R. 216

Heerden, P.S. van 203

Heever, C.M. v.d. 197

Helmichius 8

Henderscheê, J. 13

Hendriks, mej. 219

Henning, I.J. 189

Hertzog, Gen. J.B.M. 188,
203, 219

Hiemstra, L.W. iv 114, 116, 117, 128,
 Hinlópen, N. 39 139—141, 146—148,
 Hofmeyer, J. H. 196 164, 166, 184, 187
 Hoinsius, G. 6 Keet, D.J. 217
 Hommius, F. 6, 9 Kestell, J.D. iii, 2, 11, 64,
 Hoogenhout, C. P. 17—19, 71, 73, 75, 76, 78—81,
 24, 26, 27, 40 98, 111—114, 116, 117,
 Hoven, P. v.d. 66 119, 120, 128, 130—142,
 Huet, Busken 14 144, 145, 147, 149, 150,
 Huyssteen, D.P. v. 230 159, 165, 177, 185, 186,
 188, 197, 201, 203, 204,
 205, 224
J. Kies, C.F. 74—76, 86—89,
 97, 114, 115, 132, 145,
 153, 174, 194
 Jacobs, J.F. iii Klerk, P. de 147, 148
 Jannasch, F.W. 226, 231 Klerk, W.J. de 216
 Jones, Mary 209 Krige, G. J. 51
 Jooste, — 31 Kruger, E.D. 74—76, 81,
 98, 216
 Joubert. D.S.B. 73, 74, 79, Kruger, J.H. 55
 81, 84
 Joubert, J.A. 63, 64, 72
K. Kühn, J.J. iv, 47, 67, 98,
 145, 216
 Kamp, J. 226 Kuyper, A. 8
 Keet, A.D. 145
L.
 Keet, B. B. iii, 15, 44, 49, Lamprecht, H. 145
 61, 62, 77—80, 83, 85,
 86, 91, 110, 111, 112,

Langenes, B. 12
 Langenhoven, C.J. 43, 95,
 101—103,
 109, 226
 Laren, van 6, 9
 Liesvelt, J. van 2
 Linden, H. v.d. 11
 Lokomotief, Oom 30
 Louw, P. 216
 Lubberti 6
M.
 Maerlant, J. van 2
 Malan, D. F. 188, 196
 Malan, D.J. 99
 Malan, F.S. 156, 158
 Malherbe, D.F. iii, 150, 154,
 155, 157, 159, 160, 164,
 198, 205
 Malherbe, W.M.R. 153
 Marais, I. 172
 McGregor, — 20
 Meiring, P.G.J. 67, 71, 224
 Mentz, J.F. 216, 217
 Merwe, A.J. v. d. 146
 Merwe, C.J. v.d. 190
 Merwe, N.J. v.d. iii, 45, 63,
 64, 69—74, 78—81, 84,
 85, 95, 102, 109, 146,
 147, 195, 196
 Moolman, H.J. 190
 Moonen, A. 13
 Moorrees, A. 69
 Morgan, G. 19, 20, 22
 Muller, mev. T.B. 84
 Muller, T.B. 60, 61, 78, 79,
 83—85
 Murray, A.C. 230
 Murray, — 20
N.
 Naude, J.F. iv, 50, 52, 66,
 77, 78, 86, 87, 107, 174,
 175
 Naudé, S.J. iv
 Naudé W.J.W. iv, 77, 86,
 87, 107, 108, 145, 146
 Nicol. W. 84, 216
 Nienaber, mevr. G.S. Iv
 Nienaber, G.S. Iv

Nienhusius, G. 11

O.

Obermeyer, — 219

Osborne, S.J.M. 206

Otto, H.J. 107, 113, 159,
183, 185—187. 194, 196

P.

Pannevis, A. 15, 17—20,
22, 202

Pauw, C.J. 200

Pellisier, G.M. 146

Pellisier, S.H. 198, 205

Pelt, J. 2

Perold, J.G. 216

Pienaar, E.C. 196

Pienaar, H.J. 63, 64, 72, 74,
75, 85, 204, 216

Piscator 8, 9

Plancius 6

Plessis, P.P. du 98, 111, 217

Plessis, J.A. du iv, 57, 76,
98, 103, 118, 145, 146,
147, 148, 206, 229. 230

Plessis, J.H. du 68

Poën, W.P.J. 223

Pohl, V. 203, 205

Polyander 6

Postma, D. 55, 68, 116, 145

Postma, F. iv, 68, 73, 77—
81, 83—87, 107, 121,
145..147, 168, 169, 204

Postma, M. 54

Postma, W. 55, 56, 58, 68,
73. 74, 81, 98, 168, 171,
184. 216,

Preller, G.S. 57, 154

Pretorius, H.S. 145, 146

R.

Rabie, J.S.M. 158

Renesse, G. à 11

Retief, C.W. 229

Revius, G. 6, 11, 13

Riebeek, Jan van 1

Ritson, J. H. 73

Rolandus, G. 6, 7, 9

Roode, D.J. 205

Roome, F.X. 49, 71, 144,
195

Rooy, G.L. van 222
Rooyen, E.E. van 76, 77, 86,
87, 90, 116, 129, 136,
137—140, 144, 159, 183
Rossouw, S.H. 145, 219
Roux, T.H. le iii, 150, 154,
157—159
S.
Scholtz, H. v.d. M. Iii
Scholtz, M.M.J. 190
Schoon, H.F. 146, 147
Smit, F.M. 205
Smit, L. v. Zyl 214
Smith, J.J. 60, 61, 82, 147,
150, 154, 158, 159, 160
Snyman, D.R. 145
Snyman, H.P.J. 103
St. Aldegonde, M. v. 3, 4, 8
Stander, S.J. 230
Steenkamp, W.P. 108
Steyn, H.P.M. 75, 76, 90,
99, 143, 206, 212—214
Steyn, J.P.H. iii, 76—78, 86,
87, 118, 145, 147

Steytler, A. I. 70, 71
Stockenström, A. 145, 146
T.
Theron, J.A.S. 199
Thysius, A. 69
Tomlinson, G. 60
Toit, mej. A. du 206
Toit, A.G. du 66, 230
Toit, C.W.M. du 76, 159,
183, 189, 192, 195, 198,
217
Toit, F.S. du 31
Toit, J.D. du iii, iv, 24, 32,
55, 68, 73, 75, 77—81,
83—87, 92, 94, 100,
109—117, 119—121,
129—139, 141—144,
147, 148, 151, 154, 159,
168, 177, 184, 188, 205,
214. 226, 227. 232
Toit, P. du 103
Toit, S.J. du 15, 18—23, 31,
34—40, 57, 69, 81, 91,
96, 117, 119, 176, 195,
202
Totius 56, 225, 227, 229,

231

V.

Venter, J.S. 55

Villiers. A. de 187

Villiers, I. de 51

Visser, A. G. 230

Visser, C.F. 198

Vos, H.J. de 146. 147

Vos, P.H.M. de 76

W.

Waal, J.H.H. de 82

Waal, P. de 70

Walt, G.P. v. d. 63, 148, 149

Walaeus, A. 6. 9

Welch, dr. 102

Wet, C.J.H. de 55, 145. 148.
217

Wet, H.C. de 109, 113

Wet, J.I. de 145

Wilcocks, C.T.M. 198

Winghen, G. van 3

Winghen, N. van 13

Winghe, N. van 2

Winkel, J. Te 13

Y.

Yssel, A.S.E. 76, 217

Yssen, S. 219

Z.

Zwingli 2

Zyl, W.J. van 219

